'n Histories-kritiese studie van die Hollands-Afrikaanse leergange van die laer - en middelbare skole van Transvaal (1874-1942) met spesiale verwysing na die aansluiting van die leergange.

'n Verhandeling voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die Graad van Magister Educationis aan die Potchofstroomse Universiteitskollege vir C.H.O. (Universiteit van Suid-Afrika.)

Deur

F.H.Doman, B.A., B.Ed.

Desember 1949.

# VOORWOORD.

Ek hoop om met hierdie verhandeling nie alleen 'n verdere mylpaal in my studie-loopbaan te behaal nie, maar dat dit later ook van praktiese waarde sal wees.Die leerstof behoort in enige onderwysproses die uitgangspunt te vorm.

Verder is ek 'n woord van dank verskuldig aan alle persone en onderwysinrigtings, wat direk of indirek, aan my waardevolle hulp verleen het, waardeur die ondersoek aansienlik vergemaklik is.In besonder wil ek my opregte dank uitspreek aan my promotor,prof. dr. J.C.Coetzee, vir sy mees gewaardeerde leiding in verband met hierdie verhandeling.Sy belangstelling in my werk en die bereidwilligheid om my te help, word hoog op prys gestel.

Hierdie verhandeling word in twee dele ingedeel.Afdeling A bevat 'n historiese oorsig van die aansluiting betreffende die leergange in Hollands-Afrikaans, vanaf die jaar 1874 - 1942.In afdeling B word 'n kritiese waardering van die huidige leergang gegee.Wenke word aan die hand gedoen ter bevordering van 'n aansluitende leergang en 'n voorgestelde leergang word aanbeveel.

Hierdie verhandeling is miskien langer en omvattender as wat gewoonlik van 'n M.Ed.- verhandeling verwag word. Maar ek het my laat verlei deur my besondere belangstelling in hierdie vraagstuk en deur die oortuiging dat die belangrikheid van die leergang in Afrikaans so 'n breë ondersoek regverdig.

# INHOUDSOPGAWE.


Bladsy.

VOORWOORD.

ALGEMENE INLEIDING. ........................... 1

1. DIE AANSLUITINGSVRAAGSTUK IN ANDER LANDE....i-v

2. DIE VRAAGSTUK VAN AANSLUITING IN DIE TRANSVAAL.................................. v-vii

AFDELING A: HISTORIES. 1

HOOFSTUK I.

AANSLUITING TYDENS DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK 1874 - 1899. 1

1. DIE TOESTAND ONDER BURGERS 1874 - 1882. 1

a. Vroegste aansluiting in die Transvaal..... 1-2
b. Die ontstaan van die laer- en die middelbare onderwys. 2-4

2. DIE TAALVRAAGSTUK EN AANSLUITING TYDENS DIE DU TOIT-BELEID 1882- 1892.................. 4

a. Indeling en verdere ontwikkeling van die laer- en die middelbare onderwys......... 4-5
b. Hollandse leerboeke in gebruik en die leerstofinhoud.............................. 5-8
c. Die onderrig van Hollands................ 8-9
d. S.J. du Toit en die leerplan............. 9-10

3. DIE TAAL EN STELSEL VAN AANSLUITING ONDER DR. MANSVELT 1892 - 1899. 10

a. Die taalbeginsel en bepalinge vir die laer- en die middelbare onderwys............... 10-12
b. Inhoud van die Hollandse leergang.........12-14
c. Hollands as onderwysvak.................. 14
(i) Op die laerskool.....................14-15
(ii) Op die middelbare skool..............15-16

4. DIE STAND VAN AANSLUITING................. 16-18

5. KRITIESE SAMEVATTING....................... 18-21

HOOFSTUK II.

TOESTAND VAN AANSLUITING VANAF 1900 TOT OMSTREEKS 1906. 22

1. LAER ONDERWYS............................. 22

a. Die voertaalvraagstuk en Hollands as onderwysvak.............................. 22-25

2. MIDDELBARE ONDERWYS........................ 25

a. Regulasies................................25-26
b. Die leergang in Hollands................. 26-28

3. DIE PLEK VAN HOLLANDS IN DIE C.N.O.-STELSEL......................................28.

a. Laer onderwys............................. 28-29
b. Middelbare onderwys.......................29

4. DIE ESSENSIËLE VRAAGSTUK VAN AANSLUITING. 31-33.

5. KRITIESE SAMEVATTING...................... 33-35.

## HOOFSTUK III.

DIE OORGANGSTYDPERK IN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSSTELSEL TEN OPSIGTE VAN TAAL EN AANSLUITING GEDURENDE DIE JARE 1907 - 1917. 36

1. TOESTAND VANAF 1907 - 1910................ 36

a. Laer onderwys..........................36-
(i) Regulasies vir Hollands as onderwysvak.36-39.
(ii) Hollandsonderwys en die leerboekies. ..39-42.
(iii) Bepalinge en die leerstofinhoud vir Hollands........................ 42-44
b. Middelbare Onderwys.................... 44
(i) Regulasies in verband met die Hollandse leergang.......................44-47.

2. DIE JARE 1910 - 1917.....................47

a. Laer onderwys. .........................47
(i) Taalwysigings-ordonnansie van 1911 en die Hollandse taal. ................47.
(ii) Die adolessente stadium van Afrikaans en sy stryd om 'n plek in die leerplan.50-54
(iii) Hollands as onderwysvak. ............54-56
(iv) Die leergang in Hollands en die wysiging daarvan. ...................... 56-65.
b. Middelbare onderwys. .................... 65.
(i) Hersiening en regulasies betreffende die leergang in Hollands..............65-69.
(ii) Die onderrig en die onderwyspeil van Hollands............................ 69-72.

3. DIE VRAAGSTUK VAN AANSLUITING..............72.

4. KRITIESE BESKOUING...................... 80-84.

## HOOFSTUK IV.

VOORTSETTING EN ONTPLOOIING VAN DIE TAALONDERWYS EN DIE AANSLUITINGSVRAAGSTUK IN DIE PROVINSIE GEDURENDE DIE TYDPERK 1918-1927.85.

1. LAER ONDERWYS................................... 85

a. Invoering en plek van Afrikaans as onderwysvak in die skoolwese.................. 85-89.
b. Doeltreffende onderrig en bestendige vooruitgang van Afrikaans. ...............89-95.
c. Afrikaans as integrale deel van die leerplan.................................. 95-101

2. MIDDELBARE ONDERWYS........................ 102

a. Onderwys en merkbare vooruitgang van Afrikaans in Afrikaansmediumskole........ 102-106
b. Die plek en onderrig van Afrikaans as tweede taal op Engelsmediumskole......... 106-108
c. Die leergang en die gebreke daarvan.......108-112

3. DIE AKTUELE VRAAGSTUK VAN AANSLUITING.....112-117

4. KRITIESE BESKOUING EN GEVOLGTREKKING......117-121

HOOFSTUK V.

VERDERE ONTWIKKELING IN VERBAND MET DIE VRAAGSTUK VAN AANSLUITING IN DIE TRANSVAALSE PROVINSIE TYDENS 1928 - 1942............ 122

1. LAER ONDERWYS................................. 122

a. Die huistaalvraagstuk en die onderwys.... 122-123
b. Afrikaans as leervak in Afrikaansmediumskole en die leerboeke in gebruik........ 123-127
c. Ingrypende veranderinge en groter stabiliteit in die leergang vir Afrikaans........127-135

2. MIDDELBARE ONDERWYS.......................... 135

a. Onderwys van Afrikaans (hoër en laer graad) as oorheersende onderwysvak.............. 135-140
b. Afrikaansonderwys in enkel- en parallelmediumskole...............................140-143
c. Gebreke en oordeelkundige hernuwing in die leergang vir Afrikaans....................143-146

3. DIE STELSEL VAN AANSLUITING................ 146-151

4. KRITIESE BESKOUING EN GEVOLGTREKKING.......151-155

AFDELING B: KRITIES. 156

HOOFSTUK VI.

N KRITIESE STUDIE VAN DIE HUIDIGE LEERGANG IN AFRIKAANS OP DIE LAER- EN DIE MIDDELBARE SKOOL VAN TRANSVAAL.............156

1. LEERPLAN OF LEERGANG........................156-156

2. DIE HUIDIGE AANSLUITING.....................157-161

3. BEHOEFTE AAN N AANEENSLUITENDE LEERGANG..161-165

4. KRITIESE BESKOUING EN GEVOLGTREKKING......165-169

HOOFSTUK VII.

BEGINSELS EN METODES VIR DIE SAMESTELLING VAN LEERGANGE IN AFRIKAANS AS MOEDERTAAL. 170

1. DIE ONTWIKKELINGSTADIUM EN KORRELASIE-BEGINSEL BY DIE LEERSTOFKEUSE.................. 170-171

2. LEERSTOFBEPALING EN OMVANG VAN DIE LEERGANG IN DIE MOEDERTAAL.................... 171

a. Aan die einde van die laerskool.......... 171-174
b. Aan die begin van die middelbare skool... 174-175

3. DIE KORRELASIE EN INTEGRASIE VAN AFRIKAANS MET ANDER SKOOLVAKKE................ 176-178

## HOOFSTUK VIII.

'N VOORGESTELDE LEERGANG WAARIN AANSLUITING IN DIE LAER- EN DIE MIDDELBARE SKOOL BEWERKSTELLIG WORD. .......................... 181

1. SKEMA VIR DIE LEERGANG. .................. 181-184

2. VOORGESTELDE AANSLUITENDE LEERGANG. ......... 184

a. Standerd V (Afsluiting van die laerskoolkursus). .................................. 184
   (i) Lees ................................ 184
   (ii) Poësie en prosa. ..................... 184-185
   (iii) Taalwerk (mondeling en skriftelik). . 185-186
   (iv) Opstel en brief (mondeling en skriftelik). ............................ 186-187.

b. Standerd VI of VII (Begin van die middelbare skoolkursus). ...................... 187

Standerd VI.

   (i) Lees. ................................ 187-188
   (ii) Poësie en prosa. ..................... 188-189
   (iii) Taalwerk (mondeling en skriftelik). . 189-191
   (iv) Opstel en brief (mondeling en skriftelik). 191

Standerd VII.

   (i) Lees. ................................ 192
   (ii) Poësie en prosa. ..................... 192-194
   (iii) Taalwerk (mondeling en skriftelik). .... 194-196
   (iv) Opstel en brief (mondeling en skriftelik). 196-197

## ALGEMENE INLEIDING.

### 1. DIE AANSLUITINGSVRAAGSTUK IN ANDER LANDE.

Die vraagstuk van onderwysorganisasie ten opsigte van aansluiting laat hom deeglik in ander lande geld. Vir Meriam hou die term aansluiting die volgende in:

"Correlation is essentially an interrelation between two or more school subjects. This co- relation admits of an organization of school work about one subject as central, then about another as central. Correlation is also applied to the interrelation of divisions of a subject, and also to relation of school work to life activities out of school."

Daar moet dus nie alleen kontinuïteit tussen twee of meer vakke of leergange onderling bestaan nie, maar ook tussen twee of meer onderwysstelsels.(1)

In die loop van die eeue is daar heelwat geëksperimenteer oor die grens, afsluiting van die laer onderwys. Soms is die opvatting gehuldig dat die bereikte kinderleeftyd die beslissende faktor is.(2) So is daar baie lande wat ten gunste van aansluiting is op die ouderdomsgrens van 11 of 12 jaar, dit wil sê wanneer die leerling die puberteitstadium bereik het.(3)

Maar belangriker nog as die leeftydsnorm is die peil wat die verstandelike ontwikkeling in terme van die bereikte skoolstanderd bepaal. In terme van die skoolstanderd word nie alleen die peil van die verstandelike ontwikkeling vasgestel nie, maar ook die beëindiging van die laer onderwys, hoe onvolledig ookal. Die tydperk wanneer met die middelbare onderwys begin moet word, het van tyd tot tyd afgewissel tussen die vyfde of sesde standerd, wat nog nooit 'n/...

1) Meriam: Child Life and the Curriculum: 32; Bonser: The Elementary School Curriculum: 427; Raymont: The Principles of Education: 221-222; Williams: Making of High School Curricula: 92-94, 114-120, 202-214.
2) Coetzee en Bingle: Beginsels en Metodes van die Laer Onderwys: 8.
3) Adamson: The Individual and the Environment: 249-252; T.O.D.: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937: 77-80.

'n opvoedkundige en bevredigende oplossing bereik het nie.[1]

In Holland waar die oorgang van die laer- na die middelbare onderwys 'n belangrike onderwysaspek is, is 12 jaar die oorplasingsouderdom en die middelbare kursus duur vyf of ses jaar. Hier bestaan die laerskool hoofsaaklik uit ses klasse; moontlik nog 'n sewende klas vir die leerlinge wat voorberei word om tot die middelbare skool toegelaat te word.[2] Nadat die kind die laerskool deurloop het, gaan hy gewoonlik na die "Uitgebreid Lager Onderwijs" of voortsettingskole wat oorgaan tot 'n streng deurgevoerde stelsel van vakonderwys in die middelbare skool. Wanneer die laerskoolkursus voltooi is en die leerling die universiteit wil besoek, moet hy 'n kursus op 'n "Hogere Burger School" of op 'n "Gymnasium" volg, wat beskou word as die middelbare onderwysinrigting. As gevolg van hierdie stelsel is slegs ongeveer 5 persent van die skoolgaande jeug in Holland bekwaam om middelbare onderwys te volg.[3]

Omdat 'n groot aantal leerlinge nie eers die eerste klas van die middelbare skool deurloop nie, word die mislukking van die onderwysstelsel grootliks toegeskryf aan die lae intelligensiepeil van die leerlinge en die gebrek aan voldoende voorbereiding in die laerskool om doeltreffend by die middelbare afdeling aan te sluit.

Die laerskool is slegs daar om 'n "schijn van geschiktheid te wekken" wat veral 'n agteruitgang in die uitslae van taalonderwys meegebring het, omdat daar te veel gebruik gemaak word van onbenullige boekies wat die taal verarm. Al hierdie moeilikhede is die oorsaak waarom daar in Holland nie 'n bevredigende oplossing vir die aansluitingsvraagstuk gevind kon word nie.[4]

---

1) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 8-9.
2) Langeveld: Taal en Denken: 109-126; Moormann: De Moedertaal:12-38, 58-84; Die Christelike Skoolblad Mei,1928:23; T.O.D.: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937: 78-79.
3) Ibid.: 108-127; Die Christelike Skoolblad,Julie 1929:9,21,23.
4) Moormann: t.a.p.: 12-38, 58-84; Die Christelike Skoolblad, Augustus 1929: 8-11.

In Frankryk het die vraagstuk ontstaan of die eerste twee jaar van die middelbare skool en die twee jaar in die intermediêre skool parallel of liewer dieselfde moet wees. In hierdie land is daar egter 'n verband tussen die laer- en die middelbare skool.

In Engeland is die saak heelwat anders. Die vraag wat hier ontstaan het, is as volg:
Is dit nodig dat die leerlinge 'n nuwe of aparte skool op een bepaalde stadium van hulle opvoeding moet besoek? Indien wel, op watter stadium, en is dit nodig om die ouderdom vir verpligte onderwys te verhoog? Hierdie feit het ten grondslag gelê dat die onderwysstelsel uitgebrei moes word.(1) In hierdie verband het sielkundige gevolgtrekkings waardevolle dienste aan die aansluitingsvraagstuk gelewer.

Volgens die bekende Hadowrapport in Engeland in 1926 is daar tot die slotsom gekom dat die aanvang van die adolessente jare op die ouderdom van 11 of 12 jaar 'n groot faktor is by die aansluitingsproses, wanneer die leerling 'n nuwe fisiese en geesteslewe binnetree. Hiervolgens kon vasgestel word dat alle leerlinge wat hierdie leeftydsgrens bereik het na die middelbare skool oorgeplaas moet word. Die verbasende uitbreiding van die jeug se vermoëns tydens hierdie ouderdom, vereis 'n noodsaaklike verandering in doelstelling en 'n nuwe atmosfeer.(2)

In die Verenigde State van Amerika is die toestand ook anders. In sy verslag oor "The American High School", het J.M. Murray vasgestel dat die Amerikaanse laerskoolkursus agt jaar duur, gevolg deur 'n hoërskoolkursus van vier jaar, wat bekend staan as die 8-4 stelsel. Die Amerikaanse sekondêre skool, soos die meeste Europese skole, ontvang die leerlinge wanneer hulle veertien jaar oud is, terwyl die/...

1) Monroe: Principles of Secondary Education: 77; Die Christelike Schoolblad, Mei 1928: 23.
2) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 8 (Laer Onderwys); T.O.D.: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937:78-79; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1934: 10- 11.

die laerskoolkursus oor 'n tydperk van agt jaar strek. In hierdie land is daar 'n onderliggende samehang en korrelasie tussen die laer- en middelbare onderwysstelsel.

Weens gedurige veranderinge, het die stelsel na 6-3-3 verander, naamlik 'n laerskool van 6 grade, gevolg deur 'n juniorhoërskool van 3 grade en daarna 'n seniorhoërskool van 3 grade. Indien die getalle nie die bestaan van junior- en seniorskole regverdig nie, is hierdie afdelings in dieselfde gebou saamgevoeg op 'n 6-3-3 grondslag of saamgesmelt tot 'n sesjarige hoërskoolkursus op die 6-6 grondslag. In Duitsland duur die sekondêre skoolkursus sewe jaar, gevolglik is die aansluiting tot die middelbare skool heelwat vroeër.(1)

Die huidige sielkunde en die nuwe skool met sy moderne opvattings, trouens die hele denke, staan in die teken van eenheid, totaliteit. Die kind moet geheel-en-al as 'n eenheid ontwikkel en opgevoed word.(2) Daarom moet die leergang in die moedertaal nie aan die einde van die laerskool afgerond wees nie, maar die fundamentele taalstof moet die grondslag vorm vir verdere uitbreiding om die geleidelike oorgang deeglik en ongehinderd te laat plaasvind.(3)
Welton sê die volgende van die moedertaal: "To help its people to understand, to speak and to write the mother tongue is, therefore one of the school's most important tasks."(4)

Die vermoëns en funksies van die menslike gees kan wel geskei word, maar nooit volkome nie. Net soos die wisselwerking en verband wat daar tussen liggaam, gees en verstand/..

---

1) Inglis: Principles of Secondary Education: 161-203; Monroe: t.a.p.: ;86-188, 226-229; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1934: 11; T.O.D.: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937: 78-79.
2) Die Christelike Skoolblad, Desember 1928: 9.
3) Leest: Het Voortgezet Onderwys in de Moedertaal: 69-70; Coetzee en Bingle: t.a.p.: 11 (Laer Onderwys); Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys: 9-10; T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen, 1909: 1- 12.
4) Welton: Principles and Methods of Teaching: 36.

verstand bestaan, so moet daar verband en aansluiting tussen laer- en middelbare skool bestaan. Bogenoemde beskouinge en bewegings op onderwysgebied het ook die eenvormigheid en die grenslyn van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel beïnvloed, veral die aansluiting tussen die laer- en die middelbare skoolstelsel.(1)

2. DIE VRAAGSTUK VAN AANSLUITING IN DIE TRANSVAAL.

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel het alreeds baie voordele uit die pedagogie van ander lande getrek, veral wat die vraagstuk van aansluiting of die oorgang van die laer- na die middelbare skool betrof. Ten opsigte van die sielkundige aspek was dr. J.E. Adamson, Transvaalse Direkteur van Onderwys tot 1924, die mening toegedaan dat die kind aan die einde van sy elfde jaar oorgeplaas moet word, dit wil sê na standerd V. Die Transvaalse Onderwyskommissie van 1928 was weer van mening dat die oorplasing aan die einde van die 13de of selfs in die 12de jaar moet geskied.

As die aansluiting na standerd VI moet plaasvind, beteken dit dat die ouderdom van toetreding aansienlik hoër sal wees. In Transvaal het aansluiting meesal na standerd V plaasgevind.(2) Die behoud van standerd VI in die laerskool was egter nie baie ekonomies nie.(3) Daarom het die stelsel in Transvaal, wat voorsiening gemaak het vir aansluiting aan die einde van standerd V en VI uitgeloop op 'n half-gevulde middelbare skool, waardeur aansluiting grotendeels uitgeskakel is.

1) Inglis: t.a.p.: 261- 303; Coetzee en Bingle: t.a.p. 11 (Laer Onderwys);8-10 (Middelbare Onderwys); T.E.D.: Report of the Education Commission, 1917: 10-13; Jaarverslag : 1910: 196; 1915:10-16, 82-83, 96; 1919: 22, 40; 1923: 47; 1926: 11; Die Christelike Skoolblad, Des. 1928:9; Mei 1928: 23.
2) Adamson: t.a.p.: 2, 15-16, 54, 182; T.O.D.: Jaarverslag 1906: 80; 1908: 18; 1910: 84; 1915: 10-16; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1934: 10-11; T.E.D.: Report of the Education Commission, 1917: 10-14, 22; Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937: 77-79.
3) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1934: 13.

Die toestande in die stede en op die plattelandse gebiede het soveel vraagstukke opgelewer dat dit wensliker was om standerd VI toe te voeg aan al die middelbare skole van die provinsie, wat die platteland betref. Wat die toestande in groot stede betref, sou dit ook meer opvoedkundig gewees het as standerd VI by die hoërskole ingesluit was waardeur geen skool bo 'n ander bevoordeel kon word nie, en omdat die verwydering van standerd VI uit die middelbare afdeling onopvoedkundige doeltreffendheid beteken het.

As die aansluiting dus oral met standerd VI sou begin, sou daar nie soveel onsekerheid ten opsigte van 'n aansluitende leergang in Hollands-Afrikaans gehoers het nie. Dit sou dus voordeliger en beslis meer opvoedkundig gewees het om die aansluiting na standerd V te laat plaasvind, dit wil sê standerd VI sou dan die laagste klas van die middelbare skool gewees het.(1)

Bogenoemde uiteensetting bring ons onwillekeurig by die werklike vraagstuk van 'n aansluitende leergang. In die Transvaalse onderwysgeskiedenis het die taalstudie ook die middelpunt van die onderwyspoginge gevorm. Met geringe wysiging was die onderwys in Suid-Afrika nog byna altyd 'n navolging van ideës van Europese stelsels.(2)

Maar ten spyte daarvan het die moedertaalstryd en die leergange in Hollands-Afrikaans 'n magtige invloed uitgeoefen op die moderne taalwetenskap van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. As gevolg van die onvermydelike stryd, het daar 'n nuwe taalonderwysbeleid die lig gesien. Die volkstaal het tot sy reg gekom as vak en voertaal waardeur 'n nasionale onderwysstelsel gevorm is. Hollands moes egter die onderspit delf.(3) Maar/...

1) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie,1937:77-79; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1934: 13; Jaarverslag 1915: 82-83, 96.
2) Die Christelike Skoolblad, Feb. 1926: 21; T.E.D.: Report of the Education Commission, 1917: 10-14, 22.
3) Ibid.: Desember 1928: 13.

"Maar Nederlands was niet de spreektaal van de Afrikaners en hoe langer zoo meer kwam er een kloof tussen de school en het leven, tusschen de schooltaal en de spreektaal, tusschen wat men op school geleerd had en wat men in het dagelijksche leven noodig had."(1)

Vanaf die tyd van die Suid-Afrikaanse Republiek is die feit pertinent op die voorgrond dat die leergange in Hollands-Afrikaans baie sterk beïnvloed is deur die politiek en die staatkunde. Tydens die Suid-Afrikaanse Republiek dra dit 'n sterk Nederlandse karakter. Na 1900 is dit deur die Engelse en die C.N.O.- beweging beïnvloed, maar teen ongeveer 1918 tree die Afrikaanse nasionale element op die voorgrond en gee 'n nuwe rigting aan die leergang.

Dis die invoering van nuwe beginsels en opvattinge aangaande die onderwys en opvoeding wat grootliks die inhoud van die leergang in Afrikaans as moedertaal beïnvlood het, en wat ook sy stempel op die aansluiting tussen die laer- en die middelbare onderwys afgedruk het.

---

I) Ibid.; Jan. 1932: I3.

# AFDELING A: HISTORIES.

## HOOFSTUK I.

## AANSLUITING TYDENS DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK 1874-1899.

### 1. Die toestande onder Burgers 1874 - 1882.

#### a. Vroegste aansluiting in die Transvaal.

Die eerste tydperk van die vroegste onderwys en opvoeding word veral gekenmerk deur die godsdienstige karakter daarvan. Weens die talryke moeilikhede, die afgesonderde en primitiewe beskawing wat baie min onderwysfasiliteite gebied het, word die nadruk gelê op tweërlei vorm van opvoeding: die sedelik-godsdienstige onderwys, en die praktiese kennis wat as grondslag gedien het vir die daaglikse lewenseise.(1)

Voor 1874 was die inhoud van die onderwys hoofsaaklik van sedelik-godsdienstige aard, inderdaad 'n voorbereiding vir die hiernamaalse lewe.(2) Ofskoon die Transvaalse kind min tyd vir 'n langdurige onderwys en opvoeding gehad het, was die opvoeder tog gesteld op 'n minimum verstandelike ontwikkeling waardeur die Trekkerskind nie in ontaarding of kultuurloosheid verval het nie.(3)

Omdat daar egter nie laer- en middelbare skole was nie, was die onderwysmiddele uiters eenvoudig. Dit was egter 'n algemeen aangenome wet dat die ouers moes toesien dat hulle kinders die nodige praktiese opvoeding ontvang, wat tesame met die godsdiensonderrig een van die fundamentele grondslae van die vroegste onderwys en opvoeding in die Transvaal was.(4)

Hierbenewens was die "Hollandse leergang" en die voorbereidende onderwys slegs beperk tot die elementêre beginsels van lees, spel, skryf (eenvoudige korrespondensie), rekenkunde en sang. Behalwe die Bybel as algemene leesboek, was/....

1) Bot: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal: 9-13.
2) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek: 171-173.
3) Coetzee: Onderwys in Transvaal: 11-16.
4) Lugtenburg: t.a.p.: 172.

was daar die A.B.C.-boek. Die letters van die alfabet moes van A tot Z en van Z tot A geleer word. Daarna kon die kind eers met 'n boek kennis maak. Die A.B.C. met "de Haan" is in die reël gebruik en dan deur die "Trap der Jeugd" vervang. Soms is onmiddellik met die "Trap der Jeugd" begin. Behalwe die leeslessies uit hierdie leer- en leesboeke, moes die kind uit die "Trap der Jeugd" leer om te spel en die taal suiwer te gebruik.(1) Lees en skryf is by die verskillende trekgeselskappe deur verskeie persone onderwys.(2)

Van Hollands as vak was daar egter geen sprake nie. Eers met die aanmerklike uitbreiding van die "Reglement" van 1868-1871 word die taal vir die eerste keer in die onderwys-wetgewing genoem. Maar namate die Boeregemeenskap egter meer ontplooi en vorm aangeneem het, het daar by die Voortrekkers 'n groot behoefte aan 'n georganiseerde onderwysstelsel ontstaan.(3) Dit vind plaas tydens die dienstermyn van president Burgers, toe die Transvaalse onderwysgeskiedenis en die pionierslewe omskep is deur 'n nuwe onderwysontwikkeling.(4)

b. <u>Die ontstaan van die laer- en middelbare onderwys.</u>

Volgens die Burgerswet No.4 van 1874 word die onderwys verdeel in laer- en hoër of middelbare onderwys (artikel 1). Laer onderwys word verder verdeel in gewone en meer uitgebreide onderwys.(5) In artikel 3 word 'n uiteensetting gegee van die gewone laer onderwys. Wat Hollands betref, het dit lees en skryf omvat. Behalwe laasgenoemde, bestaan die leerstof van die meer uitgebreide laer onderwys uit die Nederduitse taal, nl. die beginsels van die taal.(6)

Verder het die Burgerswet die skole verdeel in: d/....

---

1) Coetzee: t.a.p.: 13-15; Het Christelike Skoolblad, Jan. 1920: 9; Cramer: Trap der Jeugd: 1-96.
2) Lugtenburg: t.a.p.: 75-76; Het Christelik Schoolblad, Jan. 1920: 9; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 8.
3) Bot: t.a.p.: 11-13.
4) Lugtenburg: t.a.p.: 171-173.
5) Locale Wetton der Z.A.R., art.5: 567; Staatskoerant No.621, Vol. XVIII, 4 Feb. 1874; Botes: Die Taalmedium vraagstuk: 13; Coetzee: t.a.p.: 36-37; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 53-55.
6) Locale Wetton der Z.A.R., art.5: 567-568; Wet No.4 van 1874, art. 35.

a. Wykskole (gewone laer onderwys vir die platteland), waar die beginsels van die Hollandse taal onderrig word.

b. Distrik- of dorpskole (meer uitgebreide laer onderwys in die groot stede), waar Hollands geleer word.

c. Skole vir middelbare- of hoër onderwys (Gimnasia te Pretoria), met Hollands as een van die voertale.(1)

Kort nadat die Onderwyswet van 1874 in werking getree het, vind die anneksasie van Transvaal plaas, toe W.J. van Gorkom se pligte aan dr. J. Lyle oorgedra is.(2) Die Hollandse leerstof wat laasgenoemde vir die laerskool aanbeveel het, het lees, skryf en taalkunde ingesluit. Hierdeur is die pad vir die ontwikkeling van die „leergang" vir die laer- en die middelbare skool verder gebaan. Hollands word nie spesifiek as onderwysvak genoem nie, maar die Bybel, lees, taal en opstel het deel van die leerprogram gevorm.(3)

As gevolg van die rapport van die Superintendent van Onderwys, het die mediumvraagstuk gedurende hierdie tydperk heelwat moeilikhede opgelewer, as gevolg van die ontstaan van 'n aantal Hollands- en Engelsmediumskole. Ten opsigte van die taalvraagstuk sedert 1877 wou die Hollandse Afrikaners hulle eie voertaalonderrig gehad het, terwyl 'n meer gepaste leerplan vir die „buitenscholen" opgestel moes word, aangesien die bestaande „leergang" onbevredigend en onsamehangend was.(4)

Hierdeur het daar 'n langdurige taalstryd ontstaan waarin medium en vak wat baie nou aan mekaar verbonde is, brandende vraagstukke geword, en waardeur die aansluiting tussen laer- en middelbare skool nadelig beïnvloed is. Die gebrek aan aansluiting kan origens toegeskrywe word aan die gedagte waarmee J. Lyle besiel was. „Onze kinderen leeren te huis/...

1) Ibid.: 568-570; Staatskoerant, 1879: 21; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 53-55; Botes: t.a.p.: 13.
2) V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 55-56; Coetzee: t.a.p.: 36-37, 41.
3) Coetzee: t.a.p.: 43-44.
4) Z.A.R.: Vorslag van die Supt., 1886; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 8, 19; Lugtenburg: t.a.p.: 141; Mc Kerron: A History of Education in South Africa: 42.

huis Hollandsch, wij wenschen ze op school het Engelsch te doen leeren."[1]

## 2. DIE TAALVRAAGSTUK EN AANSLUITING TYDENS DIE DU TOIT-BELEID 1882-1892.

### a. Indeling en verdere ontwikkeling van die laer- en die middelbare onderwys.

In Maart 1882 word ds. S.J. du Toit Superintendent van Onderwys in Transvaal en kom daar 'n duidelike afbakening tussen die laer- en die middelbare skool, 'n gevolg van Onderwyswet No.1 van 1882, wat bepaal het dat die onderwys deur medium van die Hollandse taal moes geskied. Deur du Toit se vurige liefde vir die Hollandse taal het laasgenoemde sy regmatige plek in die leerplan verower.[2] In bogenoemde wet word daar soos volg vir Hollands voorsiening gemaak:

a. Laer- of elementêre onderwys tot standerd III, omvat die beginsels van die Nederduitse taal.

b. Middelbare onderwys vanaf standerd IV-VI, omvat 'n grondige kennis van die Nederduitse taalkunde, en, waar dit verlang word, ook van die Engelse en Hoogduitse tale.

Ooreenkomstig die bepalinge vir laer- en middelbare onderwys, bepaal die sewende grondbeginsel van die skoolwet (artikel 7) dat die medium van onderwys sonder omskrywing Hollands is.[3] Verder het die elementêre- of laer onderwys bestaan uit Bybelgeskiedenis, lees, skryf, rekenkunde, sang en soos reeds vermeld, die grondbeginsels van die Hollandse taal. Laer onderwys het dus gestrek tot en met standerd III; onderwys na standerd III is beskou as sekondêre of middelbare onderwys. Ooreenkomstig artikel 4 van die reglement het die Superintendent van Onderwys beslis oor die rangskikking van die leerlinge; hy bepaal die aantal wat geïnspekteer moet/...

1) Staatskoerant: 1879: 23; Lugtenburg: t.a.p.: 118.
2) Z.A.R.: Jaarverslag van die Superintendent van Onderwys, 1883, art. 6: 5; Coetzee: S.J. du Toit en die Onderwys: 14-15; Bot: t.a.p.:27-29; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek:56-57.
3) Locale Wetten der Z.A.R., 1882: 1069-1074; Staatskoerant, 1882: 121-122; Z.A.R.: Jaarverslag v.d.Supt. van Onderwys 1882: 5; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 58; Coetzee: t.a.p.: 48-49.

moet word en die aantal wat middelbare onderwys moet ontvang.

Kragtens hierdie belangrike onderwyswet, moes Hollands deeglik onderwys word,[1] maar dit laat hom egter nie uit oor die aansluiting van die leergang tussen laer- en middelbare skool nie. Die invoering van Hollandse leesboeke ter bevordering van eenvormigheid, die algemene strewe na 'n verhoogde onderwyspeil van die vak op skool en die ontwikkeling en uitbreiding van die "leergang" het die peil van die onderwysstelsel aansienlik verhoog.

b. Hollandse leerboeke in gebruik en die leerstofinhoud.

Reeds in sy eerste rapport het ds. S.J. du Toit dit beklemtoon dat Transvaal 'n eie stel leerbooke nodig het, aangesien die meeste lees- en taalboeke wat in gebruik was, ongeskik was vir die ontwikkelingspeil en bevattingsvermoë van die kind.[2] Skoolboeke in Hollands was feitlik ook alleen in Holland verkrygbaar en slegs vir Hollandse kinders geskryf, derhalwe is poginge aangewend om boeke spesiaal vir Transvaal te vervaardig. Hierbenewens is 'n groot besending van "eene aanzienlike party schoolboeken van die Nederlandsch- Zuid-Afrikaansche Vereeniging" ontvang.[3]

Behalwe die A.B.C.-boek en die "Trap der Jeugd", was daar vir beginners die "Afrikaansche Spel- en Leesboek," vir gevorderdes, dit wil sê vir die middelbare skool, "Het Volksleesboek," Mulder's Beknopte Spraakkunst" en Juta's Spel- en Leesboek.[4] Die heruitgawe van "Volksleesboek voor scholen en huisgezinnen in Zuid-Afrika" in 1884 en 1892, het voorsiening gemaak vir 'n groot verskeidenheid leesstukke, gediggies in idiomatiese vorm gegiet, godsdienstige liedere, afgewissel deur spreekwoorde en geestelike gesange. Die leerstof van hierdie lees- en leerstukke word hoofsaaklik gekenmerk deur/..

1) Ibid.: 1070-1074; Coetzee: t.a.p.: 48-49; V.C.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 58-59.
2) Coetzee: t.a.p.: 52-54; Lugtenburg: t.a.p.: 130.
3) Lugtenburg: t.a.p.: 141-143.
4) Coetzee: t.a.p.: 52-54.

deur 'n religieuse strekking of wyse vermaning deur die kind op die ontsettende werklikheid van die sonde te wys.(1)

"Het Volksleesboek" was vir die algemene ontwikkeling van die kind van die allergrootste belang. Dit het 'n intensiewe deel van die "leergang" in Hollands gevorm, en as sodanig was dit 'n belangrike bydrae tot die eintlike leergang wat in die nabye toekoms sou verskyn.

Van besondere opvoedkundige waarde was die reeks leerboeke onder die opskrif "Fondamentstenen" Nommers I-III van M. de Villiers, wat 'n belangrike plek in die leerplan van S.J. du Toit ingeneem het. Hierdie reeks "Spel- en Leesboekies", het in 1884 verskyn en was hoofsaaklik bestem vir die laer klasse van die kinderskool tot sover as standerd III. Dit het die fondament gevorm van goeie speloefeninge en leesonderrig en was 'n voortsetting "tot andere vakken van onderwijs, zooals: rekenen en aardrykskunde".(2) "Fondamentstenen" Nommer III was vir standerd III, hoogste klas van die laerskool, voorgeskryf.(3)

Soos reeds aangetoon is, was die bekende Hollandse boeke, nl. die "Trap der Jeugd" en die A.B.C.- boek reeds tydens die onderwysbeleid van president Burgers die meeste in gebruik, en het dit ook gedurende die bewind van ds. du Toit grotendeels die inhoud van die Hollandse "leergang" in die laer- en die middelbare skool gevorm. Die "Trap der Jeugd" was sonder twyfel die eintlike leerboek van die kind en die "naauwkeurige en bevattelijke grondlegger der Nederduitsche spel-, lees-, schrijf- en taalkunst, vir het aangroeijend begrip der leerlingen, van het A.B.C. af tot eene volkomene kennis in het spellen en lezen toe, ingerigt, maar ook zeer nuttig en noodzakelijk voor Ouders, die noch de gelegenheid/..

---

1) Het Volksleesboek voor scholen en huisgezinnen in Zuid-Afrika, 1884: 20-252, 480; 1892: 45-506.
2) De Villiers, M.: Fondamentsteenen: 1884: 1-2.
3) Z.A.R.: Du Toit: Standaarden voor het Lager en Middelbare Onderwijs in de Z.A. Republiek (Oorspronklike stuk is in besit van A.K. Bot, Pretoria).

geleëgenheid nog het vermogen hebben om hunne kinderen ter school te zenden."(1)

Al twaalf trappe, wat uit 'n aantal aaneenlopende lesse bestaan, vorm die grondslag waarop die opvoedingsplan voortgebou is. Die eerste trap vang aan met klankleer. Hierby sluit aan woorde en sinne,(2) waarby die leesles op sy beurt aansluit. Die verband of aansluiting tussen die verskillende lesse word dus deurgaans gehandhaaf. Na afloop van elke les word voorsiening gemaak vir leeroefeninge.(3) Dit omvat verder die eerste grondbeginsels van die Hollandse taal.(4)

Die "Trap der Jeugd" as leer- en leesboek, was die uit-"gangspunt" vir die vorming en ontwikkeling van die kind deur sy verskillende skoolfases. Deurdat die hele Hollandse taalveld hierin gedek word, is die aansluiting in 'n groot mate in die Transvaalse skoolstelsel van verbrokkeling gevrywaar, veral as gevolg van die organiese samehang van die leerstof. Die inhoud daarvan het die belangrikste grondbeginsels van lees, skryf, rekenkunde en sang ingesluit, ooreenkomstig die bevattingsvermoë en ontwikkelingspeil van die kind.

Voordat die kind egter kon lees, moes hy die letters van die alfabet kon opsê. Na afloop hiervan is begin met die speloefeninge van die A.B.C.- boekie, terwyl hierna oorgegaan is tot die "Trap der Jeugd" as moeiliker leerstof. Die speloefeninge het die grootste gedeelte van die leerstof in beslag geneem. Wanneer die kind die "Trap der Jeugd" deeglik geken het, het die leerproses egter nog nie opgehou nie. As aanvulling het die Kort Begrip en Borstius se vraboek 'n waardevolle deel van die Hollandse leerprogram uitgemaak.

Hierdie lees- en leerproses het voortbestaan totdat die kind aangeneem is, waarna hy dan feitlik volleerd was.(5) Maar/..

1) Cramer: t.a.p.: 1904: 17; Het Christelik Schoolblad, Julie 1906, No.83, Deel VII; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 63-64.
2) Ibid.: 5-37.
3) Ibid.: 38-52.
4) Ibid.: 54-85.
5) V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 63-64; Bot: t.a.p.: 9-10; Die Kristelike Skoolblad, 1920: 9-11; Des. 1938: 6.

Maar weens die lewensnoodsaaklikheid van 'n meer georganiseerde en stelselmatige onderwysstelsel in Transvaal, moes die inhoud van die voorgaande onderwysproses plek maak vir die eerste leerplan wat met verloop van tyd deur S.J. du Toit opgestel is.

c. Die onderrig van Hollands.

Volgens die Superintendent se verslag van 1884 het die inhoud van Hollands op hierdie stadium uit lees, diktee, taalkunde en opstel bestaan. Aan die einde van die laerskool (standerd III) is daar slegs 4½ uur per week aan Hollands bestee en in standerds IV-VI 3½ uur per week.(1) Nogtans het die onderwyspeil volgens inspeksieverslae aansienlik verhoog sedert die totstandkoming van die laer- en die middelbare onderwys. "Het onderwys in't algemeen wat Hollands betreft is zeer grondig en good," maar lees en taalkunde was nie alleen elementêr nie, dog ook gebrekkig.(2)

Die onderwys oor die diensjare 1882-1885 toon inderdaad 'n goeie statistiek van dorp- en wykskole waar Hollands op merkbare wyse ontwikkel het. Origens vestig die verslae van 1887-1899 die aandag op die duidelikheid en omvattendheid van die sogenaamde Hollandse leergang tydens die afgelope tydperk.(3)

Deurdat inspeksieverslae baie kort en bekmop was, en die meeste skole nie behoorlik geïnspekteer is nie, is daar nie gunstig gerapporteer oor die werk wat in Hollands verrig is nie.(4) Die meeste inspekteurs was van mening dat daar met die onderwys heelwat tyd verspul word en dat daar hoër eise vir Hollands gestel behoort te word.(5)

Gedurende hierdie tydperk is die leerlinge wat onderrig in Hollands ontvang het, gewoonlik in drie groepe verdeel.

---

1) Z.A.R.: Verslag van die Superintendent, 1884: 10-12.
2) Ibid.: 18-19; 1882-1886: 6-7.
3) Ibid.: 1887-1899: 7-10.
4) Ibid.: 1885: 6.
5) Z.A.R.: Jaarverslag 1886: 11; 1890: 8.

Die leerstof vir die eerste groep het bestaan uit lees met taalkundige ontleding, vertaling uit Hollands in Engels, taalkunde en diktee. Die tweede groep het dieselfde leerstof behandel, behalwe taalkunde, terwyl die leerstof vir groep drie bestaan het uit lees en vertaling uit Hollands in Engels.(1)

Wat die werksaamhede betref, is die leerlinge van die laer- en die middelbare skool in dieselfde groep geplaas, gevolglik is die skoolwerk gesistematiseer en afgebaken sonder oordeelkundige aansluiting tussen die twee skoolstelsels.(2) Gelukkig het du Toit se leergang in Hollands 'n vernuwing gebring wat as uitgangspunt gedien het vir die latere aanvullende taalkennis.

d. S.J. du Toit en die leerplan.

Die verskyning van "Standaarden voor het Lager en Middelbare Onderwijs in de Z.A. Republiek" van ds. S.J. du Toit, Superintendent van Onderwys, was werklik die eerste poging tot aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool, dit wil sê standords III en IV. Hollands het die volgende omvat:

Lager Onderwijs (Standaard III).

| Leervakken. | Standaarden. | Leerboeken. |
|---|---|---|
| Lezen. | Duidelijk en vloeijend met kennis van de leesteekens en beteekenis der woorden. | Fondamentsteenen III, of Leopold, leesboek voor de Volksschool. A 1. |
| Dictaat. | Korte volzinnen op't lei. | |
| Spraakkunst. | De rededeelen, verbuigingen en vervoegingen; leesteekens en hoofdletters. | Holst, Kleine Nederlandsche Spraakleer. |

Middelbaar Onderwijs (Standaard IV).

| Leervakken. | Standaarden. | Leerboeken. |
|---|---|---|
| Lezen | Duidelijk en vloeijend volgens leesteekens, en met begrip van het/ | Volksleesboek, of Leopold A 2. (1) |

1) Ibid.: 1885: 6.
2) Lugtenburg: t.a.p.: 130.
3) Z.A.R.: Du Toit: t.a.p.

| Leervakken. | Standaarden. | Leerboeken. |
|---|---|---|
| | het gelezene; moeijelijke woorden uit het hoofd spellen. | |
| Spraakkunst. | Redekundig ontleden, schrijven van opstellen en brieven op de lei | |
| Dictaat. | Een eenvoudig verhaal uit schrijfboeken. | |
| Vertalen. | Uit Engelsch in Hollandsch (voor die Engelsch leeren). | |
| Hoogduitsch | Lezen en beginselen der taalkunde indien verlangd. | |

Die lys van leerboeke het ook in bogenoemde leerplan verskyn.(1)

3. DIE TAAL EN STELSEL VAN AANSLUITING ONDER DR. MANSVELT 1892- 1899.

a. Die taalbeginsel en bepalinge vir die laer- en die middelbare onderwys.

Na die bedanking van ds. du Toit, is hy deur dr. N. Mansvelt in 1891 opgevolg as Superintendent van Onderwys. Deur kragtige inspanning het hy voortgebou op die beginsels wat deur die du Toit-beleid neergelê is, aangaande die Hollandse taal. Volgens dr. Mansvelt se sienswyse moes die Afrikanervolk 'n afsonderlike nasie met 'n afsonderlike taal wees, vir wie daar 'n volledige onderwysstelsel geskep moes word wat berus op 'n gesonde en oordeelkundige grondslag.(2)

In 'n vrye Republiek moes elke burger geleer word om die landstaal te lees en te verstaan. Uitgaande van hierdie grondbeginsel, moes "aan het onderwijs in de Hollandsche taal een eerste plaats word toegekend."(3) Onderwyswet No.8 van 1892 het dan ook die fundamentele uitgangspunt gevorm van die taalvraagstuk en- beginsel, maar nie sonder moeilikhede en uiteenlopende opvattings nie. In hierdie belangrike Onderwyswet van Mansvelt word nie alleen die bepalinge vir die/...

1) Z.A.R. Du Toit: t.a.p.
2) Z.A.R.: Verslag van den gesubsidieerd Onderwys, 1892: 55; Coetzee: t.a.p.: 58-59.
3) Locale Wetten der Z.A.R.: 422-437; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 58-59; Staatskoerant, Junie 1892.

die laer- en die middelbare onderwys met Hollands as voertaal duidelik omskryf nie, maar van die allergrootste betekenis is verder sy „Schoolgids" waarin die wesentlike grondslag vir die onderwys en 'n deeglike skeidslyn tussen genoemde onderwysinrigtings gelê word.(1)

Kragtens hierdie wet, goedgekeur deur die eerste Volksraad op 2 Junie 1892, (artikel 362), is in hoofsaak vasgelê dat Hollands die voertaal sou wees.(2) Origens neem grammatika-onderwys 'n groot deel van die Hollandse leergang in beslag. Vir die stelselmatige ontwikkeling van die skoolwese, is die volgende bepalinge vir laer- en middelbare onderwys vasgelê:

a. Laer onderwys, standerds I-III omvat: Bybelgeskiedenis, lees, skryf, rekenkunde, sang, geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek en die beginsels van die Hollandse taalkunde.

b. Middelbare onderwys sou 'n voortsetting en uitbreiding wees van die bepalinge van die laer onderwys. Dit maak voorsiening vir 'n grondige uitbreiding van die kennis van die Hollandse taalkunde en 'n ander lewende taal. Artikel 24 van die Wet bepaal die volgende:

„Alle onderwys moet gegeven worden in de Hollandsche taal, en alle leesboeken bij het onderwijs in gebruik moet in de Hollandsche taal geschreven zijn."(3)

Behalwe dat daar in standerd III slegs drie uur per week aan die onderrig van Hollands bestee is, en in die middelbare skool vier uur, het die taalbeginsel dieselfde gebly as onder die du Toit- wet.(4) Tog was dit die beleid van die Onderwysdepartement om aan elke kind die geleentheid te verskaf om sy aanvangsonderwys deur middel van sy moedertaal te ontvang.(5) Maar elke poging deur die voorstanders van/...

---

1) V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 58-60; Lugtenburg: 173; Mc Kerron : t.a.p.: 44, 121.
2) Ibid.: 60-61; Z.A.R.: Jaarverslag 1892:423; Staatskoerant, 1 Junie 1892.
3) Locale Wetten der Z.A.R., 1892:422-423; V.V.O.O.Z.A.:Gedenkboek:58-64; Lugtenburg:t.a.p.:181; Botes:t.a.p.: 17.
4) Ibid.: 422-424; Bot:t.a.p.:50-51; Botes:t.a.p.: 17; Mc Kerron:t.a.p.:122; V.V.O.O.Z.A.:Gedenkboek: 60-64.
5) Botes: t.a.p.: 18-20; V.V.O.O.Z.A.:Gedenkboek:74-76; Malherbe:Die Tweetalige Skool:3; Het Christelijk Schoolblad, Sept. 1899, No. 60.

van Hollands aangewend om hulle eie onderwysstelsel met hul eie taal te bestendig, is deur verskeie pogings van Engelse kant probeer dwarsboom.

Volgens inspekteur Nieuwenhuize was die opvallende verskynsel dat Hollands nêrens tot sy reg gekom het nie.(1) Trots alle pogings van die Regering om die taalbepalings strenger toe te pas en die plek van Hollands in die skoolwese te versterk (Volksraadbesluit artikel 1037 van 1898), het die agitasie om meer Engels in die skool, 'n belangrike hoogtepunt bereik. Hierop is die "Witwatersrand Council of Education" gestig, met Engels as vernaamste voertaal en onderwysvak en wat as teenwig sou dien teen die staatskole waar die taalbeleid van Mansvlet volkome gehandhaaf is.(2)

b. Inhoud van die Hollandse leergang.

In die "Schoolgids" waarin die Hollandse leergang oordeelkundig uiteengesit word, wys dr. Mansvelt daarop dat die leesonderwys diensbaar gemaak moes word aan die grammatikaonderwys. Wat die praktiese taalonderwys daarenteen betref, word die volgende bepaal.

Met praktiese taalonderwys word bedoel dat die verstand van die kind nie oorlaai moet word met allerlei bepalinge en reëls nie, maar dat die opvoeder hulle deur goed gekose oefeninge moet leer om hulle skriftelik vaardig en noukeurig uit te druk. Dwarsdeur die Mansveltregime was dit die grondvereiste by die taalonderwys.

Die inhoud van Hollands vir die laer onderwys was lees, skryf, resitasie, stories en praktiese taalonderwys. Vir die middelbare onderwys was dit dieselfde, behalwe dat 'n uitbreiding van die taalkennis voorgeskryf is, terwyl vir/...

1) Ibid.: 20-22; Z.A.R.: Jaarverslag 1898; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 8-9; Lugtenburg : t.a.p.: 188; Z.A.R.: Verslag van Supt. 1894.
2) Ibid.: 23-25; Lugtenburg: t.a.p.:210-211; Mc Korron:t.a.p.: 45, 122; Bot: t.a.p.: 52; Basson: Die Voertaalvraagstuk in die Transvaalse Skoolwese: 37.

vir die laer onderwys slegs die eerste begrippe van taalkunde behandel moes word.[1]

Hierop is die eerste amptelike leergang vir Hollands in 1892 uitgereik, onder die opskrif: "Standaarden voor het Lager en Middelbaar Onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek vastgesteldt in termen van artikel 3 van Wet No.8 1892 door den Superintendent van Onderwijs." Die omvattende Hollandse leergang aan die einde van die laerskool (standerd III) en die begin van die middelbare skool waarin die arbeidsveld duidelik afgebaken word, het as volg daar uitgesien:

Standaard III (Afsluiting van die laerskool)

"Lezen: Duidelik en vloeiend lezen van een eenvoudig verhaal, met inachtneming der leesteekens en verklaring van de beteekenis der woorden. Spellen uit het hoofd.

Recitatie: Het leeren van verzen uit het hoofd.

Taalkunde: Kennis der woordsoorten; grondbegrippen van de geslachten en naamvallen. De verbuiging van het lidwoord, byvoegelijk en zelfstandig naamwoord. Vervoeging van de hoofdtyden der werkwoorden (aantoonende wijs).

Vertellen: Fragmenten uit de Geschiedenis des Vaderlands."[2]

Standaard IV (Begin van die middelbare onderwys).

"Lezen: Voortzetting en uitbreiding van het genoemde in standaard III.

Recitatie: Het leeren van verzen uit het hoofd, voornamelijk van bekende Hollandsche dichters.

Taalkunde: Volledige verbuiging en vervoeging. Ontleding van enkelvoudige en samengesteld zinne. Leer van het zinsverband. Het schriftelijk weergeven van een verhaal in eigen woorden. Dictaat. Briefschrijven."[3]

Behalwe die voorgeskrewe leergang, word daar voorsiening gemaak vir 'n lys van lees- en leerboeke. Ten opsigte van/.

1) De Schoolgids, Z.A.R.,1892:15-17,66; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 69-73.
2) Ibid.: 25-27.
3) Ibid.: 27-30.

van die leesonderwys was daar wel sprake van voortsetting en uitbreiding, maar origens het die taalkunde aan die begin van die middelbare skool nie by die taalaspekte van die laerskool aangesluit nie. Inteendeel daar word heeltemal nuwe leerstof vir die aanvang van die middelbare onderwys voorgeskryf. Die leergang in verband met Hollands wat in die "Schoolgids" van 1895 en 1898 verskyn, het niks nuuts opgelewer nie. Die taalkunde was egter meer uitgebreid en doelgerig.(1)

c. Hollands as onderwysvak.

(1) Op die laerskool.

Soos reeds aangetoon is, het die Superintendent van Onderwys 'n besliste standpunt teenoor die moedertaalonderwys (Hollands) ingeneem.(2) Om die Hollandse spraakkuns volgens 'n vaste program met die nodige voortsetting te onderwys, is "Het nieuwe Taalboek" van M.J. Koenen voorgeskryf, waaruit elke standerd afsonderlike stukke moes behandel. Ten opsigte van taalkunde het die verskillende taalvertakkinge in 'n mate by mekaar aangesluit.(3) Hiervolgens was die leergang nie alleen stelselmatig nie, maar die indeling het ook die gehalte van Hollands in sy geheel verbeter veral in dorp- en wykskole.(4)

Ter bevordering van eenvormigheid in die gebruik van skoolboeke, sou die Superintendent van tyd tot tyd 'n lys van boeke aanbeveel. Afgesien hiervan, is by die onderrig van Hollands in standerd III egter slegs 4½ uur per week bestee. Dieselfde leergang is deurgaans gevolg, met alleen 'n uitbreiding in die hoër standerds sonder afronding in die laerskool.(5) Maar ten spyte van die geringe vordering, word volgens die jaarverslag van 1897, die onderwys in die Hollandse/..

1) Ibid.: 1895: 6-44; 1898: 41-44.
2) Ibid.: 1892: 26-27; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 8-11.
3) Ibid.: 1895: 11-23.
4) Z.A.R.: Jaarverslag, 1895: 4; 1896: 17.
5) Locale Wetten der Z.A.R., 1892: 429, 432, 437; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 60-62; Lugtenburg: t.a.p.: 140; Z.A.R.: Verslag van die Superintendent, 1892: 433.

Hollandse taal gebrekkig doseer, deurdat aan die leerlinge vertel is dat hun spreektaal het Afrikaansch eigenlijk hun taal is, dus ook de taal der school, en dat ze de Hollandsch niet nodig hebben."(1).

Tydens die jaar 1898 het die Hollandse taal oor die algemeen bevredigende resultate gelewer, maar die aansluiting is grootliks belemmer, weens die feit dat onderwysers hulle nie by een bepaalde kursus bepaal het nie, maar deur "overal wat uit te nemen."(2)

(ii) Op die middelbare skool.

In die verslag van 1892 maak die Superintendent gewag van die onderwys in Hollands wat grotendeels belemmer is, omdat die kind te vroeg met die vreemde taal moes kennis maak voordat die gewenste ontwikkeling bereik is. In hulle eie taal moes hulle lees, dink en hulle behoorlik kon uitdruk, waardeur 'n gebrekkige kennis van die twee tale ontstaan het, in plaas daarvan dat 'n grondige kennis van een taal opgedoen is.(3)

Volgens die inspeksieverslag van 1898 het die onderwys van Hollands nog nie tot sy reg gekom nie. Tog was die taalkursus aansienlik uitgebrei en in besonderhede opgestel. Dog die taal was dikwels "'n lastige struikelblok voor de leerlingen bij overgang tot een hoogeren standaard. 't Onderwys in dit vak is nog niet practisch genoeg. Minder taalregels en meer doeltreffende aaneensluitende taaloefeningen zullen eene gunstige verandering ten gevolge hebben. Zinsuitbreiding is gewoonlik bevredigend. 't Schrijven van opstellen zal veel beter zijn, als men reeds in standaard I begint met 't samenstellen van eenvoudige volzinnen uit een aantal opgegeven woorden." Dit was 'n uitstekende maatreël, maar die/...

1) Z.A.R.: Verslag van die Superintendent, 1895:16-17; 1897: 33-34.
2) Ibid.: 1898: 88.
3) Ibid.: 1892: 9.

die leerstof is nie grondig genoeg behandel nie.[1]

'n Verdere leemte wat die aansluitende onderwys bemoeilik het, was die feit dat by die onderrig die klasse so ingedeel is dat standerds III, IV, V en VI almal dieselfde taalles en vakstof ontvang het. Daar kon egter alleen 'n verandering plaasgevind het as vier of vyf onderwysers beskikbaar was om Hollands te doseer, in plaas van een onderwyskrag vir al die klasse. Gevolglik is die doeltreffende en onderlinge verband grotendeels uitgeskakel.[2] Teen 1900 het Hollands egter 'n stewige plek op die middelbare skool verower, maar dit is deur Engelsmedium onderrig- iets wat natuurlik ongewens en onopvoedkundig was.[3]

4. <u>DIE STAND VAN AANSLUITING.</u>

Voor 1874 het die trekkende Boere egter nie kultuurloos en ongeletterd opgegroei nie, danksy hulle godsdienssin en die ontwikkeling van hulle verstandelike en sedelike vermoëns.[4] Van 'n georganiseerde onderwysstelsel was daar hoegenaamd geen sprake nie, gevolglik was die stelsel van aansluiting buite die kwessie.

Met dr. Lyle het daar nuwe masjinerie in die onderwys gekom. Hy het vooraf in sy verslag van 123 artikels gewys op die dringende noodsaaklikheid van laer onderwys as grondbeginsel in die Transvaalse opvoedingstelsel. Hierop word aanbeveel dat daar by die bestaande skole op Pretoria en Potchefstroom 'n laer afdeling bygevoeg moet word as voorbereiding vir toelating tot die hoër afdeling. Vir die eerste keer is daar nou aanbeveel dat <u>'n laer afdeling 'n hoër afdeling moet voorafgaan, met ander woorde daar moet voorbereiding en aansluiting wees.</u>[5] Ds. S.J. du Toit se leerplan/...

1) Ibid.: 1898: 146 (T.C. Stoffberg, inspekteur van Skole); Het Christelijk Schoolblad, Sept. 1899, No.61 Deel V; Oktober 1899, No. 62, Deel V.
2) Lugtenburg: t.a.p.: 183-187.
3) Coetzee en Bingle: t.a.p.(Middelbare Onderwys): 64-65.
4) Lugtenburg: t.a.p.: 172-173.
5) Coetzee: t.a.p.: 42-44.

leerplan het dan ook in hierdie rigting gestuur.

Eers tydens die onderwysstelsel van dr. Mansvelt is daar weer sprake van moontlike aansluiting deur sy poging om 'n grens tussen die laer- en die middelbare onderwys vas te stel kragtens Onderwyswet No.8 van 1892.(1) Maar ten spyte van hierdie daadwerklike pogings tot kontinuïteit, was die onderwys en leerstof van Hollands gedurende die tydperk 1874-1899 geheel en al afgesonder. Dit was te veel 'n byvak wat teësinnig deur die meeste leerlinge gevolg is. "Het heeft geen enkel aanrakingspunt met een der andere vakken."(2)

Die feit dat standerds IV, V en VI by die onderrig van Hollands dikwels in onderafdelinge verdeel is, is die onderwys versnipper en die ontwikkeling gestrom, in stede van dat die aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool tot 'n hegte en samehangende eenheid gesnoer is. Hiermee gepaard het die onverskilligheid van ouers, die verdeeldheid op kerklike gebied, die gebrek aan beskikbare fasiliteite en onderwyskragte, deeglike kontinuïteit tussen die twee onderwysrigtings onmoontlik gemaak.(3) Hierbenewens het die verdeling van die laer- en die middelbare onderwys volgens die inspeksieverslae van 1898 grootliks weens ekonomiese oorwegings plaasgevind en is dit nie uit opvoedkundige oogpunt beskou nie.(4)

Tydens hierdie periode is minder streng gelet op die oorplasing van leerlinge van die laer- na die middelbare skool. Niemand kon tot die middelbare skool toegelaat word, alvorens hy nie die derde standerd van die laerskool deurloop het nie. Minstens 40 persent van die leerlinge van standerd III aan die einde van die laerskool, moes vir standerd IV, dit wil sê vir toelating tot die middelbare skool goedgekeur word deur die inspekteur.(5) Die/...

1) Locale Wetten der Z.A.R., 1892: 422.
2) Z.A.R.: Jaarverslag, 1898: 133; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 16-17.
3) Ibid.: 1894: 7.
4) Ibid.: 1898: 48-49.
5) Locale Wetten der Z.A.R.1892: 429, 432, 437; Z.A.R.: Jaarverslag 1893: 3-8,14; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 60-62.

Die geleidelike vermeerdering van die leerlinge in die middelbare skool was egter 'n bewys dat die leertyd vir hulle merkbaar langer geword het as voorheen. Uit hierdie gevolgtrekking en namate die belangstelling in die georganiseerde onderwys toegeneem het, kan afgelei word dat die onderwysstelsel langsamerhand meer tyd van voorbereiding aan die leerling sou verskaf, en dat 'n hegter eenheid tussen die onderwysinrigtings bewerkstellig sou word.

Die geringe kennis wat die leerling ontvang het, het van tyd tot tyd uitgebrei, veral wat die leesonderwys betref, maar die leerstof vir Hollands is uitgebrei, sonder die gewenste aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool. Daar is slegs gepoog om die nasionale onderwys kragdadig te handhaaf en te bevorder om sodoende 'n vormende en gesonde stelsel van volksonderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek te skep.

Origens was die verstandsontwikkeling deur middel van aanskouingsonderwys 'n ander grondvereiste wat ter wille van die behoud van die Hollandse taal op Christelik-nasionale grondslag sou plaasvind,[1] sonder inagneming van 'n goed aanmekaar aansluitende leergang.

## 5. KRITIESE SAMEVATTING.

Gedurende die vroegste tydperk was die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek grotendeels prakties en godsdienstig van aard en betreklik elementêr, omdat die kind in die natuur en in die werklike lewe sy skool moes deurloop. Die verskyning van die Burgerswet het 'n essensiële opvoedkundige betekenis gehad weens die twee fundamentele sake wat gedurende die tydperk voorrang geniet het, nl. die invoering van die Hollandse taal as vak in die skole van Transvaal en die ontstaan van die laer- en die middelbare onderwys in 1874.[2]

---

1) Z.A.R.: Jaarverslag 1893: 3-8, 14-15; 1894: Schoolgids, De Z.A.R.: 1892: 27-29; Botos: t.a.p.: 20-24; Mc Kerron: t.a.p.: 45, 122: V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 71-73, 149.
2) V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 43-44; Het Christelik Schoolblad, 1 Aug. 1923: 14; Lugtenburg: t.a.p.: 87; Bot: t.a.p.: 11; Stuart: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek: 165.

Van belang is verder die duidelike skeidslyn wat president Burgers tussen die laer- en die middelbare onderwys getrek het.[1] Hierdeur is die opvoedingsweg tussen genoemde onderwysstelsels voorberei en kon die Hollands-Afrikaanssprekende leerling sy onderwys onafgebroke voortsit. Origens is die leerstof vir Hollands betreklik saaklik en duidelik uiteengesit, maar ongelukkig is die Burgers-wet nooit ten volle in die onderwyspraktyk toegepas nie,[2] terwyl dit in baie opsigte ondoeltreffend vir die Transvaalse onderwystoestande was. Onder omstandighede was daar egter 'n sekere verband of korrelasie tussen die twee inrigtings. Maar tog soek dr. Lyle die oorsaak vir die mislukking van die Burgers-wet in "het essentieel Hollandsche karakter van het systeem," waarmee beslis nie rekening gehou is nie.[3]

Tydens die bewind van ds. S.J. du Toit word die leerlinge van die laer- en die middelbare skool werklik in standerds gegroepeer, nl. standerds I-III (laer onderwys) en standerds IV-VI (middelbare onderwys). Die Hollandse taal as voertaal en onderwysvak, die invoering van Hollandse leesboeke, die verskyning van die eerste leerplan van Transvaal en die algemene vooruitgang van Hollands, het die onderwys en ontwikkeling van laasgenoemde as skoolvak onder Mansvelt inderdaad doeltreffender en stelselmatiger gemaak. Ds. du Toit se leerplan was die beginpunt vir die uiteindelike vollediger leergang vir beide die laer- en die middelbare skool tydens die dienstermyn van dr. Mansvelt. Die vordering het so toegeneem dat die landstaal tot skooltaal verhef is, waardeur die gesonde beginsel van die skool - na- die- kind-bring nou werklikheid geword het.[4] Behalwe/....

---

1) Coetzee: t.a.p.: 43-44.
2) Lugtenburg: t.a.p.: 87; Malherbe: Education in South Africa: 237.
3) Staatskoerant, 1879: 23 (Lyle Onderwysverslag, artikel 118);
4) Bot.;t.a.p.: 31.
4) Lugtenburg: t.a.p.: 103-112, 210; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 61-62; Het Christelyk Schoolblad, Sept. 1899, No.60; Staatscoerant, Mei 1883.

Behalwe die A.B.C.- boek, is die boekekennis aangevul deur die „Trap der Jeugd," wat naas die Bybel die belangrikste bron van kennis by die onderwys en opvoeding was, waaruit die leerstof vir Hollands dan ook grotendeels geput is. Lees en skryf was lewensbelangrike faktore in die kind se skoolopleiding. Tewens, dr. Mansvelt het die Hollandse leerstofinhoud baie oordeelkundig en wetenskap in sy „Schoolgids" uiteengesit. Met sy taalbeleid, ooreenkomstig Onderwyswet No.8 van 1892, het hy voorwaar met gesonde insig 'n skeidslyn tussen die laer- en die middelbare onderwys getrek, dit wil sê 'n eindpunt vir die laer onderwys en 'n beginpunt vir die middelbare onderwys waarop in die toekoms voortgebou kon word.

Hieruit blyk verder dat die verskyning van die leergang in Hollands, een van die hoogtepunte was tydens die voorgaande onderwystydperk.(1) Op grond hiervan was die Hollandssprekende kind in 'n taalskool waarin hy taalkennis opgedoen het. Die noodwendige gevolg was verder dat daar voortaan 'n meer georganiseerde en stelselmatige onderwysprogram vir Hollands geskep kon word.

Vir die eerste keer was daar nou 'n betreklik volledige leergang met die nodige afgebakende leerstof, immers, 'n vaste taalskema waarvolgens gewerk kon word, na die verskyning van die leerplan van ds. du Toit.(2) Veral wat die grammatikaonderwys betref, het die verskillende vertakkinge in die rigting van aansluiting gestuur, en derhalwe het die leergang nie uit „stukjes" en „brokjes" bestaan nie. Verder is die eis vir leesonderwys heelwat hoër gestel as voorheen.

Ondanks die skeidslyn, was doeltreffende korrelasie van Hollands tussen die laer- en die middelbare skool, iets wat in die toekoms beslis moes word. Trouens, elke deel van die leergang moet as 'n opsigselfstaande eenheid behandel/...

---

1) Schoolgids, De, Z.A.R.: 1892: 15-30; 1898: 41-44.
2) Lugtenburg: t.a.p.: 210-211; Bot: t.a.p.: 34; Het Christelyk Schoolblad, Sept.1899,No.60; V.V.O.O.Z.A.:Gedenkboek: 61-62.

behandel word in die laerskool sonder om verband te verloor met die middelbare skool. Waar die laer onderwys nie grondig en deeglik is nie, kan daar geen grondslag vir die middelbare onderwys gelê word nie.(1)

Soos in die verslae aangetoon is, het die leerstof van Hollands uit heelwat abstrakte begrippe bestaan, terwyl die aansluiting wat die leergang self betref, die eenheidsverband deur baie tekortkominge gekenmerk was. Bowendien is die leerstof nie oordeelkundig toegepas namate die groei en ontwikkeling van die kind toegeneem het om by sy ontwikkelingsperiode aan te pas nie.

Daarby moet egter in aanmerking geneem word dat as gevolg van die veranderlike onderwystoestande en lewensomstandighede, dit amper onmoontlik was om die leerstof vir Hollands behoorlik en duidelik af te baken. Daar is nie na omvattendheid en verskeidenheid gestrewe nie, maar waar moontlik na 'n geleidelike opklimmende voortgang.

Die bloeitydperk van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, en die handhawing van Hollands as vak en voertaal tydens die dienstydperke van du Toit en dr. Mansvelt word beëindig deur die oorlog van 1899-1902.(2) Hierna het Hollands sy voorrang in die leerplan vir 'n geruime tyd nie meer behou nie.

---

1) Z.A.R.: Jaarverslag 1898: 161; De Schoolgids: 1892: 27-29.
2) Bot: t.a.p.: 14; Het Christelijk Schoolblad, Sept. 1899, No. 61, Deel V; Die Kristelike Skoolblad, Des. 1938: 9-12.

# HOOFSTUK II.

## TOESTAND VAN AANSLUITING VANAF 1900 TOT OMSTREEKS 1906.

### 1. LAER ONDERWYS.

#### a. Die voertaalvraagstuk en Hollands as onderwysvak.

Die ou onderwysstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek met sy beginsel van moedertaalonderwys, wat 'n bloeitydperk onder S.J. du Toit en N. Mansvelt beleef het, het verdwyn. Ofskoon daar nog etlike skole volgens hierdie stelsel bly voortbestaan het, het die onderwys in Transvaal nie alleen 'n geweldige terugslag ondervind nie, maar is dit betreklik verbrokkel.

Deur die invoering van 'n nuwe en vreemde onderwysstelsel in die kampskole wat deurgaans Engels georiënteerd was, moes die Hollands-Afrikaanse taal met sy kultuurinhoud vernietig word.(1) Tydens hierdie jare was dit aan die Hollands-Afrikaanse deel van die bevolking nie geoorloof om hulle eie voertaal te gebruik nie, deurdat die Engelse Onderwysdepartement die Hollands-Afrikaanse volk deur 'n vreemde voertaal in die skole wou denasionaliseer. Die tweede taal sou die medium van onderwys wees.(2)

In verband met die onderwys, was die kennis van Engels een van die vernaamste vereistes, wanneer 'n leerling van een standerd na 'n ander oorgeplaas moes word, terwyl Hollands as onderwysvak minderwaardig was en totaal buite rekening gelaat is.(3) Geleidelik het dit egter tot die bewussyn van die opvoedkundige en taalkundige leiers deurgedring dat ook die Hollandse kind opvoedkundig gesond behoort te ontwikkel, nl. dat hy sy onderwys deur middel van sy eie moedertaal behoort te ontvang en dat die gebrek aan 'n taalkursus uit die weg geruim moes word.(4)

---

1) V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 151-155; Het Christelijk Schoolblad Nov. 1904, No.63; Mei 1905, No.69; Die Christelike Skoolblad April 1929: 13-16; Feb.1931: 3; T.O.D.:Jaarverslag 1905:46.
2) Ibid.: 34-35, 151-155; Het Christelijk Schoolblad, Mei 1905. No. 69, Deel V; Botes: t.a.p.: 26-30; White: t.a.p.: 3.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1905: 46; 1906: 56; Staatskoerant, Feb. 1903: 426; Het Christelijk Schoolblad, Mei 1905, No.69; Junie 1905, No. 70.
4) Steyn: t.a.p.: 15-16.

In 1903 toe F. Ware as Direkteur van Onderwys in Transvaal aangestel word, kom daar werklik 'n verandering as gevolg van Ordonnansie No. 7 van 1903. Kragtens hierdie ordonnansie sou die eerste leerplanne vir die laerskool in Oktober 1903 gepubliseer word. Volgens die bepalinge (artikel 6) vir die Hollandse taal - Ordonnansie No. 7 van 1903 - wat voorsiening maak vir laer- en middelbare onderwys , kan Hollands egter as vak op versoek van die ouers drie uur per week aan hulle kinders onderwys word in alle goewermentskole (laer - en middelbare). Godsdiensonderwys kon ook deur Hollandsmedium gegee word vir twee uur per week.(1) Hierbenewens moes 80 persent van alle onderwys deur Engelsmedium geskied. Die Hollands-Afrikaanse kind het slegs 5 uur per week onderrig in Hollands ontvang.(2) Dit was natuurlik 'n baie onbillike maatreël.(3)

Die meeste inspekteurs het egter gekla dat die leerplan oorlaai is, veral in die eenmanskole waar een onderwyser baie klasse moes behartig.(4) So word daar in die inspeksieverslae van die jaar 1904 gewag gemaak van heelwat gegewens aangaande bogenoemde, maar verder ook van die vordering op taalgebied. Volgens die verslae word daar gebruik gemaak van 'n groot hoeveelheid grammatikaoefeninge. Maar omdat die leerlinge met Hooghollands moes sukkel, het inspekteur N. Hofmeyr die vooruitgang van die Hollandssprekende leerlinge as swak en onbevredigend bestempel. Lees het nog aangegaan, ten spyte van die feit dat daar 'n tekort aan Hollandse boeke was, maar die peil van taal- en stelwerk was betreklik swak. Die inspekteurs betreur veral die feit dat laasgenoemde nie voldoende aandag geniet het nie deurdat die onderwysers nie die nodige opleiding daarin ontvang het nie.(5)

---

1) Bot: t.a.p.: 67 - 68; Botes: t.a.p.: 29-30; White: t.a.p.: 3-8; Mc Kerron: t.a.p.: 122; T .O.D.: Jaarverslag 1912: 6-7.
2) Botes: t.a.p.: 30; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 34-35; Het Christelik Schoolblad, Mei 1905, No. 69, Deel V.
3) Ibid.: 31-33.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1904: 14.
5) Ibid.: 4; Het Christelik Skoolblad, Des. 1905, No. 76.

Volgens die verslag van die Direkteur van Onderwys wat in 1904 verskyn het, was daar egter ook vooruitgang te bespeur. Hy gee die volgende statistieke aan van die aantal skole waar Hollands onderwys is, sowel as die aantal leerlinge wat onderrig daarin ontvang het.

| | Dorpskole. | | Plattelandse Skole. | |
|---|---|---|---|---|
| | Skole. | Leerlinge. | Skole. | Leerlinge. |
| Hollands lees | 73 | 4,307 | 242 | 6,766 |
| Hollands stelwerk | 68 | 3,437 | 198 | 3,958 |
| Hollands taalwerk | 69 | 2,669 | 177 | 3,243 (1) |

Bogenoemde statistieke toon nie alleen die inhoud van Hollands as vak aan nie, maar hiervolgens kan afgelei word dat die peil en vordering van die vak taamlik bemoedigend was.

In 1905 het daar 'n verdere verbetering in verband met die onderwys van Hollands plaasgevind kragtens Ordonnansie No. 29 van 1905. In dieselfde jaar het Lord Selborne se memorandum oor die taalvraagstuk verskyn. Die Selborne-minute en regulasies behandel die belangrikste onderwysvraagstuk, nl. "het medium van onderwijs in de buitescholen."(2) In die Selborne-minute word verder die noodsaaklikheid van die kennis van Engels beklemtoon, maar verdedig tersélfdertyd die gesonde en grondige beginsel van die aanvangsonderwys deur middel van die moedertaal. Die volgende uit sy minute is veral van belang:

"Om het mediumvraagstuk eers te behandelen, wanneer het Boerekind op school komt, kent het de Afrikaans-Hollandse spreektaal; het is de enigste taal dien het aan moeders knie leert; dat is de enigste taal die hij kent. Hij leert dus eerst makkeliker met dit medium, de taal dien hij verstaat."(3)

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1904: 14; Botes: t.a.p.: 34.
2) Ibid.: 1912: 8; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 34-36; Botes: t.a.p.: 35; Mc Kerron: t.a.p.: 123.
3) Ibid.: 1912: 8; T.E.D.: Transvaal Education Report (Selborne Memorandum): 156; Botes: t.a.p.: 35; White: t.a.p.: 19; Het Christelik Schoolblad, Nov.1905, No. 75.

Selborne wyk af van die beginsel neergelê in Ordonnansie No. 7 van 1903, en gaan oor tot die stap om die gesonde beginsel van moedertaalmedium neer te lê. Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van deeglike onderwys in die Hollandse taal, en ag dit wenslik dat Engels as medium met die nodige verduidelikinge in Hollands so gou as moontlik ingevoer word.(1) Hy is egter teen die erkenning van Hollands of Afrikaans as ten minste die gelyke van Engels by onderwysaangeleenthede.(2)

Volgens voorgaande uiteensetting het Hollands nouliks 'n selfstandige plek in die leerplan verower. In die verslag van 1905- 1906 gee die Direkteur egter die volgende besonderhede in hierdie verband:
In 1906 was daar 88 skole wat Hollands as vak onderwys het, terwyl 16,369 leerlinge Hollands as vak geleer het.(3) Dit lewer bewys dat Hollands op hierdie stadium aansienlik vordering gemaak het, ten spyte van die feit dat 'n doeltreffende leergang nog ontbreek het.

2. MIDDELBARE ONDERWYS.

a. Regulasies.

Aanvanklik is net kamp- en laerskole opgerig waar die verengelsproses gehandhaaf moes word, maar spoedig het daar ook middelbare en intermediêre skole ontstaan, waarvan meeste in werklikheid laerskole was met sekondêre afdelings.(4) Met verloop van tyd het die meeste van eersgenoemde skole in selfstandige middelbare skole ontwikkel, terwyl die ander intermediêre skole geword het. Die peil van die onderwys in die middelbare skole was so laag dat die inspeksiekomitee in 1906 tot die gevolgtrekking gekom het, dat hulle niks anders as laerskole/....

---

1) Ibid.: 9; Coetzee: t.a.p.: 86-87; Botes: t.a.p.: 35-36; Mc Kerron: t.a.p.: 123; Het Christelik Schoolblad, Des.1905, No. 76.
2) Coetzee: Die Gereformeerde Beginsels en Onderwys in Transvaal: 28; Het Christelik Schoolblad, 1905, No. 76.
3) Botes: t.a.p.: 38.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1903: 35; 1900 - 1904: 14; 1904: 53.

laerskole was nie.

Om hierdie toestand in die middelbare skole te verbeter, is daar aan die einde van 1903 volledige regulasies uitgereik, betreffende die klasindeling. Die toelatingsouderdom was minstens nege jaar en minstens standerd III moes voltooi wees. Die klasse sou wees: Vorms I (ongeveer standerd IV), II, III, IV (laer), IV (hoër), V (laer), V (hoër) en VI. Aan die einde van V (laer) en VI is verpligte eksamens gestel. Van belang is egter die instelling van die Laersertifikaat (laer vorm V) waar Hollands 'n verpligte vak was met lees en skryf as belangrikste leerstofinhoud, en die skooleindsertifikaat (Vorm VI). Die doelbewuste strewe was om eenvormigheid in alle skole te bewerkstellig ten opsigte van die onderwysstandaard. (1)

b. <u>Die leergang in Hollands.</u>

In die laerskool was Hollands (lees en skryf) een van die vakke van onderwys. Wat die middelbare skool betref, was die leergang meer uitgebreid en beter samehangend. Hollands het ingesluit: lees, resitasie, skryf, opstel en grammatika. (2) Verder moes die suksesvolle leerling wat 'n sertifikaat verwerf, en die skool na standerd VI verlaat het, 'n deeglike kennis besit van ses werke uit die letterkunde van die sestiende en sewentiende eeu.

Wat die leerplan van 1903 betref, het die taalonderwys 'n vaste en vooraanstaande plek ingeneem. Vir standerd V (einde van die laerskool) is die volgende voorgeskryf: die selfstandige naamwoord, die byvoeglike naamwoord, die werkwoord en die persoonlike voornaamwoord. (3) Hierdie leerplan waarvan daar in 1906 'n herdruk verskyn het as "Provisional Code of Regulations for elementary schools with schedules"/...

---

1) Ibid.: 121; 1900 - 1904: 83; 1906: 87.
2) Coetzee: Onderwys in Transvaal: 78.
3) T.E.D.: Report of Education, 1903: 26; T.O.D.: Jaarverslag 1906: 80.

schedules," asook die "Secondary School Regulations with schedules" van 1905, was nou in gebruik.(1) Ooreenkomstig die leerplan van 1906 het skedule I die volgende vir standerds VI - VII bepaal wat die omvang van Hollands betref:

Ten minste 100 reëls uit die leesles wat uit die hoof geleer moes word. Eenvoudige opstelle in die vorm van 'n opsomming moes oor die gelese boek geskryf word. Die leerlinge van standerd VII moes min of meer dieselfde werk doen, behalwe dat hulle ongeveer 150 reëls van 'n gedig of prosa uit die hoof moes leer. Origens sou die geskiedenis van die taal 'n verdere vereiste wees.

In skedule IV is die volgende leesstof voorgeskryf:

Standerd V: De Moedertaal, Boek 1-5.

Standerd VI: De Moedertaal, Boeke 6-7.

Standerd VII: De Keyser, Bloemkrans, Van Lennep, De Genestet, Terwey (oef. Nederl. Spraakkunst).

Aan die begin van die middelbare skoolkursus moes daar 'n aansluiting van lees- en praatoefeninge wees, terwyl taalonderrig in die hoër klasse by die leesles moes aansluit.(2)

Vir die eerste keer word daar nou voorsiening gemaak vir Hollands as vak in standerd VII. Ofskoon die leergang slegs 'n minimum taalkennis voorgeskryf het, het leesonderwys die vernaamste plek ingeneem.(3) Ten opsigte van laasgenoemde is daar werklik probeer om aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool te bewerkstellig. Van nou af het die onderlinge verband tussen die twee onderwysinstellings meer en meer 'n stewige vorm en integrerende grondslag aangeneem.

---

1) T.E.D.: Provisional Code of Regulations for Elementary Schools with Schedules, 1906: 16-17; Bot: t.a.p.: 67.
2) Ibid.: 16-17.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1907: 73; Coetzee: Onderwys in Transvaal: 89-90.

## 3. DIE PLEK VAN HOLLANDS IN DIE C.N.O.-STELSEL.

Net soos die "Witwatersrand Council of Education" tydens die bewind van dr. Mansvelt as opposisieskole gestig is waarby Hollands uitgeskakel was, het so die Hollands-Afrikaanse bevolking hulle eie onderwysstelsel in die lewe geroep deur die stigting van die Christelik-nasionale onderwysstelsel met Hollands as skoolvak.(1)

So lui die prinsipiële onderwysbeginsel neergelê in die "Reglement voor Hollandsche Buitenscholen" wat in 1903 tesame met die "Leerplan voor de Scholen voor Christelijk Nationaal Onderwijs," gepubliseer is. Die taalbeginsel in die laerskool is so toegepas "dat de moedertaal van het kind het medium van onderwijs moet wezen in alle vakken en in alle standaards," en die taal wat nie die moedertaal is nie, word vanaf die tweede standerd as tweede taal onderwys. Hollands sou ook die voertaal wees vir Bybelonderrig, geskiedenis en sang.(2) Vir spreekoefeninge sou stelselmatige taalboekies gebruik word. Eers na hierdie vooroefeninge is oorgegaan tot die leesonderwys.(3) Die taalstof wat aangebied is, sou insluit: lees, Nederlandse taal en resitasie. Maar die leergang vir die laer- en die middelbare skool het uit die volgende leerstofinhoud bestaan:

a. Laer onderwys.

Standerd III (Hoogste klas van die laerskool).

Hollands (lees)................. 4 uur.
Hollands (resitasie)...........½ uur.
Hollands (taalkunde)........... 2½ uur.(4)

---

1) Ibid.: 1912: 8; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek:147-151; Het Christelik Schoolblad Jan.1906,No.77, Deel VI; Botes:t.a.p.:34.
2) Leerplan voor de Scholen voor Christelijk Nationaal Onderwijs, 1903: 48; Het Christelijk Schoolblad, Nov.1904, No.63, Deel VI; Des. 1904, No.64; Jan. 1905, No. 65; Maart 1905, No.67; Mei 1905, No.69; Coetzee: Die Gereformeerde Beginsels en die Onderwys in Transvaal: 25-27.
3) Het Christelik Schoolblad Jan. 1906, No.77, Deel VI.
4) Leerplan voor de Scholen voor Christelijk Nationaal Onderwijs, 1903:6.

Lees. Dit sou bestaan uit leesboekies en van die swartbord af lees. Vloeiend en duidelik lees.

Leestekens. Vooraf moes die leerlinge die woorde op die bord sien, terwyl dit daarna gelees word. Hierna word van die leesboek gebruik gemaak. Die gelese inhoud moes kortliks verklaar word.(1)

Resitasie. Bestaan uit gediggies en samesprake. Die Nederlandse taal, lees en resitasie het in die nouste verband met mekaar gestaan. „Recitatie was een uitstekend steun voor goed, natuurlijk lezen," asook 'n middel vir die uitdrukking van gedagtes. Die versies en die leerstof moes ogter binne die bevattingsvermoë van die kind wees. Samesprake en geskikte prosastukkies moes met die gedigte afwissel.(2)

Nederlandse taal. Behalwe die afskryf van lesse en diktee, is die taalwerk as volg voorgeskryf: Die werkwoord teenwoordige tyd. Persoonsonderskeiding. Die selfstandige naamwoord; verkleinwoorde. Die byvoeglike naamwoord; stoflike byvoeglike naamwoorde. Onderwerp, gesegde en voorwerp. Styloefeninge.

Taalwerk het die grootste gedeelte van die leergang in beslag geneem net soos in die dae van die Republiek. Die hoofdoel van die taalonderwys was om die leerling die gesproke en geskrewe woord te laat verstaan.(3)

b. Middelbare onderwys.

Standerd IV (Laagste klas van die middelbare skool.)

Die leergang sluit aan by die laerskool en bestaan uit die volgende leerstof:/....

---

1) Ibid.: 29-30; Het Christelijk Schoolblad Nov. 1904, No.63; Jan. 1905 No. 65.
2) Ibid.: 31-33; Het Christelijk Schoolblad Maart 1905, No.67; Mei 1905 No. 69; Jan. 1906 No. 77.
3) Leerplan voor de Scholen voor Christelijk Nationaal Onderwijs: 37-38; Het Christelik Schoolblad, Maart 1905, No.67, Deel V; Jan. 1906 No. 77.

leerstof:

Hollands(lees) ............ 2 uur.

Hollands(resitasie )....... ½ uur.

Hollands(taalkunde) ....... 2½ uur. (1)

Lees. Vloeiend en natuurlik lees uit leesboekies. By die leesles moes gelet word op leestoon en beskaafde uitspraak. Die Bybel is as leesboek verbied. (2)

Resitasie. Sou bestaan uit gediggies, samesprake en prosastukkies .

Nederlandse taal. Diktee en opstel. Die persoonlike - en besitlike voornaamwoord. Die bywoord; die trappe van vergelyking. Die lidwoord. Die werkwoord; sterk en swak; onbepaalde wys; stam; uitgang ; teenwoordige - en verlede deelwoorde. Die telwoord. Die verbuiging van die selfstandige naamwoord. Styloefeninge.

Reeds aan die begin van die middelbare skool kon met die skrywe van opstelle begin word, wat vooraf die vorm aangeneem het van 'n verhaaltjie uit die leesles. Hierna moes die leerling 'n opstel skrywe oor 'n onderwerp uit sy onmiddellike omgewing. Poësie en prosa het hierby aangesluit, terwyl die brief 'n onderdeel van die opstel gevorm het. (3)

Die uitgangspunt van die C.N.O. was om die Hollandse taal as lewende instrument in Hollandsemediumskole te handhaaf en om 'n nasionale onderwysstelsel in Transvaal in die lewe te roep, wat aangepas het by die volksaard. In die C.N.O. se veelomvattende leergang moes die verskillende taalaspekte van Hollands aaneensluitend wees, tussen die laer- en die middelbare skool. Verder is die werk kwartaalliks en weekliks aansluitend voorgeskryf waardeur die/....

---

1) Ibid.: 6
2) Ibid.: 29-30
3) Ibid.: 37-39; Het Christelijk Schoolblad, Maart 1905, No. 67, Deel V; Mei 1906, No. 81.

die C.N.O.- beweging 'n duidelike en doeltreffende onderwysstandaard die lig laat sien het.(1) Later word hierdie georganiseerde en godsdienstig- nasionale onderwysstelsel egter in die staatsonderwys opgelos.(2)

4. DIE ESSENSIËLE VRAAGSTUK VAN AANSLUITING.

Reeds in 1904 word 'n kragtige poging aangewend om die werk van sekere middelbare skole met die werk van standerd IV te verbind en om die leerstof van die laerskool te beperk tot en met standerd III. Maar dis gevind dat dit te vroeg is om by standerd IV met middelbare werk te begin.(3)

Op hierdie tydstip was daar egter heelwat opvoedkundige en maatskaplike struikelblokke in die weg van behoorlike aansluiting. Sommige opvoedkundiges het beweer dat die laer onderwys afgerond en afsluitend moes wees, terwyl andere dit as voorbereidend beskou het. Tog was daar essensiële besware teen die poging om laer onderwys met 'n dubbelo doel te belas om aan albei idees volle verwesenliking te gee.

Toe J.E. Adamson in 1905 Direkteur van Onderwys geword het, het hy 'n einde gemaak aan genoemde meningsverskille. Dit het meegebring dat die inhoud van Hollands sowel as van die ander vakke van die leerplan 'n verandering ondergaan het. Die Direkteur het daarom dadelik aandag geskenk aan die omvang van die laer- en die middelbare onderwys, maar in die besonder aan die ingewikkelde vraagstuk van die verhouding of korrelasie tussen genoemde onderwysinstellings.

In sy verslag van 1906 wys die Direkteur daarop dat die aansluiting tussen die primêre en sekondêre onderwys/....

---

1) Ibid.: 8-46; T.O.D.: Jaarverslag 1907: 1-2; Het Christelijk Schoolblad, Jan. 1905, No. 65, Deel VII; Feb. 1931:3.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1907: 47; Het Christelijk Schoolblad, Jan 1905, No. 65, Deel VII; April 1905, No.67, Deel V; 1929: 13, 15-17.
3) Ibid.: 1906: 80; 1919: 247 - 248.

onderwys nie op so 'n wyse geskied dat die twee stelsels 'n logies- progressiewe geheel vorm nie. Tot dusver het die twee leergange meer in 'n toevallig as in 'n doelbewuste stelselmatige verband met mekaar gestaan. Origens is 'n leerling dikwels op tienjarige leeftyd tot die middelbare skool toegelaat, dit wil sê, op 'n tydstip wanneer die laer-kursus maar halfpad voltooi was. Weens die feit dat aan elke middelbare skool 'n voorbereidende afdeling toegevoeg is, was die logiese verband van opeenvolging, die korrelasie in die onderwysstelsel afwesig.(1)

In dieselfde verslag, maar ook in sy filosofiese studie "The Individual and the Environment", wys dr. Adamson vervolgens op die gebrek aan kontinuïteit in die openbare onderwysstelsel terwyl die onderwysteorie van aanpassing en gesigspunte oor die aansluitingsproses deur hom beklemtoon word. Hierdie aspek van die opvoeding wou hy op 'n wysgerig- wetenskaplike grondslag baseer. Opvoeding is vir dr. Adamson 'n aanpassings- en aansluitingsproses waar die indiwidu en sy wêreld, omgewing met betrekking tot mekaar gebring word. Vandaar sy uitgangspunt dat die verhoudingsvraagstuk een van aansluiting en opvolging moet wees, dit wil sê die laer- en die middelbare onderwysstelsels moet 'n aaneengeslote geheel vorm. Daarom was hy ten gunste daarvan dat die Onderwysdepartement nie 'n tweeledige rigting moes volg nie, maar die eis van eenheid van standaarde moes handhaaf.(2) Die grondslag daarvan is die voortbouing van een onderwysstelsel op die vorige. So moet die leergange van die laerskool byvoorbeeld vir die middelbare skool voorberei en die leergange van die middelbare skool moet weer by die laerskool aansluit.(3)

1) Ibid.: 1906: 80; 1908: 18.
2) Adamson: t.a.p.: Inleiding; 2, 15-16, 54, 182; T.O.D. Jaarverslae 1906:80; 1908: 18; 1910: 74; Coetzee: Onderwys in Transvaal: 88-90.
3) Ibid.: 249 - 250.

Ten slotte is dr. Adamson van mening dat die laerskoolleeftyd beëindig moet word na voltooiing van standerd V, dit wil sê wanneer die leerling die ouderdom van 11-12 jaar bereik het. Tydens hierdie stadium is die leerling reeds die instrumentele vereistes van die onderwys magtig. Aan die begin van standerd VI word hy dan na die sekondêre onderwysinrigting oorgeplaas. Deur behoorlike ordening en rangskikking moet die leerstof sorgvuldig uitgesoek en saamgestel word sodat dit by die leerling se begripsvermoë aanpas.(1)

5. KRITIESE SAMEVATTING.

Tydens voorgaande tydperk het die Engelse Onderwysowerheid van die volle geleentheid gebruik gemaak deur die oprigting van kampskole, waar die hele onderwysstelsel op Engelse lees geskoei was, met Engels as voertaal. Ofskoon Hollands in hierdie skole onderwys is, het dit van departementsweë nouliks byval gevind.(2)

In hierdie onderwysstelsel het die Direkteur en die inspekteurs daarin geslaag om 'n mate van eenvormigheid te handhaaf. Ordonnansie No. 7 van 1903 was werklik 'n goeie poging om die onderwysaangeleenthede op 'n vaste grondslag te sistematiseer. Hiervolgens is regulasies vir die laer- en die middelbare onderwys uitgevaardig, leerplanne opgestel, terwyl by die oorplasing of aansluiting deeglik rekening gehou is met die vordering van die leerling, maar die uitskakeling van 'n gesistematiseerde leergang in Hollands, het 'n leegheid in die onderwysstelsel veroorsaak.

Onder die Milner-regime moes nie meer as drie uur per week aan die onderwys van Hollands bestee word nie. Daarbenewens het die regulasies van 1905 (Selborneminute) die taalvraagstuk meer tot sy reg laat kom deurdat Hollands/

---

1) Ibid.: 85, 251-252.
2) Botes: t.a.p.: 26-27; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 151-155.

Hollands 'n groter plek in die leerplan verower het. Ten opsigte van die taalvraagstuk, het Selborne die beginsel van moedertaalonderwys vasgelê. Die leerling moes die aanvangsonderwys in sy moedertaal ontvang en daarmee voortgaan tot wanneer hy ver genoeg gevorder het om sy onderwys deur Engelsmedium te ontvang. Hierna is alle vakke deur middel van Engels as voertaal onderwys, terwyl 'n bevredigende kennis van Engels as 'n voorwaarde gestel is vir die bevordering van 'n leerling van een standerd na 'n ander. Vanweë hierdie feit is die beginsel van aansluiting baie gedwarsboom.

Selborne het verder verklaar dat Hollands by wyse van taallesse as gewone vak aangeleer kon word. Volgens voorgaande taalbeginsels sou 'n behoorlike leergang in Hollands wat enigsins aansluitend van aard sou wees, eers in die toekoms bepaal en vasgestel word. Die vraagstuk van aansluiting was dus skaars ter sprake.(1)

Engels was die enigste erkende medium en die vernaamste taal in die skoolwese. "Hier en daar mag een Hollandssprekende onderwijzer van zijn moedertaal gebruik gemaakt hebben. De algemene praktijk was echter dat het Engels als medium gebruikt werd."(2) Dit was sonder twyfel die vernaamste rede waarom skole vir Christelik- nasionale onderwys opgerig is. Hierdeur is 'n eie selfstandige skoolstelsel op eg- Hollands- Afrikaans lees geskoei, in die lewe geroep wat die Hollandse taal wou verhef soos in die dae van die Republiek.(3)

Die Hollandse leergang wat die C.N.O. opgestel het, was van so 'n hoë gehalte dat dit selfs die leergange van/...

1) T.E.D.: Transvaal Education Report (Selborne Memorandum): 156; Het Christelijk Schoolblad, Aug.1923: 14; Regulasie No.1117 van 1905.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1912: 8; Schmidt: Language Medium Question: 86.
3) V.V.O.O.S.A.: Gedenkboek: 143 - 147.

van die staatskole oorskadu het. Hierdie eie selfstandige stelsel met sy aansluitende, aaneenlopende taalkursus, het aangepas by die volksaard en voldoen aan hulle lewensopvattings.

Dit het 'n vaste nasionale kultuurstandaard in die onderwys geskep, terwyl dit in die Engelse onderwysstelsel waar Hollands 'n minderwaardige plek ingeneem het, nie die geval was nie. Hieruit blyk verder dat Hollands geen afgeslote vak was nie. Bowendien was die aansluitende leergang in Hollands voorwaar 'n groot prestasie vir die C.N.O.-skole. Hierdeur kon die verband tussen die laer- en die middelbare skool gehandhaaf word.

Ten laaste kan net daarop gewys word dat dr. Adamson se aansluitingsbeginsel rakende die laer- en middelbare onderwys, beter eenvormigheid in die hand gewerk het. Sy opvoedkundige idee, nl. die skeiding tussen die primêre en sekondêre onderwys na voltooiing van standerd V is 'n grondbeginsel wat nog steeds in ons huidige onderwysstelsel gehandhaaf word. Hiermee het hy 'n goed gesistematiseerde en wetenskaplik gefundeerde stelsel as grondslag vir die onderwys gelê.

# HOOFSTUK III.

## DIE OORGANGSTYDPERK IN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSSTELSEL TEN OPSIGTE VAN TAAL EN AANSLUITING GEDURENDE DIE JARE 1907 - 1917.

### 1. TOESTAND VANAF 1907 - 1910.

#### a. Laer onderwys.

#### (i) Regulasies vir Hollands as onderwysvak.

Met die toekenning van selfbestuur aan die Transvaal op 6 Desember 1906, het die Hollands-Afrikaanse bevolkingsgroep aan bewind gekom (1) en op 1 Oktober 1907 word die omvattende Smuts-wet van volle krag, waardeur die Transvaalse onderwysgeskiedenis 'n nuwe fase binne getree het. (2) Met die verskyning van hierdie wet was die onderwysowerheid bewus daarvan dat die leergang by die lewe moes aanpas, dat die opvoeding vir die lewe moes voorberei. (3) Sekere klousules in die Smuts-wet (No. 25 van 1907) is hoofsaaklik aan die taalvraagstuk gewy. (4) Hiervolgens is aan Hollands 'n aansienlik beter plek besorg as wat voorheen die geval was.

Die onderwyswet verwerp die Hollands-Afrikaanse beginsel van die C.N.O., wat die gees en rigting van die onderwys betref, asook die grondvereistes van die Afrikaanssprekende bevolking betreffende die taal- en die godsdiensonderwys. (5) Hierbenewens trek dit egter 'n baie duidelike skeidslyn tussen die laer- en middelbare onderwys. Die bepalinge vir laasgenoemde skole tesame met die voorgeskrewe leerplan of leergang, is eers op 1 Junie 1909 gepubliseer. (6)

1) Buitengewone Staatskoerant van 4 Maart 1907: 489.
2) T.O.D.: Transvaalse Statute 1907: 157.
3) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere- en Middelbare Scholen, 1909: 4-5; T.O.D. Jaarverslag 1909: 28; Bot: t.a.p.: 73.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1909: 28; 1912: 9; Botes: t.a.p.:27-30.
5) Coetzee: Onderwys in Transvaal: 98-99; Botes: t.a.p.: 48-49, 73; T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen, 1909: 4-5.
6) T.O.D.: Jaarverslag: 1909: 28; 1910: 17-20.

Kragtens die bepalinge vir laer onderwys vorm Hollands deel van die Transvaalse leerplan. Die hoofsaak van die Onderwyswet was dus die taalklousules wat in hoofstuk VI, artikels 30 - 32 uiteengesit word. Artikel 30 bepaal dat die voertaal by die onderwys die moedertaal sal wees in die laer klasse tot en met standerd III.(1) Artikel 32 het voorsiening gemaak vir die onderrig in Hollands. Hiervolgens sou Hollands aan elke kind op elke openbare skool tot standerd III onderwys word.(2)

Na voltooiing van die kursus vir standerd III, mag die Hollandse taal as voertaal in nog twee vakke gebruik word, mits dit die goedkeuring van die Direkteur wegdra.(3) In Algemene Omsendbrief No. 1 van 1908 het die Direkteur daarop aangedring dat die aanleer van Hollands in Engelse skole in standerd III behoort te begin, mits die ouers nie daarteen gekant was nie. Hy het verder meegedeel dat die taalregulasies eweneens die goedkeuring van die inspekteurs wegdra. Baie Engelse ouers het egter beswaar geopper teen die aanleer van Hollands.(4)

Daar was dus skole waar (a) Engels die "aangebore" taal van die leerlinge was, hoofsaaklik op die Witwatersrand en Pretoria.

(b) Hollands dit was, hoofsaaklik, op die platteland,

(c) sommige Hollands en ander Engels gepraat het. In laasgenoemde skole is voorsiening gemaak vir parallelklasse onder standerd IV.(5)

---

(1) Ibid.: 1910: 62; Coetzee: Onderwys in Transvaal: 105-106; Mc Kerron: t.a.p.: 124; Educational News, Jan. 1907: 115.
(2) T.O.D.: Verslag van die Prov. Onderwyskommissie, 1937: 218; Educational News, Jan. 1907: 100; Botes: t.a.p.: 49; Mc Kerron: t.a.p.: 124.
(3) T.O.D.: Handboek van Onderwyswette, 1917: 18; T.O.D.: Jaarverslag 1908: 147, Bylaag 1; V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 34-35; Botes: t.a.p.: 49
(4) T.O.D.: Jaarverslag 1908: 16; Botes: t.a.p. 52; Het Christelik Schoolblad, Aug. 1907: 1-3; Educational News, Jan. 1907.
(5) Educational News, vol. IV, Jan. 1907: 180-181; Botes: t.a.p.: 53-54; Malherbe: Die Tweetalige Skool: 4; Het Christelik Schoolblad, Aug. 1907: 1-3

In hierdie verband het die here T.C. Stoffberg, W. Klooster en H. Visscher, almal kampvegters vir die C.N.O. -stelsel en gelyke taalregte, in hulle inspeksieverslae melding gemaak van die feit dat die regulasies van Sirkulêre No.1 van 1908, betreffende Hollands as vak, nie nagekom is nie.(1) Op 'n kongres van skoolrade wat in 1908 gehou is, is vervolgens eenparig besluit dat Hollands en Engels op gelyke basis behandel moes word; dat kennis van Hollands net so 'n vereiste moes wees as kennis van Engels wanneer leerlinge van een standerd na 'n ander oorgeplaas word.(2)

In die verslag van 1910 spreek die Direkteur hom as volg uit oor die taalklousules soos uiteengesit in die Onderwyswet van 1907:

(a) Die onderwys moet met die moedertaal begin.

(b) Vir die onderwys in die Hollandse taal moet vir elke kind in elke skool voorsiening gemaak word, tensy die ouers vrystelling verlang.(3) Volgens die Direkteur is die onderwys van die leerlinge in die Hollandse taal skromelik verwaarloos.(4)

'n Verdere bewering is dat die term moedertaal misleidend is. Volgens die Direkteur is die moedertaal een "onafgebroken verband van taal tussen huis en school" en wat ooreenkomstig die wet opvoedkundige vordering en ontwikkeling verseker. Die medium is "de sleutel die de deur opent van het denkbeeld om nieuwe indrukken te laten instromen." Dit is derhalwe van belang dat die/....

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1908: 60.
2) Het Christelik Schoolblad, 1908: 1.
3) Ibid.: 1908: 2; T.O.D.: Jaarverslae 1908: 3; 1910: 62; T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen, 1909: 24-25; Educational News, Jan. 1907: 100.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1910: 65- 66.

die onderwyser die regte "sleutel" gebruik vir sy onderwys. Die taal wat tuis gepraat word is dus die moedertaal. "Het is de moedertaal als het betekent de huistaal".(1)

Op die platteland het die taalkwessie nie moeilikhede opgelewer nie, maar wel in die stede soos Pretoria en die Rand. Gelukkig het die Hollandse inspekteurs Hollands tot sy reg laat kom. Hulle moes vir alle skole ondersoek instel na die onderrig van die taal en die leerstof om die doeltreffendheid van die onderwys te bepaal ten opsigte van die vak.(2)

(ii) Hollandsonderwys en die leerboekies.

Volgens die inspekteursverslae oor die onderrig van Hollands in die laerskool, het daar heelwat moeilikhede opgeduik. Dikwels het drie en meer standerds saam in een klaskamer vergader. Gevolglik kon die onderwyser nie reg aan alle aspekte van die leergang laat geskied nie. Die onvermydelike gevolg was dat die belangrikste aspekte van die werk verwaarloos, en doeltreffende aansluiting bemoeilik is.

Op die Rand was die onderrig ten opsigte van resitasies en leesonderwys baie onbevredigend. Met stel- en taalwerk is egter baie goeie vordering gemaak, dog daar is te veel klem gelê op formele grammatika.(3) Alle skriftelike werk is oor die algemeen bevredigend onderwys, behalwe wat die opstel betref.(4) Die leerlinge wat Hollands geleer het, het geweldig in getal toegeneem, en inspekteurs het selfs die mening uitgespreek dat die onderrig van Hollands aansienlik verbeter het. "The new "Leesboek voor Zuid-Afrika" is a distinct improvement on the Dutch readers previously in use, and it is being used in all the schools,"(5) aldus die inspeksiekring te Pretoria.

1) Ibid.: 63-64.
2) T.O.D.: Jaarverslae 1908: 16-18; 1910: 66-67.
3) T.E.D.: Educational News, Jan. 1907: 84.
4) Ibid.: Jan. 1909: 47; Het Christelik Schoolblad, Sept. 1906.
5) Ibid.: Jan. 1907: 84-85.

In die meeste skole is Hollands dus bevredigend onderrig.

Nadat die arbeidsveld van die Hollandse taal vir 'n geruime tyd braak gelê het, was daar meteens weer 'n geweldige opbloei, toe 'n groot aantal lees- en taalboekies verskyn het. Die ou boekies kon nie meer gebruik word nie, gevolglik het Longmans se boekie vir standerds I-VI verskyn, wat as basis vir taalwerk gedien het. Maar ongelukkig was die meeste boekies ongeskik, omdat die onderwystoestande in ons land heelwat anders was. Boonop het baie leerlinge onder die indruk verkeer dat hierdie boekies die enigste veld van taalkennis was. Behalwe Longmans se „Leesboek voor Zuid-Afrika," is by die leesonderwys heelwat gebruik gemaak van Zuidhof se reeks leesboeke en Terwey se „Nederlandsche Spraakkunst."(1)

Weens die stiefmoederlike behandeling van die taal, was inspekteur J.L. Moerdijk oortuig daarvan dat „een meer passend leerplan voor de buitenscholen" nodig was. Daarom is aangedring op 'n radikale verandering in die leerstof en onderrig van Hollands.(2) Wat die taalonderwys betref, het „De Praktiese Taalmeester" vir standerd V van Moerdijk, baie byval gevind. Dit hou nie alleen deeglik rekening met die taaltoestande nie, maar die styl- en taaloefeninge is stelselmatig gerangskik. Origens word daar voldoende voorsiening gemaak vir gevorderde mondelinge- en skriftelike grammatika- oefeninge.(3) Ongelukkig was die taalonderwys oor die algemeen ondoeltreffend omdat dit te min rekening gehou het met die behoeftes van die praktiese lewe. Die leerstof in die taalboekies het slegs as hulpmiddel gedien om die leerling te leer om goed te praat, te lees en te skryf. Die talle boeke wat in/....

---

1) Het Christelijk Schoolblad, Aug. 1906, No.84, Deel VII; Educational News, Jan. 1907: 74.
2) V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 19, 35.
3) The Transvaal Educational News, Aug. 1912.

in gebruik was, was nie vir Afrikaanse skole geskik nie. Op grond hiervan was die daarstelling van 'n Afrikaanse stel lees- en taalboeke 'n absolute noodsaaklikheid. De "leerstof moet geschreven zijn in eenvoudig Hollands met Afrikaanse kleur en doortrokken zijn van een kristelijk nasionale geest."(1) Leesonderwys het direk na die spreekles gevolg. Aanvullend hierby het skriftelike of mondelinge oefeninge uit die reeks lees- en taalboekies gevolg.

'n Verdere grondbeginsel by die onderrig van Hollands was dat die laerskoolkursus as voorbereiding moes dien vir die middelbare skoolkursus, weens die feit dat daar dikwels 'n "overlapping" van skoolwerk was. Ten spyte van die talle gebreke van die onderrig van Hollands en van die skoolboekies, waarop gewys is, het die inspeksieverslae nogtans aan die lig gebring dat daar vordering en vooruitgang met Hollands as leervak te bespeur is.(2)

Aan die einde van 1908, nadat die regulasies 'n jaar in werking was, het inspekteur Klooster die mening uitgespreek dat 'n grondige kennis van Hollands in die toekoms as 'n vereiste gestel moet word vir bevordering van leerlinge na 'n hoër standerd.(3) As gevolg van die feit dat Sirkulêre No.1 van 1908 nie ten volle in die onderwyspraktyk nagekom is nie, word in die inspeksieverslae van 1909 gemeld dat daar nog moeilikhede ondervind is in verband met die nakom van die elementêre taalvereistes. Volgens die leergang moes die onderrig in die tweede taal (Hollands) in die laerklasse net uit leeslesse bestaan, waardeur die taalonderwys nie met sukses bekroon kon word nie.(4)

---

1) V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek: 36 - 38.
2) Educational News, 1909: 76; 1910: 104 - 105.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1908: 97, 102.
4) Ibid.: 99 - 101.

Die meeste skole het tydens hierdie stadium alle pogings aangewend om Hollands as vak op skool te doseer, gevolglik het die toestand ten opsigte van laasgenoemde geleidelik verbeter, ofskoon dit moeilik was om 'n goed gebalanseerde taalkursus saam te stel. In 1910 kon W. Klooster rapporteer dat die voorskrifte in verband met Hollands betreklik getrou nagekom is, maar dat 'n beter aansluitende leergang wat volledigheid in die taal beoog, die peil heelwat kon verhoog.(1)

(iii) <u>Bepalinge en die leerstofinhoud vir Hollands.</u>

Die nuwe leerplan van 1907 het die eerste wysiging ondergaan nadat J.E. Adamson 'n kommissie benoem het om aanbevelings te doen in verband met die vereenvoudiging van die leerplan wat deur onderwysers as oorlaai beskou is. Nadat die regulasies betreffende laer- en middelbare onderwys in oorweging geneem is, is daar tot die volgende gevolgtrekking gekom:

"Wijziging en herziening zal van tijd tot tijd nodig zijn want een Kode moet een ontwikkelend ding zijn, passend voor de opvoedkundige behoeften en namate de Kolonie vooruitgaan. Maar de hoofdinhoud moet geschikt zijn voor vele lange jaren." Die standaard moes deeglik en grondig vasgestel word.(2) Na grondige en sorgvuldige ondersoek, het die Direkteur tot die slotsom gekom dat die leerplan vereenvoudig en gewysig moes word, weens die feit dat dit in die verlede oorlaai was.(3)

Hierop is "Lagere en Middelbare Scholen - Bepalingen en Leergangen - het voorgeschreven Leerplan of de Leergang" in 1909 uitgereik. Kragtens hierdie gewysigde leergang sou Hollands vir buiteskole verpligtend wees.(4) Vervolgens was die bevinding van taalgeleerdes dat afgesien/...

1) Het Christelijk Schoolblad, April-Mei 1910: 1-4; Educational News, Jan. 1907: 84 - 85.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1909: 32 - 33.
3) Ibid.: 1910: 26.
4) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen, 1909:2; Educational News Jan. 1909:34-35.

afgesien moes word van die konserwatisme van sinsontleding. Formele grammatika is as voorbarig en nutteloos beskou op die laerskool, as dit nie gepaard gaan met steloefeninge nie. Duidelike lees en 'n korrekte weergawe van die leesstof; die volledige en korrekte beskrywing van gebeurtenisse moes 'n essensiële gedeelte van die leergang of leerplan vorm.[1] Daarby moes die gedurige toenemende mondelinge en skriftelike oefeninge nie op die agtergrond geskuif word nie.[2]

Volgens artikel 32 van die Onderwyswet sou die Hollandse onderwys as volg geskied:
In elke openbare skool moes daar voorsiening gemaak word vir onderwys in die Hollandse taal en die taal moes aan elke leerling onderwys word, tensy die ouers van die kinders dit anders verkies. Die vraag in welke standerd met Nederlandse onderwys begin moes word, het heelwat wyduiteenlopende meningsverskille uitgelok. Nogtans moes die grondbeginsels van die Hollandse taalkursus op die laerskool van so 'n aard wees, dat die leerling die taal deeglik kon verstaan en gebruik, dit kon praat, lees en skryf.[3]

Afgesien van bogenoemde maatreëls, is daar hoegenaamd geen voorsiening gemaak vir "een ruime en milde syllabus" waardeur oppervlakkige en "stukjes" en "brokjes" onderwys uit die weg geruim kon word nie. Daar word slegs voorbereidende werk gedoen tot en met standerd IV. Daarna moes die kind in staat wees om 'n moeilike paragraaf met gemak te lees voordat hy na 'n volgende standerd oorgeplaas kon word.[4]

Spraakkuns het geen opvoedkundige waarde besit nie. Lees/

---

1) Ibid.: 3-5; Educational News, Jan.1908: 163
2) Ibid.: 2, 3.
3) Ibid.: 18 - 30.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1910: 76, 169; T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen, 1909: 8 - 9.

Lees, skryf en spelling as grondvereistes is gebruik om die waarhede in die vormende vakke te bereik. Aan vormende onderrig het die leergang in Hollands egter weinig aangebied. Die inhoud daarvan was volgens die meeste inspeksieverslae betreurenswaardig deurdat die vak nie volgens 'n vaste skema grondig, stelselmatig en aaneensluitend opgestel was nie. In hierdie verband het inspekteur Hofmeyr die volgende veelseggende opmerking gemaak:

"De leerlingen lezen op een manier, zeggen een paar versjes op, kennen iets van woord- en zinsontleding; maar waar het op aankomt, vooral het gebruik van de taal, mondeling en schriftelik, daar blykt dat de kennis is aangeplakt. Men heeft in breedte gewonnen, wat men in diepte heeft verloren, tot nadeel van het kind."(1)

Hieruit blyk dat die leergang nie baie uitgebrei was nie. En daar was tewens nie veel aaneenskakelende verband tussen die werk van die laer- en die middelbare skool nie. Trouens, laer onderwys moet gerig wees op die moontlikhede in die toekoms; dit behoort voorbereidend te wees tot verdere onderwys.(2)

b. Middelbare onderwys.

(1) Regulasies in verband met die Hollandse leergang.

Die daarstelling van hersiene regulasies oor middelbare onderwys, was die gevolg van die Direkteur se eerste inspeksiebesoek aan hoërskole in 1908. Kragtens die hersiene regulasies is daar voorsiening gemaak vir 'n vyfjarige kursus na standerd V tot en met matrikulasie, terwyl die regulasies van 1903 die leerling toegelaat het om alreeds na standerd III na die middelbare skool te gaan.(3)

---

1) Ibid.: 1910: 137.
2) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen, 1909: 8.
3) Het Christelik Schoolblad April - Mei 1910: 1, 4; Staatskoerant, 19.3.19: 659, Goewermentskennisgew. No.309

Dit het meegebring die grondige en duidelike omskrywing van die vraagstuk van "de verhouding van middelbaar tot lager onderwijs" soos uiteengesit in die "Bepalingen en Leergangen" van 1909. Hiervolgens was die aller-essensieelste vraag wat ontstaan het, op watter stadium die leergang vir die laerskool by die vir die middelbare afdeling moes aansluit om die doeltreffendheid daarvan te verhoog. Waar die middelbare onderwys deel uitmaak van die staatsonderwysstelsel, moet dit in die regte verhouding tot die laerskool staan. Wat die leergang vir Hollands betref, moes daar oorgang van die laer- na die middelbare skool wees.

Die middelbare kursus sou aanvang na voltooiing van die vyfde standerd van die laerskool, wat dr. Adamson as die geskikste tydperk beskou, omdat die leerling op hierdie stadium 'n sekere verstandelike ontwikkeling bereik het. Hy het alreeds geleer om te lees en te skryf, en om sinne logies te rangskik. Nou moet die taalkennis verder ontwikkel word.(1) Die kursus sou in die middelbare skool vyf jaar duur, dit wil sê vanaf ongeveer die ouderdom van 13 jaar, nl. gedurende die vroeë adolessensie-periode.(2) Die leergang van die laerskool moes bepaal wat die minimum kennis was wat van die leerling verwag kon word.(3) Dikwels het onderwysers te veel aandag aan grammatika bestee, terwyl mondelinge en skriftelike werk 'n noodsaakliker vereiste was. Daarbenewens moes die taalonderwys meer prakties van aard wees, in plaas van slegs blote boekekennis. Ook moes die middelbare leergang in die regte verhouding tot die laerskool staan. Die vraagstuk van "de verhouding/...

1) T.O.D.: Jaarverslag 1910: 25-26, 81-83; T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen, 1909: 11-12.
2) Ibid.: 81-83; Adamson: t.a.p.: 249-252.
3) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen: 2.

verhouding van middelbaar tot lager onderwijs" word veral in die "Bepalingen en Leergangen" van 1909 grondig en duidelik omskrywe.

Die oorgang moes van so 'n aard wees dat daar "een doorlopend verband tussen de twee leergangen bestaan, en dit beginsel is neergelegd in de eerste bepalingen voor middelbare scholen." Soos reeds vermeld is, moes die oorgang na die middelbare skool na standerd V geskied. Die leerling behoort dan bevoeg te wees om te kan oorgaan na die laagste klas van die middelbare skool sonder enige hindernis.

Deur hierdie maatreël "zullen die lagere en middelbare stelsels elkaar gedeeltelik dekken." Dit was daarom gewens dat daar ooreenstemming tussen die hoogste klasse van die laerskool en die laagste klasse van die middelbare skool sou wees. (1) Om die nodige verband tussen die twee onderwysstelsels te probeer handhaaf, is die volgende leergang in al die skole in standerd VI gevolg:

a. Volledige en samehangende verhale in briefvorm of andersins van die ondervindinge, gedagtes of voorstellinge van die leerlinge. 'n Deeglike oorsig van 'n les en opsomming van die inhoud.

b. Voordrag van 'n stuk prosa of poësie van een of meer klassieke skrywers, waarvan die leerlinge die inhoud moes verstaan.

c. Voortsetting van die leesoefeninge van een of ander standaardwerk.

d. Ontleding van samegestelde sinne deur die sinsverband aan te toon.

Hierdie leergang kon nie op aansluiting roem nie, maar het heeltemal 'n ander vorm aangeneem as die vorige leergange. Die inhoud daarvan het trouens die kern gevorm/...

---

1) Ibid.: 11-12; Educational News, Jan 1909: 35, 1907: 55; Adamson: t.a.p.: 85, 251 - 252.
2) Ibid.: 31 - 33.

gevorm van die onderwys in die Hollandse taal. Ofskoon daarin baie herhaling voorgekom het en dit slegs 'n minimum taalkennis voorgeskryf het, is die leergang met sukses toegepas.(1)

## 2. DIE JARE 1910 - 1917.

### a. Laer onderwys.

#### (i) Taalwysigings- ordonnansie van 1911 en die Hollandse taal.

Die taalvraagstuk het as gevolg van die Rissik-ordonnansie, Taalwysigings van 1911 'n geweldige verandering ondergaan, deurdat die onderwys van Hollands as vak op die openbare skole kragtig vasgelê is. Dit het 'n groot deel van die inspeksieverslae in beslag geneem deur hulle toedoen om die bepalings oor die tale volkome uit te voer.(2) Die gekose Komitee van 1910 wat deur die Volksraad benoem was, het verskeie rapporte gelewer oor die onderwystoestande in Transvaal. Een van die beginsels neergelê op die konferensie van direkteurs in 1910 was: "Het beginsel dat zoover mogelijk het onderricht gegeven zal worden door middel van de taal, die het best door den leerling gesproken en verstaan word." Op hierdie konferensie het dit geblyk dat daar absolute gelykheid moes wees wat Hollands(Afrikaans) en Engels betref. Die "meerderheidsrapport" van hierdie komitee was dan ook die grondslag wat neergelê is deur Ordonnansie No. 5 van 1911, (Rissik-taalordonnansie), wat op 1 Januarie 1912 in werking gestel is.(3)

Volgens die "meerderheidsrapport" sou Hollands een van die onderwysvakke wees na standerd IV, terwyl dit voorheen slegs tot standerd III beperk was. Die/.....

1) T.O.D.: Jaarverslag 1907 :73
2) Ibid.: 1911: 3; 1912: 5-6; 1915:120 ;1916: 134; 1917:25; Het Christelike Schoolblad,Aug.1914: 11.
3) Ibid.: 1911:2-3 ;1912:4-6;Transvaal Educational News, Maart 1912;4; Botes: t.a.p.: 69.

Die "meerderheidsrapport" het aanbeveel:

"Dat ouders het recht zullen hebben te eisen dat aan hun kinderen de taal die niet de huistaal is zal worden onderwozen als een vak."(1) Die bepalings van die Smuts-wet word dus deur die nuwe gewysigde taalwet vervang, terwyl die onderwys van Hollands as vak op die openbare skool oordeelkundig vasgelê is. Verder sou die moedertaal, tans genoem die huistaal, die verpligte voertaal wees tot en met standerd IV.(2) In plaas van die einde van die derde standerd word die einde van die vierde standerd die oorgangspunt.(3)

Kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie het dit baie duidelik geblyk dat gelyke regte aan die twee tale toegeken is na standerd IV. Ten spyte van die verkeerde indruk by baie ouers betreffende moedertaalonderwys, het die meeste skole(4) oorwegend Hollands (Afrikaans) geword, waar hulle voorheen oorwegend Engels was. Sodoende kon inspekteurs melding maak van die besondere vooruitgang met Hollands. Volgens W. Klooster "heeft de Rissik-ordonnantie ons weer 'n stap vorder gebracht in de goede richting. Mijn overtuiging is het dat we langsaam genaderd zijn tot de oplossing van de taalkwestie."(5)

In hierdie verband het inspekteur Visscher daarvan melding gemaak dat Hollands as leervak al meer en meer sy natuurlike plek in die skole begin inneem.(6) Maar vier jaar later is dit inspekteur Lub se bevinding op die Rand dat die peil van Hollands oor die algemeen ver van bevredigend was in die Engelse skole, soos blyk uit die uitslae van die Laerskoolsertifikaateksamen. Mondelinge en/...

1) Ibid.: 1912: 5-6; Transvaal Educational News, April 1912: 8; Mc Kerron: t.a.p.: 127; Bot: t.a.p.:101; Botes: t.a.p.: 69-71.
2) Ibid.: 1912: 11; Transvaal Educational News, Maart 1912:4-5.
3) Ibid.: 1912: 11-12; 1913: 75; Prov. Koerant No.64 van 24.7.11: 73, Adm. kennisg. 154.
4) Ibid.: 1912: 6, 11-13; The Transvaal Educational News, Des.1912: 12; Botes: t.a.p.:70-73; Bot:t.a.p.: 101.
5) Ibid.: 221; Bot: t.a.p.: 101-102.
6) Ibid.: 247.

en skriftelike stelwerk was in baie gevalle benede die gewenste peil.(1)

In 1913 het sommige inspekteurs, veral Stoffberg en Botha, gekonstateer dat die taalkwessie opgelos was, behalwe in enkele gevalle, dog die peil van die taalkennis was laer as wat wenslik was.(2) Op die platteland was die peil van Hollands egter beter, ofskoon inspekteurs Visscher en Klooster van vooruitgang in die dorpskole kon getuig, terwyl inspekteur Kerrich met min lof van die peil van Hollands op die Wes-Rand gepraat het.(3)

Inspekteur Hofmeyr se bevinding, daarenteen, is dat die Hollandse taalonderrig sedert die daarstelling van die Taalwysigings-ordonnansie op 'n vaster en hogter grondslag geplaas is, omdat spraakkuns deur stelselmatige spreekoefeninge vervang is. Trouens, dit was 'n verdere stap tot deegliker aansluiting tussen die onderwysstadiums.(4)

In die verslag van 1914 word vermeld dat die taalordonnansie normaal toegepas is, maar tog was sommige inspekteurs die mening toegedaan dat dit voorwaar 'n moeilike taak was om Hollands as taal te gebruik.(5) Bowendien was Hollands in sommige skole baie ongewild. So was daar in die omgewing van die Witwatersrand 600 leerlinge van wie die ouers vrystelling van die onderwys in Hollands geëis het, waardeur die organisasie in verband met die aansluiting met die middelbare skool betreklik bemoeilik is.(6)

Met Hollands as voertaal en onderwysvak het die buiteskole in die jaar 1916 egter 'n toestand van stabiliteit genader.(7) Die aantal leerlinge wat vrygestel is van Hollands (Afrikaans) of Engels, kan as volg aangetoon/....

---

1) Ibid.: 1916: 126.
2) Ibid.: 1913: 30-31.
3) Ibid.: 32.
4) Ibid.: 104.
5) Ibid.: 1914: 95, 125; 1915: 35-37.
6) Ibid.: 1915: 113.
7) Ibid.: 1916: 33.

aangetoon word:

| | Vrygestel van Engels | Vrygestel van Holl. (Afrikaans) | Holl. (Afr.) | Holl. (Afr.) Eng.gedeeltelik |
|---|---|---|---|---|
| Dorpskole | 11 | 1,885 | 8,020 | 6,995 |
| Buiteskole | 241 | 187 | 18,597 | 10,681 |
| Middelbare | - | 21 | - | 306 |
| Middelbare afdelinge met laerskole. | - | 45 | 263 | 164 |

Uit hierdie syfers blyk dit duidelik dat die leerlinge van die dorpskole waar die Engelse element sterk was, meer vrygestel is van Hollands, terwyl op die buiteskole hoofsaaklik van Hollands (Afrikaans) as voertaal gebruik gemaak is. Hierdeur is die moontlikheid tot organisasie en aansluiting belemmer.(1)

Gedurende die jare 1911-1916 het Hollands 'n eie plek in die Transvaalse skole verower, 'n plek wat deur die eintlike huistaal Afrikaans, nog nie verower kon word nie omdat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie, en omdat Afrikaans nog op 'n baie onvaste grondslag was. Die eerste fase van die taalstryd was nou gewonne as gevolg waarvan die tyd ryp geword het vir die volgende fase, naamlik die invoering en erkenning van Afrikaans, eers as voertaal en later as onderwysvak in die skole van Transvaal.(2)

(ii) <u>Die adolessente stadium van Afrikaans en sy stryd om 'n plek in die leerplan.</u>

Die invoering van Afrikaans in die skole van Transvaal is begin deur die openingsrede van P.A. van der Lingen in 1912 op die 15de Algemene Vergadering van die V.V.O.O.Z.A. Hy het onder andere gesê:

"In de allerlaaste standaarden meen ik dat het Afrikaansmedium moet zijn, omdat deze de taal is die de overgrote meerderheid te huis gebruikt. Om het kind te kunnen bereiken, moet men de taal gebruiken die het kind het gemakkelikst/...

1) Ibid.: 1916: 81.
2) Het Christelik Schoolblad, 1 Augustus 1912: 1; 1914: 11; T.O.D.: Jaarverslag 1915: 36-38.

gemakkelikst verstaat - men moet van het bekende tot het onbekende voortgaan."(1)

Op dieselfde vergadering het die Lichtenburgse tak 'n voorstel ingedien dat die Afrikaanse taal deur hersiening en verbetering Hollands op skool moes vervang.(2) Hiervolgens is besluit dat die tyd aangebreek het om Afrikaans in ons skole in die aanvangsklasse toe te laat. Die Direkteur het so 'n besluit verwelkom, aangesien die Rissik-ordonnansie alreeds die huistaal as voertaal voorgeskryf het.(3)

In 1914 het die Provinsiale Rade van Transvaal, Oranje Vrystaat en die Kaapprovinsie uitvoering hieraan gegee en die beginsel aanvaar dat Hollands ook Afrikaans insluit. Hierop is besluit om Afrikaans toe te laat in plaas van Hollands, waardeur die huistaalvraagstuk opgelos kon word. Hierdie besluit was van die allergrootste belang vir die skole van Transvaal.(4) Reeds in die verslag van 1915 word gemeld dat Afrikaans as voertaal gebruik is by die onderwys van geskiedenis en dat dit 'n baie nadelige uitwerking op die Hollandse opstel uitgeoefen het. Die onderwysers het Afrikaans egter as voertaal gebruik, terwyl die leerling die inhoud in Hollands moes weergee. Sodoende kon die onderwys geen goeie vrugte afwerp nie.(5)

Die invoering en gebruik van Afrikaans het geleidelik vordering gemaak sodat inspekteur Lub in 1916 gerapporteer het, dat die Hollandsmediumskole in die Transvaal in werklikheid reeds almal Afrikaansmedium was, hoewel Hollands nog as vak onderrig is. Teen 1918 het feitlik al die inspekteurs van Transvaal hierdie bevinding onderskryf.(6)

---

1) Het Christelik Schoolblad, 1 Mei 1912: 4.
2) Ibid.: 15; Steyn: t.a.p.: 5-6; Bot: t.a.p.: 109-111.
3) Ibid.: 1 Aug. 1912: 1-2.
4) Ibid.: 1914: 11; Coetzee en Bingle: Beginsels en Metodes van die Laer Onderwys: 85; Mc Kerron: t.a.p.: 130-131.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1915: 128.
6) Ibid.: 1916: 134; Coetzee en Bingle: t.a.p.: 85; Bot: t.a.p.: 111.

Die gebruik van Afrikaans as voertaal het soveel byval gevind dat dit reeds in 'n groot aantal skole in swang was voordat enige amptelike kennisgewing in die verband die skole bereik het. Daar is egter verlangend na so 'n kennisgewing uitgesien.(1) Aan die ander kant het Afrikaans as voertaal soms 'n nadelige invloed op die leergang en onderrig van Hollands uitgeoefen. Deurdat daar nie geskikte en voldoende leerboeke verkrygbaar was nie, moes gewoonlik van Nederlandse boeke gebruik gemaak word wat aanleiding tot verwarring geskep het, ten opsigte van onderlinge aansluiting. Hierdie ongewenste toestand is langsamerhand verbeter deur die verskyning van leesboeke in Afrikaans.(2)

Met betrekking tot die vordering van Afrikaans, het J.L. Moerdijk tot die gevolgtrekking gekom dat die onderwys meer doeltreffendheid bereik het, maar leerboeke moes so gou as moontlik in Afrikaans beskikbaar gestel word. Origens moet die eintlike taalonderwys so spoedig moontlik in ooreenstemming met Afrikaansmedium gebruik word, met ander woorde Hollands moes as vak plek ruim vir Afrikaans.(3)

In 1916 het die Afrikaanse Taalgenootskap 'n brief aan die Administrateur, Johan Rissik en die Uitvoerende Komitee gerig, waarin versoek is om Afrikaans ook as leervak in die laerskole van Transvaal in te voer, waar skoolkommissies nie juis Hollands verkies het nie, beginnende in 1917 met standerd I en hierna vir elke volgende standerd totdat dit in 1922 ook in standerd VI ingevoer sou word.(4)

Hierop het die Uitvoerende Komitee besluit dat alle leerlinge in die substanderds en in standerd I vanaf 1918 Afrikaans as vak sou leer en nie meer Hollands nie. Hierteenoor het inspekteur Corbett hom as volg heftig/...

---

1) Ibid.: 113, 124.
2) Ibid.: 113.
3) T.O.D. Jaarverslag 1916: 141, 113, 124, 148; 1917: 123; White: t.a.p.: 31.
4) Het Christelijk Schoolblad, 1 Aug. 1916: 5-6.

heftig uitgespreek:

"Tenzij men gedurende de overgangstydperk steeds op zijn hoede is, zal een gemeen patois, een kiewietjie taal van mindere gehalte, op vele scholen gebruikt worden. Men gevoelt dat het aannemen van het Afrikaans voorbarig is. De leerboeken hadden eerst in de taal moeten worden overgezet."[1] Ook ander inspekteurs het die leemte aan die nodige leerboeke en 'n geskikte leergang aangevoel.[2]

Nieteenstaande die baie tekortkominge het die Transvaalse Onderwyskommissie in 1917 'n rapport ingedien (Report of the Education Commission, 12.12.17) wat aanbeveel het dat Afrikaans in 1918 ingevoer moes word.[3] Volgens die verslag van 1917 is die taalordonnansie op die wetboek geplaas, (Omsendbrief No.2 van 1917) waardeur die beginsel van huistaalmedium ingevoer is.[4]

Waar Afrikaans tot dusver oogluikend deur inspekteurs toegelaat is, het die Onderwysdepartement dit nou 'n voldwonge feit gemaak.[5] Op hierdie stadium is daar ook aangedring op 'n leergang in Afrikaans.[6] Daar was heelwat skole waarop Afrikaans as vak onderwys is, maar ook skole waar dit nie die geval was nie. Reeds in die verslag van 1917 word gemeld dat daar 'n aanvang gemaak is met Afrikaans as vak in die laer standerds.

Nadat Afrikaans sy verskyning in die leerplan gemaak het, was dit nie alleen 'n wettige en selfstandige taal op skool nie, maar die leerlinge het almal Afrikaans gepraat en op hulle manier Afrikaans geskrywe.[8] "Dat Hollands geleidelik tot Afrikaans ontwikkel het, is nie iets besonders nie. Alles wat leef verander, die lewe self bring/....

1) T.O.D. : Jaarverslag 1917: 127.
2) Ibid.: 121, 143.
3) T.E.D.: Report of the Education Commission 1917: 25; Botes: t.a.p.: 71-73.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1917: 120,123,153; T.O.D.: Omsendbrief No.2 van 1917.
5) Ibid.: 140.
6) Ibid.: 121.
7) Ibid.: 1917: 121.
8) Ibid.: 140, 179.

bring veranderinge mee, by tale so goed as by enigiets anders."(1) Dit was nie meer vir die leerlinge nodig om 'n taal te skrywe wat hulle nooit suiwer hoor praat het nie.(2)

(iii) Hollands as onderwysvak.

Die meeste skole het op hierdie stadium terdeë besef dat die onderwys van Afrikaans breed en grondig moes wees.(3) Verder moes die taal eenvoudig wees met 'n geleidelike opklimming na die volgende standerd,(4) terwyl onbenullige taalaspekte op die agtergrond geskuif moes word.(5)

In die verslag van 1911 word gemeld dat die onderrig van taalkennis slordig en onstelselmatig was. Die inspekteurs spreek hulle veral skerp uit in hulle verslae oor die mondelinge taalonderwys. Aanskouingsonderwys is tog 'n belangrike faktor voordat met praatonderrig begin word. Daarby behoort die geskrewe opstel 'n voortsetting te wees van die mondelinge taaloefeninge.(6) Volgens die inspekteurs was daar 'n groot behoefte aan goed uitgewerkte en geordende styloefeninge wat as grondslag kon dien vanaf die laagste tot die hoogste klasse en wat die werk van die laer- en die middelbare skool ten opsigte van die inhoud en leesstof in aaneenskakelende verband tot mekaar kon plaas.(7)

In die Departementele Circulaire No.13 van Junie 1911 word die volgende oor die onderwys van Hollands gekonstateer:
"Het schrijven van een opstel schijnt noch grote bezwaren met zich te brengen. De inhoud is zelden goed verdeeld en geregeld. De vorm laat veel te wenschen over, en wijst op de noodzakelikheid om de meest elementaire zinsvormen en zinswendingen grondig te onderwijzen.(8) Vele brieven waren/...

---

1) Le Roux: Praatjies oor ons Taal: 121.
2) Ibid.: 2.
3) Het Christelike Schoolblad 1 April 1913: 15; April 1914:14.
4) Ibid.: Junie 1914 : 7.
5) Ibid.: 11; 1917: 2.
6) T.O.D.: Jaarverslag 1911: 72, 80, 100.
7) Ibid.: 103.
8) T.O.D.: Departementele Circulaire No.13, Junie 1911: 23.

waren beter dan de opstellen, doch ook hier ontbrak het niet aan gebrekkige of foutiewe uitdrukking van gedachten."(1)

Na aanleiding van voorgaande gebreke was die opmerking volkome geregverdig, "dat het aanvankelik onderwijs in die Hollandse taal meer dan tot heden bestaan moet in systematiese spreek- en schrijfoefeningen, waarbij de grondvormen van de taal grondig worden onderwijzen en dat deze oefeningen met geregelde opklimming in moeilikheid moeten worden voortgezet door de gehele school."(2)

Verder:

Die taalkundige aspekte van die werk was in die reël beter onderrig as die styloefeninge.(3) Op grond van bogenoemde opmerkinge is aanbeveel dat aan die einde van standerd VI die werk van standerd IV (Hollands) geëis moes word en dat die leerling wat hierna geslaag het, voort kon gaan met die werk van standerd V.(4)

Die heer N. Hofmeyer rapporteer egter dat daar 'n merkwaardige verbetering en vooruitgang in die onderwys en kennis van Hollands is, maar wys daarop dat die sinsbou droewig verwaarloos word, terwyl die gebruik van die werkwoord, die selfstandige naamwoord, die byvoeglike- en die voornaamwoord, 'n hopelose mislukking is,en gevolglik 'n aaneensluitende taalkursus onmoontlik gemaak het.(5)

Die feit dat daar nie 'n merkbare vooruitgang in die toename van kennis van die Hollandse taal was nie, kon hoogwaarskynlik toegeskrywe word aan die feit dat een persoon verantwoordelik was vir die onderrig van Hollands in meer as een skool. So het die heer Klooster al die Hollands in die "stadscholen" waargeneem.

Soos reeds aangetoon is, het die Direkteur die gebruik/...

---

1) Ibid.: 25.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1911 (Rapport van Eksaminator):162-163.
3) T.O.D.: Departementele Circulaire, No.13, Junie 1911: 25.
4) Ibid.: 27.
5) Ibid.: No.8, Maart 1910: 25.
6) T.O.D.: Jaarverslag 1910: 140; 1911: 80.

gebruik van spreekoefeninge by die taalonderwys beklemtoon. Dieselfde opvatting word deur talle inspekteurs gehuldig. So stel Hofmeyr in sy verslag van 1911 die saak as volg: "Het schrijven van een taal is een zaak van latere en mindere overweging. Een taal moet allereerst gesproken worden." Kerrich beweer:

"Onze taallessen schijnen te boekachtig en te papierachtig; te veel een zaak van gedrukte en geschreven woorden, en niet een zaak van levende en gesproken woorden." Dit geld veral vir Hollands as onderwysvak. 'n Eenvormige kursus sou die meeste tekortkominge en onsamehangendheid uit die weg ruim.(1)

(iv) Die leergang in Hollands en die wysiging daarvan.

In 1910 was standerds VI en VII nog deel van die laerskool en die leerplan van hierdie standerds moes volledig voltooi wees voordat 'n leerling die skool kon verlaat. Die hoofinhoud betreffende die Hollandse leergang het bestaan uit: Lees en resitasie; spreeklesse; opstel en spraakleer; diktee.(2)

Op 9 en 10 Desember 1910 is daar tydens 'n vergadering van die V.V.O.O.Z.A. op 'n algehele vereenvoudiging van die leerplan aangedring, aangesien laasgenoemde baie oorlaai was,(3) uit oppervlakkige kennis bestaan het en om sodoende die aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool te bevorder. Hierop het die Onderwysdepartement 'n kommissie benoem om die saak te ondersoek en om doeltreffende aanbevelings te doen.

Na deeglike oorweging op 'n inspekteursvergadering, het die Uitvoerende Komitee die aanbevelings aanvaar, waarop oorgegaan is tot die stap om die nuwe leerplan te publiseer.(4) In verband met Hollands het die Direkteur, wat/...

---

1) Prov. Koerant No.47 van 21.4.11: 60, Adm. Kennisg.No.74; Het Christelijk Schoolblad, 1 Okt. 1915: 1-2.
2) T.O.D.: Departementele Circulaire No.9 Julie 1910: 2.
3) Het Christelik Schoolblad, 1 Jan.1911: 3; T.O.D.: Jaarverslag 1910: 85; 1911: 26-27, 56, 157.
4) Ibid.: 1911: 26.

wat ook op hersiening van die leerplan aangedring het, daarop gewys dat te veel woord- en sinsontleding wat nie met die lewende taal tred gehou het nie, by die leergang ingesluit is.(1)

Die leerplan wat hierop vir al die laerskoolvakke in die Provinsiale Koerant van 21 April 1911 volledig uiteengesit is, het probeer om 'n vaster standaard vas te stel.(2) Daar is egter nie onderskeid gemaak tussen dorp- en plaasskole nie. Ten opsigte van die plattelandse skole het die leerplan onveranderd gebly tot in 1913.(3) Ooreenkomstig Administrateurs-kennisgewing No.74 van 1911, het die regulasies vir die laerskole sekere wysiginge ondergaan.(4) Dit het die vereenvoudiging van die leergange in 1913 meegebring toe 'n hersiene leerplan vir buiteskole opgestel is met die doel om die onderwys by die plattelandse omgewing te laat aanpas.(5)

In die gewysigde "Leerplan voor Buitenscholen" word bepaal dat laasgenoemde gevolg moes word in alle skole wat buite 'n dorp of stad geleë is. Die hoofdoel van die skema was die vereenvoudiging van die leerstof. Origens moes die werk vir groepe georganiseer word en nie vir standerds nie. Dit het beteken dat die werk onvolledig afgehandel is. Die leergang vir elke vak (Hollands ingesluit) is verdeel in opeenvolgende jaarkursusse wat standerds genoem is. Verder het dit dikwels gebeur dat 'n onderwyser van een groep na ander groepe moes gaan waardeur hy sy werk gedurig moes onderbreek, terwyl 'n ander groep weer sonder 'n onderwyser moes klaarkom.

As gevolg van die sogenaamde groepstelsel is die vraagstuk van aansluiting aansienlik in die wiele gery.(6) Daar/..

---

1) T.O.D.: Jaarverslae 1910: 85; 1911: 27.
2) Ibid.: 82, 56, 157; Prov. Koerant van 21.4.11.
3) Prov. Koerant No.47 van 21.4.11: 60, Adm.Kennisg.No.74.
4) Coetzee: Onderwys in Transvaal: 125; Verslag van die Onderwys Raad, 20.6.13: 10, 19.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1913: 28, Prov. Koerant, No.198 van 12.12.13: 231-261, Adm. Kennisg. No. 493.
6) T.O.D.:Bepalingen en Leerg. voor Buitenscholen,1913:5-6.

Daar was inderdaad minder sprake van aansluiting as wat die Hollandse leergang van 1909 beoog het. Die hindernisse kon uit die weg geruim word, mits die leerstof vir elke afsonderlike standerd aansluitend voorgeskryf was. Wat die taalonderwys verder betref, is die saak egter vergemaklik deurdat die onderwys van Hollands gedurende hierdie jaar minder moeilikhede opgelewer het. Inspekteur Stoffberg het selfs beweer dat die taalvraagstuk nou opgelos was.(1) As gevolg van die vereenvoudiging van die leergang het die algemene verstandelike ontwikkeling van die leerling in die laerklasse aanmerklike vooruitgang gekenmerk, veral omdat Hollands 'n stewiger plek in die leerplan verower het.(2)

In die Hollandse leergang word van die begin tot die einde nadruk gelê op die feit dat steloefeninge meer nodig is as sinsontleding.(3) Maar in die laerskool behoort spraakkuns 'n onderdeel van die spreek- en skryfoefeninge te vorm.(4) Tot dusver was die leerstofinhoud dikwels bo die leerling se begripsvermoë, terwyl die aansluiting tussen die skole deur baie leemtes gekenmerk was. 'n Grondige aansluitende kennis van Hollands was absoluut noodsaaklik.(5) Daarom is aan die hand gedoen dat die leerling vooraf eenvoudige lees- en spreekoefeninge moes doen voordat moeiliker werk aangepak word.(6)

In 'n openingsrede van dr. Hoogenhout het hy die volgende beweer:

"Het leerplan is, wat taalstudie betreft, enigermate verouderd". Waar die taal (Hollands) voorheen as 'n wetenskap behandel is, word dit tans as 'n kuns behandel..(7) Die onderwys van spraakkuns het veel te wense oorgelaat en daarom/...

1) T.O.D.: Jaarverslag 1913: 8, 29.
2) Ibid.:1913: 76, 79.
3) Ibid.: 1912: 78.
4) Ibid.: 69; T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen, 1913: 6.
5) Ibid.: 138-139.
6) Ibid.: 140
7) Het Christelik Schoolblad, 1 Mei, 1913: 1.

daarom het dr. Hoogenhout aanbeveel dat daar geen van die spraakkuns vir standerd V in die loergang voorgeskryf behoort te word nie. Verder spreek hy hom uit oor die gebrek aan homogeniteit in die leergang.(I)

Op die I6e Algemene Vergadering van die V.V.O.O.Z.A. het mejuffrou B. van Breugel getuig dat leesonderwys 'n deel moes vorm van die taalonderwys, dit wil sê dat daar samehang moes wees.(2) Sy is van mening dat klagtes oor die leesonderwys in sekere sin klagtes is oor die eenvormige leergang wat oorhaastig deurgewerk moes word. Inhoud en vorm speel 'n belangrike rol by die leesonderwys, waarvoor die leergang voorsiening moet maak.(3)

Die hersiening leergang van I913 het dus voorsiening gemaak vir die groepstelsel by die onderrig van Hollands. Hiervolgens het dit taamlik afgewyk van die leergang van I909 en was as volg vir groep IV( standerds V en VI) voorgeskryf:

Spreekoefeninge: Geen boeke nie, maar die beskaafde spreektaal was hoofsaak.

Lees: Naas die gewone leesboek is verder gebruik gemaak van 'n lees- en leerboek oor geskiedenis, aardrykskunde en natuurkunde. Origens moes daar 'n deurlopende verhaal gelees word.

Resitasie: Ontwikkeling van smaak is die hoofdoel. Vyftig reëls poësie en twintig reëls prosa word as minimum gestel.

Die Hollandse taal: Die einddoel van die taalonderwys was nie om 'n basis vir matriek te lê of om klaar te maak vir die Laerskoolsertifikaat nie, maar om die leerling vir die lewe voor te berei. Die leerling wat die skool verlaat het, moes die taal beskaaf kon lees, skryf en praat.

Die volgende taalkennis is voorgeskryf:

a. Afrikaans as eerste taal.

Weergawe van die geleerde; die werkwoord/....

---

1) Het Christelik Schoolblad, Mei I913: 2
2) Ibid.: I Junie I913: 1.
3) Ibid.: 3-4.

die werkwoord (vervoeging); ditee; interpunksie.

b. <u>Afrikaans as tweede taal.</u>

Opstel; gebruik van die voorsetsel in verband met die werkwoord; briewe (familie- en besigheidsbriewe); idiomatiese uitdrukkings.[1]

Vir die eerste keer word daar nou ook vir Afrikaans voorsiening gemaak in die leerplan. Die enkele leerlinge van standerd VII moes ook die werk van groep IV doen, aangesien daar nie werk vir hulle voorgeskryf is nie. Wat die leerstof vir die buiteskole betref, moes die hoofsaak dus wees om die leerling op die platteland vir die lewe voor te berei, en nie so seer om aansluiting te bewerkstellig nie. Wanneer hy standerds V en VI deurloop het, moes die leerling slegs behoorlik kon praat, lees en skryf,[2] wat die wesenlike grondslag van die onderwys was.

In 'n toespraak van die Direkteur van Onderwys in 1916, is hy daarvan oortuig dat twee dele van ons onderwysstelsel wat saam behoort te werk, min of meer uiteenloop. Hy bedoel hier die laer- en die middelbare onderwys. Die Direkteur is oortuig daarvan dat daar geen wrywing tussen die twee onderwysstelsels behoort te wees nie. Volgens hom kan die skeiding toegeskrywe word aan die feit dat daar waarskynlik nooit 'n volledige verband tussen die leergange van die twee onderwysinrigtings bestaan het nie. Tradisie en konserwatisme het die laer- en die middelbare onderwys van mekaar geskei gehou. Van daar dat die Direkteur 'n meer permanente eenheid wou vasstel, wat alleen bereik kon word deur 'n aansluitende leergang tussen die twee inrigtings.[3]

Tewens, alle hindernisse tussen die laer- en die middelbare onderwys moet verwyder word sodat 'n tienjarige/...

1) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen, 1913: 25-26.
2) Het Christelik Schoolblad, Sept. 1913: 1; Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen, 1913: 26-27, April 1914: 14.
3) Ibid.: April 1916: 5.

tienjarige leerkursus saamgestel kan word om te voorkom dat daar langer 'n oppervlakkige en skynbare grenslyn getrek word.(1) Die nuwe indeling het dit dus gebiedend noodsaaklik gemaak om aan die onderwys reg te laat geskied deur 'n volledige, aansluitende en rekbare leerplan daar te stel waarvolgens die agterstand ingehaal kon word.(2) Die grootste taak van die Departement was nou om 'n grondige onderwysprogram op te stel.(3)

Na deeglike ondersoek deur die Raad van Onderwys is daar 'n ingrypende hervorming van die leergang van die laerskool aanbeveel. Die bestaande leergang in Hollands het voorsiening gemaak vir standerd VII, maar die leergang van laasgenoemde was nie 'n voortsetting van dié van standerd VI nie, gevolglik is die leerlinge van standerd VII meesal by die standerd VI-groep geplaas.(4) Origens word in die inspeksieverslae nie baie gunstig oor die leergang van Hollands gerapporteer nie, en tog is dit die inspekteurs se sienswyse dat daar in standerds V en VI 'n doeltreffende grondslag, wat in die middelbare skool voortgesit kon word, gelê moes word.(5)

Die eerste stap was dus om standerd VII af te sonder van die standerd VI-groep, as 'n klaseenheid georganiseer in groepe van 25. In 1914 is verder bepaal dat aansluiting eers na standerd VI sou geskied en dat die kursus daarna nog vyf jaar sou duur.(6) In die verslag van 1915 word veral nadruk gelê op die verhouding van die leergang van die laerskool tot die middelbare skool.(7) Sowel die metodes as die leerstof van die laerkursus moes gevorderd wees vir hulle wat later die middelbare kursus wou volg.

Vroeër was dit die algemene opvatting dat die laer onderwys die laerkursus moet afrond, afsluit, maar dat die/...

1) Ibid.: 6.
2) T.O.D.: Verslag van die Raad van Onderwys,1914: 12; T.O.D.: Jaarverslae 1912: 134, 1914: 15-16.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1912: 252.
4) T.O.D.: Verslag van die Raad van Onderwys,1914: 6, 12.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1915: 127.
6) Ibid.: 1914: 15-16; Verslag v.d. Raad v. Onderwys,1914:12.
7) Ibid.: 1915: 11.

die laer onderwys voorbereidend moes wees en opleiding moes verskaf wat aansluitend by die middelbare onderwys sou wees, waar die onderwys van die laerskool voortgesit sou word. Hierop is die aandag dan ook gevestig by die hersiening en uitbreiding van die Transvaalse leerplan wat vir die laerskole ingevoer is.(1) Daarby moes in gedagte gehou word dat 'n beperking van die leerstof die deeglikheid en doeltreffendheid van die onderwys sou bevorder.(2) Die bestaande gebrekkige onderwysstelsel kan juis toegeskrywe word aan die verdeling en afsondering wat daar bestaan het tussen laer- en middelbare onderwys.(3)

Volgens die verslag van die Onderwyskommissie (Administrateurskennisgewing No. 416 van 21 Desember 1917), word die laerskool beskou as die basis van die onderwysstruktuur waar die fondament van die onderwys stewig en deeglik gelê moes word. Laerskool beteken eintlik voorbereidende skool tot en met standerd VI wat tot dusver beskou is as die oorgangsgrens. Daarom spreek die kommissie die hoop uit dat die onderwys (leergang) in die middelbare skool binne 'n jaar deel sal word van die algemene onderwys van die laerskool om aaneenlopende en grondige kennis moontlik te maak.(4) Die kommissie is daarom van mening dat die laerskool na standerd V beëindig moet word en dat die middelbare skool uit 'n vyfjarige kursus na standerd V behoort te bestaan. Ook die Direkteur was hierdie sienswyse toegedaan.(5)

Na voltooiing van die laerskoolkursus moet die laerskoolleergang weer volkome aansluit by die middelbare skoolkursus. Die onderwyskommissie het selfs voorbereidende klasse aanbeveel waar Afrikaans en Hollands onderwys moes word.(6)

---

1) T.O.D.: Jaarverslae 1915: 12, 1916:24-25; Bepalingen on Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen,1909: 4-12.
2) Ibid.: 138.
3) Ibid.: 1916: 10.
4) T.E.D.: Report of the Education Commission, 1917:10-11; T.O.D.: Jaarverslag 1916: 24-25.
5) T.E.D.: Report of the Education Commission,1917: 11-12.
6) Ibid.: 12-13.

Bowendien moet die laerskoolkursus geleidelik ontwikkel om eenheid, "onafgebroken loop te scheppen, zonder een halte bij standaard VI."[1] Die Hollands-Afrikaanse leergang van die laerskool moes dus die algemene grondslag vorm waarop vordere onderwys in die middelbare skool voortgebou kon word.[2]

Net soos die skoolkursus van 1903 nie lank in gebruik gebly het nie, het ook die "Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen" van 1913, wat hoofsaaklik toegespits was op die Onderwyswet van 1907, 'n kortstondige bestaan belewe.[3] Gedurende 1916 is die buitengewoon belangrike stap gedoen deur die daarstelling van 'n "volledige leerplan," wat aan die begin van 1917 gepubliseer is onder die wydklinkende opskrif:

"Leergangen voor de voornaamste Vakken onderwezen op de gewone Lagere School en voor de voornaamste Middelbare Leervakken alsmede de Biezondere Middelbare Leergangen voor Handelsvakken en Huishoudkunde."

Die leergange vir die laer- en die middelbare skool word in dieselfde handboek aangegee. Soos die opskrif aandui, was dit die eerste poging in die ware sin van die woord, om volledige en aaneenlopende leergange vir alle klasse vanaf die grade tot standerd X saam te stel.[4] In die "Algemene Opmerkingen" word daarop gewys dat die skeiding wat daar tot dusver tussen die twee onderwysstelsels was, verwyder moes word, dit wil sê daar moes behoorlike aansluiting en aaneenskakeling wees, totdat die hele kursus deurloop is.[5]

Die opvatting dat daar 'n laerkursus vir die massa en 'n middelbare kursus vir die enkelinge moes wees, moes vervang word deur die opvatting dat daar 'n volledige kursus vir almal moes wees. Die vasstelling en rangskikking van/...

1) T.O.D.: Jaarverslag 1916: 24-25.
2) Ibid.: 26.
3) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen 1913: 56-57.
4) Coetzee: Onderwys in Transvaal: 131.
5) T.O.D.: Leergangen voor de voornaamste vakken onderwezen op de gewone Lagere School en voor de voornaamste Middelbare Leervakken, ens. 1917: 5.

van die leerstof is hoofsaaklik aan die onderwyser oorgelaat. Onder die nuwe skema wat aan die begin van 1917 ingevoer is, is leerlinge wat in 1917 met standerd VI begin het, in staat gestel om binne vyf jaar die matrikulasie-eksamen af te lê. Die aansluiting het dus aan die begin van die vyfde standerd plaasgevind.[1]

Wat die leergang in Hollands betref, het die beginsels van taalstudie as grondslag gedien. Hieronder word verstaan die studie van die lewende taal wat ingesluit het: die term literatuur, spraakkuns en vaardigheid, wat feitlik die hele taalwese gedek het. Vir Departementele eksamens is verder voorsiening gemaak vir Hollands laer en Hollands hoër. In hierdie leergang word daar egter niks van Afrikaans gerep nie, ofskoon dit in sommige skole onderwys is. Daar word alleen melding gemaak van die volgende: "In alle standaards zal ook een geringere mate van kennis aanvaard worden in de taal die niet de huistaal van het kind is."[2] Die leerstof vir Hollands het in die meeste gevalle weinig veranderinge ondergaan, soos blyk uit die leergang vir die hoogste klas van die laerskool:

a. Duidelik en verstandig lees van twee geskikte leesboeke (prosa en poësie).

b. Ontleding van enkelvoudige- en samegestelde sinne met onderskikkende sinsverband. Die rededele moet behulpsaam wees by mondelinge en skriftelike werk. Vervoeging van die werkwoord.

c. Skriftelike mededeling deur middel van 'n opstel of brief van wat die leerling gelees, gehoor, gesien of ondervind het. Verskillende vorme van korrespondensie.

d. Oefeninge in diktee. Voor- en agtervoegsels.

e. Voordrag van een of meer gedeeltes van die werk van 'n bekende skrywer.[3]

---

1) T.O.D.: Leergangen op de Lagere School en Middelbare Leervakken, ens.1917: 5-7.
2) Ibid.: 8.
3) Ibid.: 10.

Heelwat inspekteurs en eksaminatore het egter nie gunstig oor die leergang en onderwys van Hollands rapporteer nie. Die voorsiening wat vir laasgenoemde op die platteland gemaak is, is beskou as verbrokkeling van energie, verspilling van kragte en die skepping van uiteindelike fiasko.(1)

b. <u>Middelbare onderwys.</u>

(i) <u>Hersiening en regulasies betreffende die leergang in Hollands.</u>

Volgens die verslag van 1908 was 'n "revised curriculum"(2) baie nodig vir plattelandse- en dorpskole, veral omdat laer onderwys meganies geword het. En om die taalmoeilikhede uit die weg te ruim, het die Direkteur plattelandse skole aanbevool waarin Hollands die uitsluitlike taal moes wees.(3) Nie alleen die Direkteur was ten gunste van die bevordering van Hollands op die plattelandse- en dorpskole nie, maar ook die inspekteurs.(4)

In sy verslag van 1910 het die Direkteur dan ook op die belangrikheid van die hersiening van die leerplan gewys. Hy wou daarom die leergang vir die middelbare skool breed en rekbaar maak. Die "Bepalingen voor Middelbare Scholen en Afdelingen" van 1912 het dieselfde leergang weergegee as dié volgens die bepalinge van 1909.

W.E.G. Clarke, inspekteur van middelbare skole sedert 1911, en ander opvoeders het ingesien dat 'n taal soos Hollands nie alleen deur middel van lees en resitasie geleer kon word nie, maar dat daarby gereeld spreekoefeninge gegee moes word. Meer geleidelik "opklimmende" oefeninge en skemas waarin die werk in gereëlde volgorde gerangskik is, was die meeste nodig.

Verder kon inspekteur F.H. Thompson in die verslag/...

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1917: 123.
2) Ibid.: 1908: 25.
3) Ibid.: 26.
4) Ibid.: 18, 28.
5) Ibid.: 1912: 78; Prov. Koerant No.70 van 1.9.11: 235; T.O.D.: Bepalingen voor Middelbare Scholen en Afdelingen 1912:11.

verslag van 1911 rapporteer:

"De wijzigingen in de Kode aangebracht bij het begin van het huidige jaar, zijn in de richting van vereenvoudiging en sameordenen van syllabussen. Het Departement mag zich zelf gelukwenschen met het bezit van een degelik, goed werkend schema in zijn tegenwoordige Kode."(1)

Die Wysigings-ordonnansie van 1912 het nie die taalvraagstuk verander nie,(2) maar die middelbare skoolkursus is in 1912 as volg gewysig: Die kursus sou na standerd V begin. Daar sou 5 klasse wees. Klas I sou ooreenkom met standerd VI van die laerskool en verder was daar klasse II, III, IV en V.(3) In sy eerste volledige verslag en aanbevelinge oor die middelbare onderwys tydens 1912, het inspekteur Clarke 'n verdere hervorming van die leergang moontlik gemaak.(4)

Toe die Onderwysraad in 1913 behoorlik ondersoek ingestel het na die onderwys op die plattelandse skole, het die Raad tot die besluit gekom dat die leerplanne vir die buiteskole vereenvoudig moes word.(5) In 1916 het die moontlikheid van 'n aaneenlopende leerplan vanaf standerd I tot en met matrikulasie, heelwat aandag geniet.

Soos reeds gemeld is, was die leergang vir die laerskole in besonderhede uitgewerk, maar nie vir die middelbare skole nie, omdat die inhoud van die middelbare leerplan moes beantwoord aan die behoeftes van die matrikulasie- eksamen. Die nuwe leerplan wat in 1917 verskyn het, sou voortaan kontinuiteit en eenheid van die hele skoolkursus in die hand werk, en die skeidslyn na standerd VI uitwis.(6) Vorder het die verslag van inspekteur Clarke ook die stadium waarop leerlinge van die laer- na die middelbare skool moes gaan en die duur van die middelbare skoolkursus, bepaal. Op voorstel van die ouers moes daar afsonderlike middelbare skole gestig word/...

1) Ibid.: 1911: 99.
2) Ibid.: 1912: 78.
3) Ibid.: 1916: 24.
4) Ibid.: 1912: 78.
5) T.O.D.:Verslag v.d. Raad van Onderwys van 20.6.13:13, 19.
6) T.O.D.: Jaarverslag 1915: 117, 123; 1916: 24.

word waar die hele laerskoolkursus voortgesit en afgehandel kon word.(1)

Uitgaande van hierdie standpunt moes daar betrekkinge wees tussen die twee onderwysinrigtinge, veral op sekere tydstippe. Die laerskool wat 'n afgeronde eenheid vorm, lê die grondslag vir die middelbare skool, en na afloop van hierdie leerkursus word die opvoedeling se opvoeding in die middelbare skool voortgesit.(2) So moet die aansluiting van die verskillende stadia in die onderwys in beginsel gesien word. Dit was daarom van die allergrootste belang dat 'n voortgesette leergang in Hollands voorsiening moes maak vir die kind se lewe in sy geheel. Die einddoel van die leerstof vir die betrekkinge tussen die laer- en die middelbare skool, is tog maar die vorming en ontwikkeling van 'n besondere of beroepskundige en bruikbare staatsburger.(3)

Hierteenoor moet die kind in sy skoolonderwys gelei en gevorm word, sodat wanneer hy die skool verlaat, daar "geen oponthoud of beletsel is in de overgang naar een loopbaan." Ten einde dit te bereik, moet die tyd wat aan die vak bestee word aanmerklik verleng word. Die gevoelde behoefte dat ten minste nog twee jaar na standerd VI nodig is, het nou dringender as ooit geword, aangesien daar meer stabiliteit van die skoollewe vereis is.(4)

Die vraagstuk van 'n aaneenlopende leergang wat Hollands betref en die verhouding van die middelbare skool tot die laerafdeling is deurgaans deur die Onderwyskommissie van 1917 beklemtoon. Vir die Kommissie moes die leergang van die middelbare skool 'n geleidelike oorgang wees van dié van die laerskool. Die laer- en die middelbare afdelinge is immers twee selfstandige en afgeronde onderwysinrigtings, maar die/..

---

1) Ibid.: 1915: 79.
2) Ibid.: 96.
3) Ibid.: 82-83.
4) Ibid.: 1916: 12-13.

die middelbare stelsel moet tog ook weer voortbou op die grondslag van die laerskool.[1]

Om die oorgangsonderwys te vergemaklik, is dus aanbeveel dat daar nie verskillende leerplanne vir dorp/stad en die platteland opgestel word nie sodat 'n kind wat die boonste grens van die laerskool voltooi het sonder hindernis in die middelbare afdeling kan voortgaan.[2] Ofskoon daar nie juis veel sprake van aansluiting was nie, het die inhoud van die leergang dieselfde gebly, maar taalwerk is weer net soos in die laerskool afgeskeep, terwyl die leergang van die middelbare skool uitgebreider en grondiger was, soos aangetoon kan word.

Die leergang vir standerd VI het omvat:

a. Ten minste twee boeke, waarvan een 'n deurlopende verhaal in prosa moes wees. Die lees van uitgesoekte verhalende en beskrywende gedigte.

b. Drie leesboeke wat tuis gelees moes word.

c. Ontleding van enkelvoudige- en samegestelde sinne; die name en funksies van die bysinne. Die rededele met besondere verwysing na die funksies, soorte en verbuiging. Dit was in hoofsaak die taalverskynsels wat behandel moes word.

d. Volledige verhale in briefvorm of andersins van die ervaringe en voorstellinge van leerlinge. Eenvoudige handelskorrespondensie.

e. Af en toe diktee. Voortsetting van woordvorming.

F. Voordrag van 100 reëls prosa en poësie (in die huistaal)[3]

Alhoewel die woord huistaal gebruik word, word daar egter nie volkome vir Afrikaans voorsiening gemaak nie. Maar volgens die verslag van die Onderwyskommissie was dit die algemene neiging om Afrikaans as amptelike taal langs Engels/...

---

1) T.E.D.: Report of the Education Commission 1917: 14; Verslag v.d. Prov. Raad van Transvaal, 4.10.17: 1.
2) Ibid.: 22.
3) T.O.D.: Leergangen op de Lagere School en Middelbare Leervakken, ens. 1917: 8, 11.

Engels in die skole te laat onderwys.[1] Hierbenewens het opvoedkundiges gewys op die moeilikhede waarmee Afrikaanssprekende leerlinge te kampe het wanneer hulle Hollands moes leer. Op die laerskool moes Hollands dus geheel en al verdwyn, terwyl dit op die middelbare skool nog in die leerplan toegelaat is.[2]

Die nuwe leerplan wat in 1917 verskyn het, was werklik die eerste poging om aansluiting tussen die twee onderwysinrigtings te verkry, maar in die ware sin van die woord het die eenheid nog ontbreek.

(ii) Die onderrig en die onderwyspeil van Hollands.

In 1913 was daar nie minder as vier middelbare skole nodig nie, waarin Hollands onderrig is. Hierdie skole het ontstaan deur die natuurlike ontwikkeling van middelbare afdelings.[3] Inspekteur Clarke het in sy verslae deurgaans die feit beklemtoon dat die werk Hollands ingesluit het, maar dat die gehalte daarvan in hierdie skole benede die peil was.

Weens heelwat struikelblokke het die Onderwysraad reeds in 1911 die wenslikheid oorweeg om die middelbare afdelings wat aansluiting bemoeilik het, in Oos- Transvaal af te skaf, en om indien moontlik die middelbare onderwys in slegs 'n paar goed toegeruste middelbare skole te sentraliseer. Die Uitvoerende Komitee was ook hierdie sienswyse toegedaan, maar hieraan is nie dadelik uitvoering gegee nie.[4]

Eers nadat meeste van bogenoemde moeilikhede uit die weg geruim was, kon die onderwys van Hollands as vak deegliker plaasvind, kragtens die gewysigde taalwet (Rissik-ordonnansie) van 1911.[5]

In die verslag van 1911 rapporteer inspekteur H.Davis' dat die gebruik van die Hollandse taal goeie vrugte afwerp/...

---

1) T.E.D.: Report of the Education Commission 1917: 22.
2) Ibid.: 23.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1911: 23, Coetzee: t.a.p.: 127-128.
4) Ibid.: 1912: 64; 1918: 82.
5) Ibid.: 1912: 5-6, 11; 1913: 75.

afworp en dat dit in die toekoems voortgesit behoort te word. Die skriftelike werk is ongelukkig swak maar dit word op 'n stewige fondament gele.(1) In sommige skole was Hollands verwaarloos en benede die vereiste peil, wat toegeskrywe kan word aan die feit dat baie leerlinge van privaatskole gekom het waar min of glad geen Hollands onderrig is nie, gevolglik was die resultate noodlottig en kon onderwysers hulle net op die kernbeginsels van lees en spelling toespits.(2)

Inspekteur Clarke het in 1912 vooraf die fundamentele en veelseggende vraagstuk van die aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool breedvoerig aangedui en daarna daarop gewys dat aan Hollands op die middelbare skool meer tyd bestee moes word, terwyl gekwalifiseerde onderwyskragte nodig was vir die onderrig daarvan.(3) Reeds in die Departementale Circulaire No.13 van 1911 word die swak peil van opstelonderwys in die middelbare skool benadruk. Origens was spraakkuns, styloefeninge, sinsontleding en diktee die hoofsake waaruit die leergang bestaan het. Diktee het egter swak resultate gelewer.(4)

Teen 1915 was die middelbare skole in vier groepe verdeel. In die eerste twee groepe moes Hollands 'n karige bestaan voer. Die derde groep het van beide voertale gebruik gemaak. Groep vier het bestaan uit skole soos die Oosteindskool te Pretoria en die Gymnasium te Potchefstroom, waar Hollands as vak 'n besondere plek verower het.(5) Trouens, daar was nog baie Hollands-Afrikaanse leerlinge wat hulle onderwys deur Engelsmedium ontvang het,(6) terwyl slegs voorsiening gemaak is vir 'n gelykluidende leerplan in geskiedenis, aardrykskunde, rekenkunde en natuurwetenskappe vir standerds IV, V en VI.(7)

Maar op die buiteskole was Hollands nie alleen die/...

---

1) Ibid.: 1911: 121; 1912: 14-15; 1915: 39-40.
2) Ibid.: 1911: 123; 1915: 39-40.
3) Ibid.: 1912: 69.
4) T.O.D.: Departementele Circulaire No.13, Junie 1911: 27.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1912: 14-15; 1915: 39-40, 113.
6) Botes: t.a.p.: 74.
7) T.O.D.: Jaarverslag 1915: 113; 1916: 109.

die belangrikste vak nie, maar meesal ook die oorheersende voertaal. Op Bloemhof, Klerksdorp en Christiana was parallel-klasse. Waar die moedertaal as voertaal gebruik is, was dit opmerklik dat die leerlinge meer vrymoedigheid openbaar het. Daar was nie meer die vrees van taalfoute nie, nie meer die beperktheid van woordeskat nie, en die kennis was stelselmatiger en grondiger. Inteendeel, daar is meer en meer voorsiening gemaak vir 'n verdienstelike kennis van Hollands, wat toegeskrywe kon word aan die verbeterde leergang.(1) Derhalwe was Hollands as vak bevredigend onderwys.(2) Maar volgens eksamenverslae was die onderwys grotendeels gekenmerk deur heelwat tekortkominge. In die eerste plek was daar heel weinig aansluiting tussen die verskillende taalaspekte.(3) Tweedens het daar dikwels verwarring ten opsigte van idiomatiese uitdrukkings en woordvorming voorgekom.(4)

By die samestelling van die leergang het spreek-, stel-, en taaloefeninge, sowel as mondelinge en skriftelike werk in verband met die leesles, die grondslag gevorm. Een van die grondbeginsels waarop alle Hollandse onderwys moes berus, was: "Elk deel van het onderwijs moet op het voorgaande gebouwd wezen en de grondslag zijn voor het volgende, zodat de delen tot een goed geheel aaneensluiten."

Die taalonderwys moes dus aansluit by die kennis wat die leerling alreeds opgedoen het om sodoende stelselmatige oorgang te verkry. 'n Tweede grondbeginsel was dat alle taalonderwys aanskouing tot grondslag moes hê. So sou die taal deur middel van die taal geleer word en sou 'n dorre sameflansing van onsamehangende sinne voorkom word. As die taalonderwys aan die einde van die laerskool nie 'n grondige stadium bereik hie, word daar in die middelbare skool op sand gebou.(5)

---

1) Ibid.: 113.
2) Ibid.: 134.
3) Ibid.: 151.
4) Ibid.: 159
5) Ibid.: 151-159.

Uitgaande van voorgaande uiteensetting, blyk dit duidelik dat Hollands as vak taamlik doeltreffend onderwys is, maar die taalstof moes nog aansienlik uitgebrei word. Die verskillende taalaspekte was tewens baie onsamehangend.

3. DIE VRAAGSTUK VAN AANSLUITING.

In die jaar 1907 is die vraagstuk van aansluiting opnuut onder die aandag van opvoedkundiges gebring. Eerstens is die middelbare kursus ingrypend verander sodat die kursus vyf jaar sou duur in plaas van agt jaar soos voorheen as gevolg van die regulasies van 1903.(1) Daar is reeds op 6 Februarie 1908 in Algemene Omsendbrief No.1 volledige instruksies uitgereik aan skole betreffende die taalvraagstuk op die openbare skole, dit wil sê die skeidslyn waar die eintlike laerskool afsluit, afgerond word, en die middelbare skool begin.(2)

Hierop word die verhoudingsvraagstuk duidelik uiteengesit in "Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen" van 1909. Wat die laer onderwys betref, word vooraf gewys op die gemeenskaplike karakter van die leerplanne. Verder moes 'n sertifikaat uitgereik word aan diegene wat standerd VI of VII met goeie gevolg geslaag het. Deur die nodige wysiginge sou daar een leerplan vir buiteskole en een vir ander skole uitgereik word.

Ondanks hierdie bepalinge vir die laer onderwys, was dit baie ondoeltreffend deurdat die leerplan nie voorbereidend en genoegsaam vormend was nie. Selfs die middelbare onderwys moes meer vormend as formeel wees. Origens moet die laer onderwys in 'n groot mate inlei en voorberei- dit moet as voorbereidend beskou word vir verdere onderwys.(3) Weens die feit dat die leergang slegs op eksamens toegespits was en daarby oorlaai was, kon die werk nie aansluitend behandel word nie.(4)

1) T.O.D.: Jaarverslag 1907: 123.
2) Coetzee: t.a.p.: 110.
3) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen 1909:1-12.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1910: 168; 1911: 99.

In plaas daarvan dat die twee onderwysstelsels aanvullend was, het hulle reg teenoor mekaar gestaan. Die skeidslyn was meer maatskaplik as opvoedkundig, behalwe in die geval van die vier hoogste klasse van die middelbare skool. As gevolg van die feit dat primêre onderwys beskou is as apart van die sekondêre onderwys en dat elkeen beskou is as 'n doel op sigself, is treurige en ongewenste onderwystoestande geskep. Dit is nie in gedagte gehou dat die laer onderwys voorbereidend vir verdere onderwys moes wees nie.(1)

As gevolg van hierdie leemte moes daar in Transvaal 'n skema vir middelbare skole opgestel word wat minstens net so goed sou wees as dié van ander lande. Die reeds gevestigde "hogere scholen" het nog gehad op volle ontwikkeling. Daar was dus nodig 'n doeltreffende organisasie van natuurlike middelbare onderwys; volledig toegerus om die bestaande leemtes van die middelbare afdelings uit die weg te ruim, aangesien die vraagstuk van aansluiting praktiese moeilikhede opgelewer het.(2)

In 1909 het die nuwe hersiene regulasies betreffende laer- en middelbare skole, voorsiening gemaak vir 'n vyfjarige kursus in die middelbare skool na standerd V tot en met matrikulasie. Die vorige regulasies van 1903 het toegelaat dat 'n leerling reeds na standerd III na die middelbare skool oorgeplaas kon word.(3) Verder sou die voorgeskrewe ouderdom vir leerlinge van middelbare leeftyd voortaan dertien tot sewentien jaar wees, dit wil sê die vroeë adolessensie, wat volgens dr. Adamson as die regte ouderdom beskou is.(4)

In die Direkteur se verslag van 1909 en 1910 word die korrelasie van die laer- en die middelbare onderwys, en die wyer omvang van laasgenoemde as dringend beskou, aangesien daar nie eers sprake van gedeeltelike aansluiting was nie.(5) Die/...

---

1) Ibid.:1906: 80; 1908:18; 1910: 74; T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen 1909: 11.
2) Ibid.: 74; Bepalingen en Leergangen, ens. 1909: 11.
3) Staatskoerant, 19.3.1909:659; Educational News Jan.1909:35.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1910: 82.
5) Ibid.: 74.

Die Direkteur is die mening toegedaan dat daar 'n gesonde aansluiting tussen die twee onderwysstelsels behoort te wees, deur die leergang deurlopend te maak. Uit opvoedkundige oogpunt beskou, moes die oorgang na standerd V geskied, dit wil sê min of meer die twaalfde lewensjaar. Verder moes die middelbare onderwys in die regte verhouding tot die laer onderwys staan. Om die oorgang te vergemaklik en te verseker, moet daar 'n deurlopende leergang tussen die laer- en die middelbare skool bestaan. Daar moes aan twee eise voldoen word ten-einde die beginsel tot uitvoer te bring. By watter standerd en op watter gemiddelde lewensstadia moes die oorplasing of aansluiting geskied, en hoe moes die korrelasie of verband van die leergange gehandhaaf word,(1) met ander woorde waar moet die laer onderwys eindig, en wanneer moet die middelbare onderwys begin sodat daar aaneenskakeling kan wees.(2)

Die middelbare skoolkursus sou aanvang na voltooiing van die vyfde standerd van die laerskool. Hiervolgens moes die leergang in Hollands (Afrikaans) so ingerig wees dat 'n leerling na standerd V bevoeg kon wees om oorgeplaas te word na die laagste klas van die middelbare skool. Sodoende sou die twee onderwysinrigtings by mekaar aansluit.(3) Na afloop van die vyfde standerd van die laerskool moes daar 'n geleidelike oorgang van die Hollandse leergang wees na die middelbare skool. Die kursus van laasgenoemde sou bestaan uit vyf klasse. Klas I sou ooreenstem met standerd VI.(4)

Aan die einde van 1909 het die leerlinge van standerd VI en VII die eerste keer eksamen afgelê vir die Skooleindsertifikaat. Dit het egter nie geskied omdat die laer onderwys/...

1) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen, ens. 1909: 11; Jaarverslag 1910: 74, 82; Coetzee en Bingle: t.a.p.: (Laer Onderwys) 11; (Middelbare Onderwys): 8-10; Educational News, Jan. 1909: 35.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1910:187, Administrateurskennisg. No.212; T.E.D.: Report of Education Commission 1917: 10-13.
3) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen, ens. 1909: 11; Jaarverslag 1910: 187.
4) Ibid.: 11, 79; Departementele Circulaire, 1913: 4.

onderwys nie as afgerond beskou is nie, maar om 'n bepaalde standaard neer te lê.(1) Die eenheid van die laer- en die middelbare stelsels was egter nie deur hierdie reëling verbreek nie.(2)

In die algemene verslag van die Direkteur van Onderwys van 30 Junie 1910 beweer hy dat daar 'n onderlinge verband tussen die laer- en die middelbare skool moet wees wat sal strek tot een wetenskaplik opvoedkundige stelsel. "Ze moeten van twee delen een openbaar systeem vormen", in plaas van 'n tweeledige beleid en doelstelling. Daarom was het Departement "vrij geweest een schoolcurriculum te ontwikkelen waar speciale aandag gegeven is aan de behoorlike betrekkinge van de lagere en de middelbare scholen."

Die onderlinge betrekkinge van laasgenoemde onderwysstelsels ten opsigte van Hollands moet daarom logies wees sodat die middelbare skool begin waar die laerskool geëindig het.(3) Origens moet standerd VI as aanvangstanderd van die middelbare skool beskou word, daar dit die begin van jeugdigheid en die einde van die kinderstadium vorm. Op grond van hierdie beginsel moet die Hollandse leergang uiteraard voorbereidend wees en in die laagste klas van die middelbare skool outomaties oorgaan tot aansluiting.(4)

In die inspekteursverslae het F.P. Hoogenhout eweneens die aansluitingsvraagstuk beklemtoon. Volgens hom moet die twee skole amalgameer waardeur die oorgang dan 'n praktiese saak word.(5) 'n Onderlinge verband tussen die kursusse in die laer- en die middelbare skole is deur die leerplan verseker, maar die leergang vir Hollands het nog baie te wense oorgelaat. Die regulasies het wel voorsiening gemaak vir die/...

---

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal : 114.
2) Bepalingen en Leergangen, ens. 1909: 79.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1910: 18, 81-84.
4) Ibid.: 196.
5) Ibid.: 1910: 187.

die omskrywing van die onderlinge verband, maar die essensiële vraag was nog altyd of dit prakties ten volle uitvoerbaar was.

Van stelselmatige aansluiting betreffende Hollands, was daar tydens hierdie jare nog geen sprake nie. H. Davis van Johannesburg het terselfdertyd gerapporteer dat die regulasies in die rigting gestuur het om standerd V af te skaf as gevolg waarvan die skool 'n saamgevatte, eensoortige inrigting sou word met 'n vyfjarige kursus.(1)

In 1911 is 'n kommissie deur die Raad van Onderwys benoem om die saak van die middelbare skole te ondersoek. In dié jaar was dit die gangbare beskouing dat die middelbare afdeling afgeskaf moes word, 'n mening waarmee die Raad van Onderwys dan ook saamgestem het, want die lede daarvan het hierdie voorstel aan die Uitvoerende Komitee voorgelê. Laasgenoemde liggaam het aanbeveel dat daar vooraf 'n behoorlike proeftydperk bepaal moes word.(2) Die laerskole sou in die vervolg dan tot standerd VII gaan, terwyl die middelbare skole weer by standerd VI sou begin. Daar was dus oorvleueling deurdat 'n leerling wat op 14- of 15 jarige leeftyd die skool wou verlaat, in die laerskool moes bly, terwyl diegene wat verder wou leer, reeds na standerd V na die middelbare skool oorgeplaas sou word.(3)

Maar na die oordeelkundige en volledige verslag van inspekteur Clarke, was die algemene opvatting om die inrigting vir middelbare onderwys te behou as gevolg van die hoop op veel groter uitbreiding in die toekoms.(4) Sy algemene gevolgtrekkinge handel eerstens oor die fundamentele vraagstuk van die aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool.

„De middelbare afdeling vormt met de lagere afdeling/...

1) Ibid.: 196.
2) Ibid.: 1911: 23-25.
3) Ibid.: 1912: 33-34.
4) Ibid.: 130.

afdeling één instelling. Deze is de hoogste afdeling van de instelling en oorsprokelik daarmee verbonden. Beide afdelingen staan in hetzelde gebouw onder één hoofd. De middelbare school daarentegen is afzonderlik en op zichzelf. De laagste klas ervan moet overeenkomen met de sesde standaard van de lagere school".[1]

Ten spyte hiervan is daar geen besliste poging aangewend om 'n deeglike en stelselmatige leergang vir Hollands in die lewe te roep nie. Geen wonder dat die heer H. Visscher aanbeveel het om 'n leerplan op te stel wat die Hollandse onderwys sou omvat, sowel in die laer as in die hoër afdelings van die skool, dit wil sê 'n aaneenskakelende leergang.[2]

In die verslag van 1913 skryf die Direkteur dat die oorgang van die laer na die middelbare kursus maklik en doeltreffend uitgevoer kan word, indien die oorplasing na voltooiing van standerd V geskied. Sodoende word die leerling in staat gestel om op die regte tydstip met die middelbare skoolvakke kennis te maak. Standerd V sou dus die toelatingspeil wees.[3] Maar dit het dikwels gebeur dat 'n leerling van die laerskool op die platteland na die middelbare afdeling oorgeplaas word, nadat hy die ouderdomsgrens van 15 of 16 bereik het, gevolglik kon hy hom nie by sy nuwe omgewing aanpas nie.[4]

Die vraagstuk van aansluiting is deurgaans bemoeilik weens wrywing tussen uiteenlopende lewensopvattinge oor wanneer die oorplasing moes plaasvind en hoe die aansluiting moes geskied. In die verslag van 1914 word weereens pogings aangewend om die afronding of afsluiting van die laerskoolkursus te behandel, dit wil sê standerd V sodat die daaropvolgende standerd beskou kon word as die eerste klas van die middelbare skool.[5] Die grootste rede waarom oorplasing/...

---

1) Ibid.; 1912: 64.
2) Ibid.; 1911: 100-101, 139.
3) Ibid.: 1913: 11.
4) Verslag van die Raad van Onderwys,1913: 11-13.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1914: 6, 14-15 (Ordonnansie No.7 v.1914)

oorplasing moes geskied na voltooiing van standerd V, was omdat die primêre stelsel as voorbereiding moes dien vir die sekondêre onderwys, en omdat die leerstof vir Hollands of Afrikaans dan meer geleidelik en stelselmatig behandel sou kon word. Op 29 Julie 1914 het die Provinsiale Raad oorgegaan tot so 'n besluit.(1)

Eers in die verslag van 1915 word die belangrikheid van oorgang weereens breedvoerig bespreek, en word die bewering geopper dat die leer van onafgebroke onderwys aanvaar moes word.(2) Die Direkteur was van mening dat die kind gedurende die leeftyd van 12 of 13 jaar binne die sfeer van georganiseerde opleiding gebring moes word. Hy meen dat die oorgang en aansluiting 'n suiwer spontane en opvoedkundige beginsel moet wees. Die opvatting dat die laerskool as iets volledigs en afgerond beskou moes word, het stadigaan verdwyn, en mettertyd het die sienswyse by opvoedkundiges posgevat dat dit 'n voorbereidende afdeling moes wees wat die oorgang tot die middelbare skool vorm.(3)

Tydens hierdie stadium het die Direkteur tot die gevolgtrekking gekom dat die oorgang onder die heersende toestande na beëindiging van standerd VI moes plaasvind. Terselfdertyd was die Raad van Onderwys daarmee eens dat dieselfde standerd die uiterste grens van die laerkursus moes wees, met ander woorde standerd VI sou by die laerskool tuishoort, waardeur oorvleueling uitgeskakel sou word. Die Direkteur beklemtoon weereens die gemeenskaplike karakter van die onderwys. Volgens hom moet die laer onderwys een geheel vorm saam met die middelbare onderwys.(4)

Die stadium waarop met middelbare onderwys begin moes word, word veral in die verslag van 1916 beklemtoon.(5) In/...

1) Ibid.: 6, 38.
2) Ibid.: 1915: 17.
3) Ibid.: 1915: 13.
4) Ibid.: 10-16.
5) Ibid.: 1916: 11.

In hierdie jaar was die aansluitingsvraagstuk weer ter sprake. Op aanbeveling van die Direkteur sou oorplasing na die middelbare skool verkieslikor wees na afloop van standerd V. Die leerling sou dan vyf jaar op die middelbare skool deurbring, wat terselfdertyd die organisasie sou vergemaklik te midde van die buitensporige groot getalle van die laerskole. Met hierdie doel voor oë is heelwat moeilikhede ondervind met die verskaffing van die nodige onderwysfasiliteite, veral aan die Witwatersrand. Daarby was daar 'n groot behoefte aan 'n aaneenskakelende leergang in Hollands (Afrikaans).(1)

In die loop van 1916 is ernstige pogings aangewend om 'n leerplan saam te stel wat sou strek vanaf standerd I tot en met matrikulasie. So 'n poging was voorheen nog nie aangewend nie. Omdat die leerplan nou hoofsaaklik toegespits was op die matrikulasie-eksamen, is aansluiting betreklik moontlik gemaak. Tot dusver was die Hollandse leergang van die laerskool slegs onderworpe aan die veronderstelling dat die meeste leerlinge die skool sou verlaat na voltooiing van die standerd VI kursus. "Het stond dus niet in betrekking tot de kursus van de middelbare scholen dat de twee te zamen een geregeld opklimmende en aaneengesloten geheel vormden."(2)

Die aandrang op 'n tienjarige kursus het steeds toegeneem, ten spyte van die feit dat die "Transvaal Teachers Association" grotendeels die belange van die laerskool voorgestaan het en daarop aangedring het dat sekere laerskole op die Rand nie die leerlinge na standerd VII of VIII moes oorplaas nie, aangesien oorplasing 'n steurende en vernietigende uitwerking sou bewerkstellig. Die Direkteur aan die ander kant was egter van mening dat oorplasing die leerlinge sou aanspoor omdat hulle tydens hierdie lewensfase smag na avontuur, kennis en omgang met andere, as gevolg waarvan hulle van die drange van die kinderjare ontslae wou raak.(3)

---

1) Ibid.: 15-16.
2) Ibid.: 24.
3) Ibid.: 1917: 59-60.

In 1917, toe Hollands al feitlik van die toneel wou verdwyn, word die eerste aaneenlopende leergange vanaf standerd I tot X vir al die vakke in werking gestel, sodat in die verslag van 1921 melding gemaak kon word van die maatskaplike en sedelike vooruitgang, gepaard met intellektuele ontwikkeling van die tienjarige kursus.(1) Dit was aaneenlopende leergange; 'n aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool, maar ten opsigte van Hollands/Afrikaans, was daar nog nie volkome tevredenheid bereik nie.(2) Selfs aan die einde van hierdie periode was die aansluitingsvraagstuk nog nie opgelos nie. Die Direkteur se sienswyse het weereens verander as gevolg waarvan die aansluiting na beëindiging van standerd V moes plaasvind, veral in die groot stede waar dit baie noodsaaklik was.(3)

4. KRITIESE BESKOUING.

Soos blyk uit die talryke jaarverslae, het die taalvraagstuk as gevolg van die Onderwyswet van 1907 'n radikale en noemenswaardige omwenteling deurgemaak. Die Smuts-wet was wel 'n verbetering op Ordonnansie No.7 van 1903, maar as die saak mooi op die keper beskou word, het die Hollands-Afrikaanse leerling nie meer ontvang as wat Ordonnansie No.7 van 1903 aangebied het nie. Desnieteenstaande het die inhoud van Hollands aansienlik uitgebrei. Sodoende het die onderwysstelsel meer en meer Hollands-georiënteerd geraak.(4) Verder het die volgende nuwe skoolregulasies van krag geword.

Eerstens het die C.N.O.-beweging sy stem verhef, wat voorsiening gemaak het vir Hollands as onderwysvak, totdat die eersterangse Taal-ordonnansie (No.5 van 1911) nie alleen die brandende taalvraagstuk opgelos het,(5) maar ooreenkomstig die nuwe taalbepaling kon Hollands 'n veelseggende plek in die skoolwese verower. Hierdeur is die verengelsingsbeleid wat/...

1) Ibid.: 1921: 8.
2) Ibid.: 1917: 61.
3) Ibid.: 65; Het Christelik Schoolblad, 1 Julie 1917: 2.
4) Botes: t.a.p.: 50-52.
5) Coetzee: t.a.p.: 124, Coetzee en Bingle: t.a.p.: (Laer Onderwys): 84; T.O.D.: Jaarverslag 1912: 5-6; Botes: t.a.p.: 69-71; Taal-ordonnansie No.5 van 1911.

wat reeds vanaf 1900 stelselmatig in die skole toegepas is, geleidelik tot agteruitgang gedwing. Origens verskaf die verslae van die inspekteurs en die Direkteur van Onderwys 'n duidelik beeld van die steeds toenemende onderwyspeil en ontwikkeling van Hollands as onderwysvak op die laer - en die middelbare skool waar die leerling met grondige taalkennis toegerus is.(1)

Hoewel dr. Adamson in sy verslag van 1910 die algemene taaltoestand as bevredigend beskou, gee hy 'n omvattende uiteensetting van die taalklousules en glo hy op sielkundige gronde aan moedertaalonderwys.In 1912 kon hy getuig van nog verdere verbetering van die taalonderwyspeil.Alhoewel dit stadig was, is dit nogtans as bevredigend beskou.Nieteenstaande hierdie feite was die taalkennis in die plattelandse skole nog gebrekkig — die redding van hierdie skole vir doeltreffende aansluiting, het egter in sentralisasie gelê.

In 1913 het die Direkteur eweneens van oortuigende vooruitgang melding gemaak, veral as gevolg van die sentralisasiebeleid en die verhoogde peil van die taalonderwys. Wat Hollands betref,was die aansluitende taalstof nie alleen die mikpunt nie, maar ook om die werk nie te laat verwaarloos nie. Daar is dus orals verdienstelike werk gelewer, ofskoon inspekteurs Ligertwood en Botha hieroor pessimisties was.(2)

Maar skaars het Hollands sy plek as onderwysvak in die skole verower, of in 1912 word 'n agitasie op tou gesit om Afrikaans as voertaal en skryftaal in die skole van Transvaal in te voer.(3) Artikel 137 van die Unie-wet wat Hollands as offisiële taal naas Engels erken het, is so gewysig dat Hollands ook Afrikaans ingesluit het. Van nou af was dit feitlik 'n stryd tussen Afrikaans en Hollands, daar die stryd van Hollands teen die /......

1)T.O.D.: Jaarverslag 1908:99-102; 1910: 63-66; 1911: 31; 1912:11-13; Botes:t.a.p.:71-74
2)Ibid.:1910: 23-25; 1911 :31; 1912:12,76; 1913:30.
3)Het Christelik Schoolblad, Mei 1912: 4, 15.

die oorheersing van die Engelse taal in beginsel reeds gewonne was.(1)

Voortaan moes Afrikaans ook as taal op skool onderwys word, eers in standerd I in 1917, totdat dit in 1922 van krag sou word vir al ses standerds van die laerskool, voorwaar 'n nuwe mylpaal in ons onderwysgeskiedenis.(2) Die grondslag van Afrikaans vir die laer- en die middelbare onderwysstelsel is egter tydens hierdie periode gelê, ofskoon die volkome ontwikkeling eers in 1918 stabiliteit en finaliteit bereik het.(3)

Die daarstelling van verskeie leergange in Hollands, het ten spyte van voortdurende ontwikkeling, hoegenaamd nie volledige opleiding aan die leerling verskaf nie. Derhalwe het die aansluitingsproses nog baie te wense oorgelaat. Hierdie tekortkoming kon alleen uit die weg geruim word deur 'n goedbeplande leergang waar doel en inhoud 'n organiese verband gevorm het.

Tog word die leerstof vir Hollands wat na 1900 beperk en ondoeltreffend was, deur die "Bepalingen en Leergangen vir Lagere en Middelbare Scholen" van 1909, eenvoudig en doeltreffend omskryf. So byvoorbeeld moes die sieldodende woord- en sinsontleding verdwyn, terwyl dit deur spreekoefeninge vervang is. Ongelukkig was die skriftelike oksamens van deurslaggewende belang, terwyl die opvoeders vergeet het dat goeie mondelinge werk ook die skriftelike gedeelte sou verbeter. Origens was daar egter weinig onderskeid tussen die leergang van die laer- en die middelbare skool.

Desnieteenstaande het hierdie voorgeskrewe leerplan of leergang 'n gesonde deurlopende verband, aansluiting tussen die laer- en die middelbare onderwysstelsels as kernbeginsel vasgelê. Hiervolgens kon afgelei word dat die leergang/...

1) T.O.D.: Jaarverslag 1912: 5-6, 11.
2) Het Christelik Schoolblad, 1916: 5.
3) Botes: t.a.p.: 71-73; Report of the Education Commission, 1917: 25; Steyn: t.a.p.: 5-8.

leergang deeglik rekening gehou het met die leerling se skoolloopbaan. Verder sou oorplasing na die middelbare skool na afloop van standerd V geskied, wat 'n belangrike opvoedkundige grondbeginsel is omdat dit vandag nog deurgaans in Transvaal 'n geldende maatreël is.[1]

Die invoering van die gedifferensiëerde en gewysigde leerplan van 1913, nl. "Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen" vir dorp- en plaasskole, was 'n verdere stap tot vooruitgang. Dit het egter afbreuk gedoen aan die vraagstuk van kontinuïteit wat deur die leergang van 1909 in die vooruitsig gestel is, deurdat dit voorsiening maak vir die groepstelsel. Derhalwe het die organiese verband tussen die twee opvoedingstelsels ontbreek.[2] Verder was sommige ouers as gevolg van die groepstelsel die mening toegedaan dat hulle kinders teruggeplaas is. Maar tog het die groepstelsel die werksaamhede van kleiner skole aansienlik verlig en eweneens doeltreffend gemaak.

Die publikasie van die samevattende leerplanne van 1917 wat sou strek vanaf die grade tot standerd X, was die resultaat van die lewenslange opvoedingsideaal van dr. Adamson, nl. 'n tienjarige skoolloopbaan vir alle leerlinge. Voorheen was daar volledige laerskool-leerplanne in gebruik, maar die middelbare skole was onderworpe aan die matrikulasie-eksamen, gevolglik was die verskyning van die nuwe volledige leerplanne vir die hele skoolstelsel die hoogtepunt van hierdie periode, en terselfdertyd 'n poging om beter aansluiting tussen die onderwysstelsels te bewerkstellig.

Dwarsdeur hierdie periode het die aansluitingsvraagstuk en oorplasing die aandag van opvoeders geniet. Die Direkteur se sienswyse in verband met die verhoudingsvraagstuk is/...

1) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen, ens. 1909: 1-12; T.O.D.: Jaarverslag 1912: 5,6-7.
2) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen 1913: 5-6.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1915: 117, 123; 1917: 25, 182; T.O.D.: Leergangen op de Lagere School en Middelbare Leervakken, ens. 1917: 5- 6.

is van so 'n aard dat die laerskool vir die middelbare skool moet voorberei, terwyl die middelbare skool weer by die laerskool moet aansluit, ongeveer op 12-13 jarige leeftyd. Dit was opvoedkundig gewens om die skeidslyn daar te trek. Die skeiding tussen die primêre en die sekondêre onderwys was egter nog nie 'n uitgemaakte saak nie, aangesien die Direkteur dikwels van sienswyse verander het. Sy opvoedingsideaal sou seker onbereikbaar gebly het, as hy die korrelasie-eise nie streng gehandhaaf het nie.

Te oordeel na die verhoging van middelbare afdelings tot selfstandige middelbare skole, het die praktyk bewys gelewer dat doeltreffender aansluiting, veral na 1917, bewerkstellig kon word. Die aansluiting na standerd VI is egter verkry, terwyl 'n vyfjarige kursus aan die middelbare skool toegestaan is, voorwaar 'n baie opvoedkundige prosedure.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die tydperk van 1910-17 feitlik 'n periode van konsolidasie was, toe die Transvaalse skoolwese met die laer- en die middelbare skool nie langer soos twee divergerende lyne uitmekaar geloop het nie, maar deur nouer aansluiting die toekomstige verhoudings op onderwysgebied gelê het.

# HOOFSTUK IV.

## VOORTSETTING EN ONTPLOOIING VAN DIE TAALONDERWYS EN DIE AANSLUITINGSVRAAGSTUK IN DIE PROVINSIE GEDURENDE DIE TYDPERK 1918 - 1927.

### 1. LAER ONDERWYS

#### a. Invoering en plek van Afrikaans as onderwysvak in die skoolwese.

Die geleidelike vervanging van Hollands as voertaal en as vak deur Afrikaans, was gedurende 1918 dus 'n uitgemaakte saak. In baie skole op die platteland is op hierdie tydstip Afrikaans geleer vanaf standerds V - VII, en selfs daar bo, terwyl die laer klasse nog Hollands geleer het.(1) So was daar in 1920 nog skole waarop Hollands onderwys is.(2)

In die inspekteursverslae oor die jaar 1918 word gerapporteer dat die vooruitgang en die natuurlike gebruik van Afrikaans waarlik verbasend is, nieteenstaande die groot gebrek aan die nodige beskikbare leerboeke. Die leerlinge lees nou baie natuurlik en praat besonder vlot. Inspekteur H. Visscher getuig eweneens van goeie vordering waar die taalsaak geesdriftig aangepak is.(3) In dieselfde jaar het die V.V.O.O.T.A.-kongres verder by die Direkteur daarop aangedring om Afrikaans as vak vir die laer- en die middelbare onderwys moontlik te maak.(4) Nog voordat die Uitvoerende Kommissie aan hierdie besluit uitvoering kon gee, was daar alreeds sprake van onderrig in Afrikaans op sommige skole.

Gedurende die eerste jare na 1919 het inspekteurs nog steeds melding gemaak van die toenemende mate waarin Afrikaans ingevoer is.(5)

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1917: 132-134; 1918: 65; 1919: 113, 164-167; Coetzee: t.a.p.: 135; Coetzee en Bingle: t.a.p.: 85, 109.
2) Ibid.: 1920: 183; 1924: 5.
3) Ibid.: 1918: 65; Schmidt: Ondersoek na die Waarde van Afrikaans as medium van Onderwys vir Afrikaanssprekende leerlinge: 17.
4) Het Christelik Schoolblad, Feb. 1919: 2-3.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1919: 110,115,136,146,164-165; 1920: 63; Coetzee en Bingle: t.a.p.: 85-86 (Laer Onderwys); Schmidt: t.a.p.: 3-5.

Bowendien het dit 'n noodsaaklike grondslag gevorm vir die leerling se ontwikkeling en kulturele agtergrond. Weens die gebrekkige onderrig van Hollands ten opsigte van praat, lees, resitasie en eenvoudige diktee, wat elkeen geïsoleerde onderdele van die taal gevorm het, veral in die laer standerds, en ter wille van eenheid en behoorlike aansluiting tussen die onderwysstelsels, was dit absoluut wenslik dat Hollands onmiddellik deur Afrikaans vervang moes word. Uitgaande van hierdie grondbeginsel sou Afrikaans eers in die sub-standerds en in standerds I en II onderrig word, terwyl die verandering later geleidelik in standerds III en IV aangebring sou word. Standerds V en VI moes met Hollands voortgaan, behalwe in die skole waar reeds met Afrikaans begin is.(1)

Maar tydens hierdie jare het die voertaalvraagstuk ook nog gedurig ter sprake gekom waardeur die aansluiting beïnvloed is, daar die taalklousules van die Smuts-onderwyswet, soos gewysig deur die Rissik-ordonnansie van 1911, steeds irriterende moeilikhede opgelewer het. Veral op die platteland het meer en meer skole uitsluitlik van Afrikaansmedium gebruik gemaak.

Dog tydens die jaar 1919 was daar egter nog 'n aantal skole waarop met Hollands as voertaal sowel as vak voortgegaan is.(2) Ter wille van eenvormigheid in die Transvaalse onderwysstelsel en die daarstelling van 'n stelselmatige aaneenlopende leergang, was dit tog absoluut wenslik dat alle skole op 'n sekere stadium met Afrikaans 'n aanvang moes maak.(3)

Volgens inspekteur Botha het die invoering van Afrikaans die kontinuïteit tussen die onderwysstelsels aansienlik bemoeilik, veral waar leerlinge van een skool na 'n ander oorgeplaas is, en waar Hollands nog in die gedrang was. Waar/...

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1917: 134; 1919: 146; 1920: 182, 193; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1924: 22.
2) Ibid.: 1919: 110, 115; Malherbe: Die Tweetalige Skool: 30-32; Schmidt: t.a.p.: 3-5; Botes: t.a.p.: 77-79.
3) Ibid.: 1919: 109, 110, 115.

Waar Afrikaans in sekere skole in standerds II- V as vak ingevoer is, is bevredigende resultate gelewer, maar die onplanmatige taalstof het nog nie sy vormende deel tot die onderwys bygedra nie.(1)

Weliswaar het die invoering van Afrikaans heelwat meningsverskil(2) en vooroordeel in sommige kringe uitgelok. Dit het verder meegebring dat onder Hollandsmedium meer en meer Afrikaansmedium verstaan is. Maar omdat Afrikaans nog in sy elementêre stadium was, was die vordering baie langsaam. Dit was veral die toestand op die platteland.(3)

Op die Randse skole was toestande egter anders. J. Lub, Hollandse inspekteur, het veral oor die mondelinge deel van die Laerskool-sertifikaateksamen die volgende beswaar geopper:

„Dit werk is in veel gevallen tydverspillen en nutteloos. Zolang hoofden van scholen maar toelaten wat er by toeval in standerd VI zit, al behoren de leerlingen in standerd II te zyn, zal de Hollandsche inspekteur moeten voortgaan met tydvermorsen. Kinderen komen in school en weigeren Hollands te nemen of hebben vroeger nooit Hollands geleerd....."(4)

Hieruit blyk baie duidelik dat Afrikaans nie in die hoër standerds as vak ingevoer is nie. Lub het verder gekla dat waar Hollands as vak onderrig is, maar Afrikaans gepraat word, dit ernstige verwarring veroorsaak het.(5) Ooreenkomstig die meeste inspekteursrapporte moes Afrikaans nie alleen gepraat word nie, maar ook geskryf word. Hoe eerder al die skole hierdie grondbeginsel aanvaar en handhaaf, hoe gouer sal die ander vakke tot hulle reg kom.(6)

In die verslag van 1920 kon gerapporteer word dat Afrikaans vir goed sy verskyning gemaak het en dat dit van groter praktiese waarde sou wees as wat Nederlands was, as gevolg/...

---

1) Ibid.: 15.
2) Ibid.: 1917: 17.
3) Ibid.: 1919: 125; Coetzee en Bingle: t.a.p.:86 (Laer Onderwys)
4) Ibid.: 1919: 145.
5) Ibid.: 146.
6) Ibid.: 86, 165.

as gevolg van die feit dat Afrikaans 'n lewende taal was wat die leerling tuis en op straat gebesig het.[1] In dieselfde jaar het A.J. de Vos die volgende geskryf:

"Werk in Afrikaans toon aanmerklik verbetering op wat vroeër in Nederlands gedaan is. Ongehinderd deur die "het" en "de" reëls, vind die leerling sig ten laaste vry om 'n bietjie aandag aan taal en vorm te bestee".[2]

Die ouers was op hierdie stadium oortuig van die noodsaaklikheid dat hulle kinders 'n grondige kennis van Afrikaans moes opdoen. Daarenteen het opvoedkundiges uiterste pogings aangewend om in die kind se taalbehoeftes te voorsien.[3] Volgens die eksamenverslae was die getal leerlinge wat Afrikaans geleer het in 1921 baie groter as dié wat Hollands geleer het as gevolg van die onweerstaanbare drang na eersgenoemde.[4]

In 1923 kon inspekteur Moerdijk die goeie vordering van Afrikaans op die Rand as verrassend beskryf,[5] alhoewel baie ouers nog nie met die gedagte besiel was om Afrikaans as skoolvak te erken nie.[6] Beskou vanuit voorgaande gesigspunt oor Afrikaans laer, was die uitslae egter teleurstellend, 'n verskynsel wat die eksaminatore onder die indruk gebring het dat aan hierdie vak op die Rand nie die nodige aandag gewy word nie.[7]

Nadat die stelsel van uitsluitlike moedertaalmedium reeds 'n tydlank gefunksioneer het, kon sommige inspekteursverslae in die loop van 1925 melding maak van 13 Afrikaansmediumskole op die Rand-Sentraal. Vanaf 1925 ontvang die groot meerderheid leerlinge primêre en tot 'n enigsins mindere mate ook middelbare onderwys in hul eie taal.[8]

In die jaar 1927 het Afrikaans in verskeie skole merkbare vooruitgang gekenmerk.[9] Dit is grootliks te danke aan/...

1) Ibid.: 1920:181; Schmidt: t.a.p.: 13.
2) Ibid.: 146; Coetzee & Bingle: t.a.p.: 86 (Laer Onderwys).
3) Ibid.: 1921: 98-99.
4) Ibid.: 169.
5) Ibid.: 1923: 114.
6) Ibid.: 140.
7) Ibid.: 1924: 111-112.
8) Ibid.: 1925: 92-94.
9) Ibid.: 1927: 98.

aan die instelling van huistaalmedium. Hollands aan die ander kant het teen 1927 nie meer 'n noemenswaardige rol gespeel nie. Daarenteen was Afrikaans aan die einde van 1927 so ingeburger dat dit nog steeds van krag tot krag gegaan het.(1)

b. <u>Doeltreffende onderrig en bestendige vooruitgang van Afrikaans.</u>

Soos reeds aangetoon is, was die vordering van Afrikaans in feitlik elke skool merkbaar, nadat dit 'n stewige plek in die skoolwese verower het. Gedurende die jaar 1919 was daar meer leerboeke vir onderwysdoeleindes beskikbaar.(2) Ongelukkig het die gebrek aan lees- en taalboekies 'n stremmende invloed op die leergang uitgeoefen. Met die loop van jare is hierdie gebrek verhelp en die leergang is uitgebrei deur die verskyning van aanvullende leerboeke wat by Suid-Afrikaanse toestande gepas het.(3)

Tydens hierdie stadium het Afrikaans as skoolvak en spreektaal aansienlike vooruitgang getoon. Wat veral opmerklik was, was die wyse waarop die vak in die laer klasse met gemak gelees en verstaan word.(4) Ondanks die latere vereenvoudigde spelling, het die onderrig nog maar altyd 'n moeilike saak gebly, voral as gevolg van die stryd: "bly-so-na-aan-die-Nederlands-as-moontlik, en skryf soos jy praat- beginsel." Eenvormigheid van spelling vir skoolgebruik was absoluut 'n grondvereiste, gevolglik het ons taal nooit soveel aandag ontvang as toe nie.(5)

Weliswaar het die inspeksieverslae telkens na die onderwys van Afrikaans verwys. Die kernvraag wat feitlik by al die inspekteurs in 1919 ontstaan het, was of Afrikaans in sy destydse vorm geskik was om in alle onderwysbehoeftes te voorsien, of al die vakke deur Afrikaansmedium onderwys kon word, en of dit origens voordelig en opvoedkundig gesond sou wees vir/....

1) Ibid.: 1925: 19.
2) Ibid.: 1919: 114.
3) Ibid.: 136.
4) Ibid.: 127; 1920: 170.
5) Het Christelik Schoolblad, 1 Junie 1920: 9.

vir die leerling om deur middel van Afrikaans onderwys te ontvang.(1)

Die kardinale moeilikheid was egter om 'n doeltreffende taalskema op te stel wat sou aansluit tussen die laer- en die middelbare skool. Gewoonlik is die saak opgelos met 'n paar sinsnedes, spreekoefeninge in verband met die leesles en spreeklesse, sonder inagneming van bepaalde taalbeginsels ten opsigte van koördinasie.(2) In standerds I-V moes met spreekoefeninge volgens 'n vaste skema begin word. Aanskouings- en spreekonderwys was veral baie treurig en onsorgvuldig in die laer klasse onderrig. Verder is die aanleer van eenvoudige gediggies in die laer standerds aangemoedig. Vir praatonderrig en resitasie is elk minstens twee uur per week beskikbaar gestel.(3)

Belangrik egter, is ook om te meld dat aan leesonderrig te veel tyd bestee is, terwyl boeke gebruik is waarvan die leerling die inhoud nouliks kon begryp,(4) en wat nie by sy belangstelling aangepas het nie. By die taallesse en - oefeninge is dikwels onbeduidende onderwerpe as leerstof gebruik sonder die nodige verband met die leesles of ander vakke. Taaloefeninge moes inteendeel die meeste tyd in beslag neem.(5)

In 1919 het Moerdijk gekla dat die onderwys van Afrikaans te dikwels van die lewe geskei was. Tog was dit 'n essensiële vereiste dat die skool vir die lewe moes voorberei. In die stede en dorpe het die leerling min geleentheid daartoe gehad. Hierdie opvatting van Moerdijk, nl. die aanpassing van die skoolwerk by die omgewing, het kragtig soos 'n suurdeeg deur die nuwe opvoeding gewerk.(6)

Volgens die rapporte van die eksaminatore was die gehalte van Afrikaans besonder bevredigend, veral die inhoud van/...

1) T.O.D.: Jaarverslag 1919: 251.
2) Ibid.: 1920: 138.
3) Ibid.: 1919: 252.
4) Ibid.: 1920: 138.
5) Malherbe: Die Tweetalige Skool: 29.
6) T.O.D.: Jaarverslag 1919: 149-150; Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen 1913: 25-26.

van die werk en die praktiese gebruik daarvan. Selfs die taalonderwysers "bewogen zich gemakkeliker, nu ze hun gedachten kunnen verduideliken in hun moedertaal."(1) Ongelukkig het die taalkennis heelwat te wense oorgelaat.(2)

Om in hierdie behoefte te voorsien, het sommige inspekteurs na 'n grondige ondersoek, 'n taalskema probeer vasle.(3) Hiervolgens moes daar meer tyd aan metodiese spreekonderwys bestee word, maar die tydsduur wat aan elke afsonderlike aspek van die huistaal bestee moes word, en die wyse waarop aansluiting sou plaasvind, is nie vasgestel nie. Aan diktee is te veel tyd bestee.(4)

Weens voorgaande onderwysleemtes het inspekteur Botha na deeglike en deurtastende ondersoek by die Departement van Onderwys die daarstelling van 'n uitvoerige leerplan aanbeveel. As gevolg hiervan moes 'n kommissie modelroosters van werksaamhede opstel. Hulle moes die hoeveelheid leerstof vir elke standerd bepaal en vasstel presies hoeveel tyd aan die afsonderlike onderafdelinge van Afrikaans bestee moes word, om beter aansluiting te bewerkstellig.(5)

Met die verloop van die jare het inspekteursrapporte meer en meer lig gewerp op die onderwys van Afrikaans, waarvan sommige baie skepties was. Vir resitasie moes daar 'n ruimer keuse wees sodat dit 'n meer poëtiese en literêre les word om by die leerling 'n opregte liefde vir goeie poësie en prosa aan te kweek.(6) By sommige taalgeleerdes was slordige styl, ernstige grammatikale foute en 'n hoogdrawende brabbeltaal, die mees algemene leemtes in die onderwys van Afrikaans as skoolvak.(7)

Dienooreenkomstig moes reëlings getref word om die/...

---

1) Ibid.: 1919: 151.
2) Ibid.: 1920: 209.
3) Ibid.: 1921: 34.
4) Ibid.: 1921: 98, 119-121; 1927: 141; 1923: 105.
5) Ibid.: 101- 102.
6) Ibid.: 1921: 128.
7) Ibid.: 178.

die toestand te verbeter. 'n Kommissie van ondersoek het na-dat proefondervindelik vasgestel is, tot die gevolgtrekking gekom dat taalonderwysers hulle nie daarop toelê om die mondelinge en skriftelike praktiese taalkennis aan die leerlinge tuis te bring nie. Sommige inspekteurs het gekla dat menige onderwysers onder die indruk verkeer het dat die leerling self die nodige taalkennis moes bekom. Onder dergelike omstandighede kon die taalstudie nie grondig geskied nie, en die leergang nie stelselmatig behandel word nie.

Hierdie tekortkoming kan miskien toegeskrywe word aan die feit dat 'n behoorlike georganiseerde skema ontbreek het.(1) Mettertyd is die peil van Afrikaans as onderwysvak egter deur bevoegde onderwyskragte verhoog. Sodoende is Afrikaans nie alleen aan ander vakke diensbaar gemaak nie, maar dit het ewen-eens 'n breër verstandelike en sedelike ontwikkeling by die leerling laat posvat.(2)

Oor die algemeen is Afrikaans goed onderwys,(3) maar in 1922 het P.M. van der Lingen in sy verhandeling met die opskrif, "Is ons Onderwys doeltreffend?" die mening uitgespreek dat die onderwys te veel vir eksamendoeleindes ingespan word. Ook vrae soos die volgende het by hom ontstaan: Wat is die doel met taalonderwys? Wat is moedertaal? Wat is die doel met die onderwys van die moedertaal?(4)

Geen wonder dat inspekteur Botha volmondig verklaar het dat Afrikaans slordig onderrig en die kursus onsamehangend was nie.(5) Twee jaar later beweer hy egter dat waar Afrikaans die huistaal is, in die reël goeie resultate behaal word.(6) Derhalwe was daar nie sprake van stilstand nie, want ooreenkomstig die rapporte van eksaminatore en inspekteurs was die algemene indruk van die kennis en gesonde ontwikkeling van Afrikaans/...

1) Ibid.: 35; 1923: 127.
2) Ibid.: 137.
3) Ibid.: 1923: 105.
4) Ibid.:1922: 97-98; 1923:120; Die Kristelike Skoolblad Feb. 1926: 27-28.
5) Ibid.: 1923: 131; 1925: 138.
6) Ibid.: 1925: 133-134.

Afrikaans hoër en - laer graad beslis gunstig en prysenswaardig.(1) Die vordering was verder verrassend as gevolg van die simpatieke en onbevooroordeelde wyse waarop Afrikaans as skoolvak deur onderwysers behandel is, en die intense belangstelling van die kant van die leerlinge.

Dit was egter jammer dat die Afrikaanse skoolleesboeke dikwels vreemd was aan die gedagtewêreld van die kind deurdat dit nie sorgvuldig gekies is om trapsgewyse by die belangstelling en stadium van ontwikkeling aan te pas nie.(2) Hierdie leemte word egter in 'n mate verhelp omdat in die verslag van 1925 melding gemaak word van aanvullende skoolboeke in Afrikaans vir verskeie Engelsmediumlaerskole. Baie skole moes egter nog klaarkom sonder die nodige geskikte leerboeke. Wat die skriftelike en mondelinge taalonderwys betref, het die onderwysers te min aandag geskenk aan die woordeskat, taalkundige sinsbou en idiomatiese uitdrukkings.(3) Meer spreekoefeninge in verband met alledaagse onderwerpe was 'n noodsaakliker eis, in plaas van die verafgoding van formele grammatika.(4)

Volgens die rapport van inspekteur D. Linney word Afrikaans egter grondig onderwys in die buiteskole sowel as in die dorpskole.(5) Ofskoon daar nog nie aan die begin 'n intensiewe studie van Afrikaans gemaak is nie, was dit veral wenslik dat die leerlinge van standerds IV en V stelselmatig die elementêre en fundamentele beginsels van die spraakkuns moes aanleer. Hierin het die verskeidenheid taalboekies wat in gebruik was voorsien, wat wel 'n vorm van oefening was, maar dit was onvoldoende en eentonig, en aangesien die taalkennis nie aansluitend was nie, het dit dikwels aanleiding gegee tot oppervlakkige taalstudie. Ons skoolwese het behae daarin geskep/...

---

1) Ibid.: 1923: 56; 1915: 138, 171; Die Kristolike Skoolblad, Feb. 1926: 30.
2) Ibid.: 1923: 57, 114.
3) Ibid.: 1925: 103.
4) Ibid.: 1923: 114.
5) Ibid.: 1925: 124, 130.

geskep om die bekende konserwatisme, nl. die Afrikaanse grammatika, te bly handhaaf in plaas van die meer moderne taalvorm aan te neem.

Uit 'n verdere oogpunt van die inspekteurs beskou, was die onderwys van Afrikaans dan ook dikwels gekenmerk deur 'n gebrek aan stelselmatigheid. Stelwerk het veral 'n groot agterstand gehad om in te haal. (1) Daarbenewens was die taal oor die algemeen deurspek met plat en slordige uitdrukkinge. Spreekwoorde en idiomatiese uitdrukkinge word deurgaans afsonderlik, sonder enige verband met ander taalaspekte gebrekkig onderrig. (2)

Soos blyk uit die resultate van die standerd VI-eksamen, is daar te veel gebruik gemaak van pappegaaiagtige beelkennis. (3) Wat Afrikaans laer op die plattelandse skole betref, was die werk oor die algemeen goed, (4) en kon inspekteurs Botha en A. Stephen in 1927 getuig van 'n verdienstelike peil wat in etlike skole bereik is. (5) Deur die regte gesistematiseerde leerstof, wat volkome aansluiting in die hand werk, sou die veelvuldige gebruikmaking van taal- en stylleeroefeninge as middel om die klasse besig te hou, voorkom word. (6)

In die verslag van 1927 word bepaal dat die reekse oefeninge vir taalwerk in die laerskool volkome korrelasie in die hand behoort te bewerk, om sodoende die verskillende onderafdelinge as basis te laat dien vir die hele taalstudie, asook met die ander leervakke. (7) Selfs aan die einde van hierdie periode het inspekteurs Botha en Stephen gerapporteer dat daar veral gesondig is omdat spreekoefeninge nie in verband met die mondelinge en skriftelike steloefeninge gestaan het nie. (8) Ten/..

1) Ibid.: 1923: 124, 127..
2) Ibid.: 1925: 171; Die Kristelike Skoolblad Feb. 1926:30.
3) Ibid.: 1923: 133, 164, 184.
4) Ibid.: 1925: 171; Die Kristelike Skoolblad Feb.1926: 30.
5) Ibid.: 1925: 138, 145, 154-155; 1927: 141.
6) Ibid.: 1923: 127; 1927: 85-86.
7) Ibid.: 1927: 84-86.
8) Ibid.: 141.

Ten slotte kan daarop gewys word dat die Afrikaanssprekende leerlinge hulle gedagtes op verstaanbare en logiese wyse uitgedruk het, maar hulle ontoereikende woordeskat, gebrekkige woordkeuse en slordige styl en interpunksie, moes meer aandag geniet. Dit was opvallend dat veral verkeerde gebruik van die voorsetsels, lomp sinswendinge, anglisismes en verontagsaming van die leestekens hul deeglik in die taalonderwys laat geld het.(1)

c. Afrikaans as integrale deel van die leerplan.

Die sporadiese verskyning van Afrikaans in die plek van Hollands in 1918, het 'n geweldige invloed op die onderwys van Transvaal uitgeoefen. Afrikaans moes egter 'n lang ontwikkelingsproses in die skole deurmaak sowel as spreek- en skryftaal voordat sy plek finaal in die leerplan gevestig was.(2) Op grond van meningsverskil en ondersoekinge, het die leerstofinhoud ook nog betreklik baie twyfel laat ontstaan. Nogtans het Afrikaans tydens hierdie periode 'n nuwe fase binne getree.

Aan die begin van 1918 verskyn "Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen" (hersiening) wat wel 'n verbetering was op vorige leergange, maar die onderlinge verband betreffende die taalverskynsels het nog aansienlik ontbreek. In die Algemene Opmerkinge word Hollands nogeens as vak beklemtoon,(3) maar in die verslag van 1918 wys die inspekteurs op die stiefmoederlike behandeling van hierdie vak en sy karige bestaan in die leerplan.(4)

Ten opsigte van die taalonderwys is die leergang betreklik vereenvoudig en daarby uitvoerig opgestel. Tydens hierdie jaar is spraakkuns feitlik afgeskaf, terwyl in die plek daarvan talryke taaloefeninge voorgeskryf is, wat slegs onbenullige taalkundige reëls ingesluit het. Die werk van elke ..

---

1) Ibid.: 1923: 124, 127; 1927: 91-92.
2) Ibid.: 1919: 110; 1927: 88.
3) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen, 1918: 5; Jaarverslag 1918: 7.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1918: 14.

elke vak was weer net soos tydens 1913 in opeenvolgende jaarkursusse verdeel, maar die taalonderwys was kragtens die grondbeginsels van 1913 weer vir groepe georganiseer, as gevolg waarvan 'n onderwyser weereens opgeskeep was met vier of vyf groepe.

Volgens bogenoemde leergang moes die leerstof van so 'n aard wees dat dit soveel moontlik geskik kan wees vir leerlinge op drie verskillende trappe van ontwikkeling.(1) Sommige van die taalfeite was ondoeltreffend en onsamehangend deurdat daar geen aandag geskenk is aan hul oorsaaklike verband nie. Daarbenewens was die leerstofinhoud onverandord van dié van 1913. Groep IV, dit wil sê standerds V en VI, sowel as die enkele leerlinge van standerd VII, het hoofsaaklik dieselfde leergang gevolg.(2)

Om hierdie toestand te verbeter, is op Woensdag, 27 Oktober 1922 in 'n toespraak van die Direkteur gemeld dat die vraagstuk van 'n uitvoerige onderwysprogram vir Afrikaans in oorweging geneem is. Maar volgens hom was dit nie wenslik om dit in die plek van die bestaande leergang in Hollands te stel voordat die tydperk van oorgang van laasgenoemde na eersgenoemde finaliteit bereik het nie.(3)

Daar die Direkteur die taal op 'n opvoedkundige basis wou laat berus, was sy opvatting dat die leergange van enige onderwysstelsel voorbereidend behoort te wees. Dit is daarom van belang dat een afdeling logies en sistematies geleidelik moet oorgaan in die volgende en net so geleidelik voortvloei uit sy voorganger sodat die verband steeds behou kan word.(4) Die laerskoolkursus vorm wat die moedertaal betref, die laer- of voorbereidende trap, en moet derhalwe so ingerig wees dat dit by die middelbare skool aansluit.(5) En/...

---

1) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen, ens. 1918: 5-6.
2) Ibid.: 7, 25-26.
3) Het Christelik Schoolblad, Nov. 1922: 13.
4) Ibid.: Junie 1923: 8-9; Jaarverslag: 1905-1906; Adamson: t.a.p.: 54.
5) Ibid.: 10.

In die verslag van 1923 word die bestaande kursus as te eng beskou. Hierop word vir die eerste keer melding gemaak van 'n leergang of leerplan vir Afrikaans, waar die vak voorheen 'n minderwaardige plek in die rooster van werksaamhede ingeneem het.(1) Volgens die inspekteurs en eksaminatore moet so 'n leergang 'n stelsel van aansluiting en voortsetting wees, terwyl 'n juiste indeling van die leerstof van ewe groot belang is.

Hierop verskyn op 15 Oktober 1923, "Regulations governing primary Schools for white Children (Town Schools)," waarin die regulasies en wenke in verband met die leergange vir intermediêre skole, uiteengesit word.(2) Hierdie leergange was hoofsaaklik bedoel vir leerlinge wat die laerskoolkursus vir standerds VII of VIII wou voortsit en wat nie tot matriek wou deurdruk nie.(3)

In bogenoemde leerplan het Afrikaans (huistaal) nie alleen sy plek in dorp- en buiteskole verower nie, maar die beginsel van moedertaalonderwys word tewens terdeë gehandhaaf. Behalwe dat daar in die inleiding van die leerplan voorsiening gemaak is vir spreek- en leesonderrig, resitasie en taalkundige verskynsels,(4) was daar nou ook sprake van Afrikaans as tweede taal.(5) Die leergang vir dorpskole, groep 4 (standerds V en VI) het uit die volgende bestaan:

a. <u>Spreekonderwys:</u> Kort, mondelinge beskrywinge na aanleiding van 'n prent, gebeurtenis, plaas, persoon. Spreekoefeninge in verband met die leesles, waarvan die inhoud of 'n gedeelte daarvan in eie woorde herhaal word. Die leesboeke moes indien moontlik 'n samehangende verhaal in prosa wees.

b. <u>Leesonderwys:</u> Naas die gewone leesboeke word die leerlinge aangemoedig om gebruik te maak van 'n leesboek oor/...

1) T.O.D.: Jaarverslag 1919: 19-20.
2) Ibid.: 1923: 19-20, 113-114; Regulations governing primary Schools for white children, 1923: 24.
3) Coetzee: t.a.p.: 139.
4) T.E.D.: Regulations governing primary Schools, 1923: 25.
5) Ibid.: 29.

oor geskiedenis, aardrykskunde en natuurstudie. Selfstandig lees van ten minste twee prosawerke van 'n erkende skrywer. Leerlinge moes bewys lewer dat hulle die inhoud verstaan.

c. Taal- en stelwerk: Die lewende taal in prosa en poësie bly die basis vir die beoefening in verband met grammatika en sinsbou. Die spraakkundige kennis sou beperk bly tot wat nodig was vir 'n grammatikaal juiste skryfwyse. Praktiese oefening en vaardigheid in alledaagse korrespondensie: samehangende verhale in briefvorm of andersins (familiebriewe, besigheidsbriewe, uitnodigings en applikasies). Af en toe diktee. Vir taal- en steloefeninge moes geskikte boeke gebruik word.

d. Resitasie: Sestig reëls geskikte poësie en veertig reëls prosa is as minimum gestel.

e. Samestelling en ontleding van enkelvoudige en saamgestelde sinne: die sinsverband. Die rededele, met besondere verwysing na die funksies, soorte en verbuigings. Idiomatiese uitdrukkings en woorde in hulle oordragtelike betekenis.(1)

Ten opsigte van Afrikaans as tweede taal, was die leergang as volg opgestel:

a. Duidelik, verstandig en natuurlik lees van prosa en poësie uit minstens twee geskikte leesboeke.

b. Skriftelike mededeling deur middel van 'n opstel of 'n brief van wat die leerling gelees, gehoor of ondervind het. Verskillende vorms van korrespondensie.

c. Uitbreiding van die woordeskat.

d. Duidelik en met gevoel voordra van geskikte stukke prosa en poësie.(2)

In die inleiding was daar wel sprake van onderlinge samehang in die werk, maar standerds V en VI het presies dieselfde leergang gevolg, terwyl daar hoegenaamd geen voorsiening vir standerd VII gemaak is nie. Onder dergelike omstandighede was daar 'n groot leemte ten opsigte van aansluiting.

1) Ibid.: 24- 27.
2) Ibid.: 28- 29.

In die verslag van 1924 was die algemene opmerking oor die grondbeginsel van die eerste Afrikaanse leergang, die vorming en intellektuele ontwikkeling van die leerling se taalvermoëns op velerlei gebied, waardeur hy sy gedagtes op verstaanbare wyse kon uitdruk, maar sonder behoorlike inagneming van die aansluitingsaangeleenthede.(1)

Hoofsaaklik as gevolg van voorgaande gebeure het die onderwysowerheid gevoel dat die tyd aangebreek het vir die daarstelling van 'n leergang waarvan die taalaspekte 'n kombinasie moes vorm, in plaas van afsonderlike dele. So 'n leergang moes egter nie net uit ongesistematiseerde formules bestaan nie. Op grond hiervan het die Direkteur die logiese ontwikkeling van die stelsel trapsgewyse ingevoer, wat die leerling in die geleentheid gestel het om later 'n volledige middelbare kursus te voltooi.

Op die 28ste algemene jaarvergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging in 1925, is aanbeveel dat die Onderwysdepartement genader moes word om die leerkursusse soos vervat in die leerplan, te vervang deur meer gekontroleerde en afgebakende kursusse, met die oog op beter aanpassing by die lewe.(3) In dieselfde jaar het J. Knox gewys op die essensiële grondbeginsels van die onderwysstelsel en die ondoeltreffendheid van die laerskoolkursus deurdat dit geen praktiese voorbereiding vir die lewe en vir die middelbare skool bied nie, soos baie onderwysers op die middelbare skool kon getuig.(4)

Hierop het hy drie soorte skole en leerplanne vir die platteland aanbeveel. Die eerste leerplan sluit af by standerd III, die tweede met standerd VI. Hierna moet die leerplan sodanig gewysig word om as voorbereiding vir die middelbare skool te dien.(5) In hierdie verband is die taak van die laerskool immers om 'n grondslag vir die middelbare skool te lê, maar die/...

1) T.O.D.: Jaarverslag 1924: 95-96.
2) Ibid.: 1924: 162.
3) Het Christelike Schoolblad, Feb.1925: 7, 9.
4) Ibid.: Maart 1925: 7.
5) Ibid.: 8.

die leerplan het hierop nouliks of geen antwoord gegee nie. Dit het alleen melding gemaak van die taalkunde wat nou en dan behandel moes word. Trouens, die leerstof behoort vir elke leerjaar afgebaken en stelselmatig vasgestel te word.[1]

Uit die voorgaande vloei voort dat 'n stelselmatige hervorming van 'n metodiese leergang in Afrikaans as moedertaal, die hoofbeginsel in die skoolwese was, wat ruimskoots moes voldoen aan die eise en behoeftes van die lewe.[2] Alle leerlinge wat die vyfde standerd finaal afgelê het, is voor die keuse gestel om 'n driejarige kursus op 'n sentrale laerskool te voltooi of 'n vyfjarige kursus op 'n hoërskool.[3]

Volgens die meeste onderwysrapporte het die leergang in Afrikaans in die praktyk weinig vooruitgang gekenmerk. Gewoonlik het dit in blote boekekennis ontaard en alle praktiese betekenis verloor. Die voorgeskrewe leerstof is oor die algemeen stiefmoederlik en oppervlakkig behandel, veral op eenmanskole waar een onderwyser meer as twee standerds in dieselfde klas onderrig het. Origens was dit slegs amateurswerk sonder 'n behoorlike aaneensluitende stelsel.[4]

Ofskoon daar in 1923 van departementswoë 'n leergang in Afrikaans die lig laat sien is, het laasgenoemde eers in 1925 werklik 'n aansienlike plek in die leerplan verower, maar dit moes nog sy moontlikhede toon.[5] In hierdie verband het ds. Wm. Nicol die gunstige posisie van Afrikaans op die Rand beklemtoon en die mening uitgespreek dat 'n geskikte leergang met duidelike en afgebakende inhoud broodnodig was.[6]

Gedurende die jaar 1927 het die leergang 'n beter grondslag en natuurlike vorm aangeneem, toe die "Bepalinge en Leergange vir Buiteskole"[7] gepubliseer is. Hierin word die/...

---

1) Ibid.: 10-11.
2) Ibid.: 12, 18.
3) Ibid.: September 1925: 8.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1925: 118-121.
5) Bot: t.a.p.; 113; Malherbe: Die Tweetalige Skool:3.
6) Die Kristelike Skoolblad Feb. 1926: 6-7, 23.
7) Ibid.: Jan. 1927: 3-4, 25.

die leerstofinhoud ten opsigte van Afrikaans duideliker afgebaken as in die leergang van 1923, maar die groepstelsel was nog in swang.

Die regulasies vir openbare skole en afdelings van openbare skole, gepubliseer in Administrateurskonnisgewing No.53 van 1918 en gewysig deur Administrateurskennisgewing No.9 van 1919, is verder gewysig deur Administrateurskennisgewing No. 169 van 29 April 1924.(1) Kragtens die regulasies vir buiteskole, saamgevat in bylae I, kon klein dorpskole ook die leergange volg, mits die inspekteur sy toestemming gegee het. Standerds V en VI het nog uit een groep bestaan, terwyl die leergang betreffende Afrikaans nog fundamentele vraagstukke opgelewer het.(2) Daarbenewens het die leergang vir groep 4 (standerds V en VI) op hierdie bepaalde stadium niks nuuts opgelewer nie, terwyl die leerstofinhoud feitlik dieselfde was as die van die leergange van 1918 en 1923.

In bylae A van hierdie leergang word verder voorsiening gemaak vir spreekonderwys vir Afrikaans as tweede taal op die laerskole, (standerds V en VI), waar die taalverskynsels meer aandag geniet as in die geval van Afrikaans as eerste taal.(3) Tydens 1927 word daar nou ook behoorlik voorsiening gemaak vir lesroosters in Afrikaans.(4)

Afgesien van die feit dat Afrikaans 'n integrale deel van die leerplan gevorm het, was die Hollandse invloed egter nog nie heeltemal uit die leergang gewis nie. Vandaar dat die Afrikaanse woordeskat daaruit verryk moes word.(5) Selfs die kongres van die Transvaalse Onderwysersvereniging was gulhartig daarvoor dat die laerskole die band met Nederlands moes bewaar, maar dat dit ongewens is om die Hollandse taal vir intensiewe studiedoeleindes te gebruik.(6)

1) T.O.D.: Bepalinge en Leergange vir Buiteskole,1927: 5.
2) Ibid.: 6-7.
3) Ibid.: 12-15; Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen, 1918:5-26; T.E.D.:Regulations governing primary Schools for white Children, 1923: 24-29.
4) Ibid.: 49.
5) Die Kristelike Skoolblad, April 1926: 41.
6) Ibid.: Maart 1926: 7.

2. MIDDELBARE ONDERWYS.

a. Onderwys en merkbare vooruitgang van Afrikaans in Afrikaansmediumskole.

Afrikaans het Hollands ook spoedig op die middelbare skool verdring, maar egter nie geheel en al nie. Die inspekteur van die middelbare onderwys, het reeds in 1919 die aandag gevestig op die toenemende begeerte in sommige distrikte om Afrikaans in te voer as onderwysvak. Hierdeur het Afrikaans-georiënteerde skole geweldig uitgebrei as belangrike onderwys-sentra vir die ontwikkeling van die leerling se kulturele en nasionale agtergrond. Ongelukkig was die gebrek aan doeltreffende leerboeke nog 'n merkbare leemte.(1)

Gedurende die jaar 1921 het inspekteurs Ligertwood en de Vos aanbeveel dat met die invoering van Afrikaans gehaas moes word sodat Nederlands as vak finaal deur Afrikaans vervang kon word vanaf Januarie 1924. Te oordeel na die Engelssprekende leerlinge wat voorheen Nederlands geleer het, was die bereikte onderwyspeil van die kennis van Afrikaans besonder waardevol vir hulle sedert Afrikaans sy verskyning gemaak het, terwyl laasgenoemde bykans onmisbaar was vir Afrikaanssprekende leerlinge.(2)

Aanvanklik wou baie andersins goedontwikkelde ouers van Engelssprekende leerlinge wat Hollands-Afrikaans nog in die "ou" lig beskou het, nie hulle goedkeuring aan die onderrig van Afrikaans heg nie, as gevolg waarvan die onderwys van laasgenoemde slegs onsamehangende feite was. Tog het Afrikaans geleidelik die oorhand oor sulke ouers gekry.

Volgens inspekteur de Vos se rapporte van 1923 was die onderrig van Afrikaans op die meeste skole bevredigend en 'n waardevolle leidraad vir ander vakke.(3) Die eksamenkommissie/...

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1919: 86; 1920: 11; 1921: 16; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Maart 1924: 22.
2) Provinsiale Koerant No.530 van 4.2.20: 25 (Administrateurskennisgewing No.3); T.O.D.: Jaarverslag 1922: 64.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1923: 96.

eksamenkommissie het ook in 1924 gerapporteer dat die peil van Afrikaanshoër op die middelbare skool 'n gunstige indruk gemaak het en dat veral die opstel oral deur vooruitgang gekenmerk was.[1]

Hierna is werklik min verslag oor Afrikaans gelewer en ons kan dus aanneem dat die taal reeds goed ingeburger was. Maar in die verslag van 1925 word die volgende in verband met Afrikaans -hoër gesê:

"Die nasien van die antwoordboeke was ons 'n louter genot: so 'n verrassende oorspronklikheid van behandeling en selfstandigheid van oordeel op byna elke bladsy," was werklik bemoedigend.[2]

Vanuit 'n ander gesigspunt gesien, het die beperkte tyd en die groot verskeidenheid leerstofinhoud wat nouliks rekening gehou het met die ontwikkelingsgang van die opvoedeling, 'n atmosfeer van gejaagdheid en oppervlakkigheid geskep, wat seker nie in belang van die opvoeding was nie. 'n Beter intensiewe studie van Afrikaans waar die verskillende onderafdelinge doelbewus as basis kon dien vir die taalstudie in sy geheel, sou werk van 'n betekenisvoller inhoud en gehalte in die klaskamer ten gevolge gehad het.

Die hoofdoel van die middelbare skool behoort 'n vyfjarige kursus in Afrikaans te wees, en die leergang behoort afhanklik te wees van die aard van die opleiding wat bepaal word vir die laerskool, dit wil sê leerstof wat nie die verband tussen die laer- en die middelbare skool verbreek nie.[3]

In die verslag van 1924 het inspekteur F.W. Mills daarop gewys dat die onderwys van Afrikaans baie doeltreffender sou wees indien die tyd meer ekonomies gebruik kon word. By leesonderwys moes 'n redelike graad van doeltreffendheid en juistheid verkry word. Hy beweer dat daar 'n verbasende tydverspilling tydens leeslesse in die skole is. Hardop-lees is/...

---

1) Ibid.: 1924: 111-112.
2) Ibid.: 1925: 192.
3) Ibid.: 1924: 73.

is dikwels die enigste les wat nie baie voordele besit nie. Daarbenewens moet stadige- en swak lesers soms met moeite deur ongeskikte en oninteressante leesstof worstel.(1) Volgens hom moet die leesles en sy verband met taal- en stelwerk in gedagte gehou word.(2)

Mills het hom verder uitgespreek teenoor die onderwysers wat slegs gehunker het na spelling, diktee, grammatikale oefeninge, tydverspillende ontleding van sinne en geheuewerk. Poësie en prosa was in die reël nutteloos, deurdat die werk nie by die leerling se ontwikkelingstadium aangepas het nie.(3)

In dieselfde jaar word in die rapporte van die oksaminatore aanbeveel dat aan Afrikaans as vak meer aandag bestee moes word. Veral moes aandag gegee word aan 'n logiese indeling en 'n juiste verhouding tussen die verskillende vertakkinge van die taal, sonder om dit as geïsoleerde brokstukke te beskou, dit wil sê alle taalverskynsels, mondelinge en skriftelike werk moet 'n onderliggende samehang en korrelasie vorm by die leerstofsamestelling en die onderrig daarvan.(4)

In plaas van blote feitokennis moes daar veral meer aandag gewy word aan die ontwikkeling van insig, smaak en interpretasie.(5) Dit was verder opvallend dat stelwerk geensins 'n verband met ander taalaspekte gevorm het nie.(6) Solank 'n leerling hom net verstaanbaar uitgedruk het, het dit die onderwyser verder min geskeel wat die gehalte van leerstof betref, wat hy die kind aangebied het. Grammatika is in die reël egter goed onderwys. Grammatika-oefeninge is grootliks gebaseer op die taal wat gepraat en gelees is. Praatonderrig daarenteen, het egter nog nie in alle skole volkome aandag geniet nie. Origens moes die leesles gebruik word om grammatikale toepassings daaruit te haal.(7) Tydens/....

1) Ibid.: 80-81.
2) Ibid.: 82.
3) Ibid.: 1924: 82; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Maart 1924: 31.
4) Ibid.: 97, 111.
5) Ibid.: 135.
6) Ibid.: 136.
7) Ibid.:1925: 95-96; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Maart 1925: 27-28, September 1927: 36-38.

Tydens hierdie tydperk toe Afrikaans sy beginstadium verby was, is in die Direkteursverslag daarop gewys dat die doelwit en strewe met die onderwys gewis nie eksamenresultate moes beoog nie.(1) Aan geskikte leerstof en die wyse van behandeling is baie min aandag geskenk. Opvoeders het slegs instruksies van inspekteurs ontvang om werkskemas vir goedkeuring voor te lê. Hierdie vryheid van die onderwyser het dikwels gelei tot die insluiting van niksbeduidende besonderhede in die sogenaamde sillabusse.

Die rapporte van die inspekteurs het verder op die noodsaaklikheid van mondelinge werk gewys as die enigste manier om die kind te leer om sy taal reg te praat. Tot dusver was mondelinge werk baie afgeskeep.(2) In hierdie verband is die beginsel van onderrig deur middel van die huistaal (Afrikaans), soos bepaal deur die Taal-ordonnansie (No.5 van 1911), nog nie ten volle nagekom nie, weens die inmenging van die politiek, humanistiese en maatskaplike aspekte, waardeur die hele onderwysstelsel radikaal beïnvloed is.(3) Ook het Afrikaans nog nie die intrinsieke volheid bereik om literêre voedsel te verskaf nie. Die inhoud was te min en die skryftaal nie sterk en suiwer genoeg om as fondament vir beide onderwysstelsels te dien nie.(4)

Om hierdie euwel die hoof te bied, het die Provinsiale Raad die belangrike voorstel ingedien dat alleen die onderwysers en die inspekteurs 'n suiwer opvoedkundige toets moes toepas, ten einde 'n poging aan te wend om doeltreffende aansluitende onderrig te bevorder. Dog Afrikaans het nog nie sy regmatige plek verkry nie.(5) Tydens hierdie jaar het inspekteurs Klooster en Stephen as volg oor die saak gerapporteer:

"Waar Afrikaans die eerste taal is, is heelwat/....

---

1) Ibid.: 15; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Maart 1924:31.
2) Ibid.: 1925: 17-18.
3) Ibid.: 18-19.
4) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Sept. 1927: 38.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1925: 17-18, 20.

heelwat vooruitgang, sedert 't Hollands is verdwenen. Een ekstra klacht hier, gewoonlik gerechtvaardigd, is de verregaande slordigheid, welke z'n oorzaak meesal vindt in de gebrekkige kennis van de onderwyzer, die wel Afrikaans praat, maar 't nog nooit ernstig heeft bestudeerd. De meest voorkomende fouten hier gemaakt zijn te veel en te moeilik leesonderwijs, te vroeg en te veel spraakkunst en kompositie en veel te weinig sprekonderwijs. Nog altijd zijn er onderwyzers, die niet op hoogte zijn van 't leerplan en die principes, waarop het gebouwd is. Regel moet zijn: Spreken, lezen, schrijven." (1)

Die liefde vir die vak is hoegenaamd nie by die leerlinge aangekweek nie. (2) Tog het de Vos, inspekteur van middelbare skole, gerapporteer dat Afrikaans as skoolvak stadigaan verbeter het, veral as gevolg van die bydraes van uitstekende leerboeke wat tydens die afgelope twee jaar gepubliseer is. Spraakkuns moes egter as "'n wetenskap van taal" vir die middelbare skool aangewend word. (3)
Volgens J.A. Smuts was die algemene indruk van Afrikaans-hoër taamlik bevredigend. Maar vanweë die elementêre taalfoute, veral anglisismes, waarvan die werk van gevorderde leerlinge gewemel het, en die volslae afwesigheid van die samehang tussen die werk as sodanig in die verskillende standerds, was werklik 'n groot leemte. (4)

Dit was hoofsaaklik die toestand van Afrikaans op Afrikaansmediumskole waar dit betreklik deeglik onderwys is. Vanuit 'n ander gesigspunt beskou, was dit van die allergrootste belang dat die middelbare skool die laer onderwys sou voortsit, waardeur die handhawing van die onderwyspeil groter doeltreffendheid kon bereik. (5)

b. <u>Die plek en onderrig van Afrikaans as tweede taal op Engelsmediumskole.</u>

Mettertyd/....

1) Ibid.:113; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Mrt.1924:30-31.
2) Ibid.: 103.
3) Ibid.: 76, 95.
4) Ibid.: 1926: 80-81, 92-93; 1927: 182.
5) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Maart 1924: 39.

Mettertyd het Afrikaans as tweede taal eweneens 'n plek op Engelsmediumskole verower. Die onderwys van eersgenoemde op hierdie skole was egter in 'n betreurenswaardige toestand. Die oorsaak moet grootliks by die leerstof gesoek word. Aan die nodige onderwysstelsel was daar by die meeste skole 'n groot gebrek. Dikwels wanneer 'n inspekteur 'n klas waarin Afrikaans onderrig is, besoek het, was die helfte van die klas uitgestuur omdat hulle nie Afrikaans geleer het nie, as gevolg van die feit dat Engelse ouers teësinnig was om hulle kinders Afrikaans te laat leer. Hieruit kan afgelei word dat daar geensins sorgvuldige en sistematiese leerstof onderrig is nie, maar slegs onsamehangende taalfeite.

Op 'n plek soos Johannesburg, waar die Engelse kind nooit Afrikaans gehoor het nie, behalwe tydens skoolure, kon nouliks verwag word dat hy ooit aan Afrikaans gewoond sou raak, en dat hy dit ooit sou leer praat. Van die leerling op 'n Engelsmediumskool is alleen verwag dat hy eenvoudige Afrikaans kon lees en begryp, en dat hy hom verder skriftelik kon uitdruk sonder baie steurende foute in spelling, woordkeuse of sinsbou. Om hierdie doel te bereik, moes die gesproke taal die basis vorm vir alle taalonderwys,[1] kragtens die "Leerplan vir Afrikaans" (dorpskole) van 1923.[2]

Reeds met die aanvangstadium was daar goeie vooruitgang betreffende praatonderwys te bespeur, maar die werk het dikwels 'n gebrek aan vlotheid en steekhoudendheid openbaar, wat deels aan die onsamehangende leerstof toegeskryf kon word. Die Engelssprekende leerling het dus 'n gebrekkige Afrikaans geleer vanweë die hoeveelheid sleurwerk, sonder 'n beskaafde uitspraak en 'n sorgvuldige sinsbou. Leesonderrig in hierdie skole was egter nie onverbeterlik nie. Tog baie skriftelike en mondelinge oefeninge het in verband met die leesles gestaan. Elke leesles moes gevolg word deur 'n skriftelike/...

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1925: 96.
2) T.E.D.: Regulations governing primary Schools, 1923: 29-32.

skriftelike oefening, al bestaan dit slegs uit 'n paar sinne.

'n Ander grondvorm van onderwys was dat die leesles terselfdertyd 'n praatles sou wees. Taalwerk kon vir 'n groot gedeelte daaruit onderwys word, terwyl stelwerk op sy beurt weer daarop voortbou. Volgens die verslae van inspekteurs het die hoofklem nog op formele grammatika geval terwyl stelwerk weinig aandag geniet het.(1)

Aanvanklik moes die leerling 'n formele en afgeronde opstel skryf, toe hy nog skaars 'n paar sinnetjies in die tweede taal kon skryf, aldus die mening van J.C. Pouw. Maar dit was duidelik dat die proses van opstelskrywe feitlik bo die leerling se vuurmaakplek was. Op spelling wat deurgaans die grootste moeilikhede opgelewer het, punktuasie, die voorsetsel en verkeerde woorderde, moes gedurig nadruk gelê word.(2)

Die mees algemene beswaar is eintlik gemunt teen die euwel dat lees, spelling, praat, taal- en stelwerk as afsonderlike onderafdelinge behandel is, sonder die aaneenskakelende nou-sluitende, verband met die primêre taalstof.(3) Maar volgens die eksamenrapporte wat deurgaans 'n duidelike weerspieëling van die onderrig in Afrikaans was, was die meeste kandidate onryp vir laasgenoemde, veral ten gevolge van die laakbare gebrek aan genoegsame spreekoefeninge.(4) Tog het die leerlinge aan die einde van hierdie tydperk 'n beter houvas op die Afrikaanse taalidioom gekry.(5)

c. <u>Die leergang en die gebreke daarvan.</u>

In die leergang van 1918 is die groepstelsel vir Hollands-Afrikaans nog toegepas. Groep 4 (standerds V en VI) het een groep gevorm, terwyl die enkele standerd VII-leerlinge op eie houtjie dieselfde werk moes doen van groep 4 slegs onder leiding van die onderwyser.(6) Weens die feit dat die aansluiting/..

1) T.O.D.: Jaarverslag 1925: 96-97.
2) Ibid.: 1926: 82-83.
3) Ibid.: 96-97.
4) Ibid.: 1927: 183.
5) Ibid.: 1926: 95-97.
6) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen 1918:26.

aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool hierdeur belemmer is, was 'n leergang vir die middelbare skool absoluut noodsaaklik.

In "Het Christelik Schoolblad" van 1919 is die opvoedkundige feit beklemtoon dat die skoolwese hoegenaamd nie sal regkom voordat die leergang nie deeglik onder hande geneem en 'n behoorlike grenslyn vasgestel is nie. Hiervolgens sou die laerskoolkursus strek tot standerd VI, die stadium waarop die laer-eindeksamen afgelê word omdat die meeste leerlinge die skool na hierdie lewenstydperk verlaat.

Uit die aard van die saak behoort so 'n opvoedingstelsel 'n afgeronde geheel te vorm, maar sonder om af te breek moet dit aansluit by middelbare skool. Vir die leerlinge wat verder gaan, moet daar 'n uitgebreider laerkursus wees wat op sy beurt 'n afgeronde geheel vorm aan die einde van matriek.(1) Hierdie proses van ontwikkeling sou inderdaad kontinuïteit in die hand werk.

Die Kommissie wat die besondere belange van die middelbare onderwys behartig het, het in hulle verslag oor die middelbare onderwys, (1919-1920), die vraagstuk aangaande die leerplan behandel. In die verslag is 'n ernstige beroep op hoofde van skole gedoen om skemas uit te werk, op welke wyse 'n doeltreffende leerplan opgestel kon word. Sommige skole het aan hierdie dringende versoek gehoor gegee.(2)

Kragtens die Kommissie se diepgaande en oorsigtelike ondersoek, moes die leerplan so ingerig word dat daar meer tyd aan die twee landstale bestee kon word. Op Woensdag, 27 Oktober 1922 het dr. Adamson, Direkteur van Transvaal, 'n vergadering van skoolhoofde toegespreek waaruit duidelik geblyk het dat standerd VI nie van die laerskool verwyder sou word om by die middelbare skool gevoeg te word nie. Daarom moes die sentrale skole wat tydens hierdie stadium niks meer as/....

---

1) Het Christelik Schoolblad, Sept. 1919: 5; Report of Education Commission,1917: 10-13; T.O.D.: Jaarverslag 1919: 22, 40.
2) Ibid.: Mei 1920: 22.

as laerskole was nie, die standerd VI- leergang voort laat gaan, terwyl die standerds VII- en VIII leergange dan later daarby sou aansluit. Volgens hierdie prosedure sou die leerlinge wat na die middelbare skool gaan, vrygestel wees van die standerd V-toets. In hierdie jaar moes elke leergang voorsiening maak vir 'n dubbele aansluiting, dit wil sê na standerd V en na standerd VI.(1)

Ook in die verslag van die V.V.O.O.Z.A. is die instelling van 'n twee- of driejarige kursus na standerd VI aanbeveel, waardeur die leergang van die middelbare skool tot groter stabiliteit en doeltreffendheid gekom het.(2) Toe die Suid-Afrikaanse Akademie egter sy sienswyse te kenne gegee het dat die gesonde ontwikkeling van die Afrikaanse taal in die onderwys erken moet word, is 'n verdere stoot aan die leergang gegee. Die vraag het egter ontstaan of dit in die laerskool begin moes word dan wel, en of dit tot die middelbare skool beperk moes bly.(3)

Aan die einde van 1926 sou die leerlinge na die middelbare skool oorgeplaas word sodat hulle deur 'n volledige vyfjarige kursus kon opgelei word vir die Transvaalse Middelbareskoolsertifikaat. Toelating tot die middelbare skool sou gebaseer wees op 'n departementele toets wat geneem moes word tot aan die einde van die kursus voorgeskrewe vir standerd V.(4)

Ten opsigte van intermediêre skole was die toestand as volg: Ouers van kinders in standerd V wat nie hulle kinders 'n volledige vyfjarige kursus wou laat deurloop het nie, is 'n alternatiewe kursus aangebied deur hulle kinders op skool te hou totdat standerd VI deurloop is, as hulle op daardie stadium die skool wou verlaat, of hulle kon 'n driejarige kursus volg wat sou eindig met standerd VIII.(5)

---

1) Ibid.: Mei 1920: 11; Nov. 1922: 11-12;
2) Ibid.: Junie 1922: 2.
3) Ibid.: Nov. 1925: 8.
4) Ibid.: Maart 1926: 27; T.O.D.: Jaarverslag 1920:25;1921: 21.
5) Ibid.: 29.

Daar moes getrag word om die kursus so in te rig dat die hoërskoolkursus 'n onlosmaakbare geheel vorm met die laerskoolkursus.[1] Hierna is op elke inspekteurskonferensie hersiene leerplanne behandel, hoofsaaklik as gevolg van die oprigting van intermediêre skole. Onderwysowerhede het elke vak van die leerplan intensief bespreek waarvolgens die bestaande skema 'n steeds toenemende, verruimende ontwikkeling moes ondergaan tot by die eindstadia van die skoollewe.[2]

Ten spyte van die feit dat middelbare skole op die platteland in 1927 voorsiening moes maak vir die instelling van standerd VI, wat later prysgegee moes word, het die meeste middelbare skole ongesteurd voortgegaan met die leergange wat bevredigend ontwerp is. Sommige skole het egter sonder gespesifiseerde kursusse klaargekom, terwyl by andere weer onsamehangende skemas sowel as deeglike progressiewe ontwikkeling ontbreek het. In hierdie verband is die aanbeveling van die "British Board of Education" oor "The Education of the Adolescent" van die allergrootste belang.

"The curriculum of a school should in each case be planned as a whole, in order that the teaching of the various subjects may be so adjusted as to secure uniformity in the presentation of any matter which is common, and to prevent overlapping."[3]

Die kronologies- progressiewe prosedure was die daarstelling van 'n volledige aansluitende kursus tussen die laer- en die middelbare skool, ten opsigte van Afrikaans as onderwysvak om met die leerstof geleidelik voorwaarts te gaan. Soos reeds aangetoon is, was standerds V en VI as 'n groep saamgevoeg, terwyl standerd V in die meeste gevalle die grens tussen die laer- en die middelbare skool was, met ander woorde die leerlinge van standerd VI wat veronderstel was om met/..

1) T.O.D.: Jaarverslag 1927: 84; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Maart 1925: 42, Maart 1926: 1920.
2) Ibid.: 67.
3) Ibid.: 68.

met die middelbare kursus te begin, was niks beter af as dié van standard V nie.

Daarbenewens moes die klein groepie standerd VIII-leerlinge ook feitlik dieselfde werk as groep 4 in die moedertaal (Afrikaans) bemeester. In die laaste instansie dien daarop gewys te word dat die groepstelsel tot aan die einde van hierdie periode voortgeduur het. Onder sulke omstandighede was 'n aansluitende leergang in Afrikaans tussen die hoogste klas van die laerskool en die laagste klas van die middelbare onderwys feitlik buite die kwessie.(1)

3. DIE AKTUELE VRAAGSTUK VAN AANSLUITING.

Dat daar 'n innige verband tussen die laer- en die middelbare skool moet bestaan is weereens heel duidelik uiteengesit deur die Direkteur. Op watter stadium die oorplasing en aansluiting moes plaasvind, was nog geen uitgemaakte saak nie. In die vorige hoofstuk is gewys op die onsekerheid wat daar geheers het. Uit opvoedkundige en sielkundige oogpunt beskou, was dit ongetwyfeld die voortreflikste stadium vir aansluiting na voltooiing van standerd V, maar as gevolg van praktiese moeilikhede was die Onderwysdepartement genoodsaak om die oorgang na afloop van standerd VI te laat plaasvind.

Ofskoon daar in die verslag van 1919 nog gedurig geklae word oor die gebrek aan eenvormigheid van jaar tot jaar, het die betrekkinge tussen die laer- en die middelbare onderwysstelsel aanmerklik toegeneem.(2) In dieselfde jaar het inspekteursverslae eweneens die verhoudingsgevoel wat in die skole ontbreek het, benadruk.(3)

Teen die einde van 1920 was die skema van onderrig vir/...

---

1) T.E.D.: Regulations governing primary Schools, 1923: 29; T.O.D.: Bepalinge en Leergange vir Buiteskole, 1927: 11; T.O.D.: Jaarverslag 1925: 34; 1926: 11.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1919: 22, 40; Coetzee: Onderwys in Transvaal: 170; T.E.D.: Report of Education Commission, 1917: 10-13.
3) Ibid.: 41, 247-248.

vir die Transvaalse Middelbare-skoolsertifikaat oorweeg en in volle werking, waardeur vooruitgang en nouer aansluiting bewerkstellig is,[1] sodat daar gedurende die jare 1920-1921 'n buitengewone verandering in organisasie plaasgevind het wat die hoërskole betref en wel ten opsigte van die invoering van die Middelbare- skoolsertifikaateksamen bestaande uit trap I en trap II.[2]

In sy verslag van 1921 wys die Direkteur die skoolrade op Sirkulêre No.1 van 1921 deur 'n kragtige poging aan te wend om die aansluiting van die leergange tussen die skoolstelsels nog 'n graad verder deur te voer.[3] Hierop word 'n Kommissie van Onderwys benoem om die beginsel van oorplasing en aansluiting deeglik te ondersoek. Na gewigtige en oortuigende ondersoek het hierdie onderwysliggaam tot die gevolgtrekking gekom dat oorplasing na afloop van die vyfde standerd moes plaasvind en dat sodanige leerlinge dan van die standerd VI- eksamen vrygestel moes word. Opvoedkundig en psigologies was dit ten volle geregverdig, maar weer kon dit as gevolg van praktiese struikelblokke nie uitgevoer word nie.

Uitgaande van voorgaande uiteensetting, is die oorplasing na en die aansluiting by die middelbare skool na voltooiing van standerd V, egter alleen goedgekeur vir die Rand en Pretoria.[4] Op die platteland was die voltooiing van standerd VI nog steeds die oorgangsgrens.[5] Wat die laer- en die middelbare skoolkursus betref, kon die Direkteur melding maak van 'n samehangende geheel, behalwe in 'n paar uitsonderinge.[6]

Afgesien van die opvoedkundige voordele opper die Direkteur beswaar ten opsigte van organisasie- en akkommodasiemoeilikhede in sy verslag van 1923, toe die vraagstuk van aansluiting weer deur hom te berde gebring is. Hy beweer ook dat/

1) Ibid.: 1920: 118.
2) Ibid.: 1921: 21; Het Christelik Schoolblad 1 Maart 1921:2; Maart 1926: 27, 29.
3) Ibid.: 1920: 25.
4) Ibid.: 1921: 32.
5) Ibid.: 1923: 47; Het Christelik Schoolblad, 1 Mei 1920: 11; Nov. 1922: 11.
6) Ibid.: 1921: 17.

dat hoofde van middelbare skole sonder uitsondering ten gunste van oorplasing aan die einde van standerd V is. Soos reeds aangetoon is, was die reëling wat volgens dr. Adamson 'n uitstekende maatreël was, reeds in werking op die Rand en in Pretoria. Daarom was sy sienswyse om hierdie belangwekkende reëling na alle onderwysgebiede uit te brei.

Nietemin het dit gelykvormigheid en onafgebrokenheid geskep, sodat die laer- en middelbare skoolstelsels werklik twee verbindingsliggame geword het, waarvolgens leerlinge op die geskikste opvoedkundig- sielkundige tydstip oorgeplaas kon word.(1) Duidelike afbakening was 'n groter administratiewe voordeel en 'n skeiding van die twee inrigtings was nie langer nodig nie.(2)

In 1923 word "Regulasies vir Laer Skole" (dorpskole) gepubliseer. Hier word die woord <u>leerplan vir Afrikaans</u> gebruik. Nou vir die eerste keer maak die leerplan voorsiening vir <u>Afrikaans as huistaal</u>, Afrikaans as eerste taal in Afrikaanse skole en as tweede taal in Engelse skole. Die leergang van 1923 was egter 'n poging wat dui op 'n aansluiting deurdat daar in die inleiding sprake is van samehang in die werk onderling. Die grondvereistes vir groep 4 (standerds V en VI) was feitlik dieselfde as tydens 1917.(3)

Gedurende 1924 het die Uitvoerende Komitee as gevolg van opvoedkundige oorwegings die kernbeginsel aanvaar om die laerskoolkursus met standerd V te laat eindig, terwyl die middelbare afdeling 'n vyfjarige kursus sou aanbied. Verder sou daar 'n alternatiewe kursus wees vir die leerlinge wat nie die hele middelbare kursus deurloop nie. Hierna is die Direkteur wat op sy beurt 'n Departementele Kommissie daarmee belas het, versoek om 'n skema vir die leergange op te stel.(4)

---

1) Ibid.: 1923: 54-55; Het Christelik Schoolblad, Nov. 1922:11
2) Ibid.: 15.
3) Ibid.: Regulasies vir Laer Skole, 1923: 23-25.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1924: 17-19; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Maart 1925: 42; Maart 1926: 19-20.

Op die Skoolraadkonferensie in 1925 is aanbeveel dat die oorgang na die middelbare skool sou plaasvind nadat die leerling standerd V geslaag het. Die Departement het toe kennis gegee dat oorplasing na aflegging van 'n spesiale eksamen van die leerlinge in standerd V sou geskied. Op hierdie stadium was daar nog heelwat laerskole met middelbare afdelings.(1)

Bowendien was die leergang van die laerskool nog nie van aansluitende aard by die middelbare afdeling nie.(2) Die instelling van 'n volledige kursus wat aan die einde van standerd VIII afgerond sou wees, het egter aandag geniet, maar by die oorplasing na die middelbare skool is nie voldoende rekening gehou met die leergang in Afrikaans nie.(3)

Ofskoon 'n hoër peil van kennis vir Afrikaans as huistaal verlang is, was dit nou gebiedend noodsaaklik dat daar 'n definitiewe skeidslyn sou getrek word tussen die werk van die laer- en die middelbare skool, wat Afrikaans betref, daar die toestand van die leergang by laasgenoemde betreurenswaardig was.(4)

Inmiddels is 'n belangrike stap in buitedistrikte geneem met betrekking tot die toelating van leerlinge tot middelbare skole. In die afgelope paar jaar is hierdie beginsel op verskillende maniere toegepas. In Pretoria, op die Oos-Rand en op die Witwatersrand- Sentraal het die toelating tot die middelbare skool geskied na 'n gelykvormige toelatingseksamen vir leerlinge wat standerd V deurloop het en wat wens om tot die middelbare skool toegelaat te word.

In 1926 het die toelatingseise vir die middelbare skool gevolglik ook na die plattelandse gebiede uitgebrei, maar toelating kon voorlopig ook nog na standerd VI geskied. Die feit dat middelbare skole op die platteland voorsiening moes maak vir die instelling van standerd VI, het aanleiding gegee tot verwarrende moeilikhede, daarom is hierdie reëling in 1926 vir eers nie in elke distrik toegepas nie, maar 1927 moes die/...

1) Ibid.; 1925: 34; Bot: t.a.p.: 128.
2) Ibid.: 15.
3) Ibid.: 12.
4) Ibid.: 17.

die laaste jaar wees wanneer oorplasing en aansluiting eers na standerd VI in enige distrik moes geskied.(1)

Die invoering van hierdie maatreël was van belang omdat die Departement afgesien het van die afgebakende organisasie van die laer- en die middelbare skool, as gevolg waarvan 'n vasgestelde en aansluitende gedragslyn die nuwe skema in die skole geword het. Hiermee is 'n meer doeltreffender vorm van aansluiting bewerkstellig. Die tweeledige stelsel wat daar voorheen was, was bepaald stremmend en nadelig vir die leerlinge in die buitedistrikte. Dit het origens 'n groter verantwoordelikheid op die skouers van opvoeders geplaas, omdat die eerste jaar van die middelbare kursus nie alleen 'n moeilike jaar is nie, maar omdat die leerstof ook meer uitgebreid is. Derhalwe moes onderwysers die kennis in die moedertaal versigtig behandel omdat die eerste leerjaar van die middelbare skool hoofsaaklik voorbereidend en inleidend van aard is.(2)

Nadat die opvoedkundige grondbeginsel van oorplasing en aansluiting ten uitvoer gebring is, het die Uitvoerende Komitee aan die einde van 1927 besluit om die bestaande leerplan radikaal te her-organiseer. Hiervolgens moes 'n doeltreffende en aaneenskakelende kursus "en een wat sig sou aanpas by die behoeftes van die volk, daargestel word tot en met standerd VIII." Daarbenewens sou die voltooiing van standerd VI die horisontale skeidslyn wees tussen die laer- en die middelbare skole.(3)

Die onderrig wat die leerling in standerd VI ontvang het, moet as van middelbare aard beskou word. Daarom is die komitee van mening dat die oorplasing liewer na voltooiing van standerd V as na standerd VI moet geskied. Tydens hierdie lewenstydperk het die kind eers die rypheid en ontvanklikheid vir die middelbare onderwys ontwikkel.(4) Die/...

1) Ibid.: 1926: 11; Bepalinge en Leergange vir Buiteskole, 1927: 5; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Maart 1925:42.
2) Ibid.: 12-13; 1927: 68.
3) T.O.D.: Verslag van die Onderwys Komitee, 1928: 1.
4) Ibid.: 7-8.

Die beginsel van aansluiting het gedurende hierdie tydperk groot hoogtes bereik, maar ongelukkig het die gedragslyn met betrekking tot die leerstofinhoud tussen die laer- en die middelbare afdelings, nog ontbreek. Nietemin was daar tog sprake van die leerstof vir Afrikaans wat van grondige en intensiewe aard sou wees en 'n korrelasie of verband met ander skoolvakke sou vorm.(1)

4. KRITIESE BESKOUING EN GEVOLGTREKKING.

Ondanks die ongunstige landsomstandighede was daar gedurende die tydperk 1918 tot 1927 aansienlike omwentelinge, dog ook goeie vooruitgang in die Transvaalse onderwysstelsel, veral ten opsigte van die taalvraagstuk en die middelbare onderwys.(2)

Gedurende hierdie veelomvattende tydperk vind die allergrootste geskiedkundige gebeurtenis plaas, nl. die invoering en erkenning van die voorheen geminagte en allerweë veroordeelde Afrikaans as voertaal en as skoolvak in die plek van Hollands in 1918. Deur hierdie gesonde beginsel het die vak nie alleen volle burgerreg in die skole verkry nie, maar die skoolwerksaamhede is grootliks daardeur vergemaklik. Afrikaans het broodnodige kennis gebring, maar het ook die noodsaaklike eenheid en kontinuïteit in die skoolstelsel 'n beslis beter vorm laat aanneem, sodat die kind se onderwysontwikkeling aaneenlopend kon geskied. Allerweë is aangeneem dat Afrikaans vir goed sy plek in die Transvaalse skole gevestig het.(3) Deur die erkenning van Afrikaans as onderwysmedium en - vak is die Afrikaner- onderwyswêreld in staat gestel om die Afrikanerkind so siel te voed met Afrikaanse kultuurkos.(4)

Dit was origens 'n beslis opvoedkundige en kultureel-sielkundige stap deurdat Afrikaans spontaan en doelgerig vir een/..

1) Ibid.: Jaarverslag 1927: 97.
2) Ibid.: 1924: 5; Coetzee: t.a.p.: 141.
3) Bot: t.a.p.: 103; Coetzee: t.a.p.: 142; T.O.D. Jaarverslag, 1918: 65; 1919: 164-165.
4) Die Kristelike Skoolblad, Junie 1929: 16.

een of meer vakke gebruik kon word, die taalvermoë van die leerling ontwikkel en aangewend kon word vir sy gedagtevorming, veral omdat die Afrikaanse spreektaal tot skryftaal verhef is. Grondige kennis van die moedertaal wat tot dusver ontaard het in die weergawe van feite, was tog maar die hoofvereiste vir suksesvolle onderwys. Alleen waar daar 'n bepaalde korrelasie tussen vakke moontlik is, kan die onderwyser hom met vrug van sy taak kwyt.

Van nou af het die resultate van Afrikaans spoedig dié van Hollands van vroeër jare ver oortref. Trouens, Hollands kon nooit in die behoeftes van die Afrikaanse kind ten volle vergoed nie. In die groot aantal skole waarin Afrikaans as vak met onbetwisbare sukses onderwys is, het dit 'n onuitwisbare plek verower vir die doeltreffende en onafgebroke voortontwikkeling van die leerling in die toekoms.(1)

Bygevoeg behoort te word dat Afrikaans as vak 'n voordeliger werktuig was as Hollands vir Afrikaanssprekende- sowel as Engelssprekende leerlinge. Geen wonder dat Afrikaans selfs op Engelsmediumskole 'n stewige plek verower het nie, miskien net as gevolg van die beginsel van taalverwantskap. Dit was baie duidelik dat Afrikaans steeds van krag tot krag gegaan het sodat dit Hollands ook geleidelik in die middelbare skool verdring het, waar dit later 'n minderwaardige plek sou beklee. As skryftaal kon Afrikaans egter nie voldoende vordering maak nie, weens die groot gebrek aan opvoedingsmiddele veral geskikte leerboeke en bevoegde en behoorlik gekwalifiseerde leerkragte.(2)

As gevolg hiervan is die vak op onpraktiese wyse onderwys. Dit het verder die implikasie getoon dat daar nie genoegsame spreek- en skryfoefeninge was waardeur die taal prakties aangeleer kon word nie, terwyl die korrelasie-eise in verband met die leerstofinhoud nie volledig en goed gebalanseerd was/..

---

1) Bot: t.a.p.: 109; T.O.D.: Jaarverslag 1919: 136, 146; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1924: 22.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1919: 135-136; 1920: 182, 193.

was nie. Die opvallendste kenmerke van die leerstof was dat daar te veel aandag aan onsamehangende lesse bestee en te min tyd aan georganiseerde oefeninge in skriftelike en mondelinge werk, sonder inagneming van die aansluitende en onderlinge verband van die taalverskynsels tussen genoemde onderwysstelsels.(1) Maar tog is die leerstof gebaseer op 'n geskiedkundig- tradisionele grondslag.

Die onderrig van Afrikaans was miskien te oorhaastig as gevolg waarvan dit tot nadeel van die leerlinge gestrek het. Die landsomstandighede waaronder die nuwe taal, Afrikaans, aangeleer moes word, is nie opvoedkundig in aanmerking geneem nie. Daarom kan die eerste mislukkings van 'n te vroeë begin toegeskrywe word aan die nadelige invloed wat dit op die leerling se verstandelike ontwikkeling gehad het.(2) Vandaar dan ook die gebrek aan eenvormigheid betreffende die taalkursus en die aanbieding van leerstof wat nie altyd binne die bereik van die leerling was nie.

Die instelling van die middelbare-toelatingseksamen in 1923 het die leerling nie alleen in staat gestel om na die afronding van die laerskoolleergang ongehinderd na die middelbare skool te gaan nie, maar hierdie maatreël het ook 'n beter en 'n beslister aansluiting in die lewe geroep. Hierdie eksamen het in 1926 ook na die plattelandse onderwysgebiede uitgebrei, waardeur die stelsel meer eenvormigheid bewerkstellig het.(3)

Wat die leerstofinhoud van Afrikaans in die laerskool betref, is dit voortdurend gewysig om te dien as 'n lewende instrument van onderwys terwyl die leergang van die middelbare skool 'n periode van ongekende ontwikkeling ondergaan het. Die verskyning van "Regulasies vir Laerskole (dorp) in 1923, insluitende die Leerplan of Leergange" wat in die/...

---

1) Ibid.: 1920: 63; Bepalinge en Leergange vir Buiteskole, 1927: 5-15.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1917-18: 140-143; 1925: 95-96.
3) Coetzee: t.a.p.: 167, 169-171.

die skole gevolg moes word, asook wenke betreffende die kursusse vir intermediêre skole, was voorwaar van waardevolle betekenis.

In 1923 is dus vir die eerste keer 'n Afrikaanse leergang in die lewe geroep nadat die leergange in die afgelope 24 jaar gedurig fundamentele wysiginge ondergaan het. Daar is egter probeer om 'n aaneenlopende leergang op te stel, grootliks gebaseer op die Hollandse leergange van die verlede, maar die innige verband ten opsigte van alle taalaspekte het nog veel te wense oorgelaat.(1) Verder was die leergange nie altyd geskik vir plaaslike omstandighede nie. Dit wou voorkom asof die leerling volgeprop is met kennis, waarsonder hulle beter sou kon klaarkom.(2)

Die leergang vir die middelbare skool was nog onvolledig en nie deeglik gegrond op die primêre taalstof nie. Stelselmatige voorbereiding van die laerskoolkursus ten opsigte van Afrikaans, waarvan die middelbare kursus 'n uitbreiding en voortsetting behoort te wees, met gesistematiseerde kontroleerbare en afgebakende taalkennis, was een van die grootste leemtes van die onderwysstelsel tot dusver. Die leerlinge van standerd VII moes 'n herhaling doen van die werk van groep 4 (standerds V en VI) wat 'n hopelose tydverspilling was.(3)

Ons kom tot die gevolgtrekking dat die strewe na aansluiting onder sodanige omstandighede tesame met die groepstelsel nie die kernvraagstuk kon wees nie. Tweedens is die kardinale beginsel van koördinasie tussen die laer- en die middelbare skool uit die aard van die saak, as gevolg van die groepstelsel gedwarsboom. Hierdeur kon alle taalaspekte van die leergang nie tot sy reg kom nie.

'n Baie opvallende verskynsel, wat nog nie finaliteit bereik het nie, was die totale gebrek aan eenvormigheid in/...

---

1) Coetzee: t.a.p.: 167-168, 170-171.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1924: 96.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1919: 146; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1924: 22.

in die onderwys. Die behoefte aan 'n vyfjarige middelbare kursus en 'n driejarige kursus na-primêre onderwys, was 'n groot behoefte wat die Direkteur gevoel het, veral omdat baie leerlinge op die platteland die skool na standerd VI verlaat het. Die toelatingseise was inderdaad 'n groot probleem. In die stede sou dit na standerd V geskied en in die buitedistrikte na standerd VI. Dit het meegebring dat die korrelasie-beginsel en die oorgangstydperk nie oral konsekwent deurgevoer is nie, sodat die middelbare onderwys 'n vyfjarige kursus kon wees nie.

Dit het verder beteken dat leerlinge van plaasskole dan net tot standerd V daar kon bly, en dit het weer administratiewe vraagstukke meegebring. Die feit dat daar nou 'n dubbele aansluiting was, was die leerlinge van standerd VI wat die eintlike aanvang van die middelbare kursus was, niks beter af as die leerlinge van standerd V nie. Hierdie tweeledige stelsel was baie stremmend en onpedagogies. In elk geval kan ons dan vasstel dat die kursus op die middelbare skool 'n aanvang behoort te neem sodra die leerling die instrumentele vakke magtig is, en dit was beslis nie altyd die geval nie.

## HOOFSTUK V.

## VERDERE ONTWIKKELING IN VERBAND MET DIE VRAAGSTUK VAN AANSLUITING IN DIE TRANSVAALSE PROVINSIE TYDENS 1928-1942.

### 1. LAER ONDERWYS.

#### a. Die huistaalvraagstuk en die onderwys.

Dit is juis as gevolg van hierdie vraagstuk waardeur die aansluitingsaspek grotendeels beïnvloed is.(1) Tydens 'n inspekteurs-konferensie in 1929, is besluit om die Onderwysdepartement te nader ten einde regstreekse advies in te win ten opsigte van die interpretasie van die taalbepalinge. In 1930 is sodanige regsadvies verstrek. Ingevolge 'n besluit van die Uitvoerende Komitee is Omsendbrief No.11 van 1932 aan inspekteurs, hoofde van skole en skoolrade gestuur, waarin daarop gewys is dat ouers slegs in twyfelagtige gevalle die voertaal vir klassifikasie-doeleindes moes kies.

Die hierop volgende Omsendbrief No.89 van 1932 het bepaal dat hoofde van skole 'n kind se taalkennis moes toets voordat toelating tot 'n goewermentskool kon plaasvind. Hulle moes hom dan daarvolgens klassifiseer. In twyfelagtige gevalle moes die inspekteur beslis.(2)

In 1934 het die Transvaalse Provinsiale Raad Ordonnansie No.17 uitgevaardig ter wysiging van die "Onderwyswet Amendament Ordonnantie" (Taal) van 1911. Behalwe dat die woord "huistaal" deur 'n nuwe sub-artikel nader omskryf word (artikel 2) word artikel 8 van die Onderwyswet ook herroep en deur onderstaande vervang:
Behoudens die bepalinge van sub-artikel 2, moes die onderwyser beslis oor die keuse van die huistaal. Waar daar twyfeling bestaan, word die saak na die inspekteur verwys.(3) Volgens hierdie bepaling van die wet was die vooruitsigte vir/...

1) T.O.D.: Jaarverslag 1928: 72; 1929: 45; 1932: 25.
2) Ibid.: 1932: 25-26; Omsendbriewe No.11 en 89 van 1932.
3) T.O.D.: Departementele Omsendbrief No.6, Des.1934: 3; Jaarverslag 1934: 11-12; Prov. Koerant No.1311 van 22 Aug. 1934: 146.

vir die vordering en oorplasing van die Afrikaanssprekende leerling beslis rooskleuriger. (1)

Na die wysiging van die Huistaalwet in 1934 het die getalle van die leerlinge wat Afrikaans as vak in Afrikaansmediumskole gevolg het, geweldig toegeneem. Kragtens die beleid van die Departement sou die instelling van standerds VII- en VIII-klasse, dit wil sê skole waar standerd VII en/of standerd VIII-klasse bygevoeg word, nog laerskole bly en nie as juniorhoërskole beskou word nie. Daarbenewens moes die instelling van bogenoemde klasse nie die belange van die bestaande middelbare skole in gevaar stel nie. Dit sou plaasvind vanaf 1 Januarie 1936. (2)

Die verslag van die Onderwyskommissie is op 29 Junie 1939 deur die Provinsiale Raad van Transvaal bekragtig. (3) Hiervolgens sou die kind uitsluitlik deur middel van sy moedertaal onderrig ontvang, veral in die aanvangstadium. (T.P. No.5 van 1939, hoofstuk XIII) wat oor die taalvraagstuk handel. (4) Sodoende het Afrikaans as huistaal sowel as skoolvak steeds groter hoogtes bereik, hoofsaaklik as gevolg van die nuwe taalbepaling. (5)

b. Afrikaans as leervak in Afrikaansmediumskole en die leerboeke in gebruik.

Aan die begin van 1928 was die algemene opvatting dat Afrikaans nie uit 'n woordeboek geleer kan word nie, want hoe getrouer enige taal die werklike ervaring weergee, hoe grondiger word die aanleer. Taal en denke is nou met mekaar verwant, en daaruit volg dat 'n karige woordeskat tot losheid van terminologie lei. (6)

In verband met bogenoemde was inspekteurs Kloppers en/...

1) Botes: t.a.p.: 91; Schmidt: t.a.p.: 40, 56.
2) T.O.D.: Departementele Omsendbrief 1935: 7.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1939: 9-10; Departementele Omsendbrief, No. 3, Mei 1940:4; Alg. Omsendbrief No.5 van 1939: 3.
4) Ibid.: 2-3; T.E.D.: Report Transvaal Education Commission: 35-37.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1937: 31; 1938: 47.
6) Ibid.: 1938: 69.

en Yates in 1929 van mening dat daar 'n verbetering was wat die mondelinge en skriftelike werk betref. Die selfbewustheid het verdwyn, die woordeskat het uitgebrei en die vermoë om die spreektaal te gebruik het aansienlik verbeter.[1] Ook inspekteurs P.M. van der Lingen[2] en de Vos kon rapporteer dat daar heelwat verbetering in die onderwys van Afrikaans bespeur was; nie omdat daar meer tyd aan die vak bestee is nie, maar omdat taalonderwysers Afrikaans met sy inhoud verhef het tot die waardigheid van 'n taal.[3]

In sommige skole waar die toestand egter nog betreurenswaardig was, het onderwysers baie tyd bestee aan onbenullige praatlesse oor abstrakte onderwerpe wat nie die geleentheid geskep het vir die opbou van begrippe om die leerlinge se algemene taalkennis uit te brei nie. Die meeste leerlinge het niks meer kennis opgedoen as wat hulle alreeds in standerd IV geleer het nie. Bowendien was die leerstof van die werklike lewe geskei. Tog behoort die ontdekking van die nodige aanknopingspunte nie baie moeilikhede op te lewer nie, aldus inspekteur de Vos.[4]

Tereg het inspekteur D. Linney daarop gewys dat Afrikaans sorgvuldige en intensiewe studie vereis. Te veel opvoeders het oefeninge uit 'n stel taalboekies slaafs gevolg in plaas van ruimskootse gebruikmaking van mondelinge oefeninge by die voorbereiding en aansluiting van skriftelike steloefeninge.[5]

Behalwe bogenoemde belemmerde faktore was daar 'n geweldige gebrek aan geskikte Afrikaanse taalboekies. Hoogenhout het met sy "Afrikaanse Taaloefeninge" vir standerd V hierdie leemte probeer aanvul. Ofskoon die peil daarvan betreklik hoog was, moes die onderwyser self weet wat om weg te laat en waar om by te voeg. Die oefeninge was origens slegs voorbeelde van alles wat op taalkundige gebied uitgesoek is om aan/...

1) Ibid.: 1929: 56.
2) Ibid.: 64.
3) Ibid.: 76.
4) Ibid.: 1931: 50-51.
5) Ibid.: 1929: 91.

aan te pas by die behandelde les. Die oefeninge van die kant van die onderwyser moes daarby as aanvulling dien. Hierdie taaloefeninge was egter 'n belangrike bydrae tot die taalonderrig in die hoër klasse van die laerskool en die laer klasse van die middelbare skool.(1)

Met "De Bussy se Afrikaanse Spraakkuns" van Van Oostrum, in medewerking met dr. Kritzinger, wou hulle die spraakkuns, dit wil sê die teorie van taal, na die behoeftes van Afrikaans inrig sonder die knellende band van 'n terminologie wat by die sterk gedeflekteerde Afrikaans nie meer van pas was nie. "Grammatika moes nie 'n doel op sigself wees nie, maar 'n middel om die taal beter te verstaan."(2)

Maar die behoefte aan geskikte leerstof vir 'n meer grondige en stelselmatige studie van die vak, het langsamerhand vermeerder, as gevolg van meer aaneenskakelende taalboekies wat die lig gesien het. Die meeste van die talryke boekies, het hulle opvoedkundige doel gemis, totdat "Juta se Moderne Afrikaanse Taalboekies vir primêre Skole" van Potgieter die onderwyswêreld ingestuur is.

Hierdie Afrikaanse taalreeks was werklik 'n afwyking van die ou formele grammatika-les. By die grammatika-onderrig word die sin as uitgangspunt geneem, terwyl die grammatika-oefeninge aansluit by die leesles, en die rededele in terme van die sin verduidelik word. Origens maak dit voorsiening vir veelvuldige mondelinge- en skriftelike oefeninge.(3)

In 1942 maak "Kon en Kan" (Taalkursus vir die Volkskool) van dr. Steyn en sy medewerkers, wat die taalkundige, sielkundige en opvoedkundige aspekte by die taalonderrig raak gesien het, sy verskyning.(4) Hierin bestaan die algemene opvatting dat grammatika 'n baie beskeie plek in die leergang/...

1) Hoogenhout, P.I.: Afrikaanse Taaloefeninge vir Std.V 1928:1-3.
2) Van Oostrum, O.: De Bussy se Afrikaanse Spraakkuns, 1929:5-6; Die Kristelik Schoolblad, Jan. 1931: 15.
3) Potgieter, D.J.: Juta se Moderne Afrikaanse Taalboekies vir primêre Skole, 1935-1941: 2.
4) Steyn, H.A. en sy medewerkers: Kon en Kan (Taalkursus vir die Volkskool): 3-5.

leergang van die laerskool behoort in te neem. Verder vorm lees, resitasie, grammatika en opstel 'n integrale deel van die taalonderwys in sy geheel.(1)

Ten opsigte van leesonderwys was daar tydens hierdie tydperk ook 'n merkbare vooruitgang. Met die "Dagbreek-reeks" is beoog dat die taalonderwyser meer van die gesproke as van die geskrewe woord moet uitgaan. Hy moet self die leerstof aanvul, wysig of verbeter. Die verskillende lesse en taalvorme is geleidelik gegradeer sodat elke nuwe les op die voortgaande kon voortbou.(2)

Maskew Miller se Afrikaanse leesboeke, nl. "Lees met Lus",(3) was ook algemeen in gebruik. Hierbenewens het "De Bussy se Leesboek vir Suid-Afrika" wat deur die V.V.O.O.Z.A. aanbeveel is, by die taalonderrig die taalkennis aansienlik uitgebrei. Namate Afrikaans meer en meer as skryftaal veld gewen het,(4) het die leesboeke aanmerklik in bruikbaarheid toegeneem.

Weliswaar was al hierdie lees- en taalboekies van verreikende betekenis in die onderwys van die moedertaal. In die meeste skole was daar 'n algehele verbetering van die peil van Afrikaans te bespeur.(5) Afrikaans is oor die algemeen gunstig beoordeel waar dit die eerste taal was.(6) Waar Afrikaans egter die tweede taal was, was die uitspraak minder gunstig. Desnieteenstaande het beide die leerlinge en die ouers die belangrikheid van 'n grondige kennis van die taal terdeë besef, derhalwe is meer aandag hieraan gewy.

Dit is baie duidelik dat die taalonderwys in die laerskole hom hoofsaaklik besig hou met uiterlikhede, terwyl die kern, die wese van die taal links laat lê word, aldus H.A.Steyn. 'n Diepgaande studie van die wese van die taal was dus baie/..

1) Die Kristelike Skoolblad, Nov. 1933: 23; Langeveld: Taal en Denken: 125.
2) Dagbreek-reeks, 1933: 5-6.
3) Maskew Miller, Lees met Lus: 1-2.
4) De Bussy se Leesboek vir Suid-Afrika, 1937: 3-4.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1933: 85.
6) Ibid.: 1929: 76; 1931: 80; 1939: 61.

baie noodsaaklik. Net so moet die leerstofinhoud, nl. lees, spel, diktee, woordbou, grammatika, voordrag, stelwerk en spreekonderwys as integrerende taalvertakkinge van die taaleenheid gesien word.(1)

Wat die resitasie betref, het die leerling nie die inhoud en betekenis daarvan gesnap nie. Diktee beskou Steyn as 'n soort van voortdurend terugkerende toets op dinge wat die kind nooit geleer het nie. Dit is hoegenaamd nie 'n leermiddel nie.(2) Ten opsigte van taalwerk word die leerling oorlaai met sinsontleding of vervelende en droë grammatika-reëls wat geen verband met die res van die taal vorm nie.(3) Dog die formele grammatika-feite moet trapsgewys as minder noodsaaklik beskou word. Gevolglik het die klem stadigaan verskuif na die mondelinge en skriftelike gebruik van die huistaal. Op die Afrikaansmediumskole moes die stel- en oefeningboekies wat vir slordige uitspraak en verkeerde sinsbou verantwoordelik was, verban word.(4)

Spraakonderrig vorm doelbewus die basis van alle werk, terwyl alle skriftelike taaloefeninge op die mondelinge werk gebaseer moet word.(5) Hierdeur word grammatika minder eentonig. By die behandeling moet daar 'n opgaande lyn wees, met ander woorde al die taalonderdele moet 'n aaneenlopende verband vorm en as sodanig moet die werk van die verskillende klasse by mekaar aaneensluit.(6)

c. <u>Ingrypende veranderinge en groter stabiliteit in die leergang vir Afrikaans</u>.

Die opdrag van die Transvaalse Onderwyskommissie was om die onderwystoestande te ondersoek. Tydens 'n vergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging te Potchefstroom,/...

---

1) Ibid.: 1931: 104; Die Kristelike Skoolblad, Okt. 1931: 19; Langenveld: t.a.p.: 125.
2) Die Kristelike Skoolblad, Okt. 1931: 15, 17.
3) Ibid.: 17-18.
4) Ibid.: Okt. 1931: 19; Jan. 1931: 7-8.
5) Ibid.: 21.
6) Ibid.: 25.

Potchofstroom, gehou op 10 Maart 1928, met die doel om die Onderwyskommissie behulpsaam te wees, het sommige lede tot die gevolgtrekking gekom dat die leerlinge so lank as moontlik op die laerskool gehou moes word, terwyl 'n ander groep hulle so gou as moontlik op die middelbare skool wou hê.

Ongeag hierdie opvattings is daar nêrens tot eenvormigheid gekom nie, terwyl die leergange van die laer- en die middelbare skole nog soos waterdigte kompartemente langs mekaar gestaan het, waarin afsonderlike leerstof aangebied is. **Die ondersoekinge konstateer dat by die oorplasing en die** samestelling van die leergang die belange en behoeftes van die opvoedeling as uitgangspunt moet dien. In hierdie verband is daarop aangedring om die leerplan vir die laer onderwys te hervorm,[1] terwyl die Direkteur weer op die noodsaaklikheid van korrelasie gewys het.[2]

In die inleiding van "Regulasies betreffende Laerskole vir blanke kinders met wenke insake Leergange" wat in 1929 verskyn het, word bepaal dat die leerplan vir openbare laerskole 'n georganiseerde kursus moet wees. Kragtens voorgaande bepaling moet 'n laerskoolkursus in Afrikaans voorsiening maak vir opleiding in sekere werktuiglike kunste soos lees en skrywe.[3] Daarbenewens is die grondbeginsel neergelê dat ten minste die hooftrekke van 'n gemeenskaplike leerplan behandel moes word.

By die ontwerp van die werkskemas, wat gebaseer moes wees op die besonderhede in die leerplan vervat, en wat moes bydra tot die organisering van die skoolkursus, het die opvoeder heelwat geleentheid hiertoe gekry. Vryheid tot selfopvoeding sou as grondtoon dien van hervorming op onderwysgebied.[4]

Deur die voorgestelde leerplan is daar in die provinsie/..

1) Ibid.: April 1928: 5, 7, 9.
2) Ibid.: Feb. 1928: 5; Mei 1928: 25; Des. 1928: 9.
3) T.O.D.: Regulasies betreffende Laerskole vir blanke kinders met wenke insake Leergange, 1929:6; Jaarverslag 1942: 49-51.
4) Ibid.: 7-8.

provinsie voorsiening gemaak vir laerskole waarop al die leerlinge óf Afrikaans óf Engels as huistaal moes leer. In geval van Afrikaans as tweede taal, is 'n laer peil van kennis daarvan verwag. Die grondvorm of uitgangspunt van die nuwe hersiene leergang betreffende Afrikaans, was dat die taal gepraat, gelees en geskryf moes word. As verdere opvoedingsbeginsel moes daar 'n onderlinge verstandhouding en nouer aansluiting tussen die twee onderwysstelsels beoog word.[1]

'n Belangrike en betekenisvolle wysiging in die leergang betreffende Afrikaans, was dat daar nou vir die eerste keer sedert die groepstelsel in die lewe geroep is, 'n splitsing van groep 4 (standerds V en VI) plaasgevind het. Maar daar was egter nog geen voorgeskrewe leergang vir standerd VII nie.[2] Ooreenkomstig die nuwe regulasies is die volgende leergang vir standerd V wat in die meeste skole die oorgang tussen die laer- en die middelbare skool was, voorgeskryf:

a. Duidelik, verstandig en natuurlik lees van prosa en poësie van ten minste twee geskikte leesboeke.

b. Skriftelike mededeling deur middel van 'n opstel of brief van wat die leerlinge gelees en ondervind het. Verskillende gewone vorms van korrespondensie.

c. Uitbreiding van die woordeskat. Af en toe diktee.

d. Duidelik en met gevoel voordra van geskikte prosa en poësie.

e. Oefeninge in die samestelling en ontleding van enkelvoudige en samegestelde sinne met onderskikkende sinsverband. Die verbuigings en betrekkinge van die rededele waardeur mondelinge en skriftelike uitdrukking begunstig kon word. Gebruikmaking van voor- en agtervoegsels. Sinonieme. Behandeling van bekende idiome.[3]

Daar word verder voorsiening gemaak vir Afrikaans as/...

---

1) Ibid.: 8-9.
2) Ibid.: 9- 13.
3) Ibid.: 9.

as tweede taal vir skole met meer as drie onderwysers, maar die leerstofinhoud verskil baie min van genoemde leergang.[1] Hierdie gewysigde leergang het groter bestendigheid en stabiliteit bewerkstellig. Trouens, die toekoms van die Afrikaanse taal en kultuur was verseker.[2] Die Direkteur het weer daarop gewys dat daar meer kontinuïteit en behoudendheid in die Transvaalse onderwysstelsel behoort te wees wat tot dusver slegs aan veranderinge onderworpe was, grotendeels as gevolg van die voertaalvraagstuk. Hy wys veral op die talle leerplanne van die afgelope 25 jaar en die wyduiteenlopende kursusse betreffende die middelbare onderwys.[3]

In 'n toespraak van inspekteur T.C. Botha in die jaar 1931 op 'n vergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging oor die onderwys van die tweede taal, vestig hy die aandag daarop dat dit nutteloos is om die kind 'n taal uit 'n grammatika-boek te leer.[4] Grammatika moet die taal volg en nie die taal die grammatika nie. Die ou grammatika-tradisie is so ingewortel dat dit baie kappe sal neem om die ou boom te laat wankel. Inspekteur Botha is verder daarvan oortuig dat grammatika nie as middel in die leergang gebruik moet word om 'n taal te leer nie, in elk geval nie op die laerskool nie.[5] Tog het die uitskakeling van stelselmatige grammatika uit die taalonderwys onmoontlik geblyk. Sonder kennis van grammatika sal selfs die skranderste leerling nooit 'n taal korrek en suiwer praat en skryf nie.[6]

Uitgaande van hierdie opvatting, het die kongres van die Transvaalse Onderwysersvereniging by die onderwysoutoriteite aangedring om die nodige wysigings in die wet betreffende Huistaalmedium daar te stel. Dit sou egter van die/..

1) Ibid.: 13.
2) Die Kristelike Skoolblad, April 1930: 7; Feb.1930:29; Maart 1930: 49.
3) Ibid.: Mei 1929: 19, 21; Jan.1930:3; Feb.1930:3; April 1930 : 3.
4) Ibid.: Jan. 1931: 15.
5) Ibid.: Feb. 1931: 7-8; Jan.: 15.
6) Ibid.: Feb. 1935: 29-31.

die inhoud daarvan afhang indien veranderinge aangebring moes word.(1) Op 'n verdere aanbeveling van die kongres moes formele sinsontleding afgeskaf word op die laerskool, maar hierdie saak is na 'n konferensie van skoolinspekteurs verwys.(2)

In dieselfde jaar het opvoeders op die onvrugbaarheid van die onderwys in sommige lande verwys weens die onnatuurlike skeiding of kampe- verdeling tussen die skole en leergange onderling, en tussen die skool en die lewe.(3) Hieruit blyk dat daar niks anders as 'n pedagogiese doodslaap was nie, as gevolg van al die verknufte leerskemas en leerplanne waartussen daar nouliks 'n verband was.

Die nouer aansluiting van die laerskoolleergang by die middelbare afdeling het dus 'n dringende noodsaaklikheid geword. Op grond hiervan moet die aanrakingspunte tussen hierdie skole gesoek word in die deurlopende verband tussen die leergange. Daarom behoort laasgenoemde inderdaad volgens die aard en behoeftes van elke afsonderlike omgewing opgestel te word, maar die onderwys is een, en daarom moet die kontinuïteit bewaar word, aldus 'n praatjie op 'n vergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging gehou in November 1931.(4)

Volgens H.A. Steyn het die bestaande tradisionele leesboeke wat ook 'n groot deel van die leergang in die afgelope jare in beslag geneem het, in die duister rondgetas. Die meeste van die skoolboekies is geskrywe vir kinders wat slimmer is as die slimstes.(5)

Ook B.F. Nel is die mening toegedaan dat die leerboekies in Afrikaans glad nie aanpas by die ontwikkelingsperiodes van die kind nie, gevolglik word daar geen belangstelling getoon nie.(6) Origens maak hy melding daarvan dat daar nouliks aansluiting tussen die verskillende taalvertakkinge is.(7)

---

1) Ibid.: Jan. 1931: 39.
2) Ibid.: 43.
3) Ibid.: Nov. 1931: 3.
4) Ibid.: Nov. 1931: 5, 7.
5) Ibid.: Okt. 1931: 19.
6) Ibid.: April 1933: 31-32
7) Ibid.: Nov. 1933: 23, 27.

Baie boekies se inhoud het hoegenaamd nie meer tot die hedendaagse kind gespreek nie.(1)

Maar tog spreek sommige inspekteurs die mening uit dat enige verandering in die laerskoolkursus ongewens is.(2) Maar 'n doelmatige en afgeronde kursus in Afrikaans aan die einde van die laerskool, waarvan die werk in die middelbare skool 'n voortsetting is, sou immers van onskatbare waarde wees. Tewens, dit was tot dusver 'n groot leemte in die Transvaalse onderwysstelsel.(3)

In die inspeksierapporte word die aandag daarop gevestig dat die leerstof so ingedeel en georden moet word, dat dieselfde werk nie op dieselfde wyse geherkou word nie. Met die logiese rangskikking en indeling van die leerstof, was daar die gevolg dat onnodige "overlapping" plaasgevind het.(4) Die vraag het onwillekeurig ontstaan of die bestaande stelsel met sy voorgeskrewe inhoud die beste is wat aan die leerlinge opgedis word. Van die laerskoolleergang in Afrikaans is nie alleen 'n uitgebreider inhoud verwag nie, maar die eintlike mikpunt moes 'n aansluitende kursus wees.(5)

Omdat Afrikaans op hierdie stadium die oorheersende onderwysvak was, moes die beginsel van aansluiting gehandhaaf word deur gebruikmaking van die nodige aanknopingspunte.(6) Volgens inspekteursrapporte was die organisasie en handhawing van die onderwyspeil alreeds baie bemoedigend.(7) Maar inspekteur de Vos van Potchefstroom-kring se opvatting was dat die leerstof nie doelmatig ingedeel en gerangskik word nie.(8) Daarom is gepleit vir 'n eenvormige leergang in stelselmatige behandelingsvolgorde, 'n eienskap waaraan die Transvaalse onderwysstelsel reeds vir jare mank gegaan het. Hierop/...

1) Ibid.: Des. 1933: 27.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1933: 102.
3) Ibid.: 103.
4) Ibid.: 1933: 74.
5) Ibid.: 75, 103.
6) Ibid.: 1935: 13.
7) Ibid.: 79.
8) Ibid.: 1935: 82.

Hierop is in die leerplan wat die Departement daar gestel het, weereens neergelê dat die leerstof as 'n geheel beskou moet word en nie as afsonderlike dele nie.(1) Vir standerd V het lees, spreek, resitasie en stelwerk die kern van die leergang gevorm.(2) Ten opsigte van lees was die mees gebruikte leesboekies dié waarvan reeds melding gemaak is.(3) Die plek van poësie in die leergang was nie gering nie, want baie gedigte het aangesluit by die leesles, geskiedkundige temas en die natuurkennisles.(4)

'n Verdere ontwikkeling vind in 1928 plaas weens die Onderwyskommissie se oortuiging dat die leerplan herorganiseer moet word en dat standerd VI die horisontale skeidslyn tussen die laer- en die middelbare skool moet wees. Om te verseker dat die belangrikste leerstof trapgewyse en op 'n stelselmatiger wyse aangeleer word, het die Onderwysdepartement daartoe oorgegaan om die leerplan vir laerskole te hersien.(5) Nadat die leerplan van F. Ware van 1903 herhaalde kere veranderinge ondergaan het, het daar 'n nuwe leerplan wat groter vryheid beoog het, in 1923 verskyn. In 1929 is 'n ander leerplan uitgereik "met wenke in sake leergange". Hierna het die leergange meer en meer bestendigheid verkry en die behoefte aan hersiening het altyd minder geword.(6)

Volgens Algemene Omsendbrief No.14 van 27 Mei 1939 het die Departement in samewerking met verteenwoordigers van die georganiseerde onderwysprofessie en inspekteurskomitees stelselmatige leerplanne vir alle leervakke geformuleer. Binne die grense van die voorgeskrewe leerstof is vryheid van indeling en rangskikking toegelaat, met die gevolg dat daar geen strenge eenvormigheid was nie.(7) Eers nadat die leerplanne in/..

---

1) T.O.D.: Departementele Omsendbrief,Junie 1937:No.11:235,237.
2) Die Kristelike Skoolblad, Okt. 1936: 9-16.
3) Ibid.: Julie 1937: 6.
4) Ibid.: Des. 1937: 18-19.
5) T.O.D.: Algemene Omsendbrief, No.14, 1939: 3.
6) Ibid.: No.2, 1940: 3; Onderwysblad, Sept. 1940: 10-11.
7) T.O.D.: Jaarverslag 1939: 38; 1940: 20-21; Algemene Omsendbrief No. 10,1940: 1.

in konsepvorm aan die skole voorgelê is vir die voortbrenging van opbouende kommentaar, sou die kontinuïteit van werk sorgvuldige oorweging geniet.(1)

Na sorgvuldige oorweging het die Onderwyskommissie aanbeveel dat dit die beleid van die provinsie moet wees om die laerskoolkursus te beëindig aan die einde van standerd V, wat as boonste grens van die laerskool sou dien. In hierdie verband sou alle hoërskole vanaf standerd VI- X gaan en juniorhoërskole vanaf standerd VI- VIII.(2)

Wat betref die koördinasie van die twee kursusse, dit wil sê die driejarige sowel as die vyfjarige kursus nadat die laerskool deurloop is, moes daar volgens die aanbeveling van die Onderwyskommissie slegs een gekoördineerde kursus vir elke vak wees, Afrikaans ingesluit. Die kursus moes deurlopend en aaneensluitend wees sodat die werk vir standerd VI op die middelbare skool in direkte verband tot die gedane werk op die laerskool sou staan.(3)

Hierop het die hersiene leerplan wat in Januarie 1941 in werking getree het, verskyn. Dit het gegeld vir die grade en vir standerds V of VI van die laerskool, sowel as vir standerds VI of VIII van die juniorhoërskole, skoolplase en intermediêre skole. In die middelbare skool is die leerplan ook vir standerd VI gevolg.(4) Ooreenkomstig Algemene Omsendbrief No. 10 van 1942 vervang hierdie leerplanne die "Wenke in sake Leergange in die Regulasies betreffende Laerskole vir blanke kinders," wat in 1929 uitgereik is en die sillabusse vir die Transvaalse Junior-sertifikaateksamen van 1938.(5)

Die "Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans (Huistaal)" wat in 1942 uitgegee is, was van fundamentele belang. In die Algemene Inleiding word bepaal dat die taal soos 'n draad deur die onderwys moet loop. Dit kan nie as 'n/...

1) Ibid.: 1941:51; Algemene Omsendbriewe, No. 3 en 10, 1940: 1, 3; Verslag van die Onderwyskommissie, 1937: 79.
2) T.O.D.: Algemene Omsendbrief, No. 29, 1940: 3.
3) Ibid.: No. 21, 1941: 3; Verslag v.d. Onderwyskom.1937:79,83.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1940: 20-21.
5) Ibid.: Algemene Omsendbrief No.10 van 1942: 2-4.

'n afgeslote eenheid beskou word nie, maar "die taal moet deurvloei na al die ander vakke en van al die ander vakke deurvloei na die taalles." Verder is die stelselmatige en korrekte mondelinge en skriftelike gebruik van die taal as hoofvereiste gestel.(1)

2. MIDDELBARE ONDERWYS.

a. Onderwys van Afrikaans (hoër en laer graad) as oorheersende onderwysvak.

Die onderrig van Afrikaans in die middelbare skool het baie verbeter. Uit die 1,276 kandidate wat die toelatingseksamen vir die middelbare skool in 1929 afgelê het, het slegs 21 in Afrikaans-hoër gedruip nadat ongeveer ses jaar gelede met Afrikaans begin is.(2) Die verblydende verbetering in die taal word deur die volgende tabel aangetoon.

Toelatingseksamen vir die middelbare skole.

| | | Hoër | Laer. |
|---|---|---|---|
| Inskrywing | 1928 | 285 | 269 |
| | 1929 | 218 | 409 |
| Geslaag | 1928 | 264 | 172 |
| | 1929 | 217 | 306 |
| Persentasie geslaag in | 1929 | 92.6 | 63.9 |

Volgens hierdie gegewens is Afrikaans nie alleen bevredigend onderwys nie, maar dit was verder bemoedigend om te kan konstateer dat beide ouers en onderwysers die belangrikheid van 'n grondige kennis van Afrikaans besef het. Kennis van grammatika was nie langer beskou as 'n doel op sigself nie, maar alleen as 'n middel om 'n suiwer taal te besig.

In 1929 word dus ernstige pogings aangewend om ook Afrikaans as tweede taal op die gewenste peil te bring.(3) Gedurende die tydperk 1928- 1930 was daar so 'n merkbare verbetering dat inspekteurs Kloppers en Yates van mening was dat die taalmoeilikhede op die middelbare skool tot 'n oplossing gekom het.(4) Tydens/...

1) T.O.D.: Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans (Huistaal)1942: 2-3, 7.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1929: 47.
3) Ibid.: 55-56; 1931: 104.
4) Ibid.: 56-57; 1930: 56.

Tydens hierdie stadium was daar nie minder as 32,112 leerlinge in stedelike- en dorpskole, en 44,203 in die buiteskole wat Afrikaans geneem het nie, terwyl die syfers in 1931 vir stedelike- en dorpskole 33,320, en vir buiteskole 43,263 was.(1) Tog het dit geskyn of Afrikaans-hoër afgeskeep word omdat al die kragte ingespan is om die peil van die tweede taal te verhoog.(2)

Die streng optrede van die eksaminatore by die eindeksamen in 1930 het 'n heilsame uitwerking op Afrikaans-hoër gehad, as gevolg waarvan 'n taamlik bevredigende peil bereik is.(3) In baie gevalle egter, het die werk blyke gelewer van die formele grammatikale metodes wat in gebruik was toe Nederlands nog in die skole onderwys is.(4)

Inspekteur P.A. Moore het tydens hierdie periode beweer dat die algemene onderwys van Afrikaans tot sy reg gekom het en dat die peil daarvan as tweede taal taamlik hoog was.(5) Op beide Afrikaans- en Engelsmediumskole was die onderrig van Afrikaans betreklik stelselmatig en doeltreffend.(6) Die volgende tabel toon die vordering en posisie van Afrikaans as moedertaal aan in 1933:

| | Afrikaans | Nederlands. |
|---|---|---|
| Stad- en dorpskole | 35,450 | 196 |
| Buiteskole | 43,808 | - |

Volgens hierdie syfers was die moedertaal op die platteland baie goed gevestig. Ook in die stedelike gebiede het die taal 'n onuitwisbare plek ingeneem. As hierdie syfers met 1932 vergelyk word, toon dit aan dat die leerlinge wat Afrikaans geleer het, met byna 2,000 vermeerder het.(7)

1) Ibid.: 1931: 27.
2) Ibid.: 53.
3) Ibid.: 58.
4) Ibid.: 75.
5) Ibid.: 80.
6) Ibid.: 104.
7) Ibid.: 1933: 35; Die Kristelike Skoolblad Feb. 1933:32; Tydskrif vir Middelbare Onderwys Julie 1932:13,15,17,19.

In dieselfde jaar het inspekteur Stephen, Witwatersrand-Wes rapporteer dat die Onderwyswet (Taal), Wysigings-ordonnansie van 1934 aan die begin van 1935 in werking getree het, en dat dit betreklik maklik uitgevoer is, terwyl die onderwys van die tweede taal heelwat te wense oorgelaat het. Daar was wel verbetering in vergelyking met die toestande van tien jaar gelede. Dikwols is Afrikaans nog te veel as eksamenvak en nie as lewende taal onderrig nie. Dit kon veral van Afrikaans as tweede taal gesê word omdat die leergang oorlaai was. Gevolglik het baie leerlinge die skool verlaat sonder 'n grondige kennis van die vak.(1)

Ook inspekteur Hurter is oortuig daarvan dat die taallesse te dikwels van die lewende taal geskei word. Hy kon verder getuig dat die algemene toestand van die taalonderwys, wat deur nougesette toewyding gekenmerk was, verbeter het, maar dat daar nog hoofde was by wie duidelik omlynde denkbeelde en kontrole oor samehangende en aansluitende werksaamhede, geheel-en-al ontbreek het.(2) In hierdie verband het inspekteur E. Steyn daarop gewys dat die doelwit met die taalonderwys doelbewuste spreekoefeninge moes wees. Die spreeklesse moes 'n samehangende geheel vorm wat as grondslag kon dien vir die werksaamhede van die volgende jaar, om 'n sterk kronologiese volgorde van leerstof te bekom.

Tog het Afrikaans as tweede taal beslis verrassinge opgelewer deur die gebruik van veelvuldige taallesse en die deurlopende leer- en leesboeke.(4) C. Mann, Ermelo-inspeksiekring, was van mening dat die vordering bevredigend en inspirerend was, waar daar goed opgestelde skemas in werking was.(5) Die taalonderwys het 'n verdere ontwikkeling ondergaan toe die Departement volgens Algemene Omsendbrief No.5 van/..

---

1) Ibid.: 1935: 128-129.
2) Ibid.: 117; 1937: 80.
3) Ibid.: 1935: 98.
4) Ibid.: 1937: 80.
5) Ibid.: 46.

van 13 Maart 1939, dit beklemtoon het dat standerd V die voltooiing van die laerskool sou wees in plaas van standerd VI.(1)

In die "Tydskrif vir Middelbare Onderwys" van 1930 spreek M.S.B. Kritzinger die wens uit dat ten opsigte van letterkunde die tyd aangebreek het dat vanaf die laagste tot die hoogste klas van die middelbare skool 'n vaste en afgebakende stelsel gevolg moet word. In die laagste klas van die middelbare skool is dit verder noodsaaklik om goeie prosa en poësie te behandel, wat nog altyd 'n groot leemte in ons onderwysstelsel was. Om dit te bereik moet die leerling met 'n hele aantal kunswerkies kennis maak.(2) Hierdie gediggies en stukkies prosa wat in die bloemlesings 'n natuurlike en aaneengeslote geheel vorm, moet egter aanpas by die kind se ontwikkelingsvermoë.(3) By die onderrig moet al die taalaspekte in verband met mekaar gebring word. Die verband van die geheel tot die dele moet aangetoon word, sodat die werk van die laerskool saamgeweef word met diè van die middelbare skool.(4)

In hierdie verband het die skoolhoofde probeer om 'n gestandaardiseerde leergang vir die laer- en die middelbare skool daar te stel. Hulle het tot die algemene gevolgtrekking gekom dat die taalonderwys van die middelbare skool moet aansluit by die werk van die laerskool, 'n aspek wat geensins verwaarloos mag word nie.(5) Verder is die skoolhoofde se sienswyse dat daar op die middelbare skool 'n behoefte skyn te bestaan aan 'n gegradeerde leesskema wat as basis van die taalwerk behoort te dien. Daarbenewens moet enige taalkursus volgens 'n stelselmatige plan met 'n natuurlike korrelasie deurgewerk word, indien die taalonderwys baat daarby wil vind.

Behalwe die taalleerkursus is daar die leeswerk aan/...

---

1) Ibid.: 1939: 28-30; Algemene Omsendbrief No.5, 13 Maart 1939.
2) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1930: 38-39.
3) Ibid.: 40-41.
4) Ibid.: Sept. 1939: 35.
5) T.O.: Opvoedkundige Studies, 1936-'37: 33- 35.

aan die begin van die middelbare skoolkursus. Die spannende avontuur, heldedade, ridderlikheid, natuurliefde en humoristiese verhale, is besondere kenmerke tydens die puberteits-adolessente periode (1) wat voorheen nooit in ag geneem is by die leerstofkeuse nie.

Daarenteen is die Onderwyskomitee van oordeel dat taalkennis die konstruksie van woorde, sinne en funksionele grammatika moet insluit. Taal is 'n lewende sielkundige voorwerp, 'n ontwikkelende proses, waarin die taalverskynsels tot in die fynste besonderhede waarneembaar is. Na aanleiding van bogenoemde moet die verskillende taaleenhede in die regte verband as 'n eenheid gesien word. By die onderwys is die aansluiting tussen al die taalvertakkings dus 'n grondvereiste. (2)

Die spreekles is 'n ander belangrike faktor by die moedertaalonderwys. Omdat daar helderheid en begrensing by die opstel verwag word, kan dit mondeling aangeleer word om dan weer mondeling toegepas te word. Aan die begin van die middelbare skool kan die leerling in suiwer taal verhale meedeel wat hulle gelees of gehoor het. Op hierdie wyse is dit wenslik dat daar verband tussen die spreek- en die stelwerk sal bestaan. Die stelwerk (opstel en brief) kan op natuurlike wyse aansluit by die praatonderwys - die een kan 'n uitvloeiing wees van die ander, maar dit moet alreeds by die hoogste klas van die laerskool begin. (3)

Omdat die brief 'n veel natuurliker skriftelike uitingsvorm as die onpersoonlike opstel is, moet dit tydens die eerste jare dan ook die vorm van die opstel in die middelbare skool wees. Daarby was die skoolhoofde oortuig daarvan dat die middelbare skool 'n taalkursus nodig het wat op die leeswerk gebaseer moet wees en nie op los en geïsoleerde/...

---

1) Ibid.: 36-37.
2) Ibid.: 39; Die Kristelike Skoolblad, Okt. 1931: 19; Jan. 1931: 7-8.
3) Ibid.: 40.

geïsoleerde taaloefeninge, sonder inagneming van die aansluitingsbeginsel nie. By grammatika-onderwys behoort die taal as lewende organisme betrag te word, terwyl ordelike en stelselmatige gedagte- uiting die kernaspek by spreek- en stellosse vorm.[1]

b. Afrikaansonderwys in enkel- en parallelmediumskole.

Voor die aanneming van die Rissik-ordonnansie in 1912 was die skole oorwegend Engelsmediumskole. Ten gevolge van die bepalings van hierdie ordonnansie wat nog steeds van krag was, was dit in die dorpskole nodig om met parallelklasse te begin. Daar het gevolglik Afrikaans- en Engelsmediumskole ontstaan onder een dak en onder een skoolhoof.[2]

In die groot stede en veral in Johannesburg het Engels die oorhand gehad, hoewel die Afrikaansmediumskole stadig in getal gegroei het. In Potchefstroom is Afrikaans egter veral as spreektaal gebruik. Hierdie ongelyke verdeling ten opsigte van die tale, het sy invloed deeglik laat geld op die onderwys van die leerling in die stedelike gebiede, terwyl die aansluitingsvraagstuk hierdeur heelwat skipbreuk gely het.

Op die gebied van die taalwetenskap was daar 'n verskil tussen die stedelike gebiede en die platteland. In die stedelike gebiede het die twee soorte skole meer in die ooglopend naasmekaar bestaan. Op die plaasskole egter was die kennis van die leerling van die tweede taal byna uitsluitlik beperk tot die klaskamer. Buite die skool het die grootste gedeelte in 'n eentalige atmosfeer gelewe, met die gevolg dat die huistaal (Afrikaans) veel minder beïnvloed is deur die tweede taal.

Na die taalresultate te oordeel, wat die stedelike gebiede betref, was 'n mens geneig om te dink dat die taalonderrig beter was in 'n omgewing met een taal, as in 'n skool/..

1) Ibid.: 41-42; T.O.D.: Jaarverslag 1929: 91.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1928: 73, 164; Malherbe: Die Tweetalige Skool: 4-5, 40-41.

skool waar beide tale onderrig is. Die volgende tabel toon die standaard van taalkennis aan by die toelatingseksamen vir middelbare skole aan die einde van November 1928 wat in 'n "enkeltalige"- of in 'n "dubbeltalige" omgewing geleë was. Weens steurende faktore was sommige gegewens egter baie misleidend.

| Skool | Afrikaans hoër | Afrikaans laer | Engels hoër | Engels laer |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaansmedium (enkeltalig) | 67.9 | - | - | 66.3 |
| Engelsmedium (enkeltalig) | - | 64.0 | 72.0 | - |
| Afrikaansmedium (dubbeltalig) | 58.1 | - | - | 58.6 |
| Engelsmedium (dubbeltalig) | - | 52.8 | 50.5 | - |

(1)

In elke skool is die huistaal in die hoër graad en die tweede taal in die laer graad geneem. Die resultate word in persentasies aangetoon. Volgens hierdie gegewens word bewys dat die skool in 'n "enkeltalige" omgewing beter uitslae in die eerste sowel as in die tweede taal gelewer het. Afrikaans en Engels het mekaar dus onderling beïnvloed.(2) Origens het die aanleer van die tweede taal 'n ingrypende invloed op die ander vakke van die leerplan uitgeoefen omdat die korrelasie- beginsel nie volkome gehandhaaf is nie.(3)

Die belangrike rapport van die Stoffberg-kommissie van 1917 het sedert 1920 aanleiding gegee tot die oprigting van heelwat afsonderlike skole met Afrikaans as vernaamste onderwysvak.(4) Na aanleiding hiervan en weens die snelle groei van Afrikaans, was die hoofdekring en die meeste opvoedkundiges ten gunste van die beginsel van afsonderlike skole wat uit 'n grondige opvoedkundige oogpunt beskou ongetwyfeld beter is as parallelklasse, blykens die getuienisse van die/..

1) Ibid.: 64-65.
2) Ibid.: 65.
3) Ibid.: 67.
4) Botes: t.a.p.: 91; Tydskrif vir Middelbare Onderwys Des. 1942: 6-7; Die Kristelike Skoolblad, April 1938: 15.

die onderwyskommissies, veral omdat die leerling 'n breër en 'n aaneenlopender opvoeding ontvang. Origens is die verband of aansluiting tussen die laer- en die middelbare afdeling soveel deegliker en doeltreffender.(1)

Op die plattelandse skole was die oorheersende medium Afrikaans, maar dis hier waar die tweetaligheid veral sy uitwerking op die leerstofinhoud en die aansluitingsproses laat geld het,(2) veral as gevolg van die gedurige bepalinge en taalregulasies.(3) Die uitwerking was van so 'n aard dat wanneer die leerling die plaasskool verlaat het, hy 'n geringe kennis van Afrikaans gehad het. Stelselmatige mondelinge en skriftelike werk wat volkome aansluit by die leergang van die laerskool, sou bogenoemde moeilikhede uit die weg geruim het, en die vinnige groei van die onderwys in Afrikaans op die platteland doeltreffender gemaak het.(4)

In die jaar 1935 word van Afrikaanse kant daarop gewys dat die eenwording van Afrikaans as vak tussen die twee skoolstelsels onderbreek is deur die gewelddadige onderwerping, wat reeds tydens die Milner - Sargantdienstydperk ontstaan het.(5) Daarom is die parallelmediumskool hoofsaaklik veroordeel omdat dit die aansluitingsverband tussen genoemde onderwysafdelinge ontwrig het.(6) Op grond hiervan is op psigologiese en wetenskaplike wyse aangetoon dat die leerling alleen in 'n eenheidskool tot 'n volledige en aaneengeslote onderwysontwikkeling kan kom.(7)

---

1) T.O.: Opvoedkundige Studies: 3, 132-133; Steyn: t.a.p.:20-21, 31; Botes: t.a.p.: 109-110; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1933: 6-7, Des. 1942: 7; Die Kristelike Skoolblad, April 1938: 15-16; Onderwysblad, Mei 1940:12-21.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1928: 74; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Jan. 1933: 15.
3) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Des. 1942: 7-8; Steyn: t.a.p.: 24.
4) Ibid.: 75; 1937: 24.
5) Die Kristelike Skoolblad, 1935: 13.
6) T.O. Onderwysblad, Mei 1940: 12-21.
7) Die Kristelike Skoolblad, April 1938: 15; T.O. Onderwysblad, Junie 1940: 5.

c. <u>Gebreke en oordeelkundige hernuwing in die leergang vir Afrikaans.</u>

Die ernstige gebreke van die leergang tot dusver, was dat dit nie tred gehou het met die lewenseise nie en die feit dat die kennis baie uiteenlopend was. Behalwe hierdie leemte het die stelsel van die middelbare onderwys nog steeds vasgekleef aan die oordrewe eerbied vir die eksamenstelsel en die uiteindelike Matrikulasie-sertifikaat.[1]

Op die 51ste Algemene Jaarvergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging is daarop gewys dat daarteen gewaak moes word dat die hoërskool nie van die laerskool afgeskei word nie, want sodoende sou die natuurlike groei en ontwikkeling van die laer- na die middelbare onderwys belemmer word. Die dringende vraag wat in hierdie verband ontstaan het, was of daar 'n tweejarige kursus na standerd VI of 'n driejarige kursus na standerd V moes wees.[2]

Tot dusver het die leergang in Afrikaans nog steeds 'n gebrek getoon aan sorgvuldige koördinasie en 'n geleidelik "opklimmende" indeling. Dit was dikwels moeilik om uit die aangegewe gegewens vas te stel hoe die werk vir standerd VIII moet verskil van dié wat van standerd VII en selfs van standerd VI verwag word.

Dit het verder aan die lig gekom dat onderwysers op die middelbare skool nie die minste idee gehad het van aanknopingspunte van die werk wat in die laerskool behandel is nie.[3] Reeds in 1929 het die Direkteur verwys na die wyduiteenlopende kursusse wat daar vir middelbare onderwys gedurende die afgelope 25 jaar bestaan het, en die nuwe regulasies wat gedurig uitgevaardig is. Volgens hom sal die jaar 1929 hoofsaaklik 'n jaar van voorbereiding wees, sodat die eintlike middelbare skooljaar in 1930 sal begin.

Omdat daar gedurende vorige tydperke aanhoudend/...

1) T.O.D.:Jaarverslag v.d. Provinsiale Onderwyskommissie 1937: 83.
2) Die Kristelike Skoolblad, Mei 1928: 19.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1930: 56.

aanhoudend wysiginge in verband met die leerplanne plaasgevind het, het die tyd aangebreek om 'n natuurlike georganiseerde en afgebakende onderwysstelsel as toekomstige leidraad vas te lê. Volgens die Direkteur kan die filosofie en die sielkunde in enige opvoedingsproses nie buite rekening gelaat word nie, veral nie by die samestelling van die leergang nie. Daarbenewens kan 'n opvoedkundige en gefundeerde onderwysstelsel nie vir alle tye en alle gemeenskappe stabiel wees nie. As gevolg van die feit dat die menslike opvoedingsgemeenskap voortdurend veranderinge ondergaan, moet die opvoedingsideaal tred hou met die veranderende lewensbehoeftes. Om hierdie doel te bereik, is die persoonlike opvatting van die Direkteur dat die middelbare onderwys by die laer onderwys spontaan moet inskakel.(1)

Voortvloeiend uit voorgaande uiteensetting het die kongres van die Transvaalse Onderwysersvereniging in 1933 die Departement versoek om toe te laat dat standerd VI in die hoër-skool presies dieselfde leerkursus sou volg as standerd VI in die laerskool.(2) As wesentlike grondeis mag die leerstof op geen stadium onderbreek word nie, maar dit moet 'n aansluitende verband met die laerskool vorm. Hierdie verband moet verder in alle afdelings van die middelbare skool ontwikkel en aanhoudend groei.(3)

Inspekteur de Vos het in 1935 en 1937 oor die leergange gerapporteer dat 'n besliste poging aangewend is om soveel moontlik aan bogenoemde behoeftes te voldoen, en om die leerstof oor die skooljare sistematies in te deel. Daar is origens getrag om onnodige herhaling van leesboeke uit te skakel. Deur die aanskaffing van bloemlesings is die leemtes wat resitasies betref, grotendeels uit die weg geruim.(4) Origens/...

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1929: 6-7; T.O.D.: Jaarverslag 1936: 148-149; Adamson: t.a.p.: 249-252.
2) Die Kristelike Skoolblad, Februarie 1933: 34.
3) Ibid.: 1936: 150- 151.
4) Ibid.: 1937: 105-106.

Origens beweer de Vos dat daar 'n gebrek aan 'n geleidelike opklimmende ontwikkeling van die leerstof in die leergang vir Afrikaans is, veral waar daar minder as vier leerkragte was. In sodanige skole vorm twee of meer standerds een klas vir spreek- en taallesse. Die verskynsel dat die meeste skole die werksaamhede van een jaar vir 'n sekere groep ingedeel het, was baie algemeen.(1)

Wat die duur van die kursus betref, het die Onderwyskommissie aanbeveel dat daar opeenvolgende kursusse moes wees. Uit die rangskikking van die hoofpunte vir die leergang in Afrikaans asook uit die volgorde van die onderafdelings moet orde en sisteem spreek.(2) In sake die bestaande leergange, het die kommissie aanbeveel:

a. Dat die bestaande hoërskole versterk moet word deur die toevoeging van standerd VI, terwyl die leergang vir die verdere ontwikkeling moet sorg.

b. Die middelbare afdelings verbonde aan laerskole indien moontlik te verbind om die aansluiting te regverdig.(3)

Origens was die kommissie die mening toegedaan dat die leerplan 'n saak van voortdurende proefneming is vir geleidelike aanpassing by noodsaaklike veranderde behoeftes. Dit was baie duidelik dat die leergang vir sy voortbestaan afhanklik moet wees van die behoeftes van die leerlinge en nie van bepaalde regulasies of grondreëls nie.(4) Verder was die algemene mening dat die leergange net opgestel is in die veronderstelling dat standerd VI die einde van formele onderwys vir die meeste leerlinge sou wees.

Weens die verlenging van die leerpliggrens, het die kommissie 'n volledige gedifferensieerde middelbare skoolkursus tot standerd VIII aanbeveel. Hierbenewens moes die laerskoolkursus eenvoudiger en aaneensluitend wees sodat dit beslis/...

1) Ibid.: 1935: 64.
2) T.O.D.: Jaarverslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937: 83.
3) Ibid.: 88.
4) Ibid.: 151-152; Jaarverslag 1939: 151.

beslis voorbereidend van aard kon wees.[1] Die aanbevelinge en wenke van die Provinsiale Onderwyskommissie in verband met die leergange, het weerklank gevind by die onderwysoutoriteite, sodat daar in 1942 volledige leerplanne vir alle vakke verskyn het.

By die aanbieding van die leergang in Afrikaans as moedertaal, behoort die leerstof volledig aaneensluitend te wees en 'n wye arbeidsveld dek.[2] Onmiddellik met die verskyning van die "Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans" van 1942, het die Randse vakkomitee daarop aangedring dat die gevorderde vriendskaplike briewe asook sakebriewe uit die leergang geskakel moes word.[3]

Wat veral van belang is, is die feit dat geen formele taalkunde geleer moes word nie. "Die bietjie kennis van taalkunde wat as nodig beskou word, moet alleen langs die weg van die lewende taalgebruik verwerf word en op die tydstippe wanneer die kennis nodig blyk. Sinsontleding word voorafgegaan deur sinsintese en hierdie soort oefening moet binne die perke van die kind se lewende taal val." Vervolgens word daar deurgaans voorsiening gemaak vir mondelinge en skriftelike werk, lees en taalverskynsels.

3. DIE STELSEL VAN AANSLUITING.

Uit die verslag van 1928 blyk dit dat daar tot op daardie stadium min onafgebrokenheid by die oorgang van standerd VI na standerd VII was en dat 'n meer geleidelike oorgang nodig was.[5] Die standerd VI- eksamen het toelating tot die middelbare skool verleen in die grootste gedeelte van die provinsie, en dis heel duidelik dat die plattelandse leerlinge wat standerd VI as toelatingseksamen gekies het, hulle weg makliker tot die middelbare skool gevind het, as die wat standerd V/...

1) Ibid.: 153.
2) Ibid.: 184] Jaarverslag 1939: 154.
3) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1941: 4.
4) T.O.D.: Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans, 1942: 3-11.
5) Ibid.: Jaarverslag 1928: 48.

standerd V vir toelating gekies het. Uit Administrateurskennisgewing No. 813 van 13 November 1929 het dit geblyk dat die stelsel van aansluiting op beide stadiums nog gehandhaaf word.[1]

In die verslag van 1931 getuig inspekteur Hunter dat die eksamengees die organisasie,tot aansluiting skadelik beïnvloed het.[2] Hierop is in 1932 'n departementele komitee benoem om die Departement met advies te bedien aangaande die leerplanne. As gevolg hiervan het die korrelasievraagstuk in die loop van die volgende jaar baie aandag geniet omdat "die behandeling van die leerstof in hermeties afgeslote kompartemente 'n oorgeërfde euwel is wat maar 'n baie stadige dood sterf."[3]

Volgens die inspekteursrapporte is die standerd V- eksamen as toelatingsvereiste tot die middelbare skool in 1935 afgeskaf en die laerskool- eksamen (standerd VI) sou voortaan die toelatingseksamen wees. Hiervolgens was die leerlinge wat standerd VI afgelê het, nou 'n jaar jonger as vroeër.[4]

Die standerd VI- eksamen wat tot dusver die aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool bepaal het, is dus uitgeskakel. Op die Rand-sentraal het die toelatingseksamen egter nog aan die einde van standerd V plaasgevind.[5] Kragtens Algemene Omsendbrief No. 9 van 6 Junie 1935 moes alle leerlinge wat voornemens was om na standerd VI 'n middelbare skool te besoek, die sogenaamde beurseksamen aflê en moes minstens 50 persent in Afrikaans behaal om tot die middelbare skool toegelaat te word.[6]

In 1942 het die Departement op aanbeveling van die Onderwyskommissie aangekondig dat die beurseksamen afgeskaf/...

1) T.O.D.: Jaarverslag 1929: 43-44.
2) Ibid.: 1931: 58.
3) Ibid.: 1933: 74.
4) Ibid.: 57; 1935:15-16; Algemene Omsendbrief No.9 van 1935; Die Kristelike Skoolblad, Mei 1931: 9-10.
5) Ibid.: 1933: 35; 1935: 15-16; Die Kristelike Skoolblad, Mei 1935: 23.
6) Verslag van die Onderwyskommissie 1937: 201; Jaarverslag 1935: 201.

afgeskaf moes word.(1) Hiervolgens sou leerlinge na voltooiing van standerd V of VI in die laerskool na die middelbare skool oorgeplaas word op grond van ouderdom, natuurlike aanleg en skoolprestasie. Daar die oorgang op die platteland feitlik nooit na standerd V plaasgevind het nie, was die Hoërskooltoelatingseksamen van weinig betekenis en is dit reeds in 1933 aldaar afgeskaf. Maar aan die einde van 1934 het die aansluiting nog steeds na standerd VI plaasgevind, behalwe in Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom waar die aaneensluiting na standerd V geskied het.(2)

Die Departement was baie ingenome met die koördinasie in verband met die opvoedingsinrigtings.(3) Ook die inspekteurs van die Witwatersrand kon getuig dat die leerlinge voortgegaan het asof daar nie bepaalde standerds en geen tydperke van algemene aansluiting was nie, dit wil sê die skoolwese het 'n eenheid gevorm.(4)

Maar inspekteur de Vos het in sy verslag van 1935 melding gemaak van die algemene verskynsel van gebrek aan "progressiwiteit."(5) Bowendien het die poging tot oorhaastige sentralisasie en die onsekerheid van die voortbestaan van klein skole aansluiting nie tot sy reg laat kom nie.(6) Die oorplasing van beursleerlinge na 'n sentrale skool na voltooiing van standerd V of VI sou afhang van die omstandighede in die betrokke skoolraadsdistrikte.(7)

Op 3 Maart 1937 is die Onderwyskommissie benoem volgens Administrateurskennisgewing No.124. Ooreenkomstig Departementele Omsendbrief No.11 van 1937 was die leervakke en die vraagstuk van aansluiting van die vernaamste onderwerpe waaroor inligting gelewer moes word.(8) In die eerste plek is die standaardsgrense van die skole vasgestel. In die tweede/...

1) T.O.D.: Departementele Omsendbrief No.3, April 1942:20-22.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1933: 57,63; 1934: 15.
3) Ibid.: 1935: 36-37.
4) Ibid.: 68-69.
5) Ibid.: 64.
6) Ibid.: 1936: 8.
7) Ibid.: 10-11.
8) Ibid.: 31; 1937: 10.

tweede plek is die leergange en die aansluitingsvraagstuk behandel, voortvloeiende uit die redes wat in 1934 aangevoer is waarom standerd VI in die middelbare afdeling opgeneem moes word.(1)

In die verslae van 1938 en 1939 word nogeens daarop gewys dat standerd VI vir jare beskou is as die voleinding van die laerskoolkursus en die afsluiting van die algemene volkskool. Reeds in 1933 is die leerplig tot standerd VIII verhoog, maar standerd VI is deur baie ouers nog as 'n besondere mylpaal beskou.

In die verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie word die beweegredes vir die behoud van standerd VI by die laerskool, en dié ten gunste van die verwydering van standerd VI, weereens baie duidelik uiteengesit. Wat die verhouding betref, is die laagste en die hoogste grense van belang. Ten opsigte van die boonste grens van die laerskool is heelwat getuienis afgelê oor die vraag of standerd VI in daardie skool gehou moes word en of die kursus 'n jaar vroeër moes beëindig word, naamlik aan die einde van standerd V.(2)

Waar daar in die verlede heelwat meningsverskil uitgespreek is oor die wenslikheid om 'n afgeronde kursus aan die laerskool te verskaf, is nou besluit om geen soortgelyke kursus aan die laerskool toe te laat nie. Nou dat standerd V die grens van die laerskool was, was die Onderwyskommissie se sienswyse dat die laerskoolkursus beslis inleidend van aard moes wees. Die voltooiing en afronding van die kind se onderwys moes derhalwe die taak van die middelbare skool wees, terwyl die laerskool hom moes toerus om die grootste voordeel uit die middelbare kursus te trek.(3)

Verder is aangevoer dat die stelsel van aansluiting en bevordering uitsluitlik op grond van ouderdom en sielkundige/..

1) Ibid.: 1937: 184-186; Verslag van die Onderwyskommissie, 1937: 78-79.
2) T.O.D.: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937: 77-79.
3) Ibid.: 80.

sielkundige faktore moes plaasvind. Dit sou 'n einde maak aan die groepering in dieselfde klas van jong kinders en kinders wat die puberteitsjare bereik het.

Maar daar was ook besware teen die oorplasing volgens ouderdom, deurdat die kind nie die volle voordeel uit die laerskoolkursus trek as hy toegelaat word om teen sy eie snelheid voort te gaan nie. Selfs die skrander kind kon nie die kursus met voordeel voltooi nie. Bevordering volgens kronologiese ouderdom sou meebring dat leerlinge van verskillende geestesouderdomme in een klas saamgebring word. Die leerplan vir 'n standerd word dan gebaseer op wat die gemiddelde kind van normale ouderdom vir daardie standerd kan behartig.(1)

Ooreenkomstig die eenparige aanbeveling van die Onderwyskommissie moes dit die beleid van die provinsie wees om die skoolwisseling en die aansluiting van die laerskoolkursus by die middelbare skool soveel moontlik aan die einde van standerd V te laat plaasvind, in plaas van aan die einde van standerd VI, alhoewel praktiese moeilikhede die algehele uitvoering daarvan vertraag het.(2)

Tog het die Departement in November 1940 volgens Omsendbrief No.29 aan hierdie beleid uitvoering gegee, naamlik dat die aansluiting tussen die twee onderwysafdelings na afloop van standerd V moes plaasvind en dat standerd VI by alle laerskole afgeskaf sou word. Sommige skoolrade het hierteen beswaar geopper.(3) In die middelbare skool sou standerd VI dus die oorgangstadium vorm na verdere akademiese studie. Sommige skole het nog by standerd VII begin.(4)

In die "Tydskrif vir Middelbare Onderwys" het professor J.C. Coetzee nuwe gesigspunte aan die lig gebring. Waar daar voorheen slegs gestry is oor die opvoedkundige aspek of/...

---

1) Ibid.: 80-81; T.O.D.: Jaarverslag 1936: 148-149.
2) Ibid.: 78-80.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1940: 18-19; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1940: 3; Junie 1941: 7.
4) Ibid.: 20.

of aansluiting na standerd V of wel na standerd VI moes plaasvind, word die wetenskaplike en sielkundige gronde nou oorweeg. Professor Coetzee het aangetoon dat oorplasing of aansluiting reeds na standerd IV moes geskied, en wel deur die fisiologiese, sielkundige, sosiaal-ekonomiese en administratiewe neigings in oorweging te neem.

Die laerskool is slegs daar om die leerling in staat te stel om die instrumentele vakke te bemeester en dit word reeds gedoen na 6 jaar (dit wil sê na standerd IV). Vier jaar op die middelbare skool is veels te min vir die leerling om al die werk te behartig. Professor Coetzee het gevolglik 'n skema vir aansluiting aanbeveel, naamlik 'n 6-6 stelsel in plaas van 8-4. Alle leerlinge wat 'n middelbare kursus wil volg moet na afloop van standerd IV eers drie jaar 'n junior-hoërskool besoek, terwyl alle middelbare skole vanaf standerd VIII-X sal strek.[1]

4. KRITIESE BESKOUING EN GEVOLGTREKKING.

Die Transvaalse onderwysgeskiedenis het tydens hierdie periode sy moderne fase binne getree. Weens die ongekende ekonomiese ontwikkeling en omdat ons onderwyspraktyk onder buitelandse invloed gestaan het, word hierdie tydperk gekenmerk deur geweldige opvoedkundige vooruitgang. Die taalkwessie en die aansluitingsvraagstuk het net soos in die vorige tydperke die kernaspekte in die Transvaalse opvoedingstelsel gevorm.[2]

Die Afrikaanse taal het meer en meer 'n ontwikkelende kultuurlewe in die opvoedingsweg van die skole laat posvat en sodoende bygedra om die Afrikaanse taalnasionaliteit in die skool te bestendig. As kragtige faktor het dit 'n geweldige uitbreiding van moedertaalonderwys in die Transvaalse stelsel/.

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, September 1939: 27; November: 6; Maart: 30-31; Coetzee en Bingle: t.a.p.: 8-9 (Laer Onderwys).
2) Die Kristelike Skoolblad, Desember 1938: 7.

stelsel op die voorgrond gestel. Aan die ander kant het dit ook bygedra om die twee Suid-Afrikaanse taalnasionaliteite deur bande van gemeenskaplike belange in die skoolwese nader aanmekaar te trek.(1)

Ongelukkig is daar nog baie moeilikhede en verskilpunte ondervind, wat die woorde moedertaal en huistaal betref. Hierdie woorde is nooit behoorlik deur die Onderwyswet van 1907 en die Rissik-ordonnansie van 1911 omskryf nie. Ofskoon die bedoeling was dat dit die huistaal was wat die kind die beste gepraat en verstaan het, het die betekenis van hierdie woorde voortdurend struikelblokke in die Transvaalse onderwysstelsel opgelewer, waardeur doeltreffende aaneensluiting skade berokken is.

Volgens die wysigings-ordonnansie van 1934, is die huistaal omskrywe as die taal wat die kind die beste ken en verstaan.(2) Hierdeur het verskeie Afrikaanse skole ontstaan waardeur die belange van die bestaande skole egter nie in gevaar gestel is nie. As gevolg van hierdie maatreël het baie Engelse ouers hulle kinders nie gestuur na 'n skool met parallelklasse, waar Afrikaans die bevoorregte taal was nie omdat daar gebrekkige taalkennis onderrig is. Gevolglik het daar aan die einde van hierdie tydperk weer twee wyduiteenlopende rigtinge ontstaan toe die vraagstuk van enkel- en parallelmediumskole aan die orde van die dag was. Nieteenstaande die Afrikaanse skole as rigtingloos en sonder kulturele agtergrond beskou is, het Afrikaansmediumskole vasbeslote voortgegaan, waar Afrikaans die fundamentele grondslag ook by die gebruik van ander vakke, gevorm het.(3)

Van belang is egter die uitstekende opvoedkundige maatreël, naamlik die stigting van enkel- en parallelmediumskole, waardeur die weg tot nouer aansluiting nie langer opsetlik/...

---

1) Ibid.: Februarie 1932: 11.
2) T.O.D.: Algemene Omsendbrief No.5 van 1939: 3; No.5 van 1941
3) Die Kristelike Skoolblad Maart 1932: 5; 1935: 7-11; April 1938: 15-16; Onderwysblad Mei 1940: 12-21; T.O.D.: Departementele Omsendbrief, No.4, Augustus 1941: 94.

opsetlik gedwarsboom is nie.[1] Daar is egter ook nou gesorg vir Afrikaans as tweede taal op die middelbare skool. Aan die ander kant was Afrikaans reeds aan die begin van hierdie tydperk so goed ingeburger dat inspekteursverslae hulle weinig oor die vak uitgespreek het. Die mening is egter deurgaans uitgespreek dat die taal op 'n goeie peil was, veral op die platteland waar daar op beide die laer- en die middelbare skool 'n stewige fondament gelê is.[2]

In hierdie skole was die onderrig van Afrikaans in die eerste sowel as tweede taal uiters bevredigend. Dis egter jammer dat die aaneenlopende verband tussen die verskillende taalaspekte en die korrelasie tussen die laer- en die middelbare onderwysstelsels nog te wense oorgelaat het.[3]

Daarom is daar deur die Onderwyskommissie van 1928 aangedring op 'n radikale wysiging van die leerplanne.[4] Volgens die leergang van 1928, was die werktuiglike kunste soos lees en skryf die hoofsaak. Die skoolleergang ten opsigte van Afrikaans het dus nog gebreke van aansluiting en omvattendheid getoon. Bowendien het die groepstelsel aan die begin van hierdie periode nog vasgekleef aan die onderwysdenke. Hiervolgens het die leergang mank gegaan aan doeltreffende koördinasie- die taalvertakkinge is geensins as integrerende onderdele van die taaleenheid beskou nie.[5]

Ten spyte van die gedurige veranderinge in die leergang van die moedertaal, is die vraagstuk van aansluiting grotendeels uit die oog verloor. Trouens, dit was baie duidelik dat die leergang in Afrikaans nie as 'n los en geïsoleerde plan kon saamgestel word nie. Maar die leergang van die middelbare skool moet 'n organiese uitgroeiing en ontwikkeling wees van die leergang van die laerskool. Dit moet aanvullend en aaneenlopend wees. Die/...

1) T.O.D.: Algemene Omsendbrief No.5 van 1939: 3.
2) Ibid.: No.5 van 1941.
3) T.O.D.: Jaarverslag 1929: 55-56, 76; 1931: 10; 1937: 80.
4) Die Kristelike Skoolblad, April 1928: 5, 7.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1930: 56; Regulasies betreffende Laerskole vir blanke Kinders", ens. 1929:6, 8-9, 13.

Die voorgestelde leergang wat in 1942 in werking gestel is, was werklik 'n goeie voorbeeld van die beginsel van nouer aansluiting. Die ontwikkelingsgang en die stelselmatige volgorde van die leerstofinhoud, was prysenswaardig en inderdaad 'n poging tot aansluiting.(1) Bowendien was die grondreëls in verband met die taalstudie nuttige instrumente om die taalverskynsels en hulle onderlinge verband te verklaar. Verder is die leerlinge in standerds verdeel in plaas van groepe, terwyl die leerstof vir elke standerd oordeelkundig voorgeskryf is.

'n Grondkennis van Afrikaans moes dien as vereiste vir toelating tot 'n hoër standerd op die middelbare skool. Ons kom derhalwe tot 'n ander gevolgtrekking, naamlik dat die vraagstuk van aansluiting wat nêrens in Transvaal 'n rigting van eenvormigheid ingeslaan het nie, as gevolg van die nuwe leergang tot doeltreffender finaliteit gebring is. Daarbenewens het "die invoering van die nuwe leergange die onderwys tot praktiese studie, lokale oriëntering en tot voorbereidende aktiwiteit genoop."

Ongelukkig het die Departement die verskeidenheid van kursusse vir standerds VI- VIII van groter belang beskou as 'n aaneenskakelende leergang.(2) Die kurrikulum, leerkursus of leergang, aldus die Onderwysdepartement, het al die aangebode leerstof wat deur laasgenoemde voorgeskryf was, bevat,(3) terwyl die sillabus of leerplan as deel van 'n vak beskou is. Dit is vanselfsprekend dat hierdie terme wat nie noukeurig deur die Departement bepaal is nie, verwarrende implikasies geskep het.

Uit hierdie leergang spruit drie fundamentele beginsels voort, wat almal as grondslagliggend beskou kan word, naamlik die behoeftes en vereistes vir die kindernatuur, die vereistes/

---

1) T.O.D.: Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans, 1942: 3-11.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1940: 20-21; 1941: 8.
3) Ibid.: Algemene Omsendbrief, No.26 1941: 2; No.10, 1942: 2.

vereistes van die praktiese samelewing en die leerstofinhoud, wat as verrykking en ontwikkeling van die skoonheidsgevoel en die persoonlikheid moes dien.(1)

Ten opsigte van die stelsel van aansluiting het die Transvaalse Onderwysstelsel 'n nuwe mylpaal bereik, maar nogtans was daar nog heelwat wyduiteenlopende opvattings. Die feit dat die aansluitingsvraagstuk aan die begin van hierdie tydperk nog 'n tweeledige doel gehad het, het die onderwys in Transvaal mank gegaan aan eenvormigheid. Gelukkig is standerd VI later by alle laerskole afgeskaf, terwyl aansluiting deurgaans na standerd V sou geskied. Hierna sou standerd V as voorbereiding vir die middelbare skool dien, die oorgangsgrens tussen die laer- en die middelbare skool. Na vele jare het die korrelasie-vraagstuk uit opvoedkundige en sielkundige oogpunt beskou, minder en minder moeilikhede opgelewer. Hierdie stap om standerd V die boonste grens van die laerskool te maak, was werklik in belang van die leerlinge.

Volgens die inspekteursrapporte was dit weereens 'n verdere stap in 'n goeie rigting.(2) In 1941 kon die inspeksiekring van Pretoria melding maak dat die oorgrote meerderheid van standerd VI- leerlinge in stadskole reeds aan middelbare of juniorhoërskole verbonde was.(3) Aan die Rand was daar egter nog 19 laerskole met standerd VI-klasse, so ook in die Wolmaransstad- gebied.(4)

---

1) Ibid.: No. 10 van 1942: 2-4.
2) Ibid.: Jaarverslag 1941: 8.
3) Ibid.: 47.
4) Ibid.: 51, 55.

## AFDELING B: KRITIES.

## HOOFSTUK VI.

## 'N KRITIESE STUDIE VAN DIE HUIDIGE LEERGANG IN AFRIKAANS OP DIE LAER- EN DIE MIDDELBARE SKOOL VAN TRANSVAAL.

### 1. LEERPLAN OF LEERGANG.

Die sogenaamde leerplan of leergang wat die Transvaalse Onderwysdepartement in 1917 uitgereik het, het alreeds verwarring geskep. Dis vir die Departement om 't ewe of dit leergang of leerplan is. Leerplan is vir die Departement "sillabus" en leergang is "kurrikulum". Na 1917 het hierdie twee onderwysaspekte gedurig verwarring meegebring.(1)

Omdat die onderwys van die hele skool 'n afgeronde geheel vorm, waarby die werksaamhede van die laer- en die middelbare skool deeglik behoort aan te sluit, is dit absoluut noodsaaklik dat die skool tot 'n vaste eenheid, 'n plan moet hê "waardoor de geheele inrichting geregeld wordt."(2)

Volgens H. Douma is die leergang wat opgestel word ooreenkomstig die beginsels wat by die leerstofkeuse in aanmerking geneem word, as volg:

"De rangschikking van de stof van een leervak (waarbij dus uitgemaakt wordt, wat er van dat leervak na elkaar zal behandeld worden) noemt men de leergang. Van de onderdeelen of eenheden van een leervak kan dus een leergang worden gemaakt." So kan die eenhede van die moedertaal tot 'n aaneengeslote eenheid opgebou word.

Daarbenewens bestaan "het leerplan uit al de leergangen voor de verschillende vakken van onderwijs."(3) Ook dr. Moormann praat van die leergang in die moedertaal wat uit/..

1) T.O.D.: Leergangen voor de vernaamste vakken ens., 1917: Algemene Omsendbriewe No.26, 1941: 2, No.10, 1942: 2; Coetzee: t.a.p.: 131.
2) Van Wyk: Opvoeding en Onderwijs: 46; Langeveld: 147-151; Meriam: t.a.p.: 14, 66-67; Monroe: Principles of Education : 5-15.
3) Douma: Onderwys en Opvoeding: 30-31, 33- 36.

uit verskillende taaleenhede bestaan,(1) terwyl dr. Hoogveld die leergang sien as 'n hele reeks onafgebroke feite wat deur 'n geleidelike vooruitgang gekenmerk word.(2) W.A. van Wyk sien aan die ander kant die leerplan as "de van te voren vasgestelde regeling van het onderwys in alle leervakken en over den geheelen leertyd van een bepaalde school."(3)

Die Onderwysdepartement het dus mis getas wat die leergang betref. Die leergang dui die ordening van die leerstof aan in 'n bepaalde leervak soos dit deur die onderwysowerheid voorgeskryf word vir 'n bepaalde leerjaar,(4) en "de ordelijke opeenvolging van de deelen der leerstof, d.w.s. de opklimming en de uitgebreidheid daarvan waardeur den goeden gang van het onderwys gewaarborgd, en de aansluiting van den ontwikkelingstrap van den leerling" versoker word.(5) So kry ons die leergang in Afrikaans vir die eerste, tweede en die daarop volgende jare, maar sonder dat die taalaspekte tussen die onderwysstelsels uit geïsoleerde brokstukke bestaan.

## 2. DIE HUIDIGE AANSLUITING.

In die eerste plek het die huidige organisasie in verband met die aansluiting histories- nasionale vraagstukke opgelewer en in die tweede plek, sielkundig- opvoedkundige probleme. Waar die oorgang in Transvaal voor 1940 hoofsaaklik na voltooiing van standerd VI plaasgevind het, en waar dit in die ander Suid-Afrikaanse provinsies tans nog die geval is, is dit vandag die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement om die aansluiting na aflegging van standerd V te laat geskied.(6)

Die algemene skeidslyn in Transvaal was standerd VI,/..

1) Moormann: t.a.p.: 40, 50-51.
2) Rombouts: Historiese Pedagogiek, 4de Deel: 322.
3) Van Wyk: t.a.p.: 65; Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937: 83.
4) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde: 316-317.
5) Van Wyk: t.a.p.: 264-268.
6) T.O.D.: Departementele Omsendbrief, 1940, No.29.

standerd VI, dit wil sê 'n jaar laer as in ander provinsies, en in Transvaal was dit in sommige streke standerd V en in ander weer standerd VI.[1] Soos die toestand vandag is, is daar hoegenaamd nie eenvormigheid in ons onderwysstelsel nie. Behalwe dat daar nog standerd VI-klasse is wat nie deel vorm van die middelbare skool nie, is die huidige Transvaalse skoolstelsel op die grondslag van 7-5 of 8-4 gebaseer.[2]

In die Kaap-provinsie neem die middelbare onderwys 'n aanvang na voltooiing van standerd VI, dit wil sê die middelbare skool begin met standerd VII.[3] Ook in die Oranje Vrystaat eindig die laer onderwys na aflegging van standerd VI terwyl die middelbare onderwys met standerd VII begin.[4] In Natal begin die middelbare onderwys eweneens met standerd VII.[5] Ten opsigte van die huidige skoolstelsel is daar dus nêrens volkome eenvormigheid van 'n aansluitende leergang in Afrikaans nie. Daar is alleen sprake van aansluiting wanneer die onderwysers kennis dra van die grondvereistes vir laer- en middelbare onderwys en hulle daarop toelê om so ver moontlik koördinasie te bewerkstellig. Origens is daar nie in al die provinsies sprake van 'n doelbewuste aansluiting in die leergang vir Afrikaans tussen die twee opvoedingstelsels nie.

Nog erger is die grens vir verpligte onderwys gestel. In die Kaap-provinsie en die Oranje Vrystaat is dit standerd VI of 16 jaar, in Natal standerd VI of 15 jaar en in Transvaal het ons drie stelsels aangetref. In sommige skoolraadsdistrikte was dit 15 jaar, en in ander standerd VI of 16 jaar, en in nog ander standerd V of 15 jaar. Dit het daarom absoluut noodsaaklik geword dat die provinsiale bepalings/...

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1927: 32; Junie 1939:7-9.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1941: 51.
3) Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop, Leerplan vir die Primere Skool,1937; Taute: Opvoedende Onderwys: 51-53.
4) Departement van Onderwys van die Oranje Vrystaat, Eksamen vir Juniorsertifikaat, Handboek, 1941: 5.
5) T.O.D.: Verslae van die Direkteur van Onderwys, 1910-1941.

bepalings ten opsigte van die aansluitingsvraagstuk ooreenstemming moet geniet.(1)

Uit voorgaande blyk dat daar 'n diep kloof tussen die twee skole bestaan, as gevolg van die feit dat daar nie eenvormigheid is wat die verhouding van aaneenskakeling weerspieël nie.(2) Die middelbare skool kan nie as 'n afsonderlike onafhanklike onderwysinrigting beskou word nie, maar dit moet aansluit en voortbou op die leergang van die laerskool. "Geen middelbare onderwys is moontlik sonder 'n voorafgaande laer onderwys nie."(3) Daarenteen moet die laer onderwys voorbereidend wees tot verdere onderwys.(4)

Maar die veelomvattende aansluitingsvraagstuk word ook deur sielkundig- opvoedkundige aspekte beïnvloed. Soos reeds vermeld is, het die vraagstuk ontstaan of aansluiting moet plaasvind volgens kennisstandaard of alleen volgens ouderdom. Psigologies besien, vind die beste skoolindeling plaas volgens die ouderdomsgrens.

Wanneer die leerling die eerste beginsels van praat, lees en skryf aan die einde van die laerskool goed kan behartig, is hy gereed vir die eintlike verstandelike opvoeding. Hy bereik hierdie oorgangstadium wanneer hy ongeveer 12 jaar oud is.(5) Die laerskoolkursus sal dan strek tot ongeveer die 12e lewensjaar.(6) Sommige opvoedkundiges huldig die opvatting dat die verskille tussen die twee onderwysstelsels op kronologiese ouderdom berus. As standerd VI die grenslyn is, sal die gemiddelde ouderdom 14 jaar wees. Maar volgens gegewens is die kronologiese ouderdom 'n swak maatstaf vir/..

---

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1927: 32.
2) Ibid.: Junie 1939: 7-9.
3) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 7-10 (Middelbare Onderwys); Meriam: t.a.p.: 137-158; Inglis: t.a.p.: 118-160, 261-303; Rugg and Shumaker: t.a.p.: 128, 143.
4) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen, ens. 1909: 9-10; Meriam: t.a.p.: 66-67, 120-121, 137-139; Bonser: t.a.p.:88, 427; T.O.D.: Jaarverslag, 1936: 150-151; 1937: 105-106.
5) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 9-10, 13 (Middelbare Onderwys) Die Kristelike Skoolblaaie, Augustus 1935: 7,9; Nov. 1935: 17, 19; Verslag van die Prov. Onderwyskommissie, 1937:80; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1939: 7-10.
6) Ibid.: 10; Bonser: t.a.p.: 63.

vir afbakening tussen die laer- en die middelbare onderwys.[1]

Volgens dr. Adamson behoort die oorplasing aan die einde van die elfde jaar plaas te vind, terwyl hy dit raadsaam ag om die samestelling van die leergang nie op ouderdom alleen te baseer nie.[2] Maar ooreenkomstig sielkundige faktore moet oorplasing eweneens volgens die ontwikkelingsfase of die kennisbasis geskied.[3]

Blykens die Transvaalse stelsel waar standerd VI in die meeste gevalle as oorgangstydperk of grenslyn vasgestel is, maar in baie gevalle ook standerd V, is bogenoemde beginsel in 'n mate gehandhaaf. Maar omdat daar destyds en vandag nog twee oorgangstadia is, het die middelbare skool 'n afsonderlike skool geword, ingekraal in sy eie professionele geslotenheid, wat grotendeels aan die eksamenstelsel toegeskrywe kan word. Deur hierdie onnatuurlike skeiding, ook wat die ander provinsies betref, word die middelbare skool ongunstig beïnvloed en die aansluitende werk van die opvoeder bemoeilik.

As gevolg van die skeiding in afsonderlike en geïsoleerde inrigtings, word die grondbeginsels van 'n deurlopende leergang in die moedertaal uitgeskakel en die hele opvoedingsveld skade berokken.[4]

Uit opvoedkundige gesigspunt beskou, moet die laer- en die middelbare onderwysinrigtings dus in die nouste verband tot mekaar staan. Die ideale middelbare skool sal begin vanaf standerd VI. Deurdat daar in die huidige stelsel voorsiening gemaak word vir die aansluiting aan die einde van/...

1) T.O.D.: Jaarverslag 1933: 57, 63; 1934: 15; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1939: 7-9; Kleefstra: Grondslagen van Opvoeding en Onderwys: 26-40.
2) Adamson: t.a.p.: 249-252; T.O.D.: Jaarverslag 1941: 19, 46; Die Kristelike Skoolblad Augustus 1935: 7, 9; Nov. 1935: 17, 19.
3) T.O.D.: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie 1937: 80-81; Jaarverslag 1936: 148-149; Die Kristelike Skoolblad, November 1935: 19, 21.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1906: 80; 1908: 18; 1910: 84; 1915:82-83; 1929:43-44; 1941: 12; Verslag van die Prov. Onderwyskommissie 1937: 77-80; Die Kristelike Skoolblad, Aug. 1935: 7-9; Tydskrif vir Middelbare Onderwys 1934:10-11; T.E.D.: Report of the Education Commission, 1917: 10-14.

van standerd V sowel as standerd VI in die verskillende provinsies, kan daar geen sprake wees van 'n volkome aansluitende leergang in Afrikaans nie. In Transvaal het die toestande in stedelike en plattelandse gebiede soveel moeilike vraagstukke opgelewer dat die Onderwysdepartement dit goed gedink het om standerd VI by die middelbare skool in te sluit.(1)

Die verdere oorsake vir die huidige gebrekkige aansluiting moet in die volgende gesoek word: Soos die toestande vandag is, word die laer onderwys aan 'n afsonderlike onderwysinrigting gegee, en die middelbare onderwys aan 'n ander inrigting. Kragtens opvoedkundige beginsels is daar ongetwyfeld splitsing en afbakening omdat die leerling na afloop van standerd V sy onderwysontwikkeling aan 'n nuwe inrigting gaan voortsit. Deur die verbreking van die sosiale bande en die verwydering van die leerling uit die groep waarin hy 7 of 8 jaar lank verkeer het, en sy oorplasing na 'n totaal vreemde opvoedingservaring, word die gebrek aan aansluiting baie duidelik.

In hierdie onbekende skoolatmosfeer kry die vroeë adolessent met nuwe onderwysers te doen. Daar vind gevolglik 'n tydelike onderbreking plaas in die geleidelike ontwikkeling van die leerling se geestelike en verstandelike vooruitgang. Hy tas rond en eers aan die einde van die eerste jaar op die middelbare skool is hy in staat om hom behoorlik aan te pas by sy vak.(2) Daarom behoort ons tot 'n doeltreffende aansluitende stelsel te kom, waar die laer- en die middelbare skoolafdeling die nouste verband vorm.(3)

3. <u>BEHOEFTE AAN N AANEENSLUITENDE LEERGANG.</u>

In Transvaal was die mees ingewikkelde vraagstukke die/..

---

1) Ibid.: 1933: 57, 63; 1934: 15; 1936: 10-11; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1934: 13; Maart 1939: 30-31; Coetzee en Bingle: t.a.p.: 8-9 (Laer Onderwys).
2) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Sept. 1939: 27-29.
3) Leest: Het Voortgezet Onderwys in de moedertaal: 44-45; Langeveld: t.a.p.: 147-151; Moormann: t.a.p.: 29.

dié van die taalonderwys en die aansluiting.[1] Die Transvaalse Onderwysdepartement het te kampe gehad met die moeilikhede om behoorlike aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool te bewerkstellig, veral wat betref Hollands- Afrikaans.

Die kern van hierdie vraagstuk word egter gevind in 'n artikel van inspekteur D. Linney, naamlik "Het in verband brengen van de Lagere en de Middelbare kursussen," waarin hy melding maak dat dit die beleid van die Departement in die provinsie van Transvaal was om die middelbare skool op die laer onderwys te laat volg. Maar hierbenewens maak hy gewag van die algemene opvatting "dat middelbare onderwijs moet bestaan als een georganiseerd geheel in grote mate onafhanklik van het lager onderwys. Het middelbare werk moet natuurlik volgen op hetgeen in de lagere school en afdelingen gedaan is. Middelbare werk is slechts een uitbreiding en aanvulling van lager werk."

Hieruit spruit voort dat die vraagstukke "waardoor de twee afdelingen van het werk een deel van organies geheel zullen vormen," en die taalvraagstuk die grootste onderwysaspekte was, wat die outoriteite hoofbrekings besorg het.[2] Verskeie uitsonderlike pogings is aangewend om 'n grondige aaneenskakelende kursus in Afrikaans in die lewe te roep, maar nêrens is daar eenvormigheid bereik nie.

Ofskoon die leergang nie aan die beste verwagtings beantwoord het nie, het die verhoudingsaspek en eenheidsverband na 1918 steeds groter hoogtes bereik.[3] Vanaf hierdie stadium het die Transvaalse skoolstelsel meer en meer tot 'n organiese geheel ontwikkel as gevolg van die leergange wat van tyd tot tyd verskyn het.[4] Aan die treurige/....

---

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Maart 1939: 30-31.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1919: 247-248; Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937: 218-229; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1932: 13, 15, 17.
3) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1932: 37-42; Julie 1932: 37-42.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1906-1942; Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937: 219-229.

treurige onderwystoestande het 'n einde gekom met die verskyning van die "Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans" in 1942.[1]

In hierdie leergang word wel voorsiening gemaak vir afronding en begrensing, maar dit dien nie as grondslag vir 'n eenheidskool nie. 'n Verdere beswaar is dat dit nie logies en duidelik afgebaken is nie, die eenheidsverband tussen die onderwysafdelings ly dus skade. Dit is egter opvallend dat met die konserwatisme en verouderde idees in verband met grammatika- onderwys, wat voortdurend die vernaamste taalinhoud in beslag geneem het, weggebreek is.

In die huidige leergang dien formele grammatika nie as grondbeginsel van die taalonderwys nie. Vandag is taalkennis egter 'n dinamiese, lewende en psigologiese voorwerp in die taalontwikkeling van die kind.[2] Die verskillende rapporte van die eksaminatore en die direkteursverslae is afdoende bewys dat formele grammatika nouliks bestaansreg in die leergang het.[3] Daarbenewens word sinsontleding nie as 'n doel op sigself beskou nie, maar alleen 'n toets om die leerling die beginsels van sinstruktuur te laat begryp. Volgens die huidige leergang word vir die eerste keer die behoefte gevoel van 'n bloemlesing wat deur die leerlinge aangeskaf moet word. Ongelukkig is daar geen sprake van 'n genetiese samehang nie, maar slegs losstaande gediggies en prosastukkies wat nie by die res van die letterkunde aansluit nie.

Die bloemlesing moet op sy beurt in die nouste verband tot die leeswerk staan. In die huidige leergang is daar egter 'n aanduiding van stelselmatiese mondelinge en skriftelike werk. Stelonderwys word op sy beurt in verband met leesonderwys gebring.[4] Voorheen was die leerstofinhoud ten opsigte van lees en resitasie oor die algemeen te vaag en te min/...

---

1) Ibid.: 1942: 49-51; Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie: 5, 83.
2) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 83-43 (Middelbare Onderwys); Leost: t.a.p.: 45-47; T.O.D.: Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans, 1942: 3.
3) T.O.D.: Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans, 1942:2-3,7; T.O.D.:Jaarverslag 1933:58; Tydskrif vir M.O. Sept.1924:36-38
4) Ibid.: 3.

min aaneensluitend.(1)

In ons huidige skoolstelsel is die laerskool die aangewese plek vir 'n afgeronde kursus, maar dan moet dit van so 'n aard wees dat dit by die primêre of elementêre onderwys aansluit en daarop verder voortbou. Albei moet uit die aard van die saak as grondslag- liggend beskou word. Primêre onderwys is 'n afgeronde eenheid, maar as oorgangsonderwys moet dit 'n deeglike grondslag lê vir die sekondêre, terwyl die sekondêre onderwys ook afgerond moet wees, maar tog ook weer die grondslag lê vir die tertiêre universitêre onderwys. Daarom is die laer onderwys sowel as die middelbare onderwys prodadeuties of voorbereidend van aard.(2)

Gewoonlik gaan dit goed tot by die grens, dit wil sê tot aan die einde van die laerskool, maar dan word die hoofkanaal uit verband geruk. Die beste resultate word egter verkry van 'n innig saamgeweefde leergang wat 'n gesonde natuurlike korrelasie met die middelbare skool in logiese volgorde voorskryf,(3) en wat daarby 'n voortbouing op die laerskoolkursus is.(4)

'n Aaneenskakelende leergang vir die moedertaal moet 'n wetenskaplike en metodiese een wees, behoorlik ineensluitend, dit wil sê al die taalvertakkingo moet 'n onderlinge en 'n innige verband tussen die laer- en die middelbare onderwysinrigting vorm. Daarby moet die reeks leerstofeenhede eenvoudig en stelselmatig begin en aansluit by wat die leerling reeds ken, naamlik die elementêre onderwys(5)

Die behoefte aan 'n aansluitende leergang in Afrikaans word dus sterk gevoel en wanneer ons onderwysstelsel die dag tot 'n hegte eenheid ineen gegroei het, het ons ver gevorder op die ontwikkelingspad. So 'n leergang moet dus 'n/...

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, September 1924: 36-39.
2) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 8-9,11 (Laer Onderwys;7-9 (Middelbare Onderwys; T.O.D.: Jaarverslag 1953: 103.
3) Langeveld: t.a.p.: 125; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, September 1924: 36-38.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1915: 12; Bepalingen voor Lagere Scholen, ens. 1909: 7-8; Meriam:t.a.p.: 137-139; Coetzee en Bingle: t.a.p.: 8-9 (Middelbare Onderwys).
5) Van Wyk: t.a.p.: 264-268.

'n aaneengeslote geheel vorm, bedoel vir 'n eenheidskool onder een dak en onder een hoof.

4. KRITIESE BESKOUING EN GEVOLGTREKKING.

Die Transvaalse Onderwysdepartement het ongelukkig 'n verkeerde opvatting aangaande die leergang gehad. Die Departement hou nie in gedagte dat die leergang 'n ontwikkelende en aaneengeslote grondslag vir die primêre en sekondêre onderwys moet vorm nie.(1) Daarbenewens het die begrippe leergang en leerplan verwarring geskep, terwyl daar in die Transvaalse opvoedingsproses heelwat uiteenlopende beskouinge oor 'n aansluitende leergang in Afrikaans bestaan het. Hierdeur is afbreuk gedoen aan die wesentlike fundamentele onderwysbeginsels. Behalwe bogenoemde leemtes in die Transvaalse onderwyssisteem, het die term aansluiting ook waarskynlik verwarring veroorsaak, juis omdat die onderwysinrigtings nie gekoördineer, geïntegreer word nie.

Die onderlinge verhouding tussen die laer- en die middelbare skool in sy huidige vorm, is betreklik ongesond, as gevolg van die feit dat beide onderwysstelsels feitlik as afgeslote eenhede bestaan. In verband met die vraagstuk van aansluiting, is daar heelwat uiteenlopende opvattings, wat dit in beginsel as verkeerd beskou dat die laerskoolstelsel 'n prodadeutiese of voorbereidende grondslag vir die middelbare skool moet vorm.(2) Hierdeur kan daar van 'n eenheidskool geen sprake wees nie. Tog was dit die doelwit van die Direkteur om die twee skoolstelsels tot 'n aaneengeslote geheel te bewerkstellig en om hierdie doel te bereik, moes die oorgang na standerd V plaasvind.(3)

Hierdie skeidslyn is besonder opvoedkundig omdat die leerling tydens hierdie stadium 'n nuwe fase van sy skoollewe/...

1) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 9-13 (Middelbare Onderwys); Rugg and Shumaker: t.a.p.: 143.
2) Het Christelike Schoolblad, Februarie 1928: 33.
3) T.O.D.: Jaarverslae 1904- 1942; Leergangen voor de vernaamste valken, ens., 1917: 26.

skoollewe binne gaan. Die middelbare skool word dus op die grondslag van 'n vyfjarige kursus ingerig wat inderdaad verwelkom word. Maar weens ekonomiese en organisatoriese veranderinge, het hierdie skool met standerd VII begin, dit wil sê daar is voorsiening gemaak vir 'n agtjarige skoolloopbaan op die laerskool. Hiervolgens is die Transvaalse onderwysstelsel ingerig op die plan van 8-4; die laerskoolkursus het oor 8 skooljare gestrek en die middelbare oor 4. Vandag is dit in die ander provinsies nog die geval.

So 'n verhouding is egter foutief omdat die eerste fundamentele beginsels betreffende die moedertaal reeds in standerd IV verwerf word, terwyl die kennis van standerd V en VI feitlik net 'n uitbreiding is. Volgens die 8-4 stelsel, is die middelbare skoolleeftyd veels te kort, gevolglik word die leergang oorlaai en vlugtig afgehandel. Na 1940 het die Transvaalse Onderwysdepartement egter die aansluiting na voltooiing van standerd V laat geskied, wat voorwaar 'n baie opvoedkundige maatreël is. Maar die huidige onderwysstelsels van die provinsies toon nog heelwat gebrek aan eenvormigheid na aanleiding van bogenoemde.(1)

Vandag bestaan die Transvaalse opvoedingstelsel op die plan van 7-5; sewe skooljare vir die laer onderwys en vyf vir die middelbare wat trouens 'n baie meer opvoedkundige maatreël is, as die van die ander provinsies. Maar daar is ten opsigte van die aansluitingsvraagstuk ook die probleem van ouderdomsgrens. Die meeste opvoedkundiges kom tot die gevolgtrekking dat die stadium van ontwikkeling, en wel die 11de of 12de lewensjaar as die aansluitingsgrens moet dien. Maar weens verskille in rypwording, is dit wenslik om 'n deurlopende kursus te handhaaf, beginnende by die laagste klas van die laerskool en eindigende in die hoogste klas van die middelbare skool.(2)

---

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1939: 7-9; T.O.D.: Jaarverslag 1933: 22; Coetzee en Bingle: t.a.p.; 9 (Laer O.)
2) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 9-10, 13. (Middelbare Onderwys).

Met betrekking tot die huidige leergang word daar egter 'n gesonde poging aangewend om die nodige kontinuïteit tussen die laer- en die middelbare inrigtings te bewerkstellig. Ten spyte van die feit dat die moedertaal 'n lewensvraagstuk in die skoollewe geword het en 'n onophoudelike stryd moes voer om sy regmatige plek in die leerplan te verower, het die aansluiting daarvan nog nie volkome finaliteit bereik nie.

Dit is miskien toe te skrywe aan die verskeidenheid opvattinge oor Afrikaans as skoolvak. Die waarde van laasgenoemde en 'n aansluitende leergang is nooit ten volle besef nie. Hierdeur het eweneens 'n verkeerde opvatting oor die onderwys van Afrikaans ontstaan. Dis grootliks deur hierdie remmende faktore te wyte dat die vraagstuk van 'n aansluitende leergang selfs vandag nog moeilikhede oplewer. Gevolglik word allerlei skemas en bekrompe idees aangewend om 'n oplossing te vind. Die ware aanvangspunt word verbygegaan as gevolg van 'n oorvol leergang, sodat eenheid en korrelasie ontbreek. Die onderwerpe en taalbegrippe word nie duidelik bepaal en begrens nie. Teoreties word 'n aaneenskakelende leergang nagestreef, maar in die praktyk nie op die proef gestel nie.

'n Ander ongewenste toestand is die onpraktiese karakter van die leergang weens die gebrek aan skoolbiblioteke, geskikte lees- en leerboeke, die onsamehangende rangskikking van droë taalkundige leerstof en die onwetenskaplike bestudering van die taalonderwys.(1)

Ons kom tot die gevolgtrekking dat die leergang vir die middelbare skool 'n verlenging of uitbreiding van die leergang vir die laerskool moet wees. Die uitbreiding in die laer klasse van die middelbare skool moet van so 'n aard wees om die geweldige sprong vanaf standerd VIII na standerd IX te voorkom. Die leergang vanaf standerd VI-VIII behoort dus ruimte te bied vir 'n groter en uitgebreider leerstofinhoud.

1) T.O.D.: Jaarverslag 1933: 22; Leest: t.a.p.: 44-59.

Reeds in standerd V moet die leerling weet wat die standerd VI- leerling behoort te weet; die standerd VI- leerling wat 'n standerd VII-leerling behoort te weet, en so voorts sodat die standerd VIII-leerling meer op hoogte kom van die leergang van standerd IX. Daarby moet die feite en kennis van die leergang tussen die twee onderwysstelsels 'n samosmelting en ineengroeiing vorm.

Die feit dat die twee skole afsonderlike inrigtinge onder aparte dakke en onder aparte hoofde is, is 'n faktor wat behoorlike aansluiting strem. Ons sien uit na die dag wanneer die laer- en die middelbare onderwysafdelinge langs mekaar staan sodat die leerlinge net kan oorstap. Voorts moet daar in die eenheidskool deeglike aaneenskakeling tussen al die taalvertakkinge wees. Die onderafdelings van die leergang vir die moedertaal bereik 'n sekere grens aan die einde van die laerskool maar moet 'n aanknoping, 'n verdere gang of ontwikkeling toon van die werk van die laerskool. Die leer van korrelasie is dus onmisbaar.

Net soos die skeiding tussen stof en metode 'n valse opvoedingsfilosofie is, so is die skeiding tussen die laer- en die middelbare onderwysafdeling. Dit bring ons by die grondstelling dat die laer- en die middelbare skool 'n twee- eenheid moet vorm, asook die leerstofinhoud in Afrikaans, sonder om monisties of dualisties georiënteer te wees.

Die beste aaneenskakeling sal verkry word wanneer die twee inrigtings van tweeheid tot eenheid of totaliteit ontwikkel, onder een dak en een hoof geplaas word, en wanneer die opskuiwingstelsel toegepas word, dit wil sê die gekwalifiseerde taalonderwysor begin met die laagste klas en neem daardie selfde groep leerlinge na matriek. Alvorens dit nie plaasvind nie, sal ons huidige stelsel gedurig mank gaan aan deeglike deurlopendheid. Die laerskoolkursus sal nog afgerond en afsluitend wees, maar die organiese eenheid met die/..

die middelbare skoolkursus bereik hierdeur groter doeltreffendheid. Hierdeur sal voorkom word dat Afrikaans as moedertaal aan versnippering onderhewig bly. As sodanig sal die twee inrigtings met een leergang nie teenoor of los van mekaar staan nie, maar een integrerende deel van die ander vorm.

# HOOFSTUK VII.

## BEGINSELS EN METODES VIR DIE SAMESTELLING VAN LEERGANGE IN AFRIKAANS AS MOEDERTAAL.

### 1. DIE ONTWIKKELINGSTADIUM EN KORRELASIE- BEGINSEL BY DIE LEERSTOFKEUSE.

By die leerstofkeuse in die moedertaal, is die ontwikkelingstadium van die leerling 'n essensiële faktor, afgesien van waar die skeidingslyn tussen die laer- en die middelbare onderwys getrek word. Daarom behoort die indeling van die leergang gerieflikheidshalwe volgens jeugtydperke (1) te geskied, omdat die opvoedeling 'n aaneenlopende proses van ontwikkeling deurmaak. Hierdie ontwikkelende en ontvouende proses sluit nie af aan die einde van die laerskool nie, maar word in die middelbare skool op 'n onbelemmerde grondslag voortgesit. (2)

Dit is dus absoluut noodsaaklik dat die leergang rekening moet hou met die sielkundige metamorfose wat die leerling ondergaan. Die vooropgestelde uitgangspunt van die leergang aan die begin van die middelbare skool moet wees om die nouste aansluiting met die leergang van die laerskool te vorm sodat die formele vorming en taalontwikkeling sonder onderbreking kan voortduur. Hierdeur word die kloof tussen die onderwysstelsels uitgeskakel. (3)

Deur die handhawing van die fundamentele eenheidsbeginsel betreffende die leergang, word voorkom dat die leerstof uit 'n hoeveelheid los en onsamehangende taalfeite bestaan. Die taalonderwyser moet gevolglik sy leerstof so kies dat die samehang of aansluiting daarvan tussen die kursusse vir die onderwysstelsels nie uit verband geruk word nie. (4) Die/...

1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde: 194-195; Williams: t.a.p.: 63; T.O.D.: Jaarverslag 1941 : 19, 46; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1939:7-9.
2) Ibid.: 268, 289, 300, 363; Coetzee en Bingle: t.a.p.: 8-11 (Middelbare Onderwys).
3) Ibid.: 194-195; Williams: t.a.p.: 63, 92-94, 114-120; Welton: t.a.p.: 45-46, 62-66; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Sept. 1934: 27-28, 39; Junie 1939: 7-9.
4) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 16 (Laer Onderwys).

Die tyd het werklik aangebreek dat opvoeders moet besef dat die splitsing van die leerstof in 'n aantal relatiewe onafhanklike onderdele 'n groot leemte in ons opvoedingstelsel is.(1)

Uitgaande van voorgaande grondbeginsel, is dit nodig dat die leergang vir die moedertaal na afloop van die laerskoolkursus onbelemmerd en stelselmatig sal voortgaan in die middelbare afdeling. Dit moet egter meer uitgebreider en wetenskapliker wees, anders kry die leerling die indruk dat die werk makliker is as dié wat hy op die laerskool geleer het. Origens moet die leergang van die twee instellinge nie teen, ook nie langs mekaar verby werk nie, maar hulle moet voortdurend in dieselfde rigting werk. Sodoende sal die aaneenlopende verband en organiese eenheid bewaar bly.(2)

Hierbenewens moet die beginsels waarvolgens die kiesing en logiese ordening en rangskikking van die leerstof in die moedertaal moet plaasvind, duidelik gestel word, sodat die verskillende taalvertakkinge behoorlik omlynd en begrens is, in die spesifieke verband met die opvoedeling se behoeftes, ervaring en ontwikkeling. 'n Goed beplande leergang moet volledige taalstof bevat, wat nie slegs uit aanduidings en voorbeelde bestaan nie. Origens kan geen leerstof gekies word sonder behoorlike koördinasie tussen die standerds nie, maar daarbenewens moet die leergang van die middelbare skool volkome aansluit by die laerskool.

2. <u>LEERSTOFBEPALING EN OMVANG VAN DIE LEERGANG IN DIE MOEDERTAAL.</u>

a. <u>Aan die einde van die laerskool.</u>

Daar is sekere algemene beginsels waarmee die leergang deeglik rekening moet hou. Met die oog op harmonie tussen die verskillende taalvertakkinge, moet dit geleentheid bied vir oefening om die taal te verstaan, te skryf en te praat.

1) Raymont: t.a.p.:32; Williams:t.a.p.:92-94, 202-211.
2) Coetzee en Bingle:t.a.p.:17 (Laer Onderwys); Williams:t.a.p.: 92-94, 114- 120.

Verder behoort die omvang van die kennis nie te beperk te wees nie. Daar moet egter gesorg word vir die allernoodsaaklikste taalstof om die nodige grondslag vas te lê. In hierdie geval is die bevattingsvermoë van die leerling 'n kardinale faktor. Maar die essensiële, elementêre taalstof vir die laerskool om by die middelbare skool aan te sluit, behoort vooraf wetenskaplike navorsing te geniet. Wat die woordeskat, idioom, grammatika, mondelinge en skriftelike werk, leesonderwys en voordrag betref, is 'n stelselmatig opgestelde en gekontroleerde leergang vir die hele skoolkursus dus 'n onmisbare vereiste.

Behalwe die leergange wat in die loop van die jare deur die Onderwysdepartement saamgestel is, het dr. N. van der Walt, wat die doel, metodiek en die leerstofinhoud van die moedertaal op die laerskool betref, iets baie waardevols tot stand gebring. Die inhoud van sy leergang is hoofsaaklik op die 1942- leergang van die Transvaalse Onderwysdepartement gebaseer.

Ofskoon die leergang van 1942 deur bekwame opvoedkundiges saamgestel is, beantwoord dit nie volkome aan die grondbeginsels van korrelasie by die leerstofsamestelling nie. Ondanks die feit dat daar melding gemaak word van onderlinge aansluiting tussen die verskillende taalaspekte, staan die leerstof grotendeels op losse voet. Dr. van der Walt handhaaf egter die belangrike beginsel deur sy sienswyse dat die leerstof van elke standerd 'n voortsetting van die werk van die vorige standerd moet wees, maar hy sê nie op welke wyse dit gedoen moet word nie.

Van 'n kennisgesigspunt gesien, gee hy die leerstof vir die hoogste klas van die laerskool betreklik volledig weer, wat mondelinge werk, leesonderwys, skriftelike werk, grammatika en voordrag betref, maar die nouste aaneenskakeling en die sistematisering daarvan tussen die laer- en die middelbare afdeling, ontbreek in 'n mate. Bowendien behoort die/..

die leerling ten alle tye as uitgangspunt geneem te word om die praktiese toepassing van die leerstof tot sy volle reg te laat kom. Origens is dr. van der Walt van mening dat een onderwyser verantwoordelik moet wees vir al die moedertaalonderwys in 'n klas, wat ongetwyfeld 'n belangrike grondvereiste is. Die taal kan immers nie in afgeslote onderafdelings verdeel word nie.[1]

Mondelinge werk word volgens hom beskou as die aanvangstadium[2] waaruit feitlik alle taalonderwys moet voortspruit, veral wanneer die leerling beskaaf moet skrywe.[3] Dit is verder van belang dat die spreekles 'n aansluiting moet vorm met die leeswerk, terwyl praat en skryf 'n onverbreekbare geheel vorm.[4] Origens moet spraakkuns 'n goed begrensde en afgeronde deel vorm van die res van die taalonderwys.[5]

Leesonderwys daarenteen, word baie verwaarloos, wat toegeskrywe word aan die feit dat die leergang nie die leesstof in besonderhede voorskryf nie. Die skoolleesboek moet hom binne die omvang van die gesistematiseerde taalstof beperk. Daarby moet dit saam met die mondelinge uitdrukking van gedagtes 'n kontinuïteit vorm en as uitgangspunt dien vir die taalonderwys.[6] Leesonderwys moet beskou word as die voorbereiding vir praktiese taalkennis. Dit is beslis 'n leemte in die leergang.

Die spreekles en skriftelike sowel as die leeswerk moet op 'n natuurlike wyse korreleer. Die skriftelike uitdrukking van gedagtes moet 'n voortsetting en uitbouing wees van die mondelinge weergawe daarvan.[7] Om dit te bereik behoort die leeswerk vooraf te gaan; daarna neem spreek- en stelonderwys 'n besondere plek in die leergang in.[8] Daar/...

---

1) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 76-118 (Laer Onderwys).
2) Ibid.: 86-87 (Laer Onderwys).
3) Moormann: t.a.p.: 27.
4) Ibid.: 137-138; Leest: t.a.p.: 16.
5) Leest: t.a.p.: 45-47.
6) Moormann: t.a.p.: 57, 144- 145.
7) Ibid.: 22- 23.
8) Leest: t.a.p.: 18-19.

Daar is heelwat verskil van mening oor watter inhoud die grammatika in die leergang moet inhou. In hierdie verband spreek die Transvaalse Onderwysdepartement hom in die leergang van 1942 as volg uit:

"n Beperkte hoeveelheid grammatiese kennis word noodsaaklik beskou om 'n leerling 'n insig in die taalstruktuur te gee en om hom in staat te stel om verklaring te kan soek vir sekere taalgebruike."(1) Die leergang skrywe dus grammatika voor, maar die taalonderwyser moet hom nie op ongemotiveerde lesse toespits nie.

Voordrag is een van die afdelings in die leergang wat die meeste afgeskeep word. Die oorsaak moet gedeeltelik by die stof gesoek word. Daar behoort sorgvuldig nagegaan te word watter gedigte geskik is vir die verskillende stadia van ontwikkeling. Daar word wel melding gemaak van 'n groot verskeidenheid versies en gediggies,(2) maar die omvang en die wyse van aansluiting word verontagsaam.

b. Aan die begin van die middelbare skool.

Die leerkursus in die moedertaal wat vir die laerskool voorgeskryf word, moet afgerond wees, maar die gestandaardiseerde en gegradeerde leerstofinhoud van die laerskool moet in die middelbare skool uitgebrei word.

In hierdie verband beklemtoon dr. H.J.J. Bingle die beginsels by die samestelling van die leerstof en die omvang daarvan, maar hy sê nie baie duidelik waar en wanneer die middelbare skoolleergang 'n aanvang behoort te neem nie. Trouens, hy gee 'n baie duidelik, afgebakende en stelselmatige uiteensetting van die leerstof. Hy verdeel die onderwys in die moedertaal in die volgende afdelings: leeswerk, grammatika (taalkennis), opstel (mondeling en skriftelik) en voordrag,(3) maar die grens tussen die laer- en die middelbare skool word nie duidelik bepaal nie.

1) T.O.D.: Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans, 1942:3.
2) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 90-91 (Laer Onderwys).
3) Ibid.: 70-72 (Middelbare Onderwys).

Dr. Bingle neem egter nie alleen die lewende taal as uitgangspunt nie, maar hy wys verder daarop dat die taal nie in waterdigte kompartemente ingedeel kan word nie. Hy bedoel hier die onderlinge taalvertakkinge, maar daar word beswaar gemunt deur die feit dat die aansluitingsbeginsel tussen die laer- en die middelbare skool nie volkome tot sy reg kom nie.(1) Dog dit word benadruk dat die taaleienskappe vir die leerling sielkundig aan mekaar moet skakel. Die taalstof kan nie slegs in die verskillende standerds breër uitgewerk word nie, maar dis verder nodig dat die omvang vir elke standerd en die wyse van aanvulling en uitbreiding deeglik vasgestel moet word. Daar word volkome voorsiening gemaak hiervoor asook vir die verskillende ontwikkelingsperiodes van die kind.(2) Wat veral van belang is, is die feit dat mondelinge en skriftelike opstel deeglike korrelasie in die hand werk, dog voordrag word afgeskeep.(3)

Samevattend kan ons dus sê dat die omvang van die leergang van so 'n aard moet wees dat dit voldoende sal wees om in die behoeftes van die leerling te voorsien. Dit moet omvangryk wees, integrerend en voorbereidend vir die praktiese lewe. Daarom moet die laer- en die middelbare skool die regte hoeveelheid leerstof aanbied, taalstof wat as grondslag kan dien, waarop die leerling in sy latere lewe kan voortbou en uitbrei. Dit vorm die kernaspekte by die samestelling van die leergang in Afrikaans.

Ten opsigte van die inhoud van die leergang moet die leerstof van die hoogste klas van die laerskool as aanknopingspunt dien en 'n aansluitende eenheid met die leerstof van die middelbare skool vorm. Dit is sonder twyfel 'n groot leemte in die leergange wat verskyn het. As grondeis moet elke onderafdeling van die gegradeerde leerkursus as basis en voedingsbodem dien vir die middelbare skool.

---

1) Ibid.: 71- 98.
2) Ibid.: 70- 85.
3) Ibid.: 88- 97.

## 3. DIE KORRELASIE EN INTEGRASIE VAN AFRIKAANS MET ANDER SKOOLVAKKE.

Behalwe die logiese samehang waarvolgens Afrikaans van leerjaar tot leerjaar ingedeel word, ooreenkomstig die bevattingsvermoë en ontwikkelingstadium van die leerling, is daar die onderlinge verhouding van die onderwys in die moedertaal tot die onderwys in ander tale en vakke, wat eweneens 'n beginsel van die allergrootste belang is. Leest wat veral hierdie vraagstuk behandel, kom tot die gevolgtrekking dat die moedertaal "het intermedium is waardoor alle kennis moet medegedeeld, verhelderd en vastgehouden worden." Dit is verder noodsaaklik dat die lewende en goed beheersde kennis van die moedertaal "als uitgangspunt, als illustrasie, verklaring en as basis van vergelyking" by ander skoolvakke gebruik moet word.

Taalverskynsels in vreemde tale word makliker begryp wanneer dit deur middel van die moedertaal gedoen word - goeie samewerking en wedersydse verband is van essensiële opvoedkundige betekenis. "Onderrig in geen enkele taal kan gebaat zijn" sonder die korrelasie met die moedertaal nie.[(1)] Daarbenewens is "rationalisatie" baie noodsaaklik by die aansluitende taalonderwys.[(2)]

Die verskynsel van taalverwantskap is in dié sin belangrik dat tale nie absoluut vreemd langs mekaar kan staan nie, maar as 'n taalfamilie aan mekaar verwant is. Die betrekkinge of grondtendense tussen tale en vakke is daarom 'n belangrike eis by die leerplansamestelling.[(3)] Dit is verder 'n hoofvereiste dat Afrikaans as moedertaal ook aanrakingspunte sal hê met ander vakke soos geskiedenis, aardrykskunde, natuurkennis, en so meer.[(4)] Toegang tot die lektuur van Engels/..

1) Leest:t.a.p.: 122-123; Coetzee en Bingle: t.a.p.:67-71 (Middelbare Onderwys); Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1933: 9.
2) Ibid.: 124; Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1930: 33.
3) Meyer: Moedertaal en Tweetaligheid: 22-23; Die Christelike Skoolblad, Julie 1926:47.
4) Leest: t.a.p.:116; Coetzee en Bingle:t.a.p.:103,118 (Laer Onderwys); Raymont:t.a.p.:221-222, 229; Tydskrifte vir Middelbare Onderwys, Des.1924:15; Sept.1941: 25.

Engels is van ontsaglike waarde en 'n aanvulling vir die verruiming van die kennis van Afrikaans. Kragtens hierdie beginsel word daar koördinasie en verbindingskanale tussen die verskillende vakke teweeggebring.(1) Origens het die integrasie van Afrikaans met ander vakke ten doel dat die leerstofinhoud van eersgenoemde verruim terwyl die intrinsieke waarde daarvan verhoog.

Op grond van voorgaande uiteensetting is dit dus nodig dat by die leerstofkeuse van Afrikaans rekening gehou moet word met die inhoud van ander vakke.(2) Op hierdie wyse kry ons 'n eenheidsbegrip dat die leerling nie aparte vakkies bestudeer nie, maar 'n breër en grondiger begrip van taaleenheid, 'n begrip dat taal 'n eenheid vorm en dat alle tale en vakke in verband met mekaar staan.(3) Hierdeur is die studie van letterkunde en van die verskillende letterkundige aspekte en -strominge in die hoër standerds van die middelbare skool soveel makliker.(4) Trouens, "alle onderwys is in sy wese moedertaalonderwys in dié sin dat die inhoud van die moedertaal die enigste grondslag vorm vir die onderwys in al sy vertakkinge.(5)

Trapsgewys word die stof opgebou en vir onderwysdoeleindes ooreenkomstig die bevattingsvermoë van die kind en sy ontwikkelingspeil van afdeling tot afdeling in logiese volgorde voorgeskryf. So word die leerstof van Afrikaans en sy verband met ander vakke, eers in die laerskool opgebou tot aan die einde daarvan, en sluit dan aan by die middelbare skool waar die hele vak geleer word, en waar die korrelasie-beginsel verder gehandhaaf word.

---

1) Die Christelike Skoolblad, Januarie 1929: 11; Tydskrifte vir Middelbare Onderwys, Maart 1930: 31-32; Julie 193[illegible]:10.
2) Douma: t.a.p.: 29-30.
3) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1933: 9.
4) Leest: t.a.p.: 124.
5) Meyer: t.a.p.: 21, 34, 41; Coetzee en Bingle: t.a.p.: 67- 71 (Middelbare Onderwys).

4. KRITIESE BESKOUING EN GEVOLGTREKKING.

Uit 'n gesonde gesigspunt gesien, is die meeste leergange oordeelkundig saamgestel, maar sonder inagneming van die werklike aansluitings- beginsel tussen die laer- en die middelbare onderwysafdeling. Daarbenewens behoort die samesteller vooraf proefondervindelik te kan vasstel of sekere leerstofinhoud doeltreffend in die leergang ingesluit kan word.

Ordelikheid in die opvoedende werksaamheid kan alleen verkry word wanneer daar aansluiting is tussen die laer- en die middelbare skool wat die Afrikaanse leergang betref, sodat dit 'n kontinuïteit met die ander vakke vorm. Trouens, alle afsonderlike taaleenhede veronderstel deeglike aansluiting tussen beide onderwysafdelings. Doeltreffende aansluiting sal eweneens die ordelike verloop van alle skoolwerksaamhede bevorder.(1)

Maar die eintlike verband in die leergang vir die moedertaal word eers bereik, wanneer die laer- en die middelbare skool 'n onafgebroke geheel word en wanneer die taalvertakkinge 'n geordende eenheid en vaste verband met mekaar vorm. Die hele ordening en indeling van die taalstof moet volgens die beginsel van kontinuïteit plaasvind. Wanneer die leerling op die middelbare skool kom, het hy reeds die basiese kennis van die elementêre beginsels van Afrikaans. Hierop moet dus volgens 'n vaste stelsel voortgebou word. Daarmee moet deeglik rekening gehou word by die samestelling van die leergang, aangesien die puberteitsperiode die jare van onvastigheid en onewewigtigheid is.(2) Om die aaneenlopende proses van ontwikkeling in die lewe van die leerling te bereik, is die enigste oplossing 'n aaneensluitende, aaneenlopende eenheidskool van die laer- en die middelbare, waar 'n behoorlike trapsgewyse, goed ingerigte leergang nie uit brokstukke onderwys word nie.

---

1) Coetzee, J.C.: Algemene Teoretiese Opvoedkunde: 267-268.
2) Coetzee en Bingle: t.a.p.: 69- 70.

Maar behalwe die korrelasie- beginsel by die leerstof-samestelling, mag die integrasie van Afrikaans met ander skoolvakke nie verontagsaam word nie. Die arbeid van al die ander vakke sal vrugteloos bly sonder die aanvullende, saambindende en inspirerende arbeidsveld van die moedertaal.(1) Afrikaans as moedertaal is dus inderdaad 'n onmisbare vak in die opvoedingsproses. Dit kan nie los staan van ander tale en vakke nie.

Opvoedkundiges het groot hoogtes bereik wat die samestelling van leergange in Afrikaans betref, maar die verskillende taalvertakkinge, naamlik leesles, opstel en brief, grammatika, voordrag en die mondelinge gebruik van die taal, vorm nog te veel afsonderlike taaleenhede, in plaas van 'n deurlopende taaleenheid tussen die twee onderwysinrigtings. Taal en taalkunde word in die reël ook nog van mekaar geskei, wat nie mag gebeur nie, aangesien literatuur en taalstudie een is, dit wil sê die een is 'n uitgroeiing van die ander. Die kronologiese aaneenskakeling van gediggies en prosastukkies in die bloemlesing, is 'n verdere leemte in die leergang van die moedertaal.

Origens moet die inhoud van 'n aansluitende leergang nie alleen 'n uiteensetting wees van taal- en kultuurverhoudinge nie, maar dit moet met die werklike en praktiese lewe in verbinding gebring word. Omdat ons vir die lewe moet opvoed, kan die laer- en die middelbare afdeling nie aan hierdie doel beantwoord, sonder 'n vaste, stelselmatige en geordende aaneenskakelende onderwysprogram nie.(2)

Om hierdie fundamentele opvoedingsdoel te bereik, moet die leergang in Afrikaans tussen die laer- en die middelbare skool soos een organisme 'n organiese verbinding vorm. Die hele taalveld, mondeling en skriftelik moet gesien word as 'n dinamiese pedagogiese instrument waarvan al die taalelemente/

1) Coetzee: Algemene Teoretiese Opvoedkunde: 21.
2) De Wet, B.A.: Proefnemings in Leerplan Vryheid: 42, 61; Leest: t.a.p.: 122-123.

taalelemente in die nouste verband staan, sonder om in kategorieë verdeel te word. Daarom is 'n planmatige keuse van leerstof onmoontlik sonder volkome koördinasie tussen genoemde onderwysafdelings. Dit het reeds nodig geword dat daar so 'n kursus saamgestel moet word. Ons wil graag die volgende leergang vir die laer- en die middelbare skool aanbeveel.

# HOOFSTUK VIII.

## 'N VOORGESTELDE LEERGANG WAARIN AANSLUITING IN DIE LAER- EN DIE MIDDELBARE SKOOL BEWERKSTELLIG WORD.

### 1 SKEMA VIR DIE LEERGANG.

Die doel van hierdie leergang is om nie alleen aansluiting tussen die laer- en die middelbare skool te bewerkstellig nie, maar dit wil verder voorsiening maak vir 'n uitbreiding en aanvulling van die leergang in Afrikaans, wat gevolglik 'n natuurlike en spontane uitbreiding in die hoër standerds sal teweeg bring. Hierdeur sal die geweldige sprong vanaf standerd VIII na standerd IX voorkom word.

Origens beoog die voorgestelde leergang 'n impressiewe doel, dit wil sê die verstaan of begryp van die gesproke en geskrewe woord deur die leerlinge.

By die samestelling van die leergang is uitgegaan van die psigologiese en taalkundige beginsel; die belange en behoeftes van die leerling vorm die uitgangspunt omdat alle onderwys pedosentries behoort te wees, dit wil sê van die kind moet uitgaan en by sy aanleg en ontwikkeling moet aanpas. Ooreenkomstig ons strewe na absolute eenvormigheid tussen die laer- en die middelbare skoolstelsel en die definitiewe beëindiging van die laerskoolkursus na voltooiing van standerd V, is ons voornemens om 'n skema vir Afrikaans as moedertaal voor te stel.

Die skema vir die leergang sluit die volgende in: Die twee vorme van lees, naamlik hardop- en stillees, vorm 'n innige verband en is van so 'n aard dat die letterkundige studie in die hoër standerds van die middelbare skool 'n voortsetting en aanvulling is van die gewone leesstof van die laerskool. Op hierdie wyse word die leesinhoud aaneengeskakel alhoewel die leerling se lewe in tydperke verdeel word. Vir hierdie doel word die skoolbiblioteek se leesstof volgens standerds en ooreenkomstig die ontwikkelingsgang van die/...

die letterkunde geklassifiseer.

Die leesboeke wat deur die onderwyser vir intensiewe studie-doeleindes voorgeskryf word, moet sorgvuldig en oordeelkundig gekies en gekeur word om by die stadium van ontwikkeling en by die belangstelling van die leerling aan te pas. Werke van die volgende aard kan gekies word: speurverhale, skoolstories, reis- en spanningsverhale, lewensbeskrywings. Leerlinge van hierdie leeftyd hou van boeke vol aksie. Van die werke van Mikro wat alreeds op sigself 'n aansluiting vorm, word byvoorbeeld aan die einde van die laerskool voorgeskryf, of enige ander bekende skrywer.

In die middelbare skool word hierop voortgebou, sodoende doen die leerling reeds van vroeg af aan 'n aaneengeslote kennis op van bepaalde skrywers, terwyl hy uit die skoolbiblioteek en tuis deur middel van lees kennis insamel oor die letterkunde in sy geheel. By die samestelling van die leergang moet gesorg word dat soveel moontlik leesstof van die verskillende tydperke verteenwoordig is, anders doen die leerling slegs kennis op van 'n bepaalde letterkundige tydperk.

Daarbenewens moet die leeswerk in kronologiese volgorde geplaas word, dit wil sê vanaf die vroegste tot die jongste ontwikkelingsgang waardeur voorkom word dat die eenheid uit verband geruk word. Om eentonige lees te vermy word aanbeveel dat die gewone leesles verder deur dramatiese lesse of toneelstukke vervang word. Aan aaneenlopende drama-stukke vir die verskillende standerds, is daar 'n groot behoefte in ons skoolwese. Hierdie dramatiese lesse sal die belangstelling intens prikkel en 'n gees van wedywering skep deurdat die leerlinge in groepe verdeel word. By die gegradeerde leeskursus sluit aan die biblioteekboeke, tydskrifte en nuusblaaie wat intellektuele en estetiese waarde moet besit.

Die bloemlesing sluit aan by die leeswerk. Die gedigte en prosastukkies moet eweneens 'n genetiese samehang vorm/...

vorm bestaande uit gedigte vanaf die vroegste tot die moderne tydperk. Uit alle stukke moet daar 'n samehang van skoonheid straal- die eie bloemlesing van die leerling moet soos 'n saamgestelde digbundel daar uitsien. Elke gediggie en prosastukkie moet sy plek inneem in die groot geheel. Die gepaste uitgesoekte stukkies wat vir die leerling van die middelbare skool bedoel is, moet 'n organiese uitgroeiing en ontwikkeling wees van die leergang van standerd V van die laerskool. Poësie en prosa vorm dus 'n kontinuïteit met die intensiewe leeswerk.

Ten opsigte van taalwerk moet so min as moontlik voorsiening vir opsetlike en formele taaloefeninge gemaak word. Trouens, grammatika is die hoekstene van die taal, gevolglik kan formele oefeninge nie geheel- en- al uitgeskakel word nie. Vir die behandeling van taalverskynsels word hoofsaaklik gestrewe na 'n aanknopingspunt met die leeswerk, dit wil sê 'n gedeelte uit die leeswerk dien as bron vir lesse oor klankleer, spelling (lees- en skryftekens), woordvorming, idiomatiese uitdrukkings, dialoog, karakter- en natuurbeskrywing, en so meer, wat in die hoër standerds dadelik aansluiting in die hand werk.

Die volgorde van die taalkennis is as volg: klankleer, die enkelvoudige- en samegestelde sin, verandering van enkelvoudige tot samegestelde sinne, woordvorming, betekenisleer, mondelinge en skriftelike gebruik van die taal. Langs hierdie weg sal die taal-eienskappe vir die leerling 'n eenheid vorm. Die aaneenskakelende sinne by die mondelinge en skriftelike gebruik van die taal, sluit aan by die elementêre paragraaf-bou. Al die taalelemente word in die paragraaf-bou of 'n kort beskrywing saamgevat wat elkeen soos 'n skakel in die kettingreeks pas om die eenheidsverband tussen die twee-eenheid skoolstelsel te vorm. Na die paragraaf-bou volg die spreekles, brief en opstel (mondeling en skriftelik) om 'n kontinuïteit met die leesstof en taalverskynsels in/..

in die taalarbeidsveld te vorm. Sodoende sal die verskillende taalvertakkinge nie as waterdigte kompartemente van mekaar geskei staan nie.

Daarby is die opstelling van stelselmatige en progressiewe werkskemas en nougesette en doelbewuste voorbereiding, van ewe groot belang waardeur doeltreffender aansluiting bewerkstellig word. Die leergang vir standerd V van die laerskool en standerd VI en/of VII sluit die volgende in:

2. VOORGESTELDE AANSLUITENDE LEERGANG.

a. Standerd V (Afsluiting van die laerskoolkursus).

(i) Lees.

Ten opsigte van hardoplees word ten minste twee leesboekies deur die onderwyser voorgeskryf wat van so 'n aard is dat in die middelbare skool daarop voortgebou kan word. Dit behoort deurlopende verhaaltjies te wees. Een en ander van die skrywer is ook van belang. Taalverskynsels soos lees- en skryftekens, dramatiese gedeeltes, natuurbeskrywing, sluit aan by die leesles. Lees van toneelstukkies en samesprake. Die leeswerk waarby die middelbare skool aansluit, moet veral die vorm van dramatisering aanneem.

Stillees: Gebruikmaking van aanvullingsleesboeke (skoolbiblioteek, tydskrifte en koerante- advertensies en allerlei beriggies). Hierdie leesstof moet in die nouste verband met die studie-leesboekies staan. Die gebruik van naslaanboeke, 'n woordeboek en 'n telefoongids. Luisteroefeninge.

(ii) Poësie en prosa.

Voordrag en dramatisering van 'n groot verskeidenheid eenvoudige verhalende, epiese of liriese gediggies, ballades, waarvan sommige van buite geleer word. Leerlinge kies self die stukkies uit 'n groot verskeidenheid gedigte en prosastukke wat vooraf deur die onderwyser uit die verskillende tydperke saamgestel is. Dramatiese stukkies prosa vol/...

vol geestigheid vind baie byval. Blote dramatisering van gedigte is egter onvoldoende. 'n Paar gedigte uit die vroegste tydperk byvoorbeeld van E. Marais, Totius, J.F. Celliers, C. L. Leipoldt, 'n paar uit die oorgangstydperk, naamlik van A.G. Visser, A.D. Keet, Toon van den Heever, Theo Wassenaar, I.D. Du Plessis en andere. Voorlees van mooi gedigte of prosa wat aansluit by voorgaande, deur die onderwyser.

Koorpraat. Sluit aan by die leesles ten opsigte van stembuiging en intonasie. Lees en dramatisering van toneelstukkies.

Bloemlesings waarin poësie en prosa kronologies deur die leerlinge geskrywe word, moet kunstig en smaakvol deur hulle geïllustreer word. Dit moet voorsiening maak vir verhale, samesprake, redevoering, gedigte en koorsange. Origens moet dit 'n samehang vorm van al die meesterstukke uit ons letterkunde sonder om net 'n blote indeling van digters en skrywers te wees. Poësie en prosa vorm 'n aansluiting by die leeswerk.

(iii) Taalwerk (mondeling en skriftelik).

Mondelinge en skriftelike taalonderwys sluit aan by die leesonderwys, en alle skriftelike werk word voorafgegaan deur mondelinge bespreking. Skriftelike werk sluit aan by die lees- en gekontroleerde spreeklesse en die toneelstuk. Die volgende taalverskynsels moet behandel word:

Klankleer: Benoeming van klinkers en medeklinkers; verdeling van woorde in lettergrepe; lees- en skryftekens. (punt, hoofletters, vraagteken, uitroepteken, aanhalingstekens). Direkte- en indirekte rede kan by laasgenoemde aansluit.

Vormleer: Die selfstandige naamwoord: Soorte, getal, geslag, verkleinwoorde. Sluit aan by die byvoeglike naamwoord. Die byvoeglike naamwoord: Trappe van vergelyking; woorde sonder trappe. Laasgenoemde staan in verband met die bywoord. Die werkwoord: Selfstandige werkwoord. Vorm: lydend en bedrywend. Die/....

Die bywoord: Tyd en plek. Voegwoorde en voorsetsels is oorgangswoorde tot bywoord.
Die voornaamwoord: Staan in verband met die selfstandige naamwoord. Persoonlik en besitlik.
Die voorsetsel: Bring in verband met idiomatiese uitdrukkings.
Die voegwoord: Sluit aan by die voorsetsel.
Die tussenwerpsel.
Die telwoord.
Die lidwoord.

Bogenoemde taalverskynsels vorm die selfstandigheid in funksie en sluit aan by die leeswerk wat die basis van die taalkunde vorm.

Sinsintese: Voltooiing van enkelvoudige- en samegestelde sinne. Verbinding van bogenoemde tot aaneenlopende paragrawe. Die skrywe van 'n aaneenlopende stuk bestaande uit twee of meer paragrafies. Sinsbou en paragraafbou vorm tydens die spreekles 'n eenheid. In verband met die sin word behandel onderwerp, gesegde en voorwerp. Hierop volg die taalverskynsels. Die negatief in die enkelvoudige- en samegestelde sin.
Direkte- en indirekte rede moet mondeling behandel word en staan in die nouste verband met die lees- en skryftekens.
Vaste uitdrukkings: Byvoorbeeld om jou doel te bereik. Dit vorm 'n aansluiting met idiomatiese uitdrukkings.
Woordgebruik: Sinonieme en antonieme.
Vermyding van anglisismes: Sluit aan by stelwerk.
Die belangrikste afkortings.
Woordvorming: Afleiding en Samestelling.

(iv) Opstel en brief: (Mondeling en Skriftelik)

Lees en mondelinge uitdrukking van gedagtes vorm 'n kontinuïteit, terwyl die taalmateriaal weer vir die spreekles aangewend kan word. Hierbenewens moet die skriftelike uitdrukking van gedagtes by die stelwerk aansluit by die mondelinge weergawe daarvan. In hierdie verband word die volgende behandel: Samestellings/....

Samestellings van enkelvoudige- en saamgestelde sinne om die sinseenheid te vorm. Skrywe van aaneengeslote sinne om 'n paragraaf te vorm, terwyl die paragrawe die eenheidsgedagte of kettingreeks in kort opstelletjies en briefies op die voorgrond bring. Kort voorbereide toesprakies en spreeklesse waarin leerlinge hulle eie ervarings en waarnemings meedeel. Dit kan verder die vorm aanneem van verhaaltjies of eenvoudige dramatisering. Vriendskaplike briewe, bestellings, formele uitnodigings.

Stelwerk moet egter 'n natuurlike korrelasie met die mondelinge en skriftelike lees- en taalwerk vorm. Die taal met al sy onderdele moet 'n aaneengeslote eenheid vorm. Hierdie leergang moet volkome by die leergang van die middelbare skool aansluit.

b. **Standerd VI of VII (Begin van die middelbare skoolkursus).**
**Standerd VI.**

(i) Lees.

Hardoplees: Studie- leesboeke word deur die onderwyser voorgeskryf. Die leesboeke wat deurlopende verhale moet wees, moet 'n aaneensluitende verband met die leeswerk van die laerskool vorm. Behalwe 'n intensiewe weergawe van die inhoud in die vorm van spreeklesse of 'n opsomming, word daar origens gelet op die volgende letterkundige verskynsels: Karakter- en natuuruitbeelding, dramatiese gedeeltes, idiomatiese uitdrukkings, dialoog, lees- en skryftekens, wat met die taalwerk in verbinding gebring word. Hierdie letterkundige verskynsels sluit aan by die hoër klasse. Lees en dramatisering van toneelstukkies en samesprake, wat 'n belangrike deel van die leeswerk is. Begripstoetse sluit aan by die leeswerk en vorm eweneens 'n belangrike onderdeel van die taalverskynsels. Hardop-lees geskied hoofsaaklik ter wille van frasering en intonasie.

Stillees: Gebruikmaking van aanvullingsleesboeke uit die biblioteek (tydskrifte en koerante ingesluit) wat in verband staan met die studie-leesboeke. (minstens 20 per jaar, waarvan die inhoud goed geken moet word asook die name van die skrywers). Die leerlinge moet meer en meer op hoogte kom met ons letterkunde. Hierby sluit aan die aanleer van goeie biblioteek-gewoontes, watter soort leesstof gekies behoort te word, die gebruik van naslaanboeke, woordeboek en die waarde van 'n katålogus. Luisteroefeninge. Opsommings van mooi gedeeltes uit die leeswerk en 'n kort beskrywing van een of ander karakter in die boek. Stillees geskied veral met die oog op inligtings, genot en waardering van die geheel.

(ii) Prosa en poësie: Voordrag en dramatisering van 'n groot verskeidenheid maklike en eenvoudige gediggies, insluitende verhalende of epiese en liriese gedigte, ballades, waarvan sommige van buite geleer word. Leerlinge kies self die gedigte onder toesig van die onderwyser, uit 'n digbundel of uit 'n verskeidenheid wat die verskillende tydperke verteenwoordig, saamgestel deur die onderwyser. Behalwe gewone dramatisering van sommige gedigte, word aandag gegee aan inhoud en aan mooi gedeeltes. 'n Paar gedigte uit die vroegste tydperk, byvoorbeeld van E. Marais, Totius, J.F.E. Celliers, C. Louis Leipoldt, 'n paar uit die oorgangstydperk, A.G. Visser, A.D. Keet, Toon van den Heever, Theo Wassenaar, I.D. du Plessis, Kleinjan en so meer. Gedigte wat lirics van aard is of met 'n verhalende element vind baie byval by die standerd VI-leerling, byvoorbeeld "Laetitia" van A.G. Visser, asook dramatiese gedigte soos "Die twee Boodskappers" van A.D. Keet. Gedigte oor die vaderlandse geskiedenis soos "Dingaansdag", "Komaan!" en "Trou" wek by die leerling patriotisme op.

Geskikte en gepaste stukkies prosa wat ook uit 'n verskeidenheid bestaan wat deur die onderwyser saamgestel is, kies die leerlinge stukkies wat by elkeen se individuele aard en/..

en smaak pas. Sulke prosastukkies moet veral bestaan uit: dramatiese gebeurtenisse, geestigheid, dialoog, natuur- en karakteruitbeelding, humor, realistiese beskrywing. Bogenoemde staan in direkte verband met die leeswerk. Voorlees of dramatisering van heelwat mooi gedigte of prosa van 'n behandelde digter of skrywer, deur die onderwyser. Leerlinge kan selfs 'n geringe kennis van die moderne digters en skrywers opdoen.

Koorpraat (Gedigte): Dit sluit by die leesles aan veral met die oog op stembuiging en intonasie.

Lees en dramatisering van toneelstukkies. Dramatisering van gedeeltes uit die leesboeke.

Bloemlesings waarin poësie en prosa geskrywe word, moet deur leerlinge geïllustreer word. Poësie en prosa staan in die nouste verband met die leeswerk en die lied.

(iii) Taalwerk. (Mondeling en Skriftelik): Mondelinge en skriftelike taalonderwys sluit aan by die leeswerk, en alle skriftelike werk word voorafgegaan deur mondelinge bespreking. Skriftelike werk sluit aan by die lees- en gekontroleerde spreeklesse en die toneelstukke. Die volgende word behandel:

Klankleer: Wys die leerlinge daarop dat die mens 'n taal het wat die dier nie het nie. Benoeming van die spraakorgane waardeur die taal voortgebring word. Klinkers en medeklinkers; verdeling van woorde in lettergrepe; lees- en skryftekens (punt, komma, hoofletters, vraagteken, uitroepteken, aanhalingsteken, deelteken, koppelteken, kappie). Laasgenoemde staan in die nouste verband met stelwerk.

Vormleer:

Die selfstandige naamwoord: Soorte; getal, geslag, verkleinwoord. Dit vorm 'n aansluiting met die byvoeglike naamwoord. Die byvoeglike naamwoord: Sluit aan by die selfstandige naamwoord. Trappe van vergelyking. Woorde sonder/....

sonder trappe - gebruik van meer en mees. Onreëlmatige vorme. Saamgestelde byvoeglike naamwoorde.

Die werkwoord: Sluit aan by die bywoord. Soorte: koppel- en hulpwerkwoord; oorganklik en onoorganklik. Vorm: lydend en bedrywend.

Die bywoord: Gebruike van toe. Bywoord van tyd, plek, hoedanigheid, oorsaak.

Die voornaamwoord: Word gebruik in verband met die selfstandige naamwoord. Persoonlik, besitlike, wederkerig.

Die voorsetsel en idiomatiese uitdrukkings word in verband met mekaar behandel.

Die voegwoord: Dit sluit aan by die voorsetsel. Gebruik van aaneenskakelende, teenstellende en redegewende voegwoorde in sinne.

Die tussenwerpsel.

Die telwoord.

Die lidwoord.

Bogenoemde taalverskynsels vorm die selfstandigheid in funksie en moet by die leeswerk aansluit.

Sinsintese: Voltooiing van enkelvoudige- en samegestelde sinne.

Verbinding van enkelvoudige- tot samegestelde sinne deur gebruikmaking van aaneenskakelende, teenstellende en redegewende voegwoorde. Die skrywe van aaneenlopende paragrawe. Enkelvoudige- en saamgestelde sinne vorm die paragraafbou.

Die skrywe van 'n aaneenlopende stuk bestaande uit twee of meer paragrafies. Die sin met die spreekles en paragraaf vorm 'n eenheid. By die sin sluit die onderwerp, gesegde en voorwerp aan; ontleding van enkelvoudige sinne. Hierop volg die taalverskynsels.

Negatief in die enkelvoudige- en saamgestelde sin.

Direkte en indirekte rede moet hoofsaaklik mondeling geskied. Gee baie aandag aan aanhalingstekens.

Ter uitbreiding van die woordeskat: gepaste woorde; vaste/...

vaste uitdrukkings; woordgebruik (sinonieme en antonieme.
Idiomatiese uitdrukkinge en segswyses.
Vermyding van Anglisismes (die mees algemene) 'n Lys moet deur die onderwyser opgestel word.
Afkortings (die belangrikste).
Woordvorming: voor- en agtervoegsels. Samestelling en afleiding.

(iv) Opstel en brief (Mondeling en skriftelik).

Lees en mondelinge uitdrukking van gedagtes vorm 'n kontinuïteit, terwyl die taalmateriaal weer vir die spreeklos aangewend word. Hierbenewens moet die skriftelike uitdrukking van gedagtes by stelwerk aansluit by die mondelinge weergawe daarvan. Behandel die volgende:
Samestelling van enkelvoudige- en saamgestelde sinne om die sinseenheid te vorm. Skrywe van aaneengeslote sinne om 'n aaneengeslote paragraaf te vorm, terwyl die paragrawe die eenheidsgedagte of kettingreeks in kort opstelletjies en briefies op die voorgrond bring.
Kort voorbereide toesprakies en spreeklesse waarin leerlinge hulle eie ervarings en waarnemings meedeel. Dit kan verder die vorm aanneem van samesprake, verhaaltjies, nuusberigte, eenvoudige dramatisering, skynverhore, debatte, karakterbeskrywings van persone, klasmaats, lewensbeskrywings, telefoongesprekke, avonture, weergawe van 'n storie.
Vriendskaplike- en sakebriefies, bestellings, formele uitnodigings.
Praktiese taalgebruik: getuigskrifte, advertensies, koerantberigte.

Die doel met mondelinge en skriftelike stelwerk, is om die belangstelling van die leerlinge te prikkel, die woordeskat uit te brei en 'n suiwer taal by hulle aan te kweek. Stelwerk vorm 'n natuurlike korrelasie met mondelinge en skriftelike lees- sowel as taalwerk. Al die taalvertakkinge/..
moet 'n kronologiese eenheid vorm.

## Standerd VII.

(i) LEES.

Hardoplees: Drie of vier studie - leesboeke word oordeelkundig deur die onderwyser voorgeskryf. Die leesboeke wat deurlopende verhale moet wees, moet 'n aaneensluitende verband met die leeswerk van standerd ses vorm. Behalwe 'n intensiewe weergawe van die inhoud in die vorm van spreeklesse of 'n opsomming, word daar origens gelet op die volgende letterkundige verskynsels: Karakter - en natuuruitbeelding, mooi dramatiese gedeeltes, idiomatiese uitdrukkings, dialoog, lees - en skryftekens, wat met die taalwerk in verbinding gebring word. Hierdie letterkundige verskynsels sluit aan by die hoër klasse. Lees en dramatisering van toneelstukkies en samesprake, wat 'n belangrike deel van die leeswerk is. Begripstoetse sluit aan by die leeswerk en vorm eweneens 'n belangrike onderdeel van die taalverskynsels. Hardop - lees geskied hoofsaaklik terwille van frasering en intonasie.

Stillees: Gebruikmaking van uitgesoekte aanvullingsleesboeke uit die biblioteek ( Tydskrifte en koerante ingesluit) wat in verband staan met die studie - leesboeke, en wat pas by die stadium van ontwikkeling, ( minstens 30 per jaar. Die inhoud moet goed geken word asook die name van die skrywers). Daarby moet die leerlinge meer en meer op hoogte kom met ons moderne letterkunde. Hierby sluit aan die aanleer van goeie biblioteek - gewoontes, watter soort leesstof gekies behoort te word, die gebruik van naslaan boeke, woordeboek en die waarde van 'n katålogus. Luisteroefeninge. Opsommings van mooi gedeeltes uit die leeswerk en 'n kort beskrywing van een of ander karakter in die boek. Stillees geskied veral met die oog op inligtings, genot en waardering van die geheel.

(ii) PROSA EN POESIE:

Voordrag en dramatisering van 'n groot verskeidenheid mak-

maklike en eenvoudige gediggies, insluitende verhalende of epiese en liriese gedigte, ballades, waarvan sommige van buite geleer word. Leerlinge kies self die gedigte onder toesig van die onderwyser, uit 'n digbundel of uit 'n verskeidenheid wat die verskillende tydperke verteenwoordig, saamgestel deur die onderwyser. Behalwe gewone dramatisering van sommige gedigte, word aandag gegee aan inhoud en aan mooi gedeeltes. 'n Paar gedigte uit die vroegste tydperk, byvoorbeeld van E. Marais, Totius, J.F.E.Celliers, C. Louis Leipoldt, 'n paar uit die jongere en die oorgangstydperk, A.G. Visser, A.D. Keet, Toon van den Heever, Theo Wassenaar, I.D. du Plessis, Kleinjan, H.A. Fagan, D.F. Malherbe en so meer. Gedigte wat liries van aard is of met 'n verhalende element vind baie byval by die standerd VII leerling, byvoorbeeld "Laetitia" van A.G. Visser, asook dramatiese gedigte soos "Die Twee Boodskappers" van A.D. Keet. Gedigte oor die vaderlandse geskiedenis soos "Dingaansdag", "Komaan!" en "Trou" wek by die leerling patriotisme op.

Uit geskikte en gepaste stukkies prosa van 'n meer gevorderde gehalte, wat ook uit 'n verskeidenheid bestaan wat deur die onderwyser saamgestel is, kies die leerlinge stukkies wat by elkeen se individuele aard en smaak pas.

Sulke prosastukkies moet veral bestaan uit: Dramatiese gebeurtenisse, geestigheid, dialoog, natuur - en karakteruitbeelding, humor, realistiese beskrywing. Bogenoemde staan in die regte verband met die leeswerk. Voorlees of dramatisering van heelwat mooi gedigte of prosa van 'n behandelde digter of skrywer, deur die onderwyser. Origens word gedigte uit die heel jongste tydperk behandel, byvoorbeeld van C.M. Van den Heever, E. Eybers ensomeer. Hierdie gedigte en prosa stukkies moet in die voortgesette bloemlesing 'n kronologiese eenheid vorm.

<u>Koorpraat.</u>(Gedigte): Dit sluit by die leesles aan veral met die oog op stembuiging en intonasie, en vir openbare funksies. Lees /

<u>Lees en Dramatisering van toneelstukkies.</u> Dramatisering van gedeeltes uit die leesboeke.
Bloemlesings waarin poësie en prosa geskrywe word, moet deur leerlinge geïllustreer word. Poësie en prosa staan in die nouste verband met die leeswerk en die lied.

(iii) <u>TAALWERK. (Mondeling en skriftelik)</u>:
Mondelinge en skriftelike taalonderwys sluit aan by die leeswerk, en alle skriftelike werk word vooraf gegaan deur mondelinge bespreking. Skriftelike werk sluit aan by die lees - en gekontroleerde spreeklesse en die toneelstukke. Die volgende word behandel:
<u>Klankleer</u>: Die leerlinge moet daarop gewys word dat die mens 'n taal het wat die dier nie het nie. Benoeming van die spraakorgane waardeur die taal voortgebring word. Klinkers en medeklinkers: Verdeling van woorde in lettergrepe ( geslote en oop lettergrepe); lees - en skryftekens ( punt, komma, hoofletters, vraagteken, uitroepteken, aanhalingsteken, deelteken, koppelteken, kappie). Laasgenoemdes staan in die nouste verband met stelwerk.
<u>Vormleer</u>: Die selfstandige naamwoord: Soorte; geslag, getal, verkleinwoord. Dit vorm 'n aanluiting met die byvoeglike naamwoord. Die byvoeglike naamwoord: Sluit aan by die selfstandige naamwoord. Trappe van vergelyking. Woorde sonder trappe - gebruik van meer en mees. Onreëlmatige vorme. Samegestelde byvoeglike naamwoorde. Die gebruik van die verboë vorm. Die werkwoord: Sluit aan by die bywoord. Soorte: Koppel - en hulpwerkwoord: oorganklik en onoorganklik. Vorm: Lydend en bedrywend. Die skryfwyse van te, vas en los. Die bywoord: Staan in nouste verband met die werkwoord. Gebruike van toe. Bywoord van tyd, plek, hoedanigheid, oorsaak. Die voornaamwoord: word gebruik in verband met die selfstandige naamwoord. Persoonlik, besitlike, wederkerig. Die betreklike voornaamwoord en die gebruik van die voorsetsel. Die voorsetsel en idiomatiese uitdrukkings word in verband met mekaar behandel/.....

behandel. Die voegwoord: Dit sluit aan by die voorsetsel. Gebruik van aaneenskakelende, teenstellende en redegewende voegwoorde en sinne. Laasgenoemde vorm deel van die paragraaf.

Die tussenwerpsel.

Die telwoord.

Die lidwoord.

Bogenoemde taalverskynsels vorm die selfstandigheid in funksie en moet by die leeswerk aansluit.

<u>Sinsintese</u>: Voltooiing van enkelvoudige - en samegestelde sinne.

Verbinding van enkelvoudige - tot samegestelde sinne deur gebruikmaking van aaneenskakelende, teenstellende en redegewende voegwoorde. Die skrywe van aaneenlopende paragrawe. Enkelvoudige - en saamgestelde sinne vorm die paragraafbou.

Die skrywe van 'n aaneenlopende stuk bestaande uit twee of meer paragrafies wat geleidelik oorgaan in die skrywe van kort opstelletjies. Die sin met die spreekles en paragraaf vorm 'n eenheid. By die sin sluit die onderwerp, gesegde en voorwerp aan; ontleding van enkelvoudige en saamgestelde sinne. Hierop volg die taalverskynsels.

<u>Negatief in die enkelvoudige - en saamgestelde sin.</u>

<u>Direkte en indirekte rede</u> moet hoofsaaklik mondeling geskied. Gee baie aandag aan aanhalingstekens. Lees en skryftekens sluit hierby aan. By die indirekte rede moet veral op die tye gelet word.

Ter uitbreiding van die woordeskat. Gepaste woorde; vaste uitdrukkings; woordgebruik ( sinonieme, antonieme en homonieme). Idiomatiese uitdrukkinge en segswyses, spreeklesse.

<u>Vermyding van Anglisismes</u> ( die mees algemene). 'n Lys moet deur die onderwyser opgestel word wat die nouste verband vorm met die werk wat in die vorige standerd behandel is. Afkortings /.....

Afkortings. Dit sluit aan by die werk van die vorige standerd en word verder uitgebrei.
Woordvorming. Voor - en agtervoegsels. Samestelling en afleiding ( veral selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde en werkwoorde).

(iv) OPSTEL EN BRIEF (Mondeling en skriftelik).

Lees en mondelinge uitdrukking van gedagtes vorm 'n kontinuïteit, terwyl die taalmateriaal weer vir die spreekles aangewend word. Hierbenewens moet die skriftelike uitdrukking van gedagtes by stelwerk aansluit, by die mondelinge weergawe daarvan. Behandel die volgende:
Samestelling van enkelvoudige - en saamgestelde sinne om die sinseenheid te vorm. Skrywe van aaneengeslote sinne om 'n aaneengeslote paragraaf te vorm, terwyl die paragrawe die eenheidsgedagte of kettingreeks in kort opstelletjies en briefies op die voorgrond bring. Op hierdie wyse word oorgegaan tot die langer en uitgebreide opstel of brief, wat op sy beurt inskakel by die formele opstel in die hoër klasse.
Kort voorbereide toesprakies en spreeklesse waarin leerlinge hulle eie ervarings en waarnemings meedeel. Dit kan verder die vorm aanneem van samesprake, verhaaltjies, nuusberigte, eenvoudige dramatisering, skynverhore, debatte, karakterbeskrywings van persone, klasmaats, lewensbeskrywings, telefoongesprekke, awonture, weergawe van 'n storie. Voorgaande vorm die basis vir die stelwerk. Alle taal verskynsels, woordgebruik en idiome sluit hierby aan.
Vriendskaplike - en sake briefies, bestellings, formele uitnodigings.
Praktiese taalgebruik getuigskrifte, advertensies, koerantberigte, kennisgewings, telegramme, vorms.
Die doel met mondelinge en skriftelike stelwerk, is om die belangstelling van die leerlinge te prikkel, die woordeskat uit te brei, variasie, van sinsbou en 'n suiwer taal by hulle aan te kweek. Stelwerk/....

Stelwerk vorm 'n natuurlike korrelasie met mondelinge en skriftelike lees - sowel as taalwerk. Al die taalvertakkinge van die moedertaal moet 'n aaneengeslote eenheid vorm op die laer - en die middelbare skool.

## BIBLIOGRAFIE.

### Primêre Bronne.

1. Buitengewone Staatskoerant, Staatsdrukker, Pretoria.1907.

2. Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop, Leerplan vir die Primêre Skool,1937.

3. Educational News,Juta & Co., Johannesburg. 1903-1942.

4. Handboek, Departement van Onderwys van die Oranje Vrystaat, Eksamen vir Juniorsertifikaat, 1941.

5. Leerplan voor de Scholen voor Christelijk Nationaal Onderwys,door de Commissie voor C.N.O., Pretoria. 1903.

6. Provinsiale Koerant, Staatsdrukker, Pretoria.1910-1942.

7. Regulasie No. 1117 van 1905.

8. Skoolboekies in gebruik. 1884-1942.

9. Taalordonnansie No. 5 van 1911.

10.T.E.D.: Report of Education, Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1903.

11.T.E.D.: Report of Education,(Selborne Memorandum), Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1905-1906.

12.T.E.D.: Provisional Code of Regulations for Elementary Schools with Schedules, Goewermentsdrukkery, Pretoria.1906.

13.T.O.D.: Algemene Omsendbriewe.

14.T.O.D.: Departementele Omsendbriewe.

15.T.O.D.: Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys en rapporte van inspekteurs en eksaminatore, Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1903-1942.

16.T.O.D.: Transvaalse Statute, Goewermentsdrukkery, Pretoria.1907.

17.T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen - het voorgeskrewe leerplan of de leergang, Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1909.

18.T.O.D.: Bepalingen voor Middelbare Scholen en Afdelingen, Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1912 .

19.T.O.D.: Bepalinge en Leergange vir Buiteskole,Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1913, 1918, 1927.

20.T.O.D.: Leergangen voor de voornaamste vakken onderwezen op de Gewone Lagere School en voor de Voornaamste Middelbare Leervakken, Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1917.

21.T.O.D.: Departementele Cirkulaire, Staatsdrukkery, Pretoria, 1915-1918.

22.T.O.D.: Handboek van Onderwyswette, Goewermentsdrukkery, Pretoria, 1917.

23.T.E.D.:Report of the Education Commission, Staatsdrukkery, Pretoria. 1917.

24.T.E.D.:Regulations governing primary Schools for white Children(Town Schools),Goewermentsdrukkery,Pretoria.1923.

25.T.O.D.: Regulasies vir Laerskole vir blanke kinders, Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1923.
26.T.O.D.: Regulasies betreffende Laerskole vir blanke kinders met wenke insake leergange, Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1929.
27.T.O.D.: Sekretaris van die Transvaalse Administrasie,korrespondensieleer, Pretoria.
28. The Transvaal Educational News, Juta& Co., Johannesburg. 1909-1942.
29.Tydskrif vir Middelbare Onderwys, 1925-1942.
30 T.O.D.: Verslag van die Onderwyskomitee 1928, Staatsdrukker, Pretoria, 1928.
31.T.O.D.: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937-1939, Staatsdrukkery, Pretoria.
32.T.O.D.: Verslag van die Raad van Onderwys,Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1913, 1914.
33.Verslag van die Provinsiale Raad van Transvaal, Goewermentsdrukkery, Pretoria. 1917.
34.T.O.D.: Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans, Grade tot std.-V111, Staatsdrukker, Pretoria. 1942.
35.Z.A.R.: Standaarden voor het Lager en Middelbare Onderwijs in de Z.A.Republiek.
36.Z.A.R.: Staatskoerant, Staatsdrukkery, Pretoria.1874-1899.
37.Z.A.R.: Locale Wetten der Z.A.R.,Staatsdrukkery,Pretoria. 1874-1899.
38.Z.A.R.:Jaarverslag van die Superintendent van Onderwys, Staatsdrukkery, Pretoria. 1879-1899.
39.Z.A.R.:Volks-raadnotule, Staatsdrukkery, Pretoria.1890-'99
40.Z.A.R.:Verslag van den gesubsidieerd Onderwys,Staatsdrukkery, Pretoria.1892.
41.Z.A.R.:Schoolgids, De, Staatsdrukkery,Pretoria.1892.
42.Z.A.R.:Schoolgids, De, Tweede Supplement, Staatsdrukkery, Pretoria.1895.
43.Z.A.R.:Schoolgids, De, Derde Uitgawe, Staatsdrukkery, Pretoria. 1898.
44.Z.A.R.:Wet No. 4 van 1874,Staatsdrukkery,Pretoria.1874.

<u>Sekondêre Bronne</u>.

45.Adamson,J.E.:The Individual and the Environment, Longmans Green, London. 1921.
46.Basson,M.A.: Die Voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese, Voortrekkerpers, Johannesburg. 1944.
47.Bonser,F.G.: The Elementary School Curriculum, Macmillan Co., New York. 1932.
48.Bot,A.K.: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal,1836-1936, Staatsdrukker, Pretoria. 1936.
49.Botes,E.: Die Taalmediumvraagstuk,,Voortrekkerpers, Bpk., Johannesburg. 1941.
50.Coetzee,J.C.: S.J. du Toit en die Onderwys, Voortrekker Pers Bpk., Johannesburg. 1946.
51.Coetzee,J.C.: Onderwys in Transvaal,1838-1937,J.L. van Schaik Bpk., Pretoria. 1941.
52.Coetzee,J.C.:Die Gereformeerde Beginsels en die Onderwys in die Transvaal, Voortrekkerpers Bpk.,Johannesburg. 1946.
53.Coetzee,J.C.:Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde,Pro Ecclesia Drukkery Bpk., Stellenbosch.1944.
54.Coetzee,J.C. en Bingle,H.J.J.:Beginsels en Metodes van die Laer OnderwysJ.L. van Schaik Bpk.,Pretoria. 1947.
55.Coetzee,J.C. en Bingle,H.J.J.: Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys,J.L. van Schaik Bpk.,Pretoria. 1947.
56.De Wet,B.A.:Die Proefnemings in Leerplan-Vryheid. sedert 1900,T.O.-Diensburo,Johannesburg. 1929.
57.Die Kristelike Skoolblad, Orgaan van die Onderwysersvereniging in die Transvaal, 1899-1937.
58.Douma,H.:Onderwys en Opvoeding,J. Muusses, Amsterdam,1911.

59. Inglis, A.: Principles of Secondary Education, Harrap, London. Sj.
60. Kleefstra, J.: Grondslagen van Opvoeding en Onderwys, Amsterdam.
61. Langeveld, J.: Taal en Denken, Wolters, Groningen, Den Haag. 1934.
62. Le Roux, J.J.: Praatjies oor ons Taal, Nas. Pers, Kaapstad. 1939.
63. Leest, J.: Het Voortgezet Onderwys in de Moedertaal, Wolters Groningen, 1932.
64. Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek, 1836-1900, J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1925.
65. Malherbe, E.G.: Die Tweetalige Skool, Rostra Drukkers, Bpk. Johannesburg. 1943.
66. Malherbe, E.G.: Education in South Africa, Juta, Cape Town, 1925.
67. Mc Kerron, M.E.: A History of Education in South Africa, van Schaik, Pretoria. 1934.
68. Meriam, J.L.: Child Life and the Curriculum, Macmillan, New York. 1921.
69. Meyer, P.J.: Moedertaal en Tweetaligheid, Verkennersreeks, Pro Ecclesia, Stellenbosch. 1945.
70. Monroe, P.: Principles of Secondary Education, Macmillan, New York. 1919.
71. Moormann, J.G.M.: De Moedertaal, Dekker en van de Vegt, N.V. Nymegen, Utrecht, 1936.
72. Raymont, T.: The Principles of Education, Longmans Green, London. 1920.
73. Rombouts, F.S.: Historiese Pedagogiek, 4e Deel, Jongensweeshuis, Tilburg. 1927.
74. Rugg, H. and Shumaker, A.: The Child-centered School, Harrap, London. Sj.
75. Schmidt, C.H.: Language Medium Question, van Schaik, Pretoria. 1926.
76. Schmidt, C.H.: Ondersoek na die waarde van Afrikaans as medium van Onderwys vir Afrikaanssprekende leerlinge, Nas. Pers, Kaapstad. 1920.
77. Steyn, H.A.: Moedertaalonderwys, Nasionale Pers, Bpk., Bloemfontein, (s.j.)
78. Stuart, J.: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek, Amsterdam, 1854.
79. Taute, B.: Opvoedende Onderwys, Unie-Volkspers, Kaapstad, 1942.
80. T.O.: Onderwysblad, Orgaan van die Transvaalse Onderwysersvereniging, Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg. 1937-1942.
81. T.O.: Opvoedkundige Studies, Komitee-Rapporte, 1936-1937 van die Kring van Afrikaanse Skoolhoofde.
82. Van Wyk, W.A.: Opvoeding en Onderwys, Oosterbaan, en Le Cointre - Goes. 1923.
83. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 1893-1918, J.L. van Schaik, Pretoria, 1918.
84. Welton, J.: Principles and Methods of Teaching, University Tutorial Press, London. 1909.
85. Williams, L.A.: The Making of High-School Curricula, Ginn & Co., Boston. 1928.
86. White, B.: The Language Question, Bloemfontein. 1926.